# "Speel" as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is

**M Liebenberg**

**orcid.org/0000-0002-8013-0870**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister in Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof W Coetzer Hulp-

studieleier: Dr H Schoeman

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studentenommer: 22795294

**VERKLARING**

Meeustraat 4
Jan Niemandpark
0186
18 Desember 2020

Hiermee bevestig ek, **Sophia Aletta Geldenhuis**, dat ek die Navorsingsvoorstel vir die MTh Graad in Pastoraal van Marna Liebenberg, Studentenr. 22795294, behartig het.  Ek beskik oor 13jaar proeflees- en redigering- asook vertalingswerk, 22jr Taalonderwyseres (beide Engels en Afrikaans), asook BA-Graad met Afrikaans en Nederlands as hoofvak.

Die werk is geproeflees, versorg en ook die formaat aangepas volgens NWU vereistes waarvan ek ook 'n kopie het.

Indien u enige navrae in hierdie verband het, is u welkom om my te kontak. 0724859519

**Vir Anton en Miané**

*Die Here maak ons voete, soos die van ‘n gemsbok… Die Kalahari lê oop!*

(Verwerk. Oorspronklik deur Hans du Plessis)

**BEDANKINGS**

- My Hemelse Vader. U het nog altyd geweet wat U plan met my is, selfs toe ek nie verstaan het nie. Sonder u Genade sou hierdie nie moontlik gewees het nie. Psalm 25:1-2 *"Tot U Here, rig ek my, my God, op U vertrou ek."* U Genade is vir my genoeg.
- My Man, Anton. Jy is my rots. Dankie vir al jou onvoorwaardelike liefde, motivering, omgee en BAIE geduld. Dankie dat jy my help opstaan het toe ek stukkend was. Dankie dat jy lief is vir my nes ek is. Dankie dat jy so mooi na Miané gekyk het, terwyl ek gewerk het.
- Ons Kalaharisandtrappertjie, Miané. Jy maak ons lewe vol. Dankie dat jy so hard saam met Mamma gewerk het, al was dit soms op die maat van Barney en Frozen. Jy is ons grootste seëning! Hierdie is alles vir jou!
- Pappa en Mamma, my woorde is min. Pappa en Mamma het hierdie klipperige pad saam met ons gestap. Ondersteuning, liefde en troos was altyd onvoorwaardelik en niks was te veel gevra nie. As ons moed min was, was julle daar. Dankie dat julle in my geglo het. Dankie sal nooit genoeg wees nie.
- My Boetie, Christiaan. Dankie dat jy altyd daar is op jou eie manier. Ek wens die boelies kon vandag sien waar jy in die lewe staan!
- Ouma Rita. Dankie vir al die proeflees en dat Ouma teen die einde vir Miané opgepas het. Dankie vir al die liefde en bemoediging op 'n konstante basis.
- Ouma Annie. Ouma het hierdie pad onvoorwaardelik saam met ons gestap. Ouma was altyd daar. Ek weet Ouma glimlag breed vir die eindproduk.
- My skoonouers, Ma en Pa. Dankie dat julle die pad saam met ons gestap het. Ek waardeer julle!
- My hele familie. Dankie dat julle nooit gesê het my droom is onmoontlik nie, maar elke tree saam met my geloop het. Dankie dat julle lief is vir my

- Prof Wentzel Coetzer, Prof ken die ware verhaal. Dankie dat Prof my altyd bemoedig het en so skitterende studieleier is. Ek weet nie waar ek sonder Prof sou gewees het nie. Om saam met Prof te kon werk, was ‘n voorreg.
- Dr Hannie Schoeman , dankie vir Dr se aandeel
- Dr (Tannie) Linda Grobler. By Tannie het ek my liefde vir speelterapie geleer- ek kyk op na Tannie
- Tannie Sonette Coetzer, dankie dat Tannie net so hard saamgebid het.
- Elke predikant en teologiese student wat my gehelp het in die afgelope 4 jaar. Ek sal julle ewig dankbaar wees.
- Tannie Antoinett Moerdyk, dankie vir alles Tannie!
- Tannie Hester Lombard en die biblioteekpersoneel- baie dankie!
- Tannie Adri Geldenhuis, dankie vir Tannie se skitterende taalversorging
- Al my vriende wat hierdie pad saam met ons gestap het- dankie!

## OPSOMMING

Die tema van hierdie studie is: *“Speel” as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is.*

Osmer se pastoraal-teologiese model word gebruik as basiese vertrekpunt in hierdie studie en hiervolgens word die *Deskriptiewe Taak* in hoofstuk 2 hanteer. In hierdie hoofstuk val die klem op ŉ beskrywing van terapeutiese speel binne die dissipline van spelterapie asook die moontlike interaksie daarvan met die pastoraat. Die belangrikheid van die verhouding tussen die kind en die terapeut kom hier aan die orde asook die unieke proses met betrekking tot elke kind individueel. Daar word verder veral ook gefokus op die Gestaltbenadering ten opsigte van speelterapie. Verskillende speelterapie tegnieke wat aangewend sou kon word in die begeleiding van die boelieslagoffer kom ook aan die orde.

Die *Interpreterende Taak* volgens Osmer word in hoofstuk 3 hanteer. Navorsingsresultate vanuit ŉ literatuurstudie met betrekking tot die aanverwante wetenskappe word hier betrek. ŉ Bespreking van tradisionele sowel as kuberboelies kom hier aan die orde asook as ŉ bespreking van die verskil wat samewerking en hulp vanaf die slagoffer se ouers en ook die skool en kerk kan maak. Verskillende programme wat by skole toegepas kan word ten opsigte van die boelieprobleem word bespreek terwyl perspektiewe vanuit maatskaplike en sosiologiese oogpunte met betrekking tot elke kind se unieke situasie ook aan die orde kom. Die besondere taak en rol van die pastorale berader word ook in hierdie hoofstuk bespreek en in hierdie verband word besonder gefokus op identiteit van die kind in Christus en ook hoe Christus boelies hanteer het. Portuurgroepberading tesame met die rol van ‘n pastorale steungroep het ook hier geblyk van belang te wees.
In hoofstuk 4 val die klem op Osmer se *Normatiewe Taak* en word dit gerealiseer deur die eksegese van enkele tersaaklike Skriftuurplase. Enkele belangrike pastorale riglyne met betrekking tot die geestelike begeleiding van die

boelieslagoffer is gevolglik geïdentifiseer.

Die *Pragmatiese Taak* volgens Osmer kom in hoofstuk 5 aan die orde. In hierdie hoofstuk word ‘n geïntegreerde strategies-teoretiese model saamgestel vanuit die resultate van die voorafgaande Deskriptiewe, Interpreterende en Normatiewe Take met die oog op die pastorale begeleiding van die geboeliede kind met behulp van ‘speel’ as hulpmiddel.

**SLEUTELTERME**

**Afrikaans:**

- Speelterapie
- Pastorale berading
- Boelie
- Kinders

## ABSTRACT

The theme of this study is: *“Play” as an auxiliary tool in the pastoral counselling of children who have been bullied.*

Osmer’s pastoral theological model is used as a basic point of departure in this study and his *Descriptive Task is applied* in chapter two. This chapter emphasizes a description of therapeutic play within the discipline of play therapy as well as the possible interaction with the pastorate. The importance of the relationship between the child and the therapist is also been dealt with as well as the unique process regarding each individual child. Furthermore, the Gestalt approach in play therapy is also discussed in this chapter as well as various play therapy techniques which could supplement the counselling of the bullying victim.

The *Interpretative Task* according to Osmer, will be discussed in Chapter 3 with the emphasis on research results from neighbouring sciences. Traditional bullying as well as cyber-bullying are addressed along with a discussion regarding the importance of cooperation and assistance from the victim’s parents, the school and also the church. Various programmes that could be implemented at schools are also discussed as well as different perspectives from social and sociological points of view concerning each child’s unique situation. The special task and role of the pastoral counsellor is also discussed in this chapter with a particular focus on the child’s identity in Christ as well as the way in which Christ dealt with bullies. Peer group counselling together with the role of a pastoral support group also proved to be important in this case.

Osmer’s *Normative Task* is emphasized in Chapter four and this is realized through the exegesis of some relevant Scriptures. Several important pastoral guidelines regarding the spiritual guidance of the bully-victim are also identified and discussed.

Chapter 5 addresses the *Pragmatic Task* according to Osmer. In this chapter, an integrated strategic-theoretic model is compiled from the results of the preceding *Descriptive, Interpretative* and *Normative* Tasks with regard to “play” as an auxiliary tool in the pastoral counselling of children who have been bullied.

**KEY PHRASES**

➢Play therapy

➢Pastoral counselling

➢Bully

➢Children

# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

### HOOFSTUK 1


1.1 TITEL 1

1.2 SLEUTELTERME 1

1.2.1 Speel 1

1.2.2 Pastorale berading 3

1.2.3 Boelie 5

1.2.4 Kinders 6

1.3 PROBLEEMSTELLING 7

1.4 Historiese aanloop met betrekking tot navorsing 9

1.4.1 Aktualiteit binne Suid-Afrika 10

1.4.2 Die impak en gevolge van boelie 11

1.4.3 Samevattend 13

1.5 DIE BYDRAE DEUR SPEEL INTERVENSIE 13

1.6 RASIONAAL VIR DIE SPESIFIEKE METODOLOGIE VAN DIE STUDIE 16

1.7 NAVORSINGSTRATEGIE 16

1.8 KRITERIA VIR DIE SELEKSIE VAN LITERATUUR 16

1.9 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING 17

1.9.1 Databasisse 17

1.9.2 Sleutelterme 17

1.9.3 Belangrike boeke 17

1.9.4 Belangrike proefskrifte en verhandelinge 18

1.9.5 Belangrike artikels 19

1.10 NAVORSINGSVRAAG 20

1.10.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag 20

1.10.2 Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei 20

1.11 DOELSTELLING EN DOELWITTE 21
1.11.1 Doelstelling 21
1.11.2 Doelwitte 21
1.12 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 22
1.13 METODOLOGIE 22
1.13.1 Literatuurstudie 22
1.13.2 Die deskriptiewe taak 23
1.13.3 Interpreterende taak 24
1.13.4 Normatiewe taak 25
1.13.5 Pragmatiese taak 28
1.14 ETIESE IMPLIKASIES 29
1.14.1 Die risiko rakende vooroordeel en geloofwaardigheid 29
1.14.2 Voordele vir die pastoraat/terapeutiese gemeenskap in die algemeen 30
1.14.3 Monitering van navorsing 30
1.15 HOOFSTUKINDELING 31

## DIE DESKRIPTIEWE TAAK

## HOOFSTUK 2

### KONSEPTUALISERING VAN 'N VOORLOPIGE TEORETIESE RAAMWERK

2.1 INLEIDING 32
2.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING 32
2.3 SPEELTERAPIE 35
2.3.1 Aspekte waar speelterapie van hulp kan wees 36
2.4 DIE GESTALTBENADERING 36
2.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KIND EN DIE BERADER 39
2.5.1 Die keuse en invloed van speelgoed en die speelkamer 40
2.5.2 Bevorderende faktore rakende die interaksie tussen kind en berader 41

*2.5.2.1* *Prettige en aangename sessies* 41

*2.5.2.2* *Uiting gee aan onverwerkte ervarings* 41

*2.5.2.3* *Eerlikheid, vriendelikheid en warmte* 41

*2.5.2.4* *Bemagtiging van die kind* 41

*2.5.2.5* *Belangrike merkers rakende die verhouding tussen kind en berader* 42

2.6 DIE BERADER SE DOELWITTE 42

2.6.1 Ontginning van die kind se volle potensiaal 42

2.6.2 Handhawing en vestiging van grense 43

2.6.3 Korrekte hantering van stiltes 44

2.6.4 Laat die kind toe om die proses te lei 44

2.6.5 Die kind as prioriteit 45

2.6.6 Enkele belangrike perspektiewe rakende die geboeliede kind 45

2.7 VERSKILLENDE TIPES SPEEL 46

2.7.1 Bibliospeel 46

*2.7.1.1* *Die storie* 47

2.7.2 Gedramatiseerde speel 49

2.7.2.1 Rolspel 50

2.7.3 Skeppende speel 51

2.7.3.1 Kleiwerk 51

2.7.4 Toepassing van verdere belangrike tegnieke 53

2.7.4.1 *Die belangrike rol van 'n persoonlikheidsteorie* 53

2.7.4.2 *Voorgestelde gevallestudie en toepassing van praktiese riglyne* 54

2.7.4.3 *Die 'top dog' en 'underdog'* 54

2.7.4.4 *Die leë-stoeltegniek* 56

2.7.4.5 *Retrofleksie* 59

2.8 BY ELKE KIND VIND DAAR 'N UNIEKE PROSES PLAAS 61

2.8.1 Die kind se kommunikasie 61

2.8.2 Die proses van die spel 61

2.8.3 Bemagtiging van die kind ten opsigte van 'n positiewe

selfbewustheid 63
2.8.4 Nog enkele verdere belangrike prosesse 64
2.9 TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE BOELIESLAGOFFER 65
2.9.1 Identifisering van die leuen 65
2.9.2 Identifisering van gedrag gekoppel aan spesifieke prosesse 65
2.9.3 Bemagtiging 66
2.9.4 Beheer 66
2.9.5 Harmonie 66
2.9.6 Uitdrukking van emosies 66
2.9.7 Bewustheid van omgewing 67
2.9.8 ʼn Ondersteuningsisteem 67
2.9.9 Kommunikasie met ouers 67
2.9.10 Selfsorg 68
2.9.11 Hernude kontak met die buitewêreld 68
2.10 SAMEVATTING 68

## DIE INTERPRETERENDE TAAK

## HOOFSTUK 3

### PERSPEKTIEWE VANUIT DIE AANVERWANTE WETENSKAPPE

3.1 INLEIDING 74
3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING 75
3.2.1 Definiëring van ʼn metateoretiese model 75
3.3 DEFINIËRING VAN BOELIES 76
3.3.1 Boelie 76
3.3.2 Kuberboelie 77
3.4 MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF 78
3.4.1 Identifisering van boelies 78
3.4.2 Gevolge van boelie en kuberboelie 79
3.4.2.1 Boelie 79
3.4.2.2 Kuberboelie 83

3.5 SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF 85
3.6 VOORKOMS 85
3.6.1 Boelie 85
3.6.2 Kuberboelie 86
3.6.2.1 Kultuur 87
3.6.2.2 Samelewing 88
3.6.2.3 Skool 88
3.6.2.4 Familie 88
3.6.2.5 Die betrokke individu 90
3.7 KENMERKE VAN BOELIE 91
3.8 ALGEMENE RIGLYNE AAN OUERS EN ONDERWYSERS 93
3.8.1 Praktiese maatreëls 95
3.8.2 Die ouer as ondersteuner 96
3.9 TAAK VAN DIE PASTORALE BERADER AS DEEL VAN
‘N MULTIDISSIPLINÊRE SPAN 98
3.9.1 Die kind se identiteit in Christus 98
3.9.2 Grense en dissipline 99
3.9.3 Die kind moet leer wat aanvaarbaar is en wat nie 100
3.9.4 Die onderrig en toerusting van jongmense 101
3.9.5 Identifisering en vervanging van die leuen 101
3.9.6 Wat jy saai sal jy maai 102
3.9.7 Christus se hantering van boelies 103
3.10 KUBERBOELIE 105
3.10.1 Die tendens ten opsigte van kuberboelies 105
3.10.2 ‘n Parallel tussen kuberboelie en fisiese boelie 106
3.11 VERSKILLENDE PROGRAMME 108
3.11.1 Die Olweus Boelie Voorkoming Program 108
3.11.2 Kind-Gefokusde COP: Anti-Boelie Program 110
3.12 PORTUURGROEPBERADING 111
3.13 PASTORALE STEUNGROEP 112
3.14 SAMEVATTING 114

# DIE NORMATIEWE TAAK

# HOOFSTUK 4

## DIE IDENTIFISERING VAN SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PROBLEEM VAN BOELIE


4.1 INLEIDING 122

4.2 BASISTEORIE 123

4.3 DOELWIT 123

4.4 EKSEGESE 125

4.4.1 Psalm 90:12 125

4.4.1.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 125

4.4.1.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 126

4.4.1.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 126

4.4.1.4 Woordstudie van belangrike begrippe 127

4.4.1.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 127

4.4.1.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 128

4.4.1.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 129

4.4.2 Jakobus 1:5 129

4.4.2.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 130

4.4.2.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 130

4.4.2.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 131

4.4.2.4 Woordstudie van belangrike begrippe 132

4.4.2.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 132

4.4.2.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 133

4.4.2.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 133
4.4.3. 2 Timoteus 4:7 134
4.4.3.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 134
4.4.3.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 134
4.4.3.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 135
4.4.3.4 Woordstudie van belangrike begrippe 136
4.4.3.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 136
4.4.3.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 137
4.4.3.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 137
4.4.4 Spreuke 14:15 138
4.4.4.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 138
4.4.4.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 138
4.4.4.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 139
4.4.4.4 Woordstudie van belangrike begrippe 139
4.4.4.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 139
4.4.4.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 140
4.4.4.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 140
4.4.5 Jakobus 1:19 140
4.4.5.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 140
4.4.5.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 141

4.4.5.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 141
4.4.5.4 Woordstudie van belangrike begrippe 142
4.4.5.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 142
4.4.5.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 143
4.4.5.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 144
4.4.6 Spreuke 15:23 144
4.4.6.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 144
4.4.6.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 144
4.4.6.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 145
4.4.6.4 Woordstudie van belangrike begrippe 145
4.4.6.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 146
4.4.6.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 146
4.4.6.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 147
4.4.7 Filippense 4:13 147
4.4.7.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 147
4.4.7.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 148
4.4.7.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 148
4.4.7.4 Woordstudie van belangrike begrippe 149
4.4.7.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 149
4.4.7.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 150
4.4.7.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 150

4.4.8 Spreuke 24:16 150
4.4.8.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 151
4.4.8.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 151
4.4.8.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 151
4.4.8.4 Woordstudie van belangrike begrippe 152
4.4.8.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 152
4.4.8.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 153
4.4.8.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 154
4.4.9 Habakuk 3:17-18 154
4.4.9.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 154
4.4.9.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 154
4.4.9.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 155
4.4.9.4 Woordstudie van belangrike begrippe 155
4.4.9.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 156
4.4.9.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 157
4.4.9.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 157
4.4.10 Spreuke 12: 26, 28 158
4.4.10.1 Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre 158
4.4.10.2 Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het 158
4.4.10.3 Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl 159
4.4.10.4 Woordstudie van belangrike begrippe 159

4.4.10.5 Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking 160
4.4.10.6 Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/lesers 160
4.4.10.7 Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema 160
4.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK AS GEHEEL 161

## DIE FORMULERING VAN 'N STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

### HOOFSTUK 5

5. 1 INLEIDING 164
5. 2 OMSKRYWING VAN PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP 164
5. 3 DOELSTELLINGS 165
5. 4 VOORGESTELDE MODEL VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KINDERS WAT GEBOELIE IS MET BEHULP VAN 'SPEEL' 166
5.4.1 Sessie 1: Die bou van 'n verhouding en die vestiging van vertroue 166
5.4.2 Sessie 2: Bou die verhouding verder uit en verseker dat die kind gemaklik is 166
5.4.3 Sessie 3: Identifiseer die kruks van die probleem 167
5.4.4 Sessie 4: Die tegniek van *'Top dog'* en *'Underdog'* 170
5.4.5 Sessie 5: Toepassing van die leë-stoeltegniek 170
5.4.6 Sessie 6: Implementering van perspektiewe en insette vanuit die pastoraat 171
5.4.7 Sessie 7: Implementering van portuurgroepberading 176
5.4.8 Sessie 8: Betrokkenheid van 'n pastorale steungroep 176
5.4.9 Sessie 9: Riglyne rakende hantering van die probleem in die toekoms 176
5.4.10 Sessie 10: Die vestiging van hoop 177
5. 5 SAMEVATTING 178

# FINALE SAMEVATTING

## HOOFSTUK 6


6.1 INLEIDING 179

6.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2 (DESKRIPTIEWE TAAK) 179

*6.2.1 Verhouding tussen die kind en die berader* 179

*6.2.2 Die berader se doelwitte* 180

*6.2.3 Verskillende tipes speel* 180

*6.2.4 By elke kind vind daar 'n unieke proses plaas* 181

*6.2.5 Toepassing ten opsigte van die boelieslagoffer* 182

6.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3 (INTERPRETERENDE TAAK) 183

6.3.1 *Boelie* 183

6.3.2 *Kuberboelie* 183

*6.3.3 Maatskaplike perspektief* 183

*6.3.4 Sosiologiese perspektief* 184

*6.3.5 Voorkoms* 184

6.3.6 *Kenmerke van boelie* 184

6.3.7 *Die hantering van 'n geboeliede kind en riglyne aan ouers* 185

*6.3.8 Taak van die pastorale berader as deel van 'n multidissiplinêre span* 186

*6.3.9 Kuberboelie* 189

*6.3.10 Kombinasie van en verskil tussen boelie en kuberboelie* 189

*6.3.11 Verskillende programme* 189

*6.3.12 Portuurgroepberading* 190

*6.3.13 Pastorale steungroep* 190

6.4 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4 (NORMATIEWE TAAK) 190

6.5 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5 (PRAGMATIESE TAAK) 192

6.6 FINALE SAMEVATTING 193

6.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING 194

BYLAAG A: GESINS-INTERNET VEILIGHEIDSKONTRAK 195
BYLAAG B: DIE WARE IDENTITEIT: WIE IS EK IN CHRISTUS? 197
BYLAAG C: DIE WOORD VERVANG ELKE LEUEN 199
BYLAAG D: BOELIEVRAELYS 203

Figuur 1: Osmer se model 29
Figuur 2: Osmer se model 34
Figuur 3: Osmer se model 74
Figuur 4: Osmer se model 125
Figuur 5: Osmer se model 165

BRONNELYS 206

# INLEIDING

## HOOFSTUK 1

### 1.1 TITEL

"Speel" as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is.

### 1.2 SLEUTELTERME

Afrikaans: Speel, pastorale berading, boelie, kinders.
Engels: Play, pastoral counseling, bully, children.

#### 1.2.1 Speel

Meer as 4 000 tale word wêreldwyd gebruik vir kommunikasie. Hoewel speel nie een van hierdie tale is nie, is dit die 'taal' wat deur kinders gebruik word om hulself uit te druk (Landreth, 2001:3). Kinders hoef nie geleer te word hoe om te speel of gedwing te word om te speel nie - hulle doen dit spontaan in hulle kinderjare, enige tyd en op enige plek! (vgl. Schaefer, 1993:2).

Die definisie van speel is volgens Landreth (2001:4) die volgende:

> Play is an integral part of childhood, a unique medium that facilitates the development of expressive language, communication skills, emotional development, social skills, decision-making skills, and cognitive development in children. Play is also a medium for exploration and discovery of interpersonal relationships, experimentation with adult roles, and understanding of one's own feelings. Play is the most complete form of self-expression developed by the human organism.

Deur middel van speel kan kinders uitvind hoe die wêreld werklik is, verskillende

rolle speel en emosies hanteer (Schaefer, 1993:7-13). Speel is kinders se manier om dinge en situasies in hulle lewens te leer ken, hulle omgewing beter te leer ken, watter emosies dit in hulle wakker maak en hoe om dit te hanteer. Speel laat 'n kind inderdaad veilig voel (Schoeman, 2019:237). Grobler (2005:87) stel dit soos volg: *“Deur speel kom dit wat in die onderbewussyn is na vore en gedagtes, gevoelens en konflikte waarvan hulle totaal onbewus is, word op hierdie wyse geverbaliseer.”* Hierdie is dus ’n ideale en nie bedreigende medium om te gebruik wanneer daar aan kinders hulp verleen word.

Schoeman (2019:121) beklemtoon ‘n verdere belangrike aspek deur die volgende stelling: *"Relationship is the cement in the intervention process that strengthens the trust and motivation for growth."* Die verhouding tussen die berader en die kind is dus van kardinale belang aangesien die oogmerk van hierdie verhouding is om die kind te help om bewus te raak van hom/haarself en die feit dat hulle beskik oor die vermoë om uiteindelik selfregulerend te kan optree. Tydens die verhouding se ontwikkelingsproses is dit belangrik dat die berader nie voorskriftelik sal wees deur die kind in 'n sekere rigting te dwing nie. Dit is eerder belangrik dat die berader aktief deel van die proses sal wees en interaktief teenoor die kind sal optree. Die hele intervensie proses begin juis by die verhouding, want sodra die verhouding gevorm is vertrou die kind die berader en kan die proses sy loop neem. Dit laat die kind veilig voel en gevolglik sal al die kwessies wat ter sprake is, nou deur speel na vore tree (Schoeman, 2019:121-139).

Wat ook belangrik is in hierdie studie met betrekking tot die verhouding tussen speel intervensie en die pastoraat is dat speel intervensie veral sal dien as die metode waarvolgens die getraumatiseerde en emosioneel verwonde kind (as gevolg van boelie) begelei gaan word tot heling. Hier sal faktore soos gebed tesame met praktiese riglyne soos geïdentifiseer vanuit die tersaaklike Skrifgedeeltes wat geëksegetiseer sal word, uiteraard ook van toepassing wees.

### 1.2.2 Pastorale berading

Die doelwit van pastorale berading is om die beradene te begelei op ‘n pad van heling wat gefokus is op Christus, met die berader as fasiliteerder (Collins, 2008:32; Clinton, Hart & Ohlschlager, 2005: 523-529; Clinton & Ohlschlager, 2013:67).

Louw (1999:45) beskryf die begrip van pastorale berading as ‘lewensbediening vanuit die dimensie van die opstandingsoorwinning’ in aansluiting tot die ‘eskatologiese perspektief’. Volgens hom is pastorale berading daarop gefokus om mense deur die geloof in hoop sodanig te laat lewe dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook daar waar daar moontlik lyding mag wees.

Heitink (1999:15) beskryf pastorale berading as die praktiese demonstrering van hoe die Koninkryk van God in die bediening van die versoening tot openbaring kom, deur die ontferming in Christus, in die uitreiking na die mens om hom/haar te red.

De Jongh van Arkel (2000:160) gee ‘n besonder praktiese uiteensetting van die volgende vier vorme van pastorale werk:

- *Wedersydse omgee (mutual care)*

  Hierdie is die mees basiese en primêre vlak van pastorale werk. Dit vind plaas wanneer kerklidmate omsien na mekaar. Dit spruit voort vanuit gelowiges se verbintenis (*commitment*) aan mekaar en word geassosieer met die gemeenskap van gelowiges. Die aspekte van ‘*support’* en ‘*sustaining*’ is sleutel konsepte in hierdie verband. Wedersydse omgee vorm ook die basis van elke ander vorm van pastorale werk.

- *Pastorale sorg*

  Hier verkry die aksie van omgee en sorg ‘n meer amptelike karakter binne die kerk/gemeente. Hierdie vlak van sorg vereis ook meer gespesialiseerde kennis as in die geval van die eerste kategorie. Hier is dus ‘n mate van selektiwiteit nodig

aangesien nie enigeen toegelaat kan word om hierdie taak te verrig nie. Hierdie aksie is dus ook meer georganiseerd as dié van wedersydse omgee. Hierdie aksie ondersteun persone rakende hul alledaagse probleme sowel as met betrekking tot dieper eksistensiële probleme (sonder om in die volle kompleksiteit hiervan betrokke te raak).

- *Pastorale berading*

  Hierdie is die derde vlak van sorg waar dit gaan om ‘n meer intensiewe en gestruktureerde vorm van sorg. As ‘n reël impliseer pastorale berading gewoonlik ‘n tipe van kontrak of ooreenkoms waar daar ‘n versoek tot hulp is en ‘n spesifieke

- *Pastorale terapie*

  Hier sou gebruik gemaak kon word van langer-termyn rekonstruktiewe terapeutiese metodes ten einde kroniese probleme wat op ‘n diep vlak lê, te heel. Die basiese onderskeid tussen pastorale terapie en pastorale berading hou verband met die intensiteit/diepte en ook die lengte van die pastorale betrokkenheid. Pastorale terapie hanteer probleme dus meer in diepte en die proses as geheel sal ook langer wees as in die geval van pastorale berading. Pastorale terapeute is oor die algemeen dan ook diegene wat spesialiseer op hierdie terrein en ook voltyds daarmee besig is.

Ballard en Pritchard (2006:41) gee die volgende beskrywing van die rol van die pastoraat binne die gemeenskap:

> The real theological task is to enable the community of faith critically to understand the faith and to express answers to the questions: Who is God? Where is God to be found today and what does this God require of us here and now? The academic theologian may well provide resources for answering these questions. But it is the practical theologian within the community of faith who has to help the community day by day and week by

> week discover the answers in relation to the praxis and witness of the Church in the world and so help it find the direction which enables it to be faithful to its task.

Reader (2008:6) beskryf die rol en taak van praktiese teologie en die pastorale bediening soos volg:

> However, the main focus of practical theology is still that of pastoral ministry, whether exercised by clergy or laity, and ways in which this contributes to the vision of the kindom of God in the world.

Aansluitend by bovermelde definiërings en beskrywings van die veld van praktiese teologie en pastorale bediening maak Willows en Swinton (2000:29) die volgende tersaaklike opmerkings:

> The special task of Practical Theology is to start with the concrete, historical, immediate reality critically evaluation and enabling the practical life of the Church in all its many forms, drawing on the findings of fundamental, historical and systematic theology.

Betreffende die konteks en aanpak van die huidige studie sal die fokus veral op die derde kategorie van pastorale berading wees (soos ook verwoord in die titel). Deur pastorale berading en speelterapie te kombineer kan ons duidelik sien hoe God in kinders se lewens werk en hulle help om te genees deur middel van 'n wyse wat vir die kind natuurlik is, naamlik speel (Grobler, 2005:iii).

### 1.2.3 Boelie

Boelie word deur verskillende navorsers as volg beskryf:

- Dit gaan oor aggressiewe gedrag wat voorkom wanneer 'n kind geteiken word deur een of meer kinders deur herhaalde negatiewe aksies oor 'n periode van tyd. Hierdie is doelbewuste pogings om ongemak of besering te veroorsaak en kan

aspekte insluit soos byname (*name calling*), etikettering (*labeling*), gesigte trek, obsene tekens, kwaadwillige terg, uitsluiting van, dreigemente, gerugte versprei, fisies te slaan, te skop, rond te stamp en te verwurg. Deur aksies soos hierdie word daar dikwels ook 'n stigma geskep met betrekking tot die slagoffer (Mental Health America, 2018).

- Kriek (2018:1) verduidelik dat boeliery voorkom as die boelie in 'n 'magsposisie' of sterker posisie (in watter opsig ook al) is en dan die slagoffer op 'n emosionele, fisiese, geestelike of ekonomiese vlak herhaaldelik benadeel.
  Die sondebokke kan 'n individu of 'n groep wees (Kriek, 2018:1).
- 'n Leerling word geboelie of geviktimiseer wanneer hy/sy herhaaldelik en oor tyd blootgestel word aan negatiewe aksies deur een of meer ander leerlinge. Met negatiewe aksies word bedoel optredes waardeur daar opsetlik besering of skade toegedien word (of gepoog word om dit te doen) aan iemand anders (Olweus, 1997:496).
- Anders as in die geval van fisiese boelie waar 'n sterker en groter kind gewoonlik 'n swakker kind domineer of straf, kan kuberboelie deur 'n swakker persoon wat skuil agter die veiligheid van 'n rekenaar en die Internet, gedoen word. Anders as in die geval van fisiese boelie kan 'n kuberboelie basies ook anoniem bly deur byvoorbeeld 'n tydelike e-pos rekening te gebruik, skuilname wanneer hy/sy in kletskamers (*chatrooms*) betrokke raak of SMS boodskappe stuur. Die oogmerk is byna deurgaans om die slagoffer te verneder (Hart & Hart Frejd, 2013:122).

### 1.2.4 Kinders

Louw (1998:103, 157, 243, 325, 393) gee die volgende indeling in terme van die verskillende ontwikkelingsfases by kinders en jongmense (vgl. ook Allen, 2019):

- Die prenatale ontwikkeling en die geboorteproses
- Die neonatale fase en babajare – eerste twee lewensjare
  - Neonatale fase – ongeveer die eerste vier weke vanaf geboorte.

- Babajare fase – ongeveer die eerste twee jaar.

- Die kleutertydperk – ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom
- Die middelkindjare – ongeveer sesde tot twaalfde lewensjare
- Die adolessente fase
  - Vroeë adolessensie - die aanvang van hierdie fase is ongeveer tussen 11 en 13 jaar.
  - Middel adolessensie – ongeveer die fase tussen 14 en 17 jaar.
  - Laat adolessensie – die fase vanaf 18 en ouer.

Wanneer daar in die onderhawige studie verwys word na die pastorale begeleiding van 'kinders' dan sal dit van toepassing wees op die voorafgaande kategorieë wat strek vanaf ongeveer die kleutertydperk tot en met middel adolessensie.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

'n Boelie kan inderdaad beskryf word as die verwoester van onder andere kinders en adolessente se drome – en dan ook die drome wat sulke kinders se ouers vir hul kinders gehad het. Hiermee saam gaan uiteraard ook die aftakeling van so 'n kind se karakter en selfbeeld. Kriek (2018) belig hierdie tendens deur te wys op die ontstellende reëlmaat waarvolgens hierdie tema besig is om voorbladopskrifte te haal waar die tragiese gevolge van verwoeste jong lewens herhaaldelik beskryf word (vgl. ook Payne & Van Belle, 2017; Khan, 2017). In 2009 het vier oudleerlinge van die Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg in die hof verskyn weens die beweerde aanranding van 'n 15-jarige seun. In 2008 was daar die tragiese swaardmoord by die Hoër Tegniese Skool Nic Diederichs in Krugersdorp. Die 16-jarige Jacques Pretorius het in die aanval gesterf en twee werkers en 'n skoolseun is gewond. Die aanvaller, Morné Harmse (18) se ouers het in 'n verklaring die volgende gesê:

> Because of Morné's physical build, he was often belittled during his formative years. Where we could, we stood up for him and spoke to the bullies involved, but also accepted it as part of life... we never realised the

> true impact that the physical and emotional abuse had on him. He explained to us that he felt so powerless and worthless that he wanted to make a stand (vgl. Coetzer, 2019:8).

Dan was daar ook in 2012 die tragiese verhaal van David Hlongwane, ‘n 16-jarige Gr 10-leerling van Soshanguve wat homself tuis opgehang nadat hy geboelie is deur klasmaats. Klaarblyklik is hy geslaan en name toegesnou deur sy maats en by een geleentheid moes hy na die skool se personeelkamer hardloop ten einde te ontvlug van hulle (Lo, 2012:23).

Die realiteit is dat grense en dissipline ‘n groot rol speel as dit by boelie kom. Coetzer (2019:86) verduidelik dat grense van kardinale belang vir kinders is. Sonder grense weet kinders nie waar om te stop en ook nie hoe om ander se grense te respekteer nie. As jy van kleins af vir jou kind grense aanleer en dat nee beteken nee, en ja beteken ja, lê jy reeds ‘n stewige emosionele fondasie. Jou kind se selfbeeld en selfvertroue sal dan hierby baat en hulle sal veilig en geborge voel en nie neig om te probeer kompenseer vir onvervulde emosionele behoeftes by verkeerde plekke en individue nie.

Grense, dissipline en boelie loop hand aan hand. Dit is ook ouers se plig om hulle verantwoordelikheid ten opsigte hiervan na te kom. As gevolg van gebroke ouers en ook onkunde met betrekking tot temas soos hierdie is die nodige maatreëls egter nie altyd in plek nie en is daar talle kinders wat getraumatiseer word (Boyd, 2012:xxii).

Daar is min dinge wat vir ‘n kind erger kan wees as boelie. Boelie kan gelukkige kinderjare steel en die daaglikse ervaring van skool verander in ‘n mynveld waardeur hierdie kind moet navigeer. Trollinger (2011:80) stel dat outoriteite in die VSA reeds vir baie lank bewus was van die probleem rondom boelie en aggressie. Dit was egter eers met die skietvoorvalle by die Columbine skool in Colorado op 20 April 1999 waar 15 leerders dood is, dat hierdie kwessie sedertdien meer ernstig benader is. Dit was een van die eerste ernstige insidente waar dit agterna duidelik geblyk het dat boelie die aanleidende oorsaak was van die geweld wat toe gevolg het.

Samevattend met betrekking tot hierdie punt sou daar dus gekonstateer kan word dat die probleem wat in hierdie studie aan die orde kom, verband hou met die volgende belangrike komponente:

- Die steeds toenemende voorkoms van boelie gedrag onder jongmense.
- Die oorweldigende emosies wat dit tot gevolg het by slagoffers.
- Die afwesigheid van grense by oortreders en slagoffers.
- Die gebrek aan erns waarmee hierdie probleem benader word deur ouers en outoriteite.

## 1.4 Historiese aanloop met betrekking tot navorsing

Dit was maar eers gedurende die vroeë sewentigerjare dat daar begin is met akademiese navorsing rondom die tema van boelie. Die mees bekende navorser in hierdie verband is Prof. Dan Olweus wie se navorsing reeds gedurende hierdie vroeë fase ‘n aanvang geneem het. Na aanleiding van die publieke tragedie van die selfdood van drie adolessente seuns in 1983 in Noorweë as gevolg van aanhoudende boelie deur maats, het die Noorweegse Ministerie van Opvoeding ‘n nasionale veldtog geloods om boelie in skole teë te werk. Dit was binne hierdie konteks dat die bekende *Olweus Bullying Prevention Program* (OBPP) uiteindelik ontwikkel is deur Olweus (Olweus, 1997:496). As deel van hierdie program het meer as 130,000 leerders tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar die *Olweus Bully/Victim Questionnaire* voltooi. Die resultate het daarop gedui dat 15% van alle leerders in daardie land al by afknouery betrokke was, hetsy as ‘n boelie of as ‘n slagoffer (vgl. Roodt & Greeff, 2012:689) Hierdie program (OBPP) het uiteindelik ontwikkel tot een van die mees gesaghebbende, deeglik nagevorsde en beproefde programme tot op hede. In die onderhawige studie sal daar onder andere gefokus word op winspunte vanuit hierdie program.

### 1.4.1 Aktualiteit binne Suid-Afrika

Wakefield (2017) beklemtoon hoedat daar die afgelope ongeveer 20 jaar ‘n groot skuif plaasgevind het vanaf fisiese boelie na kuberboelie of elektroniese treitering as gevolg van die dramatiese ontwikkeling en groei van die Internet (vgl. ook Hart & Frejd, 2013:120). Wat Suid-Afrika betref is kuberboelie volgens Payne en Van Belle (2017) aan die toeneem. In ongeveer 50% van gevalle het dit geblyk dat die oortreders vanaf dieselfde skool was en dat die hoogste voorkoms van viktimisering onder leerders in Gr 6 en 7 (12- en 13-jariges) aangetref word.

Huddleston (2015:100) gee ook insiggewende statistieke betreffende die situasie in Suid-Afrika rondom boelie oor die algemeen:

- 68% van leerders ervaar bekommernis oor die moontlikheid van fisies seergemaak te word of gedreig te word met ‘n wapen by die skool.
- 52% van leerlinge het aangedui dat boelie by hul skool impliseer om geterg en beledig te word terwyl 26% aangedui het dat dit gekarakteriseer word deur rondstampery, geklap of geslaan te word.
- Wat kuberboelie in besonder betref, gee Huddleston die volgende syfers:
    - Ongeveer 40% van leerders het dit self reeds ervaar.
    - Ongeveer 70% van kuberboelies het erken dat hulle self aanlyn geboelie is.

Wat kuberboelie betref wys Coetzer (2019:16) onder andere op die volgende tipiese aanduidings waarna ouers moet oplet:

- Veranderinge in eet- en slaappatrone.
- Skoolbywoning wat ‘n al hoe groter probleem word.
- Die kind wil nie meer deelneem aan sosiale aktiwiteite nie.
- Selfoonboodskappe lei tot al hoe meer stres en ongemak.

- Die selfoon word gereeld en sonder rede afgeskakel.

Volgens ‘n studie wat deur die Universiteit van die Oranje Vrystaat gepubliseer is (Hammond, 2012), het meer as 32% van die leerders aangedui dat hulle by geleentheid deur ‘n ander leerder geslaan is. Die meeste het gesê hulle word geteiken in skoolbusse en taxi’s op pad skool toe of in die skool se badkamers. Ander word weer deur onderwysers afgeknou. Volgens die studie het 50% van die onderwysers erken dat hulle hul studente fisiek aangerand het, 6% van die onderwyskader het erken dat hulle ten minste een keer per maand skuldig is aan ‘seksuele afknouery’.

Kinders in staatskole blyk ook die kwesbaarste te wees omdat onderwysers soms geneig is om die probleem te ignoreer. Navorsing het aangetoon dat in 40% van gevalle onderwysers by hierdie skole net sal wegstap vanaf sulke situasies en dit impliseer kondonering (Lo, 2012). Hiermee saam gaan die probleem rondom administratiewe rompslomp (*red tape*) wat deesdae deel is van die prosedure van dissiplinering van leerlinge. Dit gee aan onderwysers die gevoel van ontmagtiging (*disempowered*) en hulle sal gevolglik eerder deur middel van verbale aanvalle (of selfs fisies) die oortreders probeer beheer. Dit dra dan uiteraard net verder by tot die bose kringloop van boelie (Lo, 2012).

Khan (2017:26) wys op ‘n wêreldwye opname wat deur *Vodafone* gedoen is. Hieruit het geblyk dat daar ‘n voorkoms van 24% van Internet gebruikers is wat betrokke raak by kuberboelie in Suid-Afrika – dit plaas ons land vierde op ‘n wêreldranglys van lande waarvolgens die intensiteit en voorkoms van hierdie probleem aangedui word.

### 1.4.2 Die impak en gevolge van boelie

Die impak van boelie kan vernietigend en verpletterend wees, emosioneel, fisies en geestelik. Navorsing toon aan dat die ervaring van geweld gedurende die vroeë kinderjare aanleiding kan gee tot ernstige probleme tydens die volwasse jare. Voorbeelde in hierdie verband is die volgende (vergelyk die volgende bronne: Boyd, 2012:xx; Donnelly,

2014; Harmon, 2004:7; Khan, 2017; Papas, 2013; Roodt & Greeff, 2012:694):

- Depressie.
- Mishandeling van kinders en ‘n eggenoot.
- Vervreemding van andere.
- Probleme rondom romantiese verhoudings.
- Verhoogde substansmisbruik.
- Hoë emosionele vlakke en lae vlakke van uithouvermoë (*resilience*).
- Kinders wat geboelie is neig om op ‘n vroeër stadium die skool te verlaat.
- Abnormale seksuele gedrag (masochisties).
- Verwronge selfbeeld.
- ‘n Vloed van emosies, veral angs en vrees (*terror*).
- Probleme om ander te vertrou of veilig te voel.
- Fisiese agteruitgang (*imploding*) wat kan impliseer die gryp na enigeerslawende middel (alkohol, pille, ens.), hoë bloeddruk, migraines, maagsere.
- Uiterlike oorreaksies (*exploding*) wat kan impliseer geïrriteerdheid wat lei tot woede uitbarstings.
- Groeiende pessimisme en ‘n fatalistiese verwagting van toekomstige probleme (*impending doom*).
- Hiperbedagtheid met ekstreme waaksaamheid en voortdurende monitering van die omgewing.
- ‘n Geneigdheid om baie maklik te skrik en senuagtig te raak wanneer daar harde geluide of vinnige bewegings is (*exaggerated startle response*).

Volgens Woltke (2019) is daar drie faktore wat bepalend kan wees of boelie ‘n permanente langtermyn effek op ‘n kind het of nie:

- Hoe lank hou die treitering aan?
- Hoe ernstig is die treitering?
- Is daar ‘n kans dat die slagoffer daarvan kan ontsnap en het hy/sy die vermoë hiertoe?

### 1.4.3 Samevattend

Die situasie soos in die voorafgaande bespreking uiteengesit beklemtoon die noodsaaklikheid van voorkomende optrede en toerusting van kinders en die verantwoordelike volwassenes met betrekking tot hierdie uiters aktuele aangeleentheid. Dit beklemtoon ook die behoefte aan ‘n multidissiplinêre benadering waar daar op ‘n holistiese wyse gefokus word en spesifieke intervensie plaasvind met betrekking tot kinders wat reeds getraumatiseer is as gevolg van boelie. Kinders moet gevolglik gehelp word om die trauma van die verlede asook soortgelyke toekomstige situasies op ‘n praktiese en effektiewe wyse te verwerk en te hanteer.

## 1.5 DIE BYDRAE DEUR SPEEL INTERVENSIE

Die feit dat boelie vir die gemiddelde kind baie traumaties is, het bepaalde implikasies wanneer daar gekyk word na die manier waarop trauma in die brein gestoor word. Trauma word in die brein gestoor in die limbiese stelsel wat hoofsaaklik sensories van aard is en met veel minder klem op verbale en rasionele vermoëns. Traumageheue is dus nie ‘feitelik’ nie en Ziegler (2002:26) verwoord hierdie proses soos volg: *“Memories of past trauma are not stored in the neocortex where our reasoning functions can have an impact on these recollections.”*

Kinders kan dit moeilik vind as gevolg van hul ontwikkelingsvlak om hul emosies te verwoord en te verbaliseer. Blootstelling aan trauma veroorsaak dat dit nog moeiliker is om oor die trauma te praat, veral as gevolg van die chemiese veranderinge in die brein. Van der Kolk (2003:306) beskryf dit soos volg: *“... [H]igh levels of arousal interfere with*

*the adequate functioning of the brain region necessary to put one's feelings into words, Broca's area."*

As gevolg van hierdie probleem moet kinders op 'n spesiale manier begelei word om uitdrukking te kan gee aan hul traumatiese emosies. In hierdie proses is gesprekvoering nie effektief nie omdat dit te veel staatmaak op denkende insig (Blom, 2006:20). 'n Ander vorm van hulpverlening sal dus gevind moet word om getraumatiseerde kinders te help. Van der Kolk en Fisler (1995) beklemtoon ook dat traumatiese geheue nie noodwendig in verbale formaat gestoor word nie maar eerder in somaties-sensoriese formate. Verbale tegnieke gaan dus oor die algemeen baie minder effektief wees in die prosessering en verwerking van pynlike emosies en herinneringe. Nie-verbale tegnieke gaan dan inderdaad meer effektief wees, soos die beoefening van 'n kunsvorm soos skilder of teken of speel, en ook verskillende vorme van beweging soos byvoorbeeld dans. Teen hierdie agtergrond sou daar volgens Coetzer (2013:41) ook gewys kan word op die effektiwiteit van 'n aksie soos gebed vir die getraumatiseerde kind – die praktyk het dikwels bevestig dat dit lei tot 'n groot mate van innerlike kalmte en rustigheid en dat dit bevorderlik is vir die helingsproses (vgl. ook Le Roux-Weitsz, 2015:58).

Malchiodi (2001:22) verwoord iets van hierdie selfde standpunt op die volgende wyse:

> Because the core of traumatic experiences is physiological, the expression and processing of the sensory memories of trauma are essential to successful intervention and resolution – drawing is an activity that taps a variety of senses.

Malchiodi (2012:166) ondersteun gevolglik die gebruik van kuns oor die algemeen as deel van die hulpverlening proses:

> The use of drawing also has an added advantage. For children, as well as adults, trauma memories are encoded in images because trauma is a sensory esperience rather than a solely cognitive experience.

Binne hierdie konteks kan speel as ‘n effektiewe alternatiewe metode gebruik word as deel van die hulpverlening aan getraumatiseerde en emosioneel verwonde kinders (vergelyk ook Grobler, 2005:80). Ziegler (2004:50) beklemtoon ook dat die gebruik van nie-verbale metodes oor die algemeen belangrik is tydens die hulpverleningsproses aan getraumatiseerde kinders:

> Nonverbal therapy methods will be needed to get the best understanding of trauma memories. Use art, play, movement and expression of all kinds to get information. Words will be distracting and often useless.

Tydens die begeleiding moet die berader as’t ware ’n fasiliteerder kan word van die kind se traumabelewenis. Nie-verbale metodes verskaf die geleentheid om die kind se belewenis saam met hom/haar te beleef en deur die kind se oë te ‘sien’. Die berader moet ook maklik kan terugkeer na sy of haar eie kinderdae en probeer onthou hoe hulself op daardie ouderdom dinge beleef het en wat vir hulle aangenaam of negatief was (Grobler 2005:81). Op hierdie wyse kan daar as’t ware in die kind se skoene geklim word.

By getraumatiseerde kinders speel vrees gewoonlik ‘n pertinente rol en vrees setel gewoonlik in die breinstam (Perry & Hambrick, 2008:43). Dit is gevolglik sinvol om heel eerste te begin met gestruktureerde herhalende liggaamlik-sensoriese aktiwiteite. Die tipe aktiwiteit wat byvoorbeeld hier belangrik is, is musiek, beweging, asemhalings-oefeninge, ‘drumming’ (tegnieke en lirieke rondom drom-slaan) en terapeutiese massering. Sodra die terapeut begin bespeur dat daar verbetering en vordering plaasvind ten opsigte van selfregulering (byvoorbeeld beheer oor impulsiewe emosionele response) kan die terapeutiese werk skuif na probleme wat meer verband hou met verhoudings – hier kan dan van meer tradisionele speel- en kunsterapieë gebruik gemaak word. Namate basiese interpersoonlike tegnieke en vermoëns verbeter, kan daar gaandeweg al hoe meer beweeg word na verbale, insig-georiënteerde en kognitiewe terapeutiese tegnieke (Perry & Hambrick, 2008:42). ‘n Aksie soos gebed kan ook baie effektief gebruik word ten einde ‘n impak te hê op aspekte soos vrees en onverwerkte trauma wat by die getraumatiseerde kind in die breinstam lê en waar gewone ‘praat-terapie’ normaalweg nie ‘n impak het nie (vgl.

Marx, 2014:19; Basson, 2010:274-275; Coetzer 2013:41).

Die vryheid vir die kind om spontaan die voortou te neem en te speel bied ook die vryheid en geleentheid vir die Heilige Gees om te werk en tesame met die krag van gebed wil dit dus voorkom of speel as ‘n hulpmiddel binne die proses van pastorale berading, ‘n betekenisvolle rol in die genesing van kinders sou kon vervul (vgl. Marx, 2014:130).

## 1.6 RASIONAAL VIR DIE SPESIFIEKE METODOLOGIE VAN DIE STUDIE

Vanuit die aanverwante wetenskappe asook binne die pastoraat sal daar gefokus word op ‘n omvattende literatuurstudie met betrekking tot die tema van die onderhawige studie. Die klem binne hierdie studie sal gevolglik wees op ‘n analitiese evaluering van die resultate van die beskikbare literatuur. Analise en dataversameling sal plaasvind deur die gebruikmaking van ‘n deskriptiewe literatuuranalise wat sal insluit ‘n assessering en beskrywing van die onderskeie temas en patrone wat na vore mag kom na aanleiding van die oorkoepelende navorsingsvraag van hierdie studie.

## 1.7 NAVORSINGSTRATEGIE

Daar sal gefokus word op ‘n kombinasie van tydskrifte, artikels en tersaaklike navorsingsbronne. Navorsing met betrekking tot die deskriptiewe literatuur sal gedoen word deur middel van dataversameling gebaseer op primêre bronne (so ver moontlik) wat insluit internasionale en nasionale bronne, akademiese tydskrifartikels, boeke en webbladsye.

## 1.8 KRITERIA VIR DIE SELEKSIE VAN LITERATUUR

Daar sal gebruik gemaak word van artikels wat in bekende en relevante akademiese tydskrifte gepubliseer is. Die fokus sal verder veral op meer resente literatuur en vakkundige boeke wees. Deur op hierdie wyse gebruik te maak van bronne is die konseptuele studie daarop gemik om kennis te genereer wat aanvullend kan wees tot 'n reeds bestaande liggaam van kennis (Maree, 2007: 71).

## 1.9 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING

### 1.9.1 Databasisse

Die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) het 'n uitgebreide rekenaarsoektog gedoen en die volgende databasisse gebruik:

- EBSCOhost-koppelvlak
- PsycINFO
- Academic Search Premier
- SocINDEX with Full Text
- OpenDissertations
- E-Journals
- PsycARTICLES
- Africa-Wide Information
- Nexus-koppelvlak

### 1.9.2 Sleutelterme

Tydens hierdie soektog is die volgende sleutelterme gebruik:

*Bully, counsel, pastoral, play therapy,* boelie, spelterapie.

Alhoewel daar gefokus is op 'n verskeidenheid van artikels en bronne waar die tema van boelie bespreek word, kom dit relatief min voor in samehang met die gebruik van speel as hulpmiddel, as deel van 'n pastorale begeleidingsproses. Bronne wat egter geblyk het waardevol te wees met betrekking tot die onderhawige studie sluit in die volgende:

### 1.9.3 Belangrike boeke

- In die boek, *Creative interventions with traumatized children* (2015) skryf M.M. McGuinness en K.J. Schnur 'n hoofstuk genaamd *Bullying, trauma, and creative art interventions: Building resilience and supporting prevention*. Hier is onder

andere ‘n bespreking van die aanwending van kunsterapie en veral tekeninge ten einde kinders te leer hoe om boelies te hanteer en ook hoe om dit te voorkom.

- ‘n Boek met die titel, *Play therapy with children and adolescents in crisis* word in 2015 gepubliseer. Swearer, Schwartz en Garcia skryf ‘n hoofstuk wat relevant is tot hierdie studie met die titel, *Bullying: Interpersonal trauma among children and adolescents*. Hier word veral gekyk na die verskillende kontekste waar boelie oor die algemeen plaasvind. Daar word verder ook veral gefokus op hoe om die kind te help om die trauma wat boelie meebring te verwerk en te hanteer asook te voorkom.
- Mason skryf ‘n hoofstuk naamlik *Choice reality play therapy for children involved in bullying* in die boek: *Integrating play techniques in comprehensive school counseling programs* (2013)*.* Hier word veral gefokus op hoe verskillende speelterapie tegnieke aangewend kan word om slagoffers van boelies te help.
- Baron (2015) se hoofstuk *Play therapy with the spectrum of bullying behavior in die* boek, *Play therapy: A comprehensive guide to theory and practice,* blyk ook belangrik te wees. Hier word daarop gefokus om die kind weer te leer dat hy of sy geregtig is op hulp en om veilig te voel. Die kind moet gehelp word om weer die goeie in die wêreld raak te sien.

### 1.9.4 Belangrike proefskrifte en verhandelinge

- Alhoewel Grobler se M.A. verhandeling (2005) met die titel, *Hulpverlening van die gemolesteerde kind met behulp van spelterapie - 'n Pastorale studie* handel oor molestering, is daar heelwat raakpunte ten opsigte van die gebruik van speel wat ook van toepassing is op die onderhawige studie.
- Die M.A. verhandeling van Oelofse (2000) handel ook oor molestering en sy maak gebruik van metafore gekoppel aan spelterapie in die begeleiding van die gemolesteerde kind. Dit titel van haar verhandeling: *Die gebruikmaking van metafore in die maatskaplikewerk-hantering van die seksueel gemolesteerde kind.* Waardevolle perspektiewe rakende die gebruik van tersaaklike metafore kom hier aan die orde.

Besondere raakpunte rondom die integrering van die pastoraat en speelterapie kom na

vore in die volgende verhandelings en proefskrifte:

- Denton, R.A. 2010. *Pastorale gestaltterapeutiese intervensie om mishandelde laat- adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.* Pretoria: Unisa (Proefskrif – DDiac).
- Grobler, L. 2013. *Speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van 'n ouer.* Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Le Roux-Weitsz, Q. 2015. *Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is*. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).
- Marx, J. 2014. *Die waarde van spelterapie: 'n Pastorale benadering*. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – PhD).

### 1.9.5 Belangrike artikels

Artikels wat verder ook ter sake is en enkele raakpunte bevat ten opsigte van die tema van hierdie studie is die volgende:

- Hammond, P. 2012. *Bullying – A Biblical perspective*. Hier word onder andere gefokus op 'n aantal aanleidende oorsake tot boelie asook 'n aantal belangrike pastorale riglyne.
- Walsh, D. 2011. *The bullied brain*. Hier word daar gekyk na die invloed van boelie op 'n kind se brein. Daar word ook praktiese riglyne aan ouers gegee wat aansluit by sommige tegnieke en riglyne binne die dissipline van speelterapie.
- Payne & Van Belle. 2017. *The nature and impact of cyberbullying and cyber-harassment in South African schools*. Die omvang van die fenomeen van boelie binne Suid-Afrikaanse skole kom hier aan die orde. Daar word beklemtoon dat tradisionele anti-boelie strategieë nie meer blyk so effektief te wees nie onder andere as gevolg van die groot klemverskuiwing die afgelope aantal jare vanaf fisiese boelie na kuberboelie.

Uit bovermelde bespreking blyk dat daar wel pastorale raakpunte is met die werke van ander navorsers, maar dat die voorgestelde tema van hierdie studie wat ‘n noue interaksie impliseer tussen die pastoraat en speelterapie, nog nie voldoende binne die navorsing hanteer is nie en gevolglik uiters aktueel en relevant is. Daar sal gevolglik gepoog word om deur middel van hierdie studie ‘n bydrae te maak met betrekking tot die algemene tema van boelie, en meer spesifiek met betrekking tot ‘n geïntegreerde benadering rakende die onderskeie velde van boelie, pastoraat en speel.

## 1.10 NAVORSINGSVRAAG

### 1.10.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag

Hoe kan speel as hulpmiddel gebruik word in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is?

### 1.10.2 Subvrae wat vanuit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei

- Watter belangrike aspekte kom na vore vanuit ’n deskriptiewe studie aangaande speel as hulpmiddel in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is? Die fokus is hier dus op die huidige problematiek, gevolge, voorkoms en maatreëls rakende die probleem van boelie onder kinders (Aansluitend by Osmer (2008:4) se deskriptiewe vraag: *“Wat is besig om te gebeur?”*).
- Watter navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe kan van hulp wees met betrekking tot die gebruik van speel as hulpmiddel in die beradingsproses van kinders wat geboelie is? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se interpreterende vraag: *“Waarom het dit gebeur?*”).
- Watter Skriftuurlike perspektiewe kan van toepassing gemaak word op die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is? (Aansluitend by Osmer (2008:4) se normatiewe vraag: *“Wat behoort dus hier te gebeur?”*)
- Watter riglyne vanuit die navorsing rakende die gebruik van speel as hulpmiddel, kan as strategiese merkers gebruik word in die pastorale berading van kinders wat geboelie is? (aansluitend by Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag: *“Wat behoort*

*te verander?"*

## 1.11 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.11.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om vas te stel hoe speel as hulpmiddel gebruik kan word in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is.

### 1.11.2 Doelwitte

Ten einde die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie te bereik, sal die fokus op die volgende vier sub-doelwitte wees:

- Eerstens sal gefokus word op ŉ deskriptiewe studie aangaande speel as hulpmiddel in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is. Die fokus is hier dus op die huidige problematiek, gevolge, voorkoms en maatreëls rakende die probleem van boelie onder kinders.
- Tweedens sal die klem val op navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe wat van hulp kan wees met betrekking tot die gebruik van speel as hulpmiddel in die beradingsproses van kinders wat geboelie is.
- Derdens sal sekere Skriftuurlike perspektiewe geïdentifiseer word met betrekking tot die die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is.
- Vierdens sal deur ŉ kritiese sintese van die voorafgaande navorsing, 'n aantal strategiese merkers geïdentifiseer word wat as riglyne gebruik kan word in die pastorale berading, waar speel as hulpmiddel dien, van kinders wat geboelie is.

Tydens hierdie proses is dit verder belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat daar binne spel oftewel speelterapie nooit 'n eie vooropgesette agenda mag wees nie maar dat daar slegs met die gegewe gewerk moet word. Met ander woorde, daar kan gewerk

word met dit wat die kind aanbied anders is dit nie sy/haar agenda/behoefte waaroor dit gaan nie maar dié van die berader.

## 1.12 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat speel as hulpmiddel gebruik kan word in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is.

## 1.13 METODOLOGIE

### 1.13.1 Literatuurstudie

Die aanpak van hierdie studie sal geskied in die formaat van 'n literatuurstudie en soos reeds vermeld sal dit uitgevoer word volgens Osmer se vier bewegings/momente. Volgens Louw (2014:75) is ŉ literatuurstudie tesame met bespreking en kritiese beredenering ŉ aanvaarbare navorsingsbenadering binne die terrein van die praktiese teologie. Die feit dat ŉ literatuurstudie ŉ integrale deel van navorsing is, word ook bevestig deur De Vos, Strydom, Fouche en Delport (2011:123).

Met betrekking tot 'n literatuurstudie is die volgende aspekte verder ook van belang:

- Dit bied 'n logiese raamwerk waar toepaslike literatuur tesame met die navorsing hanteer word binne ŉ tradisie van ondersoek (*inquiry)* en binne die konteks van aanverwante studies (Marshall & Rossman, 1995:43).
- Die fondasie vir suksesvolle navorsing word deur literatuurnavorsing gelê (Rubin & Babbie, 2001:120).
- ŉ Literatuurstudie bied gewoonlik die nodige kredietwaardigheid aan navorsing (Neuman, 2000:446).
- Deur ŉ literatuurstudie word kundiges en leiers binne ŉ bepaalde studieveld geïdentifiseer. Op hierdie wyse raak die navorser bekend met huidige kennis, gesaghebbende teorieë, definisies en sleutelkonsepte binne die bepaalde studieveld (Marshall & Rossman, 1995:43).

Booth, Colomb en Williams (2008:70) waarsku teen die gebruik van lukrake internetbronne en stel meer betroubare biblioteekbronne voor. Leedy en Ormrod (2005: 25) wys op ook in hierdie verband op die geweldige uitdaging gekoppel aan die hoeveelheid en tempo waarteen inligting tans beskikbaar is en steeds word en beklemtoon dan die belangrikheid van deeglike beplanning en ’n behoorlike strategie vir navorsing.

### 1.13.2 Die deskriptiewe taak

Die basiese probleemstelling waaroor dit hier gaan word deur Osmer (2008:4) soos volg beskryf: *“Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.”*

Die belangrike vraag wat hier aan die orde is, is die volgende: *Wat is besig om te gebeur?* (Osmer, 2008:34). Met hierdie taak sal daar gekyk word na hoe die tersaaklike probleem tans benader en hanteer word. Vrae wat gevolglik relevant sal wees binne hierdie afdeling is onder andere die volgende:

- Wat is huidige tendense ten opsigte van die begeleiding deur middel van speel met betrekking tot kinders wat geboelie word?
- Wat is die tipiese voorkoms, statistieke en algemene neigings tans ten opsigte van fisiese boelie en ook kuberboelie?
- Watter programme word tans oor die algemeen by skole geïmplementeer en toegepas ten opsigte van die voorkoms van boelie?
- In watter mate word die kind se selfbeeld, innerlike sekuriteit en identiteit afgetakel deur die proses van boelie?
- In watter mate beïnvloed die proses van boelie ‘n kind se lewensvreugde en lewensin?
- Wat is die langtermyn gevolge indien die proses van boelie nie getermineer en gekorrigeer word nie?

Dreyer (2009:23) verduidelik dat indien daar regtig by die waarheid van praktiese teologie uitkgekom wil word, dan sal die deskriptiewe taak as ‘n aanhoudende proses van ontwikkeling gesien behoort te word en ook dienooreenkomstig benader moet word.

### 1.13.3 Interpreterende taak

Literatuur vanuit die aangrensende wetenskappe gaan ‘n belangrike rol vervul ten einde vas te stel watter rol dit kan vervul aanvullend tot die tema van hierdie studie. In hierdie verband beskryf Osmer (2008:4) die interpreterende taak soos volg: *“Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring.”*

Insigte vanuit dissiplines soos die maatskaplike werk, psigologie en opvoedkunde gaan onder andere belangrik wees ten einde enersyds ‘n beter begrip te verkry vir die gedrag van getraumatiseerde kinders (wat geboelie), en andersyds die waarde van sekere begeleidende beginsels en tegnieke vanuit hierdie dissiplines wat dan uiteindelik geïntegreer kan word in ‘n holistiese pastorale benadering. Soos wat Osmer dit stel sal so ‘n proses dan kan bydra “... *to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring.”*

Wat betref die proses van speel sal die interaksie tussen die kind en die begeleier egter deurgaans belangrik wees. Waar die kind deur watter medium ook al iets ‘geskep’ het ten einde innerlike emosies te probeer verwoord sal dit telkens belangrik wees dat die kind geleentheid kry om dit self te verduidelik. In hierdie verband sal daar dus nie veralgemenings vanuit die literatuur gedoen kan word nie aangesien elke persoon uniek is in terme van sy/haar fenomenologiese agtergrond.

Die belangrike vraag met betrekking tot die interpretatiewe taak wat volgens Osmer (2008:4) gevra word, is: *Waarom het dit gebeur?* Die doel is dus hier om so ver moontlik begrip te probeer verkry van moontlike aanleidende omstandighede (alhoewel dit uiteraard so is dat daar nie deurgaans in die fynste detail altyd

verklarings vir alles sal wees nie). In hierdie opsig word die belangrikheid van ŉ metateoretiese vertrekpunt soos volg deur De Klerk en De Wet (2013:7) verwoord:

> Sonder ŉ uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike vertrekpunte waarmee gewerk word, kan die navorser ten opsigte van invalshoeke en die navorsingsdoel in ankerloosheid ronddryf.

### 1.13.4 Normatiewe taak

Osmer (2008:131) beskryf die normatiewe taak van praktiese teologiese interpretasie aan die hand van die volgende drie lyne:

- Teologiese interpretasie.
- Die gebruik van etiese norme met die doel om te reflekteer oor die praktyk en ook om as gids te dien.
- Praktiese voorbeelde van goeie praktyk.

Die normatiewe taak word vervolgens deur Osmer (2008:4) as volg opgesom: *"Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice."*

In hierdie verband word daar van die navorser verwag om die praktyke van die Christelike tradisie wat normatiewe leiding in die verlede sowel as die hede gegee het, te bestudeer sodat patrone vir die Christelike lewe daaruit afgelei kan word (Osmer, 2008:149).

Osmer (2008:4) se belangrike vraag met betrekking tot die normatiewe taak is: *Wat behoort hier te gebeur?* Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord sal sekere belangrike Skriftuurlike beginsels geïdentifiseer word wat uiteindelik ‘n belangrike rol gaan vervul as deel van die helingsproses by die kind wat geboelie is. In die identifisering van tersaaklike

Skriftuurlike beginsels sal die vyf kategorieë in ag geneem word wat deur Siegel en Payne Bryson (2018:22) geïdentifiseer word in die vestiging van emosionele intelligensie by kinders. Dit sal onder andere tot gevolg hê dat die kind oor die vermoë beskik om binne krisissituasies, met behulp van die Heilige Gees, alternatiewe opsies te kan identifiseer en toe te pas. Al vyf hierdie lewenskwaliteite kan Skriftuurlik gegrond word en dien tegelykertyd as toerusting in die hantering van enige toekomstige krisis of trauma (wat boelie sou kon insluit). Die vyf belangrike lewenskwaliteite en tersaaklike Skrifgedeeltes is die volgende:

- ***Geestelike en emosionele balans***

  - Spreuke 12:26, 28: *"Die gelowige se lewe is vol opwinding... Die gelowige geniet die lewe – die ongelowige ken net angs en vrees"* (Boodskap Vert.).
  - Spreuke 14:15: *"Wie ervaring kortkom, glo alles wat gesê word; 'n verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee."*

- ***Geestelike en emosionele veerkragtigheid***

  - Spreuke 24:16: *"'n Gelowige staan elke keer nà 'n terugslag weer op. Mense wat die Here nie ken nie, oorleef dit nie. Hulle het nie die moed om weer van voor af te begin nie"* (Boodskap Vert.).
  - Habakuk 3:17-18: "*Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."*

- ***Geestelike en emosionele insig en onderskeidingsvermoë***

    - Jakobus 1:5: *"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt."*
    - Psalm 90:12: *"Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom."*

- ***Die kwaliteit van empatie***

    - Spreuke 15:23: *"'n Goeie antwoord is waardevol. Dit kan iemand help om die regte besluite te neem. Wat is wonderliker as die regte woord op die regte tyd"* (Boodskap Vert.).
    - Jakobus 1:19: *"My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie."*

- ***'n Herdefiniëring van die konsep van sukses en prestasie***

    - Filippense 4:13: *"Vir alles in die lewe, die goeie of die slegte, sien ek kans omdat Jesus my bron van krag is"* (Boodskap Vert.).
    - 2 Timoteus 4:7: *"Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou."*

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word, terwyl die Reformatoriese tradisie as basiese vertrekpunt dien (Coetzee, 1990:17). Verdere riglyne ten opsigte van 'n eksegetiese verkenning van bovermelde Skrifgedeeltes sal veral op die bundel, *Preekgeboorte* (De Klerk & Van Rensburg, 2011) berus. Wat woordstudies betref sal daar van Bybelse woordeboeke en kommentare gebruik gemaak word.


### 1.13.5 Pragmatiese taak

Die formulering van strategies-teoretiese riglyne en doelwitte is hier belangrik en die belangrike vraag wat volgens Osmer gevra word is: *Hoe moet daar reageer word?* Inligting verkry vanuit die Skrif, teologiese literatuur asook aanverwante wetenskappe sal gevolglik hier saamgevoeg, geïntegreer en geïnterpreteer word. Die uiteindelike doelwit volgens Osmer is dus om verandering tot gevolg te hê en dit alles kan in sy beskrywing van die frase "dienskneg leierskap" saamgevat word. Die pragmatiese taak word vervolgens deur Osmer (2008:4) verduidelik: *"Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the 'talk back' emerging when they reenacted."*

As deel van die pragmatiese taak sal die uitgangspunt verder wees om voorgestelde riglyne, soos tentatief vanuit 'n literatuurstudie (gebaseer op die deskriptiewe en interpreterende take) geïdentifiseer, te kontekstualiseer en te konseptualiseer (Viljoen, 2016:19). Dit sal onder andere die volgende impliseer:

- 'n Duidelike definiëring en beskrywing van die problematiek rakende boelie.
- 'n Formulering van die breë merkers van 'n benadering waarin enersyds riglyne vanuit die dissipline van speelterapie, en andersyds die pastoraat, gesamentlik geïmplementeer sou kon word as deel van 'n breë strategie tot voorkoming en heling.

Die volgende vloeidiagram bied 'n goeie beeld van die samestelling en wisselwerking van Osmer (2008:11) se model aan:




**Figuur 1. Osmer se model (Osmer, 2008:11)**

## 1.14 ETIESE IMPLIKASIES

Hierdie studie word uitgevoer onderhewig aan die algemene riglyne van die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit. Die klem is op ‘n suiwer literêre studie (ondersoekende en deskriptiewe ontwerp) en gevolglik sal dit ‘n lae risikofaktor impliseer aangesien daar geen empiriese ondersoeke sal wees waarby individue betrokke is nie. Die etieknommer wat aan die navorsing toegeken is, is NWU-01886-20-A6.

### 1.14.1 Die risiko rakende vooroordeel en geloofwaardigheid

Die geskatte risiko met betrekking tot moontlike vooroordeel en gebrek aan geloofwaardigheid van hierdie literatuurnavorsing is laag as gevolg van die feit dat die navorser poog om bronne en outeurs met opponerende sienings oor dieselfde onderwerp, in te sluit. Daar sal dan gepoog word om vanuit ‘n sintese telkens ‘n geloofwaardige middeweg en balans rakende belangrike vertrekpunte aan die orde te stel. *“Trustworthiness will enhance the credibility, transferability, dependability and*

*confirmability of the research"* (Guba & Lincoln, 1994: 105).

### 1.14.2 Voordele vir die pastoraat/terapeutiese gemeenskap in die algemeen

Daar sal gepoog word om deur middel van hierdie studie 'n bydrae te maak tot bestaande literatuur met betrekking tot die algemene tema van boelie en meer spesifiek met betrekking tot 'n geïntegreerde benadering rakende die onderskeie velde van boelie, pastoraat en speel. Die navorser is oortuig daarvan dat die integrasie van bruikbare en praktiese konsepte vanuit hierdie drie areas 'n deurslaggewende verskil kan maak in die uitkoms rakende die begeleiding van getraumatiseerde en emosioneel verwonde kinders as gevolg van boelie. Die resultate van die navorsing sal tot voordeel wees van die kerk in die breë, leraars, pastorale beraders, maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers, beraders asook alle ander aangrensende dissiplines wat op een of ander wyse betrokke is by die begeleiding van getraumatiseerde kinders.

### 1.14.3 Monitering van navorsing

Die navorser sal verantwoordelik wees om te verseker dat die navorsing ten volle reg sal laat geskied aan die goedgekeurde protokolle. Die literatuurstudie (data-insameling en analise) behels 'n noukeurige ondersoek en beskrywing van die verskillende temas en tendense wat voortspruit vanuit die navorsingsvraag van die studie en daar sal voortdurende monitering van die die proses as geheel deur die studieleier plaasvind.

## 1.15 HOOFSTUKINDELING

### Inleiding

Hfst. 1. Inleiding en probleemstelling

### Deskriptiewe taak

Hfst. 2. Hier sal gefokus word op ŉ deskriptiewe studie aangaande speel as hulpmiddel in die pastorale beradingsproses van kinders wat geboelie is. Daar sal veral gefokus word op perspektiewe vanuit literatuur wat verband hou met die dissipline van speelterapie.

### Interpreterende taak

Hfst. 3. Hier is die fokus op navorsingsresultate vanuit die aanverwante wetenskappe wat van hulp kan wees met betrekking tot die gebruik van speel as hulpmiddel in die beradingsproses van kinders wat geboelie is.

### Normatiewe taak

Hfst. 4. Die identifisering van Skriftuurlike perspektiewe met betrekking tot die probleem van boelie.

### Pragmatiese taak

Hfst. 5. Die formulering van ŉ strategies-teoretiese model vir die pastorale begeleiding, tesame met speel intervensie, van kinders wat geboelie is.

### Samevatting

Hfst. 6. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

# DIE DESKRIPTIEWE TAAK

## HOOFSTUK 2

## KONSEPTUALISERING VAN ‘N VOORLOPIGE TEORETIESE RAAMWERK

### 2. 1 INLEIDING

Die fokus in hierdie hoofstuk is gerig op die deskriptiewe of beskrywende taak binne die model van Osmer (2008: 4-5). In hierdie verband sal die aandag in besonder toegespits wees op ŉ konseptualisering van ŉ voorlopige teoretiese model met betrekking tot ‘speel’ as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is. Ten einde hierdie doel te bereik, sal daar veral gefokus word op perspektiewe vanuit literatuur wat verband hou met die dissipline van spelterapie met die oog op so ŉ voorlopige teoretiese model. Die finale strategies-teoretiese ‘model’ sal egter eers in hoofstuk 5 aan die orde kom wanneer daar ŉ integrasie sal plaasvind van Osmer se onderskeie take, naamlik die Deskriptiewe taak (hoofstuk 2), Interpreterende taak (hoofstuk 3) en Normatiewe taak (hoofstuk 4).

### 2. 2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Volgens Osmer se deskriptiewe of beskrywende taak gaan dit oor daardie deel van die interpretasieproses waar inligting ingesamel word wat ŉ bydrae kan lewer ten einde sekere patrone en dinamika binne bepaalde episodes, situasies en kontekste te verstaan (Osmer, 2008:5). Ten einde verskillende fokuspunte binne die interpretasieproses van praktiese teologie te onderskei, verwys Osmer herhaaldelik na hierdie drie kategorieë. ŉ Insident of enkele gebeurtenis binne die alledaagse lewe word as ŉ *Episode* beskryf. Die groter prentjie van gebeure, verhoudings en omstandighede waarin *episodes* sou voorkom, word as ŉ *Situasie* beskryf en dit sluit gewoonlik verskeie persone in. Sosiale en natuurlike sisteme waarbinne *situasies* ontvou word gebruik om ŉ *Konteks* saam te stel terwyl ŉ *Sisteem* dui op die netwerk van interne verbindings en onderlinge interaksie

van al die dele wat die interne eienskappe van die geheel bepaal. Die konsep van *Konteks* sou op ŉ plooibare wyse hanteer kon word en fokus die aandag op tersaaklike mikro- en makrosisteme (Osmer, 2008:12).

Die insameling van inligting kan op meer as een wyse plaasvind en dit impliseer onder andere om fyn te luister en noukeurig op ŉ sistematiese wyse waar te neem (Osmer, 2008:4-6). Vir die doel van ŉ literêre studie word daar op ŉ sistematiese wyse inligting versamel, enersyds vanuit pastoraal teologiese literatuur en andersyds (veral ten opsigte van die tema van die onderhawige studie) vanuit die dissipline van spelterapie. Dit alles geskied met die oog op die samestelling van ŉ voorlopige teoretiese model rakende die berading en begeleiding van kinders wat geboelie is. Osmer verwys ook na luister met ŉ 'derde oor' ten opsigte van gevalle waar die proses van insameling van inligting prakties sou plaasvind, byvoorbeeld deur gesprekvoering. Hier gaan dit veral dan ook oor oplettendheid rakende emosies en lyftaal asook waarneming van enige tekens van depressie of ander psigologiese probleme (Osmer, 2008: 5-6).


Osmer (2008:16) vestig verder ook die klem op die onderlinge verbintenis tussen gemeenskappe, gemeentes, families, individue, en die groter sosiale sisteem. Die toenemende irrelevansie van gemeentes met betrekking tot die gebrokenheid van families, individue, gemeenskappe word ook in dieselfde verband deur Clinebell en McKeever (2011) beklemtoon. Hy definieer relevansie as ŉ betrokkenheid in situasies waar individue worstel met emosionele verwonding, smag na hoop, aan die worstel is in gebed, ŉ hongerte ervaar na sin en betekenis en ŉ innerlike dors beleef ten opsigte van verhoudings. Dit impliseer onder andere dat daar heling sal plaasvind ten opsigte van wonde van onreg binne gemeenskappe. Teen hierdie agtergrond stel Osmer (2008:32) vervolgens dat praktiese teologie realiseer deur middel van situasies, episodes en kontekste – terselfdertyd is daar die uitnodiging en uitdaging tot die interpretering van hierdie hedendaagse 'lewende menslike dokumente'.

Volgens Osmer (2008:33-34) hou die deskriptiewe taak verder ook verband met interpretasie in terme van ŉ spirituele teenwoordigheid. In hierdie opsig word gefokus op dit wat in lewens van individue, families en gemeentes gebeur en dui dit ook op ŉ

‘priesterlike luister’ waartydens konkrete situasies ook in gebed aan God opgedra word. Daar word hierby aangesluit deur De Klerk en De Wet (2012: 292) wanneer hulle dit stel dat die navorser of gemeenteleier ŉ nederige gesindheid en ŉ priesterlike bewoënheid behoort te openbaar en daarmee saam ook dienend moet luister in ŉ gees van entoesiastiese betrokkenheid en ook teenwoordig te wees– dit kan realiseer omdat die navorser of gemeenteleier deur dieselfde Gees as ons Hoëpriester, Jesus Christus, toegerus is.

Die deskriptiewe vraag is die volgende: *“Wat is besig om hier te gebeur?”* Al die bogenoemde aksies is daarop gerig om ŉ antwoord op hierdie vraag te bied. Hierdie tipe vrae is uiteraard gewoonlik gekoppel aan probleemsituasies, krisis of trauma en gevolglik die belangrikheid om die probleem te omskryf.

In die volgende diagram word Osmer (2008:4) se vier voorgestelde take skematies voorgestel met die Deskriptiewe taak as die tersaaklike komponent in hierdie hoofstuk:




**Figuur 2: Osmer se model (Osmer, 2008:11)**

## 2. 3 SPEELTERAPIE

Alhoewel speel deel is van elke kind se lewe, leef elke kind dit uit op hul eie manier en kan die kind dit ook gebruik om sin te maak van ‘n wêreld vol vreemde uitdagings (Marx, 2014:78). Speel is inderdaad die taal waarin kinders hulself uitdruk omdat dit hulle in staat stel om uitdrukking te gee aan hul diepste wese op ‘n wyse wat vir hulle hanteerbaar en aanvaarbaar is. Op hierdie wyse kan hulle speel gebruik om emosies tot uiting te bring wat normaalweg deur volwassenes tot uitdrukking sal kom deur middel van emosies en verbalisering (Landreth, 2002:529).

Dit is belangrik dat elke speelberader, ouer, onderwyser of belanghebbende persoon in ‘n kind se lewe sal besef watter geweldige impak speel op ‘n kind se lewe het. Dit hou verband met die feit dat speel die wyse is waarop kinders hulle self uitdruk aangesien hulle nog nie noodwendig oor die vermoë beskik om in woorde te verbaliseer hoe hulle voel of wat hulle beleef het nie (Schaefer, 1993:1). In hierdie verband word die volgende aspekte deur Schaefer (1993:1) aangetoon dat dit van besondere belang is om ten einde volle begrip te verkry ten opsigte van die kind se ervaring van speel:

- Speel is vir ‘n kind belangriker as om ‘n speletjie te voltooi.
- Innerlike en uiterlike motivering beïnvloed ook elke kind se manier van speel op sy eie unieke wyse.
- Speel en positiewe gevoelens loop hand aan hand met mekaar.
- Daar word dikwels van tyd en selfs die omgewing vergeet as die kind aktief besig is om te speel.
- Kinders speel op so ‘n wyse dat die aard van hulle spel ook van toepassing gemaak kan word op die werklike lewe.
- Speel help ‘n kind om uitdrukking te gee aan hul eie mening ten opsigte van voorwerpe, emosies of gebeure wat hul ervaar of beleef het.

Aansluitend hierby stel Landreth (2012:9) dit dat sommige kinders nie oor die vermoë beskik om hulle emosies in woorde uit te druk nie, veral indien hulle getraumatiseer is. In hierdie verband help speel hulle dan om dinge wat met hulle gebeur het en ook emosies (dikwels nuwe en onbekende emosies) wat hulle ervaar het, uit te druk, te verduidelik en

uiteindelik te verwerk. Oor die algemeen is dit vir die kind makliker om dit op hierdie wyse te doen omdat kinders gemaklik is met speel en kom dit gewoonlik ook spontaan.

### 2.3.1 *Aspekte waar speelterapie van hulp kan wees*

In die geval van getraumatiseerde en emosioneel verwonde kinders waar daar oor die algemeen nie die nodige begeleiding was nie worstel hulle gewoonlik met talle vrae, ook wat betref die moontlike rol van God. In hierdie verband stel Piers en Landau (1980:16) dit dat speelterapie onder andere kan help om weer so ŉ kind se vertroue in die Hemelse Vader te herstel. Wanneer ‘n kind die vryheid het om te speel en hulself uiteindelik ook so te kan uitdruk, is dit juis ook die tyd wanneer die Heilige Gees in die kind kan werk – navorsers identifiseer graag met hierdie uitgangspunt.

Wat betref die genesende krag van speel is Sweeney en Landreth (1993:355) van mening dat ‘n kind se emosionele verwondheid na die dood van ‘n ouer nie maklik of selfs geensins sal genees sonder die natuurlike helingskrag van speel nie. Speel help kinders ook om hul individualiteit na vore te laat tree en dit dra uiteindelik ook by tot hulle persoonlikheidsontwikkeling (Landreth, 2012:9). ŉ Verdere belangrike rol van speelterapie is die feit dat dit kinders in staat stel om te weet hoe om hul eie en ander se emosies te hanteer en benader asook hoe om deur pyn te werk – deur hierdie hele speelterapieproses word die kind ‘n sterker mens en leer hulle ook hoe om soortgelyke situasies in die toekoms te hanteer. Aansluitend hierby stel Bekker (2003:226) dit dat speelterapie kinders kan help om weer hulle lewens te organiseer op ‘n wyse wat vir die kind gemaklik en aanvaarbaar is.

Teen hierdie agtergrond, en in aansluiting by Marx (2014:101), is dit die hoop van die navorser dat die onderhawige studie sou kon bydra tot die vestiging van ŉ nouer band tussen speelterapie en kinderberading vanuit ‘n pastorale oogpunt.

## 2. 4 DIE GESTALTBENADERING

Met behulp van speelterapie is daar verskillende benaderings wat gevolg kan word. In hierdie studie sal daar hoofsaaklik gefokus word op die Gestaltbenadering. Hierdie benadering behels basies dat die verhouding tussen die kind en die berader die terapiesessie lei (Schoeman, 2019:2). Deur gebruik te maak van die Gestaltbenadering

word gefokus op die vertrekpunt dat die kind bewus gemaak moet word van die omgewing en watter moontlike invloed dit op hom/haar mag hê. Met hierdie bewuswording kan die kind dan ook weer leer om verantwoordelikheid te neem vir besluite wat gemaak word en aksies wat plaasvind. Uiteindelik het dit ŉ direkte invloed op die kind se sosiale en kognitiewe ontwikkeling (Bekker, 2003:222; Marx, 2014:90).

‘n Kind se persoonlikheid word volgens die Gestaltbenadering beïnvloed deur hoe die kind alle aspekte van die lewe byeen kan bring en met mekaar kan vervleg (Bekker, 2003:264). Dit is dikwels vir slagoffers van boelies ‘n groot uitdaging om te verhoed dat die boelies nie alle aspekte van die slagoffers se persoonlikhede vernietig en sodoende die slagoffers vir altyd skaad nie – in hierdie verband sal beraders baie duidelike riglyne moet gee.

Die Gestaltbenadering staan op die volgende drie pilare:

- *Fenomenologiese uitkyk*

  Landreth (2012:56) verduidelik dat ‘n kind se fenomenologiese veld basies gedefinieer kan word as alles wat ‘n kind al beleef het of tans beleef. Hierdie ervarings is soms op ‘n bewuste vlak en soms selfs op ‘n onbewuste vlak. Die kind kan hierdie ervarings ook op ‘n interne sowel as ‘n eksterne vlak beleef. Hierdie ervarings kan o.a. verskillende tipes gedrag, gevoelens, denke en persepsies insluit. Hierdie fenomenologiese uitkyk van ‘n kind is basies die verwysingsraamwerk wat ‘n kind gebruik om die lewe aan te pak (Landreth, 2012:56).

  Elke kind het verskillende aspekte in hul lewe en hierdie aspekte kan nie bloot willekeurig van mekaar geskei word nie aangesien dit inmekaar verweef is. Om hierdie rede is dit gevolglik nodig om die kind se groter verwysingsraamwerk wat verband sou kon hou met persone, gebeure of emosies, in ag te neem (Schoeman, 2019:3). Hierdie sou dus die basiese verwysingsraamwerk vorm waarvolgens elke kind die lewe beskou. Die berader moet deeglik op hoogte hiervan wees om uiteindelik die kind se gedrag te verstaan en ŉ stabiele en stewige verhouding met die kind te kan vestig. Dit sou alles saamgevat kon word in die stelling van Landreth

(2012:56) wanneer hy konstateer dat die berader as't ware deur die kind se oë moet kan kyk (Landreth, 2012:56). Met betrekking tot die trauma van boelie sal hierdie 'n belangrike perspektief wees in die begeleidingsproses onderweg na heling.

- *Veldteorie*

Wanneer daar gekyk word na 'n definisie vir veldteorie is dit eerstens belangrik om te onthou dat 'n individu nie alleen en geïsoleer van die wêreld staan nie. Elke aspek van elke individu se lewe is verweef en vervleg met die omgewing waarin elkeen hulself bevind en elkeen se realiteit speel ook binne 'n bepaalde omgewing af. Die veld waarmee hier gewerk word behels dus hoe die individu en omgewing met en teenoor mekaar reageer en optree. Om hierdie veld soos pas beskryf, te verstaan, is 'n teorie op sy eie en dit kan ook nie van die Gestaltbenadering geskei word nie (Schoeman, 2019:3).

Ten einde 'n veldteorie te kan formuleer, is dit eerstens belangrik om die kind se omgewing in ag te neem. Niemand kan hulself totaal afsonder van hul omgewing en wêreld en ook die invloed daarvan nie – die individu is immers nà alles slegs een gedeelte van die wêreld (Bekker, 2003:106). Die implikasie hiervan is onder andere dat wanneer die Gestaltbenadering gevolg word, alles vanuit 'n holistiese perspektief sal plaasvind. Die doel sou dan wees om elke aspek van die kind, sowel as die kind se omgewing, weer in lyn met mekaar te kan bring (Bekker, 2003:106). Gestalt kyk vervolgens hoe al hierdie bogenoemde aspekte die kind dus kan beïnvloed, hetsy op 'n negatiewe of ondersteunende wyse (Potgieter, 2016:59-60). Die veldteorie hou vervolgens verband met hierdie invloed tussen die individu en sy omgewing.

Dit is verder belangrik om te onthou dat om met kinders te werk, altyd 'n kreatiewe proses is en hierdie proses speel af teen die agtergrond van die omgewing waarin elke kind hulself bevind. As deel van hierdie proses ontstaan daar 'n àl groter bewustheid soos wat die kind en die berader ontwikkel en deur hierdie proses begin die kind uiteindelik om vrede te maak met die huidige situasie (Schoeman, 2019:4).

Betreffende die krisis in die lewe van die geboeliede kind sal hierdie komponent ook

ʼn belangrike beradende rol vervul in die uiteindelike hantering van oorweldigende emosies, onsekerheid en innerlike worsteling.

- *Dialoog*

  Dit is reeds deur die voorafgaande baie duidelik dat om speelterapie te laat slaag daar duidelike kontak tussen die berader en die kind nodig is. Die kern van hierdie kontak word vasgevang in dialoog. Die rede hiervoor is dat as daar na ontologie binne hierdie konteks gekyk word, kan die dialoog help om die kind beter te verstaan (Schoeman, 2019:5). Marx (2014:16) verduidelik dat as ʻn kind met behulp van speel kan kommunikeer, is die kind se woorde in die dialoog nie noodwendig baie nie, maar dit wat die kind wìl sê, kom na vore. Om die kind se probleem uit te speel vorm vervolgens as't ware deel van die kind se dialoog (Marx, 2014:16). Dis verder ook belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat dialoog die kind bemagtig, aangesien dit die kind in staat stel om te verduidelik hoe hulle die betrokke emosies en situasie wil hanteer. Die verdere voordele van hierdie dialogiese interaksie is die feit dat die kind se selfbeeld in die proses gebou word terwyl die kind ook bemagtig word om verantwoordelikheid te neem ten opsigte van besluite (Bekker, 2003:129).

  Wat die geboeliede kind betref sal hierdie komponent ook belangrik wees aangesien sulke kinders oor die algemeen worstel met ʼn afgetakelde selfbeeld en ʼn gebrek aan grense. Deur die proses van dialoog kan hierdie basiese aspekte in plek gestel word.

## 2. 5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KIND EN DIE BERADER

Die sleutel tot suksesvolle speelterapie is in ʼn groot mate geskoei op ʻn suksesvolle vertrouensverhouding tussen die kind en die berader. Dit is gewoonlik vir kinders baie uitdagend om dit wat hulle gesien en beleef het in woorde om te skakel en gevolglik kan ʻn berader met baie empatie tesame met speel, ʼn besondere rol vervul in die begeleiding van ʼn getraumatiseerde kind. In hierdie verband moet daar ook steeds in gedagte gehou word dat die agtergrond van beide die berader en die kind die verloop van die proses beïnvloed en gevolglik is dit krities belangrik dat die berader die kind op sy/haar vlak sal ontmoet. In hierdie opsig kan dit verrykende insigte aan die berader bied deur as't ware te

poog om in die kind se skoene te klim en sodoende kontak te maak met die “innerlike kind” wat in elkeen se hart is (Grobler, 2005:81).

Ten nouste gekoppel aan die agtergrond van die kind is uiteraard sy/haar selfbewustheid en selfbeeld asook vir die berader om ŉ stewige verhouding met die kind te vestig sal hierdie aspek ook deeglik in gedagte gehou moet word. Al die ervarings van die verlede het uiteindelik ŉ vormende invloed op die kind se selfbeeld, hul verhouding met die wêreld rondom hulle en ook met hulself (Schoeman, 2019:2). As die kind se selfbewustheid verhoog dan kan verskillende gebeurtenisse beter hanteer word. Dit veroorsaak dat die emosies wat ‘n gevolg van die gebeure is beter hanteer word en dan is dit ook vir die kind makliker om te weet hoe daar in diè situasie opgetree moet word (Bekker, 2003:191). Hoe beter die kind se selfbewustheid is, hoe meer krag het die kind om die gapings in hul eie lewe te vul (Bekker, 2003:152). Die trauma om geboelie te word, het uiteraard ŉ vernietigende en aftakelende effek op selfbewustheid en selfbeeld van die slagoffer. In hierdie verband sal die berader baie pertinente begeleiding moet bied.

### 2.5.1 *Die keuse en invloed van speelgoed en die speelkamer*

Die keuse van speelgoed en hoe dit hanteer word, sal gewoonlik baie inligting in die ope bring (Landreth, 2002:529). Ten einde hierdie aspek korrek te hanteer is dit noodsaaklik dat daar ‘n hegte verhouding tussen die kind en berader sal wees.

Die berader begin om die verhouding te bou sodra die kind bekend gestel is aan die speelkamer. Die kind moet self besef en voel dat die speelkamer ‘n veilige hawe is (Landreth, 2002:530). Tè veel woorde sou op hierdie stadium oorbodig wees. Die berader se woorde moet wel aandui dat die kind vryheid kan geniet, maar dat vryheid ook saam met verantwoordelikheid loop. Die speelgoed in die speelkamer is gewoonlik vir die kinders ‘n groot aantrekkingskrag en help die kind om gemaklik te voel. Dis ook belangrik dat die speelgoed as deel van die terapieproses gebruik kan word en nie sommer net enige speelgoed is nie. Die speelgoed help die kind om dit wat daar gesê moet word oor te dra (Landreth *et al.* 1999:275-276).

### 2.5.2 ***Bevorderende faktore rakende die interaksie tussen kind en berader***

#### *2.5.2.1 Prettige en aangename sessies*

Kinders hou oor die algemeen van pret. Daarom is dit belangrik om die sessies altyd prettig en aangenaam vir die kind aan te bied. Indien ŉ kind iets geniet, wil hulle dit gewoonlik nie termineer nie. Dit is gevolglik die berader se verantwoordelikheid om die sessies vir die kind aangenaam te maak. Sodoende word daar ook ‘n positiewe gesindheid by die kind gekweek. Hierdie positiwiteit is van onskatbare waarde vir die verhouding en ook die moontlike uitkomste (Bekker, 2003:154). Humor kan bydra tot die skepping van ŉ aangename sessie saam met die kind. Om saam te lag, kan gevolglik dikwels help om vir die kind effens van ‘n blaaskans te gee as daar met ‘n moeilike situasie of selfs moeilike emosies gewerk word (Bekker, 2003:154).

#### *2.5.2.2 Uiting gee aan onverwerkte ervarings*

‘n Verdere positiewe aspek in hierdie verband is ook die feit dat die kind deur middel van speel (wat ŉ aangename effek het) gaandeweg uiting kan gee aan onverwerkte, negatiewe ervarings en herinneringe. Sodoende kan dit ook verwerk word. Tydens hierdie proses leer die kind dan ook om al meer selfregulering toe te pas (Marx, 2014:96).

#### *2.5.2.3 Eerlikheid, vriendelikheid en warmte*

ŉ Verdere bevorderlike faktor in die verhouding tussen berader en kind is die aspekte van eerlikheid en vriendelikheid. Deur eerlik en vriendelik met die kind te wees ondersteun en vestig basiese vertroue by die kind. Om hiermee saam ook warmte uit te straal deur die berader se optrede en liggaamstaal laat gewoonlik kinders vinnig veilig en op hulle gemak voel (Bekker, 2003:157).

#### *2.5.2.4 Bemagtiging van die kind*

Dit is ook belangrik dat die berader daarop gefokus sal wees om uiteindelik die kind te bemagtig ten einde self in staat te wees om die probleem op te los, met inagneming van die kind se ontwikkelingsfase (Landreth, 2002:530). Die kind moet dus begelei word tot by die punt waar hulle self die nodige veranderinge kan maak en in die proses ook hul eie sterkpunte te kan uitleef. Sodoende tree aanvaarding vir die self in en is dit vir die kind in

orde om ‘n unieke wese te wees (Landreth, 2012:78-79). Indien daar ʼn egtheid vanaf die berader gereflekteer word en dit ook hand aan hand gaan met die vertroue wat die kind in die berader het, is die terapie besig om in ‘n positiewe rigting te beweeg (Cochran *et al.,* 2011:128).

*2.5.2.5 Belangrike merkers rakende die verhouding tussen kind en berader*

Met betrekking tot die verhouding tussen die berader en die kind gee Landreth (2012:83) die volgende belangrike merkers waarmee die navorser haarself ten volle kan vereenselwig:

- Moet nooit die proses aanjaag nie.
- ‘n Kind het grense - moet dit nie oorskry nie.
- Laat die kind self keuses maak.
- Volg die kind in die rigting wat hulle aandui.
- Skenk aandag aan die kind se behoeftes.
- Respekteer en aanvaar dit as ‘n kind iets nie wil doen nie.
- Spits jou ore vir dit wat die kind se “*inner child*” vir jou probeer sê.
- Daar moet algehele aanvaarding van die kind as ʼn unieke persoon wees.
- Glo in en respekteer die kind.

## 2. 6 DIE BERADER SE DOELWITTE

### *2.6.1 Ontginning van die kind se volle potensiaal*

Die berader se strewe moet wees om uiteindelik die kind te help om by hul individuele potensiaal uit te kom. Kinders moet hul plek in die samelewing kan handhaaf en ook verantwoordelikheid neem vir besluite (Bekker, 2003:45). Die trauma om geboelie te wees, ontspoor egter gewoonlik hierdie prosesse. Sò ʼn kind sal opnuut bewus gemaak moet word van hul uniekheid as individu en van die feit dat dit ‘n sleutelfaktor is ten opsigte van selfaanvaarding (Bekker, 2003:264). In hierdie verband sal speelterapie hulle juis hiermee kan bystaan en help om hulself weer te aanvaar.

As deel van die berader se strategie om die kind se volle potensiaal te ontgin, is die kommunikering van respek en omgee ʼn krities belangrike komponent. Om hierdie

boodskap tuis te kan bring, vereis opregtheid en eerlikheid vanaf die berader terwyl die kind dit ook as sodanig moet aanvoel. Kinders weet presies wanneer reaksies en gevoelens opreg is en net soos volwassenes, word opregte reaksies opreg deur kinderharte aangeneem en waardeer – op hierdie wyse vind daar ŉ opbouende en helende interaksie plaas (Landreth, 2012:74-75). Die verdere implikasie van hierdie proses is dat die kind moet kan beleef dat dit veilig genoeg is om te vertel wat gebeur het. Die wedersydse vertroue moet aangevoel word want juis dan sal die kind die berader genoegsaam vertrou (Bekker, 2003:147).

ŉ Belangrike aspek met betrekking tot die vestiging van vertroue met die getraumatiseerde kind is dat dit sal geskied teen ŉ pas waarmee die kind gemaklik is. Die kind moet hiervoor die nodige ruimte ontvang. In hierdie verband is dit dus belangrik dat die kind sal leer om die berader te vertrou, maar terselfdertyd ook sal weet dat die berader die kind vertrou. Die kind moet gevolglik die berader as ‘n vriend/in ervaar en daarom die verhouding ook as aangenaam beleef (Landreth, 2012:76-77).

### *2.6.2 Handhawing en vestiging van grense*

ŉ Verdere belangrike aspek met betrekking tot die berader se algemene doelwitte is die handhawing van professionele grense (Bekker, 2003:153). Hierdie handhawing van grense deur die berader reflekteer aan die kind in ŉ sekere sin beheer en dit bemagtig dit die kind indirek om uiteindelik ook self beheer te kan neem in die wêreld daarbuite (Landreth, 2002:529). Grense laat immers juis kinders veilig voel aangesien daar dan ‘n mate van voorspelbaarheid by betrokke is. Die terapie se konstantheid ten opsigte van hierdie grense is gevolglik belangrik (Landreth, 2002:531). Uit die berader se oogpunt help grense verder ook om objektief te bly ten opsigte van die kind en ook om sodoende die kind te kan help (Marx, 2014:81).

Afgesien van die handhawing van professionele grense deur die berader self, is daar steeds die uitdaging om die kind te begelei in die vestiging van eie grense. Hierdie proses kan egter slegs realiseer namate die kind gaandeweg aandui dat hulle gereed is hiervoor. Die taal wat in hierdie verband gebruik word moet dan ook so wees dat die kind verstaan

dat iets nie mag gebeur nie en waarom nie. Om hierdie grense toe te pas kan dikwels baie geduld verg van die berader (Landreth, 2002:532).

### *2.6.3 Korrekte hantering van stiltes*

Die uitdaging waarmee die berader te doen kry is onder andere dat hoe kinders hulle probleme en gevoelens uitdruk heel verskillend is van hoe volwassenes dit doen (Mullen, 2002:112). In hierdie verband is dit byvoorbeeld belangrik om in ag te neem dat die kinders dikwels eerder kommunikeer deur wat hulle nie sê nie as met wat hulle wel sê (Landreth, 2012:76-77). Dit is egter steeds belangrik om nie bloot 'n afleiding te maak nie, maar steeds met die kind te bevestig wat die kind se werklike belewenis is of was (Bekker, 2003:157). Die berader moet gevolglik die kind help om die emosies wat die kind nie kan uitdruk nie na die oppervlak te laat kom. Enige gevoelens en behoeftes wat by wyse van stiltes en gebrek aan verbalisering eintlik onderdruk is, kan 'n negatiewe impak hê op die verhouding tussen die berader en die kind en moet gevolglik hanteer word (Bekker, 2003:156).

### *2.6.4 Laat die kind toe om die proses te lei*

Deur die kind toe te laat om die proses te lei, sal dit die berader in staat stel om uiteindelik die areas te identifiseer waar hulp nodig is – na alles is dit immers net die kind wat werklik weet waar daar hulp benodig word (Landreth, 2012:79). Die berader mag nooit uit die oog verloor dat dit wat die kind vir die berader gee, al is wat die berader het om mee te werk nie (Bekker, 2003:154). Die berader wat die meeste sukses behaal is dan ook die een wat deur die kind gelei word en dus die kind toelaat om hul verhaal te vertel op 'n wyse waarmee hulle gemaklik is (Mullen, 2002:108). In hierdie opsig het die berader vertroue in die kind om die rigtingwyser te wees ten opsigte van dit wat die kind nodig het (Landreth *et al.* 1999:278). Deur hierdie hele proses heen is dit egter steeds belangrik dat die berader grense sal stel en ook daarby hou tydens die speelterapiesessies (Cochran *et al.,* 2011:128).

### *2.6.5 Die kind as prioriteit*

Die hooffokus is altyd die kind. In hierdie opsig is dit belangrik dat die berader altyd gefokus sal bly en nie beïnvloed sal word deur enigiets wat enigiemand oor die kind sou sê en wat moontlik hierdie fokus sou kon verskuif nie (Landreth, 2012:81). Die kind is ook belangriker as enige moontlike negatiewe gedrag soos om byvoorbeeld iets te breek (Landreth, 2002:530). Om ook 'n kind in 'n boksie te plaas op grond van dit wat hulle in die verlede ervaar het gaan ook nie bevorderlik vir die helingsproses wees nie – die realiteit is inderdaad dat dit wat 'n kind al ervaar het, nie bepaal watter mens die kind is nie (Landreth, 2012:80). In die lig hiervan is dit belangrik dat die berader eerder sal fokus op die kind se potensiaal (Landreth *et al.* 1999:278-279).

Die kind moet ook leer dat dit aanvaarbaar is om soms foute te maak. Wanneer ŉ fout begaan is, moet dit egter erken en reggestel word. Hiermee saam moet die kind ook leer dat dit soms nodig is om 'n kans te waag en in hierdie opsig kan die berader se houding ŉ belangrike rol speel aangesien die kind oor die algemeen die berader se voorbeeld sal volg indien die verhouding stewig gevestig is. Die kind leer ook sodoende dat elke besluit wat gemaak word in die lewe ook met 'n bepaalde verantwoordelikheid gepaard gaan (Bekker, 2003:157).

Die energie en geesdrif wat die berader na die verhouding bring help ook die kind om meer selfvertroue te kweek en hierdie vertroue stel die kind in staat om self moeilike besluite te kan neem asook verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Namate die kind op hierdie wyse gelei word ten einde self keuses te kan maak, help dit ook om die kind se vermoë om oplossings vir probleme te vind, te aktiveer (Bekker, 2003:157, 261.

### *2.6.6 Enkele belangrike perspektiewe rakende die geboeliede kind*

Teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking kan dit gestel word dat die geboeliede kind oor die algemeen besonder weerloos is in die stadium dat hulle by 'n speelberader arriveer. Hulle glo gewoonlik nie meer in hulself nie. Hul selfbeeld en selfvertroue is aan flarde en hul denke is totaal gevul met die leuens aangaande hul nutteloosheid en waardeloosheid soos deur die boelies aan hulle gekommunikeer.

Verder is sommige van hulle dikwels ook in opstand teen God en worstel hulle met die vraag na waarom Hy alles toelaat wat met hulle gebeur het.

Dit is juis op hierdie punt waar die speelberader, afgesien van belangrike speelterapeutiese beginsels en riglyne, ook vanuit 'n pastorale vertrekpunt betrokke kan raak ten einde sulke kinders te begelei tot emosionele en geestelike heling. Die berader moet vervolgens fyn kan luister en waarneem ten einde enersyds emosionele en heel dikwels ook die geestelike verwonding as gevolg van al die oorweldigende en verwarrende faktore waaraan so 'n kind moontlik blootgestel was, te identifiseer. Deur die kind se gedrag, woorde, liggaamstaal en ook moontlike stiltes kan belangrike inligting gekommunikeer word – andersyds moet die berader ook fyn ingestel wees op die leiding van die Heilige Gees. Vertrou hiermee saam ook die instink wat die Hemelse Vader aan jou toevertrou het.

## 2. 7 VERSKILLENDE TIPES SPEEL

Speel is die wyse waarop kinders die wêreld bemeester en deur speel skep kinders vir hulself 'n wêreld wat hulle graag wil hê. Op hierdie wyse leer hulle om hul lewens in orde te kry en moeilike situasies te kan hanteer. Dit is ook so dat kinders tydens speelsessies in beheer kan wees op 'n wyse wat nie andersins die geval sou wees nie (Landreth, 2002:529).

Tydens intervensie kan verskillende vorms van speel gebruik word en enkele voorbeelde in hierdie verband word vervolgens aan die orde gestel.

### *2.7.1 Bibliospeel*

In hierdie tipe speel word daar gebruik gemaak van geskrewe hulpbronne (Strydom, 2011:126). Daar sou byvoorbeeld van sprokiesverhale, padkaarte, gedigte en stories gebruik gemaak kon word (Schoeman, 2012:111). Vanuit 'n meer elektroniese oogpunt sou daar selfs van kameras en rekenaarspeletjies gebruik gemaak kon word (Strydom, 2011:127).

As deel van hierdie benadering moet daarteen gewaak word om die kind se verhaal in ’n bestaande verhaal in te forseer en in hierdie verband moet bestaande bronne dus versigtig gebruik word. Die kind se verhaal sou vergelyk kon word met ’n bestaande verhaal en selfs effens aangepas word maar tegelykertyd is dit belangrik dat die geïdentifiseerde doelwitte wat bereik moet word duidelik voor oë gehou sal word (Strydom, 2011:127).

Voordele van hierdie tipe speel sluit byvoorbeeld die volgende in (vgl. Schoeman, 2012: 111-112):

- Kinders hoef hulself nie bloot te stel nie.
- Hulle kan verantwoordelikheid neem sonder dat dit te naby aan hulle kom.
- Hulle kan uitdrukking aan hul emosies gee met behulp van ‘n spesifieke karakter.

*2.7.1.1 Die storie*

Indien daar van ’n storie gebruik gemaak sou word as deel van bibliospeel, is dit volgens Schoeman (2012:112-113) belangrik om ’n aantal spesifieke riglyne in gedagte te hou.

- *Riglyne om in gedagte te hou rakende die gebruikmaking van stories*

- Die storie moet altyd goed eindig.
- Die kind se fase van ontwikkeling is belangrik, sowel as die kennis van die berader hieroor.
- ‘n Verskeidenheid karakters is belangrik - ‘n held is nie onderhandelbaar nie.
- Die storie moet die kind help om te leer hoe om die huidige probleem op te los en dit te hanteer, sou dit weer in die toekoms opduik.
- Die karakters moet in elke aspek van hulle lewe gesond wees.
- Dit kan voordelig wees as die hoofkarakter ‘n hupstoot kry in die verhaal.
- Hanteer die huidige probleem in die storie, maar moenie een of ander probleem skep nie.

Met ’n storie wat volgens hierdie vermelde reëls en struktuur funksioneer, sou die volgende doelwitte bereik kon word (vgl. Schoeman, 2012:112-113):

- Kinders kan deur speel hul emosies uitdruk.
- Die kind sou toestemming kon ontvang om te mag sê hoe hulle voel en ook dat hulle so kan en mag voel.
- Kinders sou gehelp kan word om hul beheer te herwin.
- Daar kan seker gemaak word dat die kind veilig en sekuur in die omgewing voel.
- Die kind moet gemaklik en rustig wees.

  Die storie moet positief deur die kind ervaar word

- *Die skep van 'n storie*

'n Storie kan deur die kind self geskep word of die berader en die kind kan gesamentlik aan 'n storie werk. Op hierdie wyse kan stories ook handige hulpmiddels wees in die gelykmaking van die speelvlak tussen die berader en die kind ten opsigte van kommunikasie (Swart, 2008:70, 127).

- *Hou die realiteit in oog*

Tydens die skep van die storie is dit steeds belangrik om nie die realiteit uit die oog te verloor nie en daarom moet die storie tot so 'n mate gewysig of herformuleer word dat dit wat negatief is in die realiteit, positief is in die storie (Schoeman, 2012:114).

- *Identifisering van unieke gevoelens*

Die storie help die kind gewoonlik om unieke gevoelens raak te sien in die situasie terwyl dit die kind ook help om meer insig te verkry in die gebeure asook die gevoelens wat daarmee gepaard gaan (Bekker, 2003:145). Wanneer die kind hierdie gevoelens kan identifiseer en daarmee kan assosieer, lei dit gewoonlik tot 'n verskerping van die kind se selfbewustheid en sodoende voel die kind meer in beheer van die situasie. Die storie bemagtig dus die kind en bevorder ook met die versterking van die kind se selfbeeld. 'n Sterker selfbewustheid help ook die kind om voortaan keuses op 'n ander wyse te maak. Hierdie hele proses vergemaklik ook die aanleer van nuwe lewensvaardighede by die kind (Ward, 2004:78, 81; Bekker, 2003:145).

- *Toepassing met betrekking tot boelieslagoffers*

Die gebruikmaking van stories sal as deel van bibliospeel ook besonder effektief aangewend kan word met betrekking tot slagoffers van boelies. Die berader kan byvoorbeeld aan die boelieslagoffer verduidelik dat boelies eintlik maats met baie hartseer is (bewoording sal wissel afhangende van die slagoffer se ouderdom) wat ander seer maak om hul eie seer harte te laat beter voel. Hiermee saam sou dan die volgende praktiese riglyne toegepas kan word (vgl. Schoeman, 2012:114):

- Verduidelik aan die slagoffers dat die boelie juis vir hulle uitkies, want die boelie wil graag soos hulle wees.
- Verduidelik ook vir die slagoffer dat daar geen nut daarin sou wees om soos die boelie op te tree nie.
- Vra vir die kind om die boelie vir jou te beskryf – dit sou byvoorbeeld dalk as ‘n monster voorgestel kon word.
- Begin dan stadig te verduidelik dat die slagoffer soveel groter en sterker as die boelie is.
- Dit is ook nie die gewenste ding om die boelie sleg te maak nie. Moedig die kind eerder aan om die boelie jammer te kry aangesien hy soveel hartseer het dat hy ander se harte moet seer maak om beter te voel.
- Fokus daarop dat die slagoffer die held kan wees. Die slagoffer kan die boelie oorwin deur die boelie byvoorbeeld te rapporteer en die nodige stappe te volg of selfs teen die boelie op te staan.

### *2.7.2 Gedramatiseerde speel*

Met hierdie tipe speel kan daar onder andere gebruik gemaak word van handpoppe, rollespel, dans, telefoonspeel en maskers (Schoeman, 2012:92). Met gedramatiseerde speel beleef die berader basies die kind in hul eie klein wêreldjie. Insig tree dikwels deur gedramatiseerde speel na vore vir die kind, omdat die kind dan nou uit verskillende oogpunte na die saak kan kyk (Strydom, 2011:126). Gedramatiseerde speel gee ook aan kinders die geleentheid om hul emosies uit te druk op ‘n wyse wat vir hulle hanteerbaar en aanvaarbaar is en in die proses raak hulle ook meer bewus van hulself (Ward, 2004:154).

Strydom (2011:126) stel dit dat om die pad na verandering in die kind se lewe saam met die kind te stap, inderdaad die hoogtepunt van gedramatiseerde speel is. Voordele van gedramatiseerde speel sluit volgens Schoeman (2012:92) die volgende in:

- Dit help die kommunikasie tussen die kind en berader aan.
- Die beheerfaktor word weereens versterk.
- Dit help die kind se insig om te ontwikkel.
- Dit help om belangrike inligting na die oppervlakte te bring.
- Die oorspronklike omstandighede kan weer beleef word.

*2.7.2.1 Rolspel*

Wanneer bepaalde lewensvaardighede vir kinders aangeleer word, kan rolspel van groot hulp wees. Dit kan die kind byvoorbeeld help om die situasie waarin hulle tans is, beter te interpreteer en dan daarvolgens op te tree (Ward, 2004:74).

Deur middel van rolspel kan verskillende situasies geskep word en daar kan selfs verskillende karakters by betrokke wees. Verskillende situasies sou ook verskillende moontlike uitkomste kon bied en die kind hoef nie noodwendig self in die betrokke situasie te wees nie – hulle kan egter gewoonlik vinnig aandui watter situasie die meeste met hul eie ooreenstem en dit kan hulle so lei tot ‘n oplossing vir hulle probleem. Verder sou kinders ook hul eie emosies deur iemand anders met behulp van die rollespel kon uitbeeld (Schoeman, 2012:92).

Met betrekking tot die trauma om geboelie te wees sou rollespel ook van besondere hulp kon wees. Hier sou die kind byvoorbeeld begelei kon word deur verskeie situasies wat tussen die kind self en die boelie plaasgevind het, deur middel van rolspel uit te speel. Daar kan selfs rolspel wees van gesprekke wat tussen die kind en die kind se ouers, vriende, vertrouelinge afgespeel het met betrekking tot die trauma van die boelie ervarings. Deur hierdie proses kan die kind bemagtig word om uiteindelik die regte oplossing vir die probleem te identifiseer en prakties toe te pas.

### 2.7.3 Skeppende speel

Deur middel van skeppende speel kom daar gewoonlik gebeure en emosies na vore wat baie moeilik deur die kind op ander wyses geverbaliseer sou kon word – soms is die verwonding so intens dat dit moeilik op enige ander wyse na die oppervlakte sou kom. Hierdie hele proses word inderdaad gestimuleer en bevorder deur skeppende aktiwiteite (Strydom, 2011:127).

Tydens skeppende speel word daar byvoorbeeld tipies met klei, sand of tekeninge gewerk en dit gaan in ŉ groot mate oor eksplorering (Schoeman, 2012:97). Afhangende van dit wat die berader wil bereik, kan hierdie tipe speel bykans in enige stadium van ŉ speelsessie gebruik word (Strydom, 2011:128). Aangesien kinders kreatiewe wesens is sou hulle ook maklik sonder die hulp van volwassenes sekere episodes (nuut of oud) in hul lewens kon uitbeeld – die praktiseerde moet dus ook hierop bedag wees (Marx, 2014:111).

Strydom (2011:128) beklemtoon verder die belangrike feit dat die berader dit moet respekteer indien die kind nie van skeppende speel hou nie of moontlik slegs sekere fasette of media sou verkies.

#### *2.7.3.1 Kleiwerk*

Kleiwerk kan om verskillende redes gedoen word, byvoorbeeld om te kyk hoe die kind sensories hierop sou reageer (Groenewald, 1997:31). Die berader mag egter nooit bloot afleidings maak oor wat die kleiwerk beteken nie aangesien dit iets is wat saam met die kind deurgewerk moet word (Freysen, 2005:55).

- Voordele van kleiwerk

Kleiwerk kan verskillende voordele inhou en Schoeman (2012:101) gee die volgende voorbeelde in hierdie verband:

- Die kind is nou in beheer.
- Die kommunikasie tussen die kind en die berader kan op hierdie wyse verbeter.
- Die omstandighede kan so aangepas word dat dit by die kind se situasie pas.

- Woede kan deur middel van hierdie aksie geventileer word deurdat kinders ontslae kan raak van negatiewe emosies deur die vormingsproses.
- Regressie sou ook geïdentifiseer kon word.
- Met klei vorm die kind dit net soos wat die kind dit graag wil hê. Die kind kan dit verander net soos dit die kind pas.
- Skaam en teruggetrokke kinders voel weer in beheer want die klei se vorm is hoe hulle wil hê dit moet wees.
- Met klei kan die kind dit ook maklik regmaak as daar ‘n fout sou intree.

Verdere voordele van kleiwerk sou die volgende kon insluit:

- Die kind hoef nie ‘n spesifieke voorwerp te maak nie (Botes, 1998:47).
- Die klei bied aan die kind die geleentheid om homself uit te druk sonder dat hulle onveilig hoef te voel (Bekker, 2003:242).
- Kleiwerk beskik ook oor die potensiaal om die kind se selfbeeld te bevorder (Bekker, 2003:242).
- Om musiek in die agtergrond te speel terwyl die kind met die klei speel, kan by geleentheid ook ’n positiewe effek hê ten einde pynlike emosies toe te laat om na die oppervlakte te kom (Botes, 1998:47).

- *Praktiese stappe om in ag te neem*

Wanneer die proses van kleispeel begin, kan die volgende praktiese stappe in ag geneem word (vgl. Schoeman, 2012:103):

- Die individu se oë word toegemaak terwyl daar iets gemaak word.
- Moenie die kind onderbreek nie.
- Die kind kan vervolgens gevra word om sommer net n mensfiguurtjie te maak en dit enige naam te gee – die skep van so ‘n figuurtjie kan gevolglik ook op simboliese vlak besondere betekenis kommunikeer.
- Die kind kan dan vir die berader vertel wat gemaak is en ook wat dit beteken.

- Die berader kan sy eie model selfs eerste vir die kind verduidelik, om sodoende die kind aan te moedig om die kind se model te verduidelik.
- Gesels verder met die kind oor die huidige situasie. Betrek die klei ten einde aan die kind die boodskap te kommunikeer dat beheer nie verlore gaan nie.
- Polariteite kan selfs in die proses aangeraak word.
- Uiteindelik kan daar ook op oplossings gefokus word.
- Deur die hele proses heen moet die kind uiteindelik bemagtig voel.
- Daar moet gewaak word teen die moontlikheid dat die kind die tegniek negatief sou kon beleef.

- *Die waarde van kleiwerk rakende geboeliede slagoffers*

Met betrekking tot die trauma van boelie sou die kind deur middel van kleiwerk begelei kon word om op ‘n kalm en rustige manier en op ‘n wyse wat by die kind se persoonlikheid en ervaring inskakel, hul emosies te hanteer en te verwerk. Net soos wat die kind in beheer van die klei is, sal hulle uiteindelik ook die ervaring kan hê dat hulle beheer van die boeliesituasie oorgeneem het en in die proses inderdaad bemagtig is. Die positiewe boodskap wat uiteindelik duidelik tuiskom, is dat die boelie nie die sterker party is nie. Verder sou daar vir die berader ook belangrike inligting na vore kon kom met betrekking tot die figuur wat deur die kind geskep is asook die kind se vertelling rondom dit – hierdie inligting sou as belangrike parameters kon dien ten opsigte van die pad vorentoe saam met hierdie kind.

### ***2.7.4 Toepassing van verdere belangrike tegnieke***

#### *2.7.4.1 Die belangrike rol van ’n persoonlikheidsteorie*

Dit is belangrik dat beraders altyd in die oog sal hou dat hulle nooit die kind se proses behoorlik sal verstaan nie tensy hulle ten minste insig verkry het in die belangrikste komponente van die kind se proses – dit is in hierdie verband dat die persoonlikheidsteorie ter sprake kom (Schoeman, 2019:171). Dit hou onder andere verband met die feit dat elke kind se realiteit anders lyk, elkeen se proses verskil en dit beïnvloed weer die wyse waarop kinders hulself en die wêreld sien. Die wyse waarop kinders, en in hierdie geval slagoffers, hulself sien is dit waarop die kind sy bestaan baseer. Die kinders maak besluite en lewe volgens hoe hulle hulself sien. Kinders se

potensiaal, tesame met hoe hulle hulself sien vorm gevolglik die basis van die persoonlikheidsteorie (Landreth, 2012:54).

### *2.7.4.2 Voorgestelde gevallestudie en toepassing van praktiese riglyne*

Vervolgens word kortliks ‘n gevallestudie geskets en daarna volg ŉ verduideliking van voorgestelde tegnieke wat op die betrokke situasie toegepas sou kon word.

Dihan kom uit ‘n stabiele huis waar hy ŉ goed gebalanseerde opvoeding ontvang het en waar sy ouers en suster baie lief is vir hom. Hy is iemand wat ŉ bril dra, ‘n sagte hart het en ook graag deel wil wees van die “cool groep”. Om soggens skool toe te gaan, is nie meer vir hom aangenaam nie omdat hy dit beleef dat hy daagliks veel meer moet gee as ander kinders om net aanvaar te word. Elke oggend word hy deur die boelies ingewag met woorde soos: *“Môre, Softie, leen bietjie jou bril vir ons!”* Dit ontaard gewoonlik in ŉ groot grap en ŉ gespot. Sy bril word dan gewoonlik van sy gesig afgeruk en by geleentheid is dit selfs so beskadig dat hy vir dae lank nie ‘n bril gehad het om te dra nie terwyl hy vir sy nuwe bril moes wag. Verdere gesprekke in sulke situasies sou dan tipies soos volg verloop:

> *“Het Mamma vir jou lekker kos ingepak? Mamma se ou seuntjie! Kyk ouens, hierdie kosblik is ‘n fees! Vat sommer sy vrugtesap ook! Hy sal pouse in die lang ry by die snoepie gaan staan om vir ons proviand te koop. Eers dan mag hy deel van ons wees.”*

Hierdie proses herhaal gewoonlik dag na dag sonder einde. Innerlik word Dihan daagliks afgebreek en dit begin vir hom voel asof iets in sy binneste besig is om te sterf – dit te midde van die feit dat hy bloot ‘n graad een seun is wat veronderstel is om die lewe te geniet.

### 2.7.4.3 *‘Top dog’* en ‘*underdog’*

Wat betref die gevallestudie soos wat dit hierbo geskets is, sal daar eerstens op die konsep van ‘top dog’ versus ‘underdog’ gefokus moet word aangesien dit in besonder van toepassing is op hierdie gevallestudie.

Die teorie met betrekking tot die konsepte van *top dog* en *underdog* behels basies dat dit

wat ‘n individu graag wil wees, nie noodwendig ooreenstem met hoe ander persone hierdie individu wil hê nie. Angsversteurings sowel as depressie kan dan baie maklik die gevolg wees in die lewe van die slagoffer. Die tipiese ervarings van ŉ individu met betrekking tot situasies waar *top dog* en *underdog* van toepassing is, hou alles verband met hul direkte omgewing en hul interaksie met ander. Verder is dit so dat beide kante van hierdie konsep verband hou met eise. Die *top dog*kant stel gewoonlik die eise terwyl die *underdog*kant aan hierdie eise moet kan voldoen om aanvaar te word, maar, dit nie noodwendig so verkies nie. Skuldgevoelens is oor die algemeen vervleg in hierdie konsep en word dikwels as ‘n konflik deur kinders ervaar (Schoeman, 2019:173).

*Die top dog* is die een wat altyd in beheer wil wees, dus voorskrywend. Die *underdog* daarenteen tree dikwels impulsief op en trek maklik terug omdat die kind nie vertroue in sy eie oordeel het nie en aanvaar wil word deur ander. Die *underdog* sou ook wel uiteindelik kon ophou reageer ten opsigte van sy eie behoeftes as gevolg van opposisie vanaf ander (Schoeman, 2019:174).

Hierdie botsings kan kinders geweldig traumatiseer. Hulle weet dikwels nie hoe om die situasie te hanteer of hoe om te reageer nie (Schoeman, 2019:174).

Die gevallestudie soos hierbo geskets in 3.8.7.2 is soortgelyk aan ‘n *top dog*- en *underdog*-situasie. Die boelies is die *Top dogs* wat aan Dihan voorskryf wat moet gebeur en wat nie, hoe hy as slagoffer moet optree en hoe nie. In talle soortgelyke gevalle het die boelies hierdie verwronge gedrag vanaf hul ouers of ouer broers of susters of familielede geleer wat self aanvanklik geboelie is en moontlik steeds boelies is.

In hierdie verband toon Boyd (2012:xiii) aan dat toe die boelie self geboelie was in die verlede was hulle totaal magteloos. Gevolglik is daar nou ŉ begeerte om mag uit te oefen en ten alle koste in beheer te wees en op hierdie wyse as’t ware onbewustelik te probeer verseker dat hulle nooit weer in ŉ soortgelyke posisie van magteloosheid sal beland nie. Elkeen wat kleiner en swakker is, word gevolglik geteiken omdat dit aan die boelie die gevoel gee van krag en sterkte.

ʼn Verdere gevolg van die konflik tussen *top dog* en *underdog* is dat dit heel dikwels ook tot gevolg het ʼn soortgelyke innerlike konflik van *top dog* en *underdog* in die binneste van die slagoffer self – dit kompliseer die begeleidingsproses soveel te meer en in hierdie verband sal die praktiseerde groot wysheid aan die dag moet lê.

*2.7.4.4 Die leë-stoel tegniek*

Wat betref die gevallestudie soos uiteengesit met betrekking tot Dihan gaan daar vervolgens ook aan die hand van die sogenaamde *leë-stoel tegniek* verdere riglyne geïdentifiseer word ten einde sy boelie probleem te hanteer. Eerstens volg net eers ʼn uiteensetting en bespreking van hierdie tegniek as sodanig en daarna dan die toepassing op Dihan se gevallestudie.

- *Konflikhantering*

  Met behulp van die leë-stoel tegniek kan kinders gehelp word om die konflik te hanteer tussen dit wat hulle graag wil hê en dit wat hulle weet hulle moet doen. Dit kom dus daarop neer dat hierdie tegniek basies die gesprek hanteer wat die *top dog* en die *underdog* met mekaar voer (Le Roux-Weitsz, 2015:132). Die implikasie is dan dat die berader die kind op hierdie wyse help om konflik tussen teenstrydige aspekte te hanteer. Prakties impliseer dit dat die kind eers in die een stoel sit en uit daardie oogpunt na die probleem situasie kyk en dan weer skuif na die ander stoel waar daar weer vanuit die ander hoek op die probleem gefokus word. Die kind kan sodoende met behulp van hierdie tegniek die twee kante teen mekaar opweeg (Schoeman, 2019:335).

  Daar is ʼn konflik wat hanteer moet word en in hierdie opsig help die twee stoele juis die kind omdat die kind dan self die verskillende rolle kan vertolk en op hierdie wyse by ʼn oplossing kan kom (Strydom, 2011:148). Met die leë-stoel tegniek kan hulle die konflik ook stukkie vir stukkie hanteer sonder dat dit hulle emosioneel oorweldig. Hierdie tegniek kan verder ook gebruik word in die hantering van gapings in die kind se lewe wat hulle onvoltooid laat voel (Freysen, 2005:57). Dit kan verband hou met emosies van lank gelede tot en met die hier en die nou en met behulp van hierdie tegniek kan dit alles hanteer en deurgewerk word (Schoeman, 2019:334).

Hierdie tegniek sou byvoorbeeld veral aangewend kan word wanneer die kind in twee geskeur word deur konflik wat ook gepaard gaan met ‘n swak selfbeeld (Groenewald, 1997:15) – dit wat gewoonlik tipies van toepassing is in boelie situasies en daarom dat hierdie tegniek juis so effektief toegepas kan word met betrekking tot boelieslagoffers.

- *Die leë-stoel tegniek en rolspel*

  Saam met die leë-stoel tegniek loop dikwels ook die tegniek van rolspel wat kan help om vanuit verskillende hoeke te fokus op die kind se behoeftes. Met behulp van rollespel kan die kind maklik in die rol van iemand anders geplaas word om die persoon se gedrag te verduidelik en dit kan ŉ besondere bydrae lewer tot probleem oplossings. Die waarheid is dat al word daar verskillende situasies vir kinders gegee, sal hulle altyd die bekende kies en dus waarmee hulle hulself kan identifiseer (Schoeman, 2019:335).

  Indien die kind byvoorbeeld ongemaklik so voel tydens die toepassing van die leë-stoel tegniek omdat die tweede stoel leeg is, kan ‘n speelgoedpop of selfs ‘n skets van die persoon met wie die kind praat daar geplaas word. Die kind kan dan op hierdie wyse  direk gesels met die persoon wat die negatiewe emosies veroorsaak het, maar op ‘n vlak en wyse wat vir die kind hanteerbaar is. Soms help dit ook om die kind aan te moedig om eerder met ŉ denkbeeldige maatjie te praat, eerder as om byvoorbeeld die ware persoon op die naam te noem (Schoeman, 2019:336, 338).

- *Die leë-stoel tegniek nie geskik vir alle situasies nie*

  Dit is verder ook belangrik dat die berader met wysheid sal besluit of die leë-stoel tegniek die aangewese metode is om te volg met betrekking tot ŉ spesifieke kind se situasie. Daar moet aanvanklik dus in besonder aandag gegee word aan die kind as individu en ook hoe die kind se proses lyk. Nie alle individue se proses lyk dieselfde nie en om hierdie rede sal hierdie tegniek nie vir alle kinders geskik wees nie. Daar moet verder ook gelet word op die spesifieke probleem wat vir hierdie kind ŉ krisis

geword het aangesien dit bepalend sal wees ten opsigte van die keuse van die korrekte tegniek om te gebruik (Strydom, 2011:148).

- *Voordele van die leë-stoel tegniek*

  Die voordele wat vanuit die gebruik van hierdie tegniek voorspruit, word deur Schoeman (2019:339) soos volg verwoord:

  - Die kind se bewustheid word verhoog.
  - Dit is goed vir die kind se energie vlakke.
  - Die kind vind 'n wyse waarop dit wat nog nooit op 'n manier kon uitkom nie, nou skielik wel kan uitkom.
  - Die tegniek kan ook kinders help om weer besit en beheer van hulself te neem.
  - Dit help die kind om weer heel te kan word.
  - Die kind kan ook leer dat daar 'n legio moontlikhede is van hoe daar opgetree en gereageer kan word.

- *Toepassing op Dihan se* gevallestudie

  Indien die voorafgaande riglyne en beginsels vervolgens toegepas sou word op die gevallestudie van Dihan soos bespreek in 3.8.7.2 dan sou die verloop die volgende kan wees (vgl. Schoeman, 2019:336):

  Dihan sal eerstens gevra word om in die *top dog* stoel te sit en uit die boelies se oogpunt byvoorbeeld sê: *"Jy mag nie 'n bril dra as jy wil 'cool' wees nie".* Daarna sal hy gevra word om na die *underdog* stoel te skuif en byvoorbeeld antwoord: *"My bril is belangrik, want daarsonder kan ek nie sien of werk nie."* As hy dan weer terugskuif na die *top dog* stoel sal hy uit die boelies se oogpunt sê: *"Jy moet gemeen wees om deel van ons te wees."* Terug in die *underdog* stoel sal Dihan sê: *"Ek is nie 'n gemene mens nie. Ek is nie groot gemaak om so op te tree nie."*

  Dihan kan dan nou so aanhou totdat hy alle aspekte van beide kante hanteer het en teen die einde van die tegniek behoort hy dan vir homself duidelikheid te kan verkry

en te kan besluit by watter kant hy die meeste aanklank vind.

Met die voordele van die leë-stoeltegniek in gedagte soos hierbo bespreek, is dit belangrik dat die berader ook die volgende aspekte in oog sal hou wat betref Dihan se situasie:

- Dihan se bewustheid van die positiewe sowel as die negatiewe aspekte van hierdie situasie kom nou makliker vir hom na vore.
- Dit dien as bemagtiging vir Dihan om te weet dat hy beheer kan neem van die situasie en dit verhoog ook sy energievlakke.
- Dit help ook vir Dihan om te kan sê wat hy nog nooit in woorde kon uitdruk ten opsigte van die situasie nie.
- Dit is ook helend en terapeuties vir Dihan om te voel dat hy beheer oor homself kan neem.
- Om die situasie in ŉ sekere sin van buite te kan bekyk, beteken ook dat onbeantwoorde vrae makliker antwoorde kry.
- Dihan besef ook nou dat daar verskillende moontlike oplossings vir een probleem kan wees.

Dihan word dus nou deur middel van hierdie tegniek gekonfronteer met die realiteit van die situasie en gevolglik moet hy nou al die aspekte opweeg. Die onoorkombare en allesoorheersende probleem word nou as’t ware geneem en op ‘n stoel geplaas en vir die kind is dit bemagtigend om die probleemsituasie op so ŉ wyse te kan sien en te kan hanteer. Hulle kan die saak met die teenparty deurpraat en ook sodoende uiteindelik sien waar hulleself in hierdie hele situasie staan - ‘n oplossing kan dus nou gevind word (Bekker, 2003:135).

*2.7.4.5 Retrofleksie*

Daar is reeds in hoofstuk 2 kortliks na retrofleksie verwys maar aangesien dit ook binne hierdie konteks besonder van toepassing is, word dit kortliks ook weer hier aan die orde gestel.

Retrofleksie vind gewoonlik plaas by kinders wanneer hulle eenvoudig nie meer ‘n situasie kan hanteer nie en hulle sou gevolglik baie maklik hulle storie kon verander en skielik ‘n teenoorgestelde storie vertel wat baie verwarrend vir die berader kan wees. Dit is immers presies wat boelies hulle slagoffers wil laat doen en daarom is dit belangrik dat beraders op hoogte sal wees van die volgende twee tipiese strategieë wat ŉ slagoffer dan sou kon volg (vgl. Schoeman, 2019:108):

- *Selfvernietiging*

  Met hierdie vorm van retrofleksie sal kinders eerder self die pyn en die seer dra as wat hulle dit sou wou toedien aan die persoon wie hulle eintlik regtig wil hê moet seerkry (die oortreder). Dit sal verder impliseer dat hulle eerder hul woede op hulself sou projekteer as om dit te rig op die oortreder. Die probleemsituasie word dus nie werklik hanteer nie. Al die negatiewe emosies bou op in die kind se binneste en die resultaat van hierdie tipe retrofleksie is dikwels dat sulke persone hulself distansieer van emosies – ŉ daad van selfmutilering sou ŉ voorbeeld in hierdie verband kan wees. Indien hierdie tipe retrofleksie toegepas sou word op die tipiese boeliesituasie dan sou dit impliseer dat die boelieslagoffer so beïnvloed word deur die optrede van die boelie dat die slagoffer mettertyd aanvaar dat alles hulle skuld is. Hulle glo dat hulle dit verdien en ook dat die boelies onskuldig is (Schoeman, 2019:107).

- *Ongesonde grense ten opsigte van mense*

  Die tweede vorm van retrofleksie behels dat die slagoffers hulself basies vervreem van alles en almal as gevolg van die ongesonde grense. Hulle ervaring en persepsie is dat die enigste wyse waarop hulle emosioneel sou kon oorleef, is naamlik om weg te draai vanaf die samelewing. Hierdie sou tipies ook die ervaring en gedrag wees van slagoffers van boelie deur hulself totaal te distansieer vanaf alles wat vir hulle kosbaar is ten einde emosioneel te probeer oorleef (Schoeman, 2019:107).

Dit blyk verder dat retrofleksie selfs fisiese simptome soos asma en hoofpyne tot gevolg

sou kon hê. Probleme soos hierdie sou dan ook net verder kan versleg indien kinders se reaksies afgemaak sou word as niksseggend of indien hulle selfs raas of straf sou kry daaroor (Schoeman, 2019:108). Feite soos hierdie beklemtoon dan ook net weer die belangrikheid dat ouers altyd in voeling met hul kinders se emosies sal wees, fyn sal luister na dit wat kinders sê en selfs meer nog na dit wat hulle nié sê nie.

## 2. 8 BY ELKE KIND VIND DAAR 'N UNIEKE PROSES PLAAS

Speel is vir kinders hulle kommunikasiemiddel en dit help hulle om dit wat hulle nie in woorde kan sê nie, uit te druk (Landreth, 2002:529). Speel is dus 'n wonderlike instrument om die kind in verskeie situasies by te staan en daarom hanteer kinders dikwels gebeure in hulle lewe en hoe hulle daaroor voel die beste as hulle dit kan uitspeel. Speel is ook dikwels die manier waarop kinders hulle behoeftes nie-verbaal verwoord en daarom is dit vir die kind relatief maklik om tydens speelterapie aan te dui wat die spanning veroorsaak. 'n Meer direkte benadering deur die berader vergemaklik hierdie proses alhoewel die kind nie in 'n rigting gedwing moet word nie (Landreth *et al.,* 1999:275).

### 2.8.1 *Die kind se kommunikasie*

Met betrekking tot speel sou die kind se kommunikasie in die volgende twee kategorieë verdeel kan word (vgl. Grobler, 2005:87):

- *Op 'n bewuste vlak*: Speel help kinders om dit wat hulle weet hulle voel, op 'n wyse uit te druk wat vir hulle haalbaar is. Dit hou ook verband met die feit dat kinders dit dikwels moeilik vind om emosies, selfs die waarvan hulle bewus is, uit te druk – in hierdie opsig dien speel dan as die ideale fasiliteerder.

- *In die onderbewuste*: Al die emosies en belewenisse waarvan die kind nie eers weet nie, tree gewoonlik na vore wanneer hulle dit uitspeel en deur middel van die spel kom al hierdie gevoelens dan na die oppervlak.

### 2.8.2 *Die proses van die spel*

Volgens die Gestaltbenadering (waarby hierdie studie ook aansluiting vind) word alles in speelterapie in prosesse hanteer. Hierdie prosesse se doel is om die kind uiteindelik te help om deur hul eie unieke proses te groei, die nodige bevrediging te kry en ook

uiteindelik dan die stadium van volwassenheid te bereik (Bekker, 2003:146). In hierdie verband is dit ook belangrik vir die berader om in gedagte te hou dat in die Gestalt benadering daar hoofsaaklik gefokus word op wat nou aan die gebeur is. Die berader kan nie gelei word deur enige iets anders as dit wat die kind op daardie oomblik in die speelkamer doen nie (Schoeman, 2019:162). Dit is juis ook hierdie aspek wat Gestaltterapie skei van ander benaderings. ‘n Gestalt speel-berader fokus dus slegs op dit wat die kind nou op die voorgrond plaas (Groenewald, 1997:37).
Elke kind, net soos elke ander individu, prosesseer gebeure en aspekte rondom hulle verskillend en daarom is elkeen se proses uniek. Elkeen se proses word ook beïnvloed deur interne en eksterne faktore en talle van hierdie faktore hou hoofsaaklik ook verband met die verlede. Daarom is ŉ basiese vertrekpunt van die Gestaltbenadering die feit dat persone se aksies berus en voortspruit vanuit dit wat die individu reeds in die verlede ervaar het (Schoeman, 2019:160).

Daar word dikwels gevra wat is elke kind se proses en in antwoord hierop kan dit bevestig word dat dit vasgestel en bepaal word deur die verwysingsraamwerk wat die kind het ten opsigte van hoe emosies en elke moontlike situasie deur die kind self hanteer word – ook in hierdie verband is dit dus belangrik dat die tersaaklike interne en eksterne faktore van die verlede geïdentifiseer sal word. Die kind se selfbeeld is uiteraard ten nouste gekoppel aan hierdie hele proses (Bekker, 2003:163, 217). Dit hou ook verband met die feit dat die verhouding wat kinders met hulself het, ŉ invloed het op die individuele proses net soos wat kinders se omgewing dit beïnvloed. Kinders se proses verander ook nog verder soos wat hulle ouer word (Bekker, 2003:165).

Die konsep van ‘n proses word in Gestalt ook verduidelik as die wyse waarop kinders alles waarvan hulle ekstern bewus raak, elkeen al hierdie dinge op sy individuele manier organiseer. Hierdie organisering word so gedoen dat dit kinders se behoeftes bevredig en hulle ook help om ‘n spesifieke staanplek in die lewe te kry. Uiteindelik is dit ook bepalend ten opsigte van hoe elke kind probleme in die lewe hanteer (Schoeman, 2019:161).

### 2.8.3 *Bemagtiging van die kind ten opsigte van 'n positiewe selfbewustheid*

Die kind se innerlike ontwikkel op grond van hoe hulle voel die wêreld hulle sien en hierdie is op sy eie 'n unieke proses. Dit hou ook verband met die feit dat kinders daarvan hou om hulleself teen ander op te weeg en die invloed van ander gevolglik 'n bepalende faktor in hul lewens kan wees – hulle sou volgens hierdie invloede kon optree terwyl ander se menings dan ook 'n invloed sou kon hê op hoe hulle dinge interpreteer. Hierdie hele proses sou egter ook onderdruk kon word en uiteindelik heelwat probleme later in die kinders se lewe tot gevolg hê (Schoeman, 2019:162).

Met betrekking tot die tema van boelie kan 'n faktor soos hierdie uiteraard 'n bepalende negatiewe rol vervul indien dit nie hanteer sou word tydens die begeleidingsproses nie. Onderdrukte leuens soos aanvanklik deur die boelie aan die slagoffer gekommunikeer wat impliseer dat alles byvoorbeeld die slagoffer se skuld is, kan 'n aftakelende effek hê op die slagoffer se proses.

Om uiteindelik die individuele kind se proses te verstaan, is dit gevolglik enersyds belangrik dat die berader die kind sal hanteer op 'n vlak wat deur die kind begryp word. Andersyds is dit belangrik dat die berader op hoogte sal wees van hoe die spesifieke kind sekere dinge sal hanteer. Indien hierdie twee faktore in plek is, kan die berader daarop fokus op om die kind te help om hulself te verbeter (Schoeman, 2019:163).

Die vraag ontstaan gevolglik hoe die berader kinders kan help om hulself te verbeter (Schoeman, 2019:163). Die antwoord hierop sal primêr verband hou met die kweek van beter selfbewustheid wat van groot hulp kan wees veral ook vir die slagoffers van boelies. Sensoriese ervarings deur middel van die speelproses help reeds om die kind se emosionele bewustheid te verbeter. Verder help dit die kind om die verband te kan identifiseer tussen dit wat hulle dink, voel en hoe daar opgetree word. Deur hierdie proses word daar dus geleer hoe om emosies te beheer en ook hoe om daar rondom te kommunikeer. Hulle word vervolgens bemagtig om hul eie emosies maar ook die emosies van ander beter te verstaan. Verder voel die kind meer in beheer van hul eie situasie, hulle kan makliker verantwoordelikheid neem vir besluite wat geneem is en daar kan ook meer vordering wees wat betref die verbetering van hul selfbeeld en bewussynsvlak.

Faktore soos hierdie kan uiteindelik ook ŉ positiewe rol vervul in die suksesvolle afhandeling van die terapeutiese proses (Bekker, 2003:103).

### 2.8.4 *Nog enkele verdere belangrike prosesse*

Betreffende die onderskeie unieke prosesse rakende die begeleiding van kinders deur middel van speel, wys (Schoeman, 2019:163-166) ook nog op die volgende belangrike voorbeelde:

- *Bemagtiging*: Dis belangrik dat kinders leer dat hulle sterk genoeg is om wel beheer te kan neem. Hul moet op hulle gemak voel dat dit wel reg en goed is. (ŉ Aspek soos hierdie sal uiteraard besonder van toepassing wees op die boelieslagoffer).
- *Beheer*: Dit is belangrik dat kinders nie onderdruk sal voel nie. Laat hulle self besluite maak!!
- *Harmonie:* Help die kind om sy eie harmonie in die warboel van vandag se wêreld te vind.
- *Selfonderhoud*: As iemand deurgaans die kind afbreek, glo die kind mettertyd net die slegste van hulself. Kinders se algehele welstand is gegrond op hoe hulle oor hulself dink en redeneer.
- *Uitdrukking van emosies*: Dis belangrik om vir kinders ‘n veilige ruimte te skep om wel hul emosies te kan uitdruk. Volwassenes moet waak daarteen om nie kinders se emosies te onderdruk nie. Dit kan veroorsaak dat die kind sy gevoelens opkrop en dit beïnvloed ook sy proses.
- *Selfsorg*: Help die kind om te weet dis reg en goed om na hulself om te sien.
- *Kontak*: Hier moet veral gelet word op die sintuie en wat deur elkeen ervaar kan word wanneer dit met sekere aspekte in die omgewing in aanraking kom. Hierdie kontak is ten nouste gekoppel aan die kind se bewustheid. Die kind het dit nodig om met al die faktore in die buitewêreld in aanraking te kom om sodoende hul staanplek in die wêreld te kan vind.
- *Elke kind se unieke optrede*: Kinders se optrede gee baie weg van dit wat hulle voel en beleef en gevolglik is hierdie aspek gewoonlik vir die berader ‘n goeie rigtingwyser.

## 2. 9 TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE BOELIESLAGOFFER

Die prosesse by kinders wat geboelie is, impliseer dat hier ʼn tipe problematiek ter sprake is wat nie noodwendig by alle ander kinders die geval sal wees nie en die berader moet hierop bedag wees. Alhoewel daar gewoonlik ʼn intense behoefte aan aanvaarding is by die geboeliede kind as gevolg van al die verwerping en vernederings, is hulle proses grootliks gekompliseer deur alles wat hulle ervaar het. As gevolg van die verwerping is hulle dikwels van mening dat hulle nie aanvaar word nie en daarom voel hulle ook minderwaardig en dat hulle nie goed genoeg is nie. Die proses wat hulle sou kon gebruik om ʼn staanplek in die lewe te bekom, laat hulle gevolglik in die steek aangesien dit nie hul basiese behoeftes kan ondervang nie. Perspektiewe soos hierdie sal gevolglik ten volle verdiskonteer moet word deur die berader in die begeleiding van sulke geboeliede slagoffers.

In die lig hiervan asook die bespreking in die hoofstuk tot dusver, kan die volgende terapeutiese merkers in hierdie stadium geïdentifiseer word met betrekking tot die begeleiding van spesifiek die boelieslagoffer:

### 2.9.1 *Identifisering van die leuen*

Die harde realiteit bevestig dat boelieslagoffers mettertyd die leuens glo wat aan hulle gekommunikeer is deur die boelies en dat hulle dan ook hul identiteit koppel aan hierdie oorweldigende negatiewe uitsprake. Omdat hulle al hierdie negatiewe gedagtes en woorde vertroetel, kry dit ʼn al hoe groter emosionele, psigiese en geestelike houvas. Om gevolglik saam met die boelieslagoffer al hierdie leuens te identifiseer sal dus ʼn belangrike aanvanklike taak van die berader wees.

### 2.9.2 *Identifisering van gedrag gekoppel aan spesifieke prosesse*

Saam met elke proses vind daar unieke gedrag plaas en in die lig hiervan is dit belangrik dat die berader tydens intervensie goed sal oplet na watter rigting die kind se optrede geneig is om te wys. ‘n Pynlike herinnering sou byvoorbeeld weggepraat of vermy kon word deur skielik nie meer belang te stel nie of om vreeslik pligsgetrou te begin opruim (Schoeman, 2019:166).

### 2.9.3 *Bemagtiging*

Namate die leuens gevestig het, glo ‘n boelieslagoffer mettertyd dat hulle werklik so sleg is soos wat die boelie hulle beskryf het en dat hulle hulself ook geensins teen die boelie sou kon verweer nie. Bemagtiging tydens intervensie kan dus boelieslagoffers help om weer te leer én te glo dat hulle sterk genoeg is om die boelie teen te staan. Dit kan ook help om die slagoffer toe te rus met die nodige vaardighede van hoe om in ‘n boeliesituasie op te tree. In die lig hiervan word daar saamgestem met die stelling deur Bekker (2003:177) dat bemagtiging inderdaad ʼn sleutelfaktor in die hele proses is. Die genoemde aspekte sal ook op ‘n wyse toegepas moet word wat in die kind se proses kan inskakel.

### 2.9.4 *Beheer*

Hand aan hand met die vorige punt rakende bemagtiging gaan ook die kwessie van beheer. Deur kinders te bemagtig, leer dit hulle om beheer van ‘n situasie te kan neem en dat hulle geensins onderdruk hoef te voel in hul omstandighede. Hulle kan en mag en moet vir hulleself opstaan.

### 2.9.5 *Harmonie*

In ‘n boeliesituasie is daar geen harmonie van enige aard vir die kind nie en in hierdie opsig is dit belangrik dat die berader deur die vestiging van ʼn vertrouensverhouding ‘n vertroueling vir die kind sal wees. Die kind moet gevolglik leer dat saam met elke keuse kom daar ‘n gepaardgaande verantwoordelikheid en hulle sal bemagtig word om hierdie stap te kan neem indien hulle ook gehelp word om harmonie te vind in die betrokke situasie (Schoeman, 2019:164).

### 2.9.6 *Uitdrukking van emosies*

Dit is oor die algemeen vir kinders nie maklik of eenvoudig om hulle emosies uit te druk nie. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat hoe ‘n kind ‘n gebeurtenis op ‘n emosionele vlak beleef, direk verband hou met die kind se selfbeeld. Hulle optredes en reaksies is gevolglik altyd gegrond op hoe hulle die omgewing en aspekte om hulle

beleef. Hiermee saam gaan ook die feit dat die emosionele sy van ‘n saak gewoonlik ’n direkte invloed het op die kind se selfwaarde (Bekker, 2003:42). Indien deel van hierdie kind se verhaal dan ook nog gevul word met traumatiese belewenisse gekoppel aan boelie dan lei dit heel dikwels daartoe dat hierdie kind begin onttrek vanaf enige kontak met ander. Die uitdaging aan die berader in hierdie verband is gevolglik om vir hierdie slagoffers ‘n ruimte te skep waar hul veilig kan voel om hul emosies tot uiting te laat kom, op ‘n wyse wat inpas in elkeen se onderskeie proses.

### 2.9.7 *Bewustheid van omgewing*

Die ouer kan die berader bystaan deur bewustheid te skep by hul kinders omtrent hulle omgewing en ook self meer daarop ingestel te wees. Aspekte soos hierdie bevorder uiteindelik die kind se bewuswording van eie verantwoordelikheid vir keuses wat gemaak word (Potgieter, 2016:59).

### 2.9.8 *’n Ondersteuningsisteem*

Dit kan verder ook van groot hulp wees indien die kind se ouers, voogde of sorgdraers die berader kan bystaan in die skepping van ’n veilige ruimte by die huis. Die verantwoordelikheid lê ook verder by die ouer om altyd ondersteunend teenoor die kind te wees. As kinders nie ondersteuning van hulle ouers ontvang nie ontstaan daar maklik angs en dit veroorsaak dat kinders terugtrek en nie hulle potensiaal bereik nie – een van die gevolge hiervan kan weer ‘n swak selfbeeld wees (Bekker, 2003:185). ’n Ondersteuningsisteem impliseer ook dat ouers fyn sal luister indien hul kinders aan hulle meedeel dat hulle die slagoffers van boelies is. In hierdie verband moet ouers altyd hul kinders verseker dat hulle daar is vir hulle en nooit dit wat die kind met hulle kommunikeer bloot sal afmaak as onsin nie. Daar waar ouers nie hierdie basiese reëls nakom nie het dit gewoonlik op die langtermyn permanente emosionele letsels en skade tot gevolg.

### 2.9.9 *Kommunikasie met ouers*

In die lig van die voorafgaande punte is kommunikasie tussen die ouers en die berader van kritiese belang. Ouers kan gevolglik in talle opsigte van hulp wees alhoewel daar steeds gewaak sal word teen inmenging met die terapeutiese proses terwyl ouers ook

aangemoedig sal word om die berader se wyse van kommunikasie te respekteer (Marx, 2014:81).

### 2.9.10 *Selfsorg*

Selfsorg kan ook beskryf word as ’n kernaspek met betrekking tot die begeleiding van die getraumatiseerde en emosioneel verwonde kind. As gevolg van die vernederende emosionele en dikwels ook fisiese onreg wat boelieslagoffers ervaar het, is hulle dikwels emosioneel so afgetakel dat hulle geensins meer waarde daaraan heg om na hulleself om te sien of enige waarde aan selfsorg te heg nie. Vir die berader sal hierdie aspek ook die nodige aandag moet ontvang as deel van die intervensieproses – die uitdaging sal dus wees om die geboeliede kind uiteindelik na daardie punt te kan begelei waar hulle besef dat dit wel nodig en belangrik is om voortaan na hulself om te sien.

### 2.9.11 *Hernude kontak met die buitewêreld*

As gevolg van hul moedeloosheid en afgetakelde selfbeeld is dit so dat boelieslagoffers dikwels nie meer veel met die buitewêreld te doen wil hê nie. As gevolg van die boelies se optredes het hierdie kinders se belewenis van eksterne faktore in die algemeen totaal negatief gedraai en het dit vir hulle allesoorheersend geraak en heeltemal te veel om te hanteer. Inaggenome die spesifieke kind se unieke karakter, sal die berader vervolgens tydens intervensie die kind moet help om weer kontak te kan maak met die buitewêreld en sodoende uiteindelik weer ’n eie staanplekkie in die samelewing te kan vind.

## 2. 10 SAMEVATTING

Speelterapie kan beskryf word as ‘n goue sleutel tot die toekoms van kinders. Speelterapie, met besondere verwysing na Gestaltterapie, kan gebruik word om hulle toe te rus vir die toekoms. Speelterapie kan ook in besonder toegepas word in die begeleiding van slagoffers van boelie ten einde weer te kan opstaan en bemagtig te kan word met die nodige kennis om in die toekoms soortgelyke situasies beter te kan hanteer en ook selfs ander te kan help in soortgelyke situasies.

Verdere belangrike momente wat in hierdie hoofstuk hanteer is, is kortliks die volgende:

- *Verhouding tussen die kind en die berader (3.6)*

  Sonder ‘n goeie verhouding tussen die kind en die terapeut kan speelterapie eenvoudig nie suksesvol wees nie. Kinders kan gewoonlik nie sê wat hulle voel nie en daarom is speel vir hulle ‘n meer effektiewe medium om hulself uit te druk. Die terapeut moet met die kind werk op ‘n vlak waarmee die kind gemaklik is. Die kind se selfbewustheid en selfbeeld beïnvloed ook hierdie verhouding direk. Hierdie is twee kardinale faktore wat weer die kind kan help om moed te skep en voorwaarts te kan beweeg.

  Speelgoed en hoe kinders dit hanteer gee gewoonlik meer inligting van dit wat die kind beleef as wat die kind self besef. ‘n Hegte verhouding is weereens nodig om te weet hoe om die speelgoed, die speelkamer en alles wat daarmee saam gaan te benader – hoe al hierdie aspekte hanteer word, sal uiteraard van kind tot kind wissel.

  Die verhouding tussen berader en kind word bevorder indien die kind die sessies aangenaam vind en indien die berader warmte, eerlikheid en vriendelikheid uitstraal. Die feit dat die kind deur middel van speel hul emosies kan uitdruk, versterk ook die verhouding nog verder. Die uiteindelike bemagtiging van die kind kan nie geskei word van ‘n goeie en aangename verhouding met die berader nie. Die uiteindelike implikasie van positiewe resultate is dat die kind die berader moet kan lei en vir dit om te kan realiseer moet die berader fyn luister, oplettend wees en ook die kind respekteer.

- *Die berader se doelwitte (3.7)*

  Kinders beskik elkeen oor hulle unieke potensiaal en in die lig hiervan sal die berader se mikpunt onder andere wees om die kind te help om hierdie volle potensiaal te bereik. Respek, vertroue en omgee is die wegspringpunt in hierdie wedloop na volle potensiaal.

  Die belangrikheid van grense mag nooit uit die oog verloor word nie. Aan die een kant moet die berader professionele grense stel en daarby hou. Die ander kant van grense behels dat kinders veilig voel as hulle weet watter grense daar is. Verder moet stiltes ook reg benader word – daar mag nooit sommer maar net by voorbaat

sekere afleidings gemaak word nie. Beraders kom die heel maklikste uit by areas waarmee die kind worstel indien die berader bloot die kind volg - die kind is immers die een wat weet waar die pyn is.

Die berader se fokus is op die kind, ongeag die verlede, ander se opinies of selfs die kind se optrede. In hierdie opsig moet die kind ook die boodskap kry dat niemand perfek is nie en as 'n fout opduik dan moet dit op die korrekte wyse hanteer word. Die berader is in hierdie opsig ook vir die kind 'n voorbeeld.

Geboeliede kinders is dikwels baie weerloos en afgesien van al die speeltegnieke kan die berader ook nie die kind bystaan sonder die hulp van die Heilige Gees nie.

- *Verskillende tipes speel (3.8)*

Verskillende tipes speel en tegnieke kan aangewend word tydens speelterapie.

Bibliospeel bestaan hoofsaaklik uit hulpbronne van 'n geskrewe aard soos byvoorbeeld 'n storie. Gedramatiseerde spel impliseer dat die kind in staat gestel word om as't ware van buite die huidige situasie waar te neem en ook vanuit verskillende perspektiewe – 'n voorbeeld hiervan sal byvoorbeeld rolspel wees. Skeppende speel bring dikwels daardie diepste emosies na vore waaroor die moeilikste gekommunikeer word - kinders druk dan hulle emosies uit deur te skep soos byvoorbeeld om klei te speel.

Die benadering met betrekking tot *'top dog'* en *'underdog'* behels kortliks dat dit wat 'n individu graag wil wees, verskil van wat ander persone wil hê die individu moet wees. Die slagoffer beleef dit dat die *'top dog'* altyd reg is terwyl die slagoffer (die *'underdog')* altyd verkeerd is. Hierdie benadering het geblyk baie effektief te wees in die begeleiding van boelieslagoffers deur uiteindelik die 'underdog' te help tot persoonlike bemagtiging en wyer perspektief rakende die trauma situasie.

Die leë-stoel tegniek help om 'n oplossing vir die kind se uitdaging te vind tussen wat die kind weet die regte ding is om te doen en aan die ander kant dit wat die kind eintlik graag wil hê. Die leë stoel kan gevolglik beskryf word as die 'middelman' of tussenganger tussen die *top dog'* en *'underdog'.* Hierdie tegniek help ook om konflik te hanteer uit verskillende oogpunte en hiermee saam sou rolspel ook aangewend kan word. Hierdie tegniek help onder andere die kind om 'n beter bewustheid te

vorm, weer beheer te verkry, emosioneel heel te kan word en ook in te sien dat daar meer as een oplossing vir ‘n probleem is.

Retrofleksie laat die getraumatiseerde kind gewoonlik omdraai en dan ‘n heel ander storie vertel as voorheen. Hierdie tipe gedrag kom gewoonlik voor as die kind eenvoudig nie meer kop bo water kan hou in ‘n situasie nie.

Met betrekking tot die onderskeie tegnieke is dit belangrik dat persoonlikheidsteorie ook in ag geneem word. Om die kind se proses te verstaan impliseer dit dat die berader ook die kind se persoonlikheid moet verstaan. Elke kind is uniek en so ook die omstandighede en realiteite waarmee elkeen elke dag gekonfronteer word.

- *By elke kind vind daar 'n unieke proses plaas (3.9)*

Speel help die kind om emosies en innerlike worsteling na die oppervlakte te bring, dit wat andersins baie moeilik sou kon realiseer. In die Gestaltbenadering vind alles in prosesse plaas en op hierdie wyse leer kinders om hul eie prosesse aan te wend om situasies te hanteer en in beheer van hulself te wees. Elke kind se proses verskil egter omdat niemand se reaksies, verlede, hede of omgewing presies dieselfde is nie. Die kind se verwysingsraamwerk is dus bepalend vir die bepaalde kind se proses en daarom kan die berader ook met niks anders werk as dit wat die kind op daardie oomblik verskaf nie.

Kinders meet alles aan hoe ander hulle sien en hulle reageer op grond hiervan en vergelyk hulself dan ook met andere. Ten opsigte van boelies kan hierdie situasie baie sleg uitdraai as die leuens wat boelies vertel nie geïdentifiseer en uitgekanselleer word nie. Die berader moet gevolglik op hoogte van aspekte soos hierdie wees ten einde die kind se proses werklik te verstaan – daar moet ook insig wees ten opsigte van hoe die kind op iets sal reageer en moet die situasie ook hanteer word op ‘n wyse wat vir die kind aanvaarbaar is.

Verdere belangrike prosesse wat ook in hierdie hoofstuk aan die orde gekom het, is onder andere bemagtiging, beheer, harmonie, selfonderhoud, uitdrukking van emosies, selfsorg en kontak.

- *Toepassing ten opsigte van die boelieslagoffer (3.10)*

Boelieslagoffers moet eerstens nie almal oor een kam geskeer word nie aangesien almal se prosesse verskil. Die meeste slagoffers smag egter na aanvaarding deur hul maats, juis omdat hulle so uitermatig verwerp word.
Die volgende merkers het geblyk van waarde te wees in die begeleiding van boelieslagoffers:

- Die leuen moet geïdentifiseer en vervang word
- Daar moet vasgestel word watter gedrag hand aan hand met watter prosesse gaan. Hier moet noukeurig gelet word op hoe die kind sou reageer as daar ‘n sekere proses na vore sou tree.
- Die slagoffer moet begelei word tot volle bemagtiging.
- Die slagoffer moet kan ervaar dat hulle weer in beheer is.
- Harmonie moet gevestig word, wat sal impliseer dat die kind weet dat elke aksie ‘n reaksie het en dan daarvolgens optree.
- Die slagoffer moet begelei word ten einde in staat te wees om voortaan uitdrukking aan emosie te kan gee – dit het ‘n direkte invloed op ‘n kind se selfbeeld en selfwaarde.
- Omgewingsbewustheid moet gevestig word en dit help ook die kind om verantwoordelikheid te leer.
- ’n Ondersteuningsisteem moet in plek wees wat onder andere impliseer ‘n veilige ruimte by die huis en ondersteunende ouers.
- ‘n Goeie kommunikasieverhouding tussen die ouers en berader is van belang.
- Selfsorg moet in plek kom, wat impliseer dat die slagoffer opnuut moet leer dat dit goed, nodig en reg is om na hulself om te sien en hulself te versorg.
- Hernude kontak met die buitewêreld moet gevestig word nadat die slagoffer heel dikwels hulself totaal onttrek het uit vrees vir hernude traumatisering.

Speelterapie kan dus ‘n uitkoms bied vir boelieslagoffers sodat hulle weer in hulself sal glo en ook die leuen verwerp dat die boelies se optrede hulle skuld is. Die slagoffers sal ook nou ‘n beter bewustheid hê en in die mate wat hulle weer beheer oor die situasie en oor hulself verkry sal hul selfbeeld ook verbeter. Speelterapie kan kinders dus help om

weer te kan opstaan nadat die lewe hulle onregverdig platgeslaan het – hierdie proses kan hulle inderdaad bemagtig om weer vir hulself te kan opstaan, grense te kan trek en hulle plek in die wêreld te kan volstaan.

In die volgende hoofstuk waar die interpreterende taak aan die orde kom, skuif die fokus voluit na verdere bydraes vanuit die aangrensende wetenskappe met betrekking tot die tema van “speel” as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is. Perspektiewe soos hierdie dra uiteindelik by om die groot prentjie en die wyer perspektief te verkry wat bevorderlik kan wees vir ’n multidissiplinêre benadering met betrekking tot die hantering van die boelieslagoffer.

# DIE INTERPRETERENDE TAAK


## HOOFSTUK 3

## PERSPEKTIEWE VANUIT DIE AANVERWANTE WETENSKAPPE

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar met behulp van ‘n literatuurstudie vanuit die aanverwante wetenskappe gefokus op verskillende tersaaklike faktore en perspektiewe met betrekking tot die tema van ‘speel’ as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is. In hierdie verband sal veral gefokus word op relevante maatskaplike, sosiologiese en opvoedkundige perspektiewe. Boeliebekampings-programme sal ook aan die orde gestel word asook sekere relevante aspekte rakende die rol van die pastorale berader as deel van ‘n multidissiplinêre spanbenadering tot die onderhawige probleem van boelies.

In hoofstuk 1 is reeds gestel dat Osmer (2008:4) se metodologie as basiese vertrekpunt dien vir die onderhawige studie. Osmer se vier voorgestelde take word in die volgende diagram uitgebeeld en die Interpreterende taak is in hierdie hoofstuk aan die orde:




**Figuur 3: Osmer se model (Osmer, 2008:11)**

## 3.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Dit is belangrik om tussen interdissiplinêre insigte en metateorie te onderskei. Dreyer (2013:24) beskryf die metateorie van Praktiese Teologie as die groot verhaal van die Christelike geloof en wat gevoed word deur die Skrif as Woord van God. Hierdie is inderdaad dan die bril waarmee daar na die werklikheid gekyk word in die ondersoekveld. Wanneer daar van die insigte van ander wetenskappe gebruik gemaak word, hoef dit nie as metateorie beskryf te word nie, maar eerder as interdissiplinêre perspektiewe (Dreyer, 2013:24; Osmer, 2011: 4; Pieterse, 2013:12).

Die gebruikmaking van gegewens vanuit die aanverwante wetenskappe met betrekking tot ʼn spesifieke tema word deur Osmer beskryf as die interpreterende taak en dit hou verband met die antwoord op die vraag: Waarom het dit gebeur?, Ten einde hierdie vraag te beantwoord moet daar gefokus word op tersaaklike aspekte gekoppel aan bepaalde gebeure, situasies en kontekste ten einde beter begrip te verkry (Osmer, 2011:162).

Osmer (2011:170) beklemtoon verder ook dat multidissiplinêre perspektiewe nodig is vir beter begrip van die onderskeie verskynsels aangesien geen enkele perspektief die volle betekenis bevat nie. Wat die tema van die onderhawige studie betref sal daar vervolgens vanuit ʼn multidissiplinêre vertrekpunt in gesprek getree word moet verskeie ander dissiplines met die oog op beter begrip rakende die tema van 'speel' as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is. Om beter begrip vanuit die aanverwante wetenskappe te kan verkry asook vir goeie oordeel, word volgens Osmer ook '*sagely wisdom'* benodig (Osmer, 2011: 84-85).

### 3.2.1 Definiëring van ʼn metateoretiese model

Christus ontmoet die gelowige deur Sy Gees en ook deur die lewende Woord wat as teks spreek – op hierdie wyse word – op hierdie wyse word die mens in hul diepste wese aangespreek. Tussen die eie en die vreemde horisonne is daar ʼn hermeneutiese spanning wat op dialogiese wyse deur die verstaanproses heen verwerk word – dit loop uit op ʼn horisonsversmelting waarin die verstaan van die teks se betekenis vir die eie tyd kan realiseer (vgl. Gadamer, 1975:289-290, 356- 366;

1979:274-276, 333-341, soos aangehaal deur De Klerk & De Wet, 2012: 20).

Die verstaanproses geskied vir die mens slegs deur taal – veral taal as gesprek (Gadamer, 1975: 344-360; Gadamer, 1979: 325-341). Nuwe perspektiewe word verkry terwyl die verskillende horisonne bydra tot die nuwe "Einverständnis" in die sin dat die boodskap binne die eie konteks verwoord kan word (De Klerk & De Wet. 2012:57).

Hoewel daar in die definiëring van metateoretiese model van insigte vanuit ander dissiplines gebruik gemaak word, kan dit binne die breëre verstaan van die geloofsbelydenisse geakkommodeer word (Pieterse, 2013: 15). Elkeen van die vier take van Praktiese Teologie bevat inderdaad 'n kruis-dissiplinêre benadering (Osmer, 2011:240).

## 3.3 DEFINIËRING VAN BOELIES

### 3.3.1 Boelie

Volgens die HAT (2005:109) is 'n boelie "Iemand wat swakkeres of ondergeskiktes hardhandig hanteer, of andersins intimideer."

Kriek (2017:1) verduidelik dat boelie plaasvind as die slagoffer in 'n swakker posisie is. Hierdie slagoffer kan dan direk of selfs indirek geteister word. Hierdie teistering kan fisiese, emosionele, geestelike of selfs ekonomiese skade berokken. Die geboelie en teistering vind herhaaldelik plaas. Die boelies se optrede is negatief en selfs ook soms aggressief (Kriek, 2017:1).

Daar kan onderskei word tussen direkte en indirekte boelie (Heid, 2018). Dr Dieter Woltke van die Universiteit van Warwick (soos in Heid, 2018) verduidelik dat direkte boelie plaasvind wanneer 'n persoon aangeval word, hetsy fisies of verbaal. Indirekte boelie aan die ander kant behels onder andere om skinderstories te versprei sodat hul rede het om 'n persoon uit die groep te skop.

In die verlede is 'n geboelie maklik afgemaak as "Dis net 'n grappie" of "Dis maar deel van groot word." Aan die erns en impak van hierdie saak is daar egter nie altyd die nodige aandag gegee nie. Daar is ook verskille tussen gewone grootwordpyne en boelie. Ouers moet hulle vergewis van daardie onderskeid (Ziomek-Daigle & Land,

2016:299).

Verder moet daar ook duidelik onderskei word tussen ander vorme van aggressie en boelie. Die volgende is goeie rigtingwysers hiervoor en stem basies ooreen met die algemene definiëring van boelie (Olweus, 2008:1-2):

- ‘n Spesifieke individu is die slagoffer van die onaanvaarbare gedrag.
- In meeste gevalle hou boelies nie op nie. Daar vind meer as een keer insidente plaas.
- Die magsverdeling balanseer gewoonlik nie.

### 3.3.2 Kuberboelie

Kuberboelies is ‘n relatiewe nuwe term wat vandag se jeug, maar ook volwassenes teiken en die lewe ‘n baie onaangename plek kan maak. Alhoewel kuberboelie nie beperk is tot tieners nie, is hulle meestal die slagoffers wat die hardste getref word. Sosiale media oorweldig en oorheers die tieners van vandag se lewe. 40% van tieners toon aan dat indien niemand aandui dat hulle van hul foto’s hou nie, hulle dan depressief voel - 35% dui aan dat hul selfvertroue hierop gebou word (Wakefield, 2017:1).

Payne en Van Belle (2017:2) beskryf die volgende drie faktore as van besondere belang met betrekking tot kuberboelies:

- Herhaling ten opsigte van boeliegedrag
- Die boelie se doel is om die slagoffer seer te maak
- Die boelie is gewoonlik in ŉ oorheersende posisie.

Kuberboelie is die gevolg van tieners wat onbeperkte toegang het tot die internet het sonder toesig alle etiese reëls kan oorskry (Payne & Van Belle, 2017:1). Die proses wat hier plaasvind akkumuleer gewoonlik gaandeweg tot by ŉ uiterste punt van vernedering en aftakeling van die slagoffer. ŉ Belangrike komponent van hierdie proses is die aggressie wat die oortreder gewoonlik uitreageer deur middel van hierdie tipe platvorm van anonimiteit. Daar kan gevolglik geweldige emosionele skade aan slagoffers berokken

word sonder dat die identiteit van die oortreder noodwendig bekend is - dit kan selfs veroorsaak dat die slagoffer met selfdood gedagtes begin worstel en selfs ŉ selfdood poging aanwend.

## 3.4 MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

### *3.4.1 Identifisering van boelies*

'n Individu kan geboelie word deur 'n groep boelies maar ook deur ŉ individu. Boelies is ook dikwels alleenlopers (Kriek, 2017:1). Boelies is dikwels in noue verhoudings met die slagoffer betrokke en daarom vind dit meer gereeld tussen vriende plaas as wat verwag sou word. Grinberg (2013:1) verwys na boelie tussen vriende as '*relational bullying'*. Die realiteit is dat kinders se identiteit dikwels deur hierdie tipe van aftakelende verhoudings-gedrag gevorm word. In Afrikaans sou dit as verhoudings-gerigte boelie bestempel kan word. Kinders is oor die algemeen geneig om sommige vriende in te trek in ŉ groep en ander uit te stoor. Daar is egter perke en die groot skade vind plaas wanneer die sogenaamde 'outsider' dan permanent eenkant gestoot en geboelie word (Grinberg, 2013:1).

Kinders sou ŉ ander een kan boelie bloot om deel van die groep te wees, al weet hulle dit is verkeerd (Anon, 2011:2). Lynn Bravewoman is koördineerder van die *Hayward Unified School District's Safe and Inclusive Schools Program* in Kalifornië en sy verduidelik dat 'n geboelie tussen vriende soms ŉ baie subtiele karakter het - dit kan selfs op 'n skertsende of grappender wyse plaasvind. Die uiteinde van hierdie tipe boelie is dat die slagoffer verleë en wantrouig na ander mense kyk. Die rede hiervoor is dat tydens verhoudingsgerigte boelie word die slagoffer se vertroue geskend deur iemand wat eintlik veronderstel was om hulle te beskerm, eerder as om hulle in die steek te laat (Grinberg, 2013:2).

Dit is dus van kardinale belang dat daar gelet sal word na die interaksie tussen kinders binne hulle eie vriendekring, Dit gebeur maklik dat dié wat veronderstel was om vir mekaar 'n ondersteuningsnetwerk te wees, juis diegene is wat verantwoordelik is vir emosionele aftakeling.

### 3.4.2 Gevolge van boelie en kuberboelie

#### 3.4.2.1 Boelie

Fisiese boelie hou verskeie gevolge in en een hiervan is die moontlikheid van tandekners. Die probleem van kners van tande by jongmense sou kon dui op die moontlikheid van boelie soos wat blyk vanuit ‘n artikel op BBC News (Anon, 2017).

Hierdie faktor sou dan weer aanleiding kon gee tot hoofpyne, verweerde tande en ‘n versteurde slaappatroon. Dit blyk ook dat hierdie probleem aan die toeneem is. Een spesifieke studie met 300 adolessente in Brasilië het byvoorbeeld aangetoon dat adolessente van 13 tot 15 jaar wat verbale boelie by die skool ervaar, bykans ‘n vier keer hoër risiko loop om snags met hierdie probleem te worstel in vergelyking met die gemiddelde ander adolessent.

> Grinding teeth may not sound like a priority within the wider picture, but it could prove to give a vital insight into a child's state of mind and could be an important sign for us to identify bullying at an earlier stage (Anon, 2017).

Navorsing oor Post-traumatiese stressindroom (PTSD) deur die *U.S. Naval Observatory* toon dat ‘n aanhoudende en ernstige geboelie selfs tot permanente skade in die brein kan lei. Die gevolg sou dan onder andere wees dat die geringste stres sneller vir so ’n kind emosioneel totaal oorweldigend kan wees (Heid, 2018:2).

Voortspruitende hipersensitiwiteit veroorsaak ook die belemmering om te kan ontspan of selfs om enige iets te geniet (Walsh, 2011:3). Die brein se vermoë om van irritasies te herstel raak ook verlore as gevolg van ‘n voortdurende geboelie (Heid, 2018:2).

Heid (2018:2) sonder veral die volgende drie faktore uit as bepalend ten opsigte van die moontlike impak van boelie op ‘n persoon:

- Hoe lank het die geboelie aangehou?
- Hoe ernstig was die geboelie?

- Oor watter vermoë word daar beskik om uit die situasie te kom?

Daar word verder ook verduidelik dat wanneer ‘n persoon geboelie word as kind, die gevolge daarvan uiteindelik ook in die volwasse jare hul tol eis, veral indien daar nooit enige begeleiding sou plaasvind nie. Dit is verder ook so dat ‘n kind se brein baie vatbaar en kwesbaar is vir trauma en die uiteindelike realiteit is dat die geboelie selfs persoonlikheidsafwykings asook hoë vlakke van angs en depressie tot gevolg kan hê (Heid, 2018:2). Daar word selfs aangevoer dat die emosionele en kognitiewe skade wat boelie tot gevolg kan hê, gelykgestel kan word aan die skade wat kinders opdoen wat oor die algemeen mishandel word (Walsh, 2011:2).

Heid (2018:2) wys verder op ’n onlangse studie deur die King’s College in Londen wat aangedui het dat gevolge van boelie in die kinderjare selfs 40 jaar later, steeds ‘n invloed kan hê. Hierdie jarelange gevolge sluit onder andere selfdoodgedagtes, werkloosheid en mislukte verhoudings in. Verder het die Brown Universiteit in Rhode Island ook onlangs bevind dat hierdie tipe trauma in staat is om veroudering te bewerkstellig binne die slagoffer se DNA - die oorsaak hiervan is die hoë vlakke van stres wat met die geboelie gepaardgaan. ’n Verdere gevolg van hierdie proses sou ook iets soos hartsiektes kan wees.

Walsh (2011:2) haal vir Tracy Vaillancourt, ‘n sielkundige van Kanada aan wie van mening is dat geboeliede seuns ‘n uitermate hoë vlak van kortisol het en dat hulle reaksie op enige vorm van stres dus ’n permanente hoë en ongesonde gereedheidsgrondslag tot gevolg het. ‘n Uitermatige lae vlak van kortisol word weer by geboeliede dogters opgemerk en dit kan daarop dui dat hulle normale reaksies oor die algemeen gestrem word as gevolg van die onverwerkte trauma.

Hoe langer ‘n geboelie in ‘n kind se lewe voortduur, hoe groter en meer permanent is die impak op so ‘n kind se gesondheid, het ‘n studie in die *Pediatrics* onlangs aangetoon (Robertson, 2015:65). Die navorser in beheer van die projek, Laura Bogart, verduidelik dat ‘n geboelie onmiddellik getermineer moet word want sodoende kan die

langtermyn gevolge makliker beperk word. Bogart stel ook dat indien ‘n kind vir ‘n lang periode geboelie word dit uiteindelik ŉ skadelike effek het wat gesondheid betref. Die fisiese gevolge manifesteer nie noodwendig altyd onmiddellik nie maar die onderdrukte emosies kan mettertyd opbou tot uiteindelik by die manifestering van ŉ verskeidenheid van liggaamlike simptome.

Walsh (2011:2) wys op die navorsing van Martin Teicher by die McLean Hospitaal in Belmont, Massachusetts wat met behulp van breinskanderings van slagoffers van boelies aangetoon het hoedat daar ŉ krimping plaasvind in die corpus collosum van die brein. Die gevolg hiervan is dat die slagoffer worstel met gepaste reaksies op situasies wat rondom hulle plaasvind, juis omdat hulle meeste gebeure en situasies nou moeiliker kan verwerk en hanteer. Aansluitend hierby is die feit dat die amigdalagedeelte van die brein (wat basies die brein se alarmstelsel is) as gevolg van die trauma nou deurgaans op ŉ gereedheidsvlak verkeer en dit lei daartoe dat so ŉ persoon probleme ervaar met enige leerprosesse, geheue prosesse en ook konsentrasie. Wat betref die sielkundige en emosionele impak van boelie is dit so dat aspekte soos angs, depressie, selfdoodgedagtes en vermydende gedrag alles die gevolg kan wees van hierdie veranderinge wat in die brein plaasvind (Walsh, 2011:2).

Robertson (2015:67) toon die volgende moontlike gevolge tydens die volwasse jare aan as gevolg van boelie tydens jeugjare:

- Nikotienverslawing.
- Val rond tussen verskillende werke.
- Vriendskappe is vir hulle besonders uitdagend.
- Psigiatriese versteurings kom selfs voor.

Salzwedel (2009:95) haal die sielkundige, Anys Rossouw, aan wat verduidelik hoedat ‘n boelieslagoffer baie maklik die gevolge van die boelie vir die res van hul lewe sou kon saamdra. Sulke slagoffers eindig dan gewoonlik in een van twee groepe. Hulle herhaal telkens die rol van slagoffer vir die res van hulle lewens, of hulle word self

boelies en projekteer dit wat hulle as kind ervaar het oor op ander deur dieselfde tipe gedrag. Vandalisme, drank en dwelms sou verdere voorbeelde kon wees van tipiese uitreageer gedrag van slagoffers wat nie die nodige begeleiding ontvang het nie.

Tydens ‘n studie oor boelies ten opsigte van studente in Suid-Korea is bevind dat boelies sowel as slagoffers van boelies meer geneig is om te rook, te drink en depressief te raak. Skoolkinders wat deelgeneem het aan hierdie studie (boelies en slagoffers) het aangedui  dat hulle nie graag die skoolreëls volg nie en ook nie besonder daarvan hou om aan skoolaktiwiteite deel te neem nie (Hong, Kim & Hunter, 2019:267).

As daar gelet word op die profiel van die tipiese aanvallers in skietvoorvalle by skole in die VSA (tussen 1974 en 2000) is daar bevind dat 71% van hierdie aanvallers onder andere geboelie is voordat hulle tot hierdie drastiese stap oorgegaan het. Dit is die bevinding van *The Final Report and Findings of the Safe School Initiative: Implications for the Prevention of School Attacks in die United States,* 2002 (Feinson, 2008:175).

ʼn Aspek wat maklik uit die oog verloor word, is die kwessie rakende die moontlike invloed van ʼn boelie toneel op kinders wat bloot die toeskouers en bystaanders is. Hierdie kinders kan verskillende emosies beleef en uiteindelik kan dit ‘n sneeubal effek tot gevolg hê. Aan die een kant kan die kind die vrees ervaar om self moontlik ʼn volgende slagoffer te kan wees en aan die ander kant kan daar heelwat skuldgevoelens wees omdat hulle bloot passiewe toeskouers was en niks aan die saak gedoen het nie. Die uiteindelike effek op bystaanders kan wees die afstomping van emosies met gevolglik geen empatie teenoor diegene wat verontreg word nie (Olweus, 2008:4).

***Samevattende gevolgtrekkings rakende die gevolge van boelie***

Kinders toon verskeie reaksies as hulle onder boelies deurloop. Sommiges is ontsteld en dit kan onmiddellik waargeneem word - ander onttrek weer, raak nors en vermy enige kommunikasie en interaksie. Wees ook op die uitkyk vir skielike woede en depressie wat moontlik kan voorkom. ‘n Verandering in die kind se prestasies ten

opsigte van akademie kan ook ‘n aanduiding wees (Anon, 2013).

Wanneer ‘n kind skielik nie meer iets wil doen wat voorheen vir hulle aangenaam was nie, soos byvoorbeeld buitemuurse aktiwiteite, moet daar ook rooi ligte vir die ouer begin flikker, verduidelik Sandie Johnson van *TeenWorx* (Hoffmann, 2013:24). Dieselfde geld in die geval van skielike veranderinge in die kind se sosiale gedrag en sosiale lewe.

Dit is belangrik dat elke individu in die kind se lewe sal saamwerk en op die uitkyk sal wees vir enige van die bogenoemde tekens ten einde so gou moontlik te kan identifiseer of die kind die boelie of die slagoffer is. Soos reeds genoem, is die identifisering hiervan makliker in sommige gevalle as in ander. ‘n Stabiele verhouding tussen die kind en die ouer of ander rolspelers in die kind se lewe behoort dien gewoonlik as ŉ belangrike stabiliserende faktor.

#### *3.4.2.2 Kuberboelie*

Die gevolge van kuberboelie is ingrypend en kan ‘n nadelige invloed op ‘n kind se lewe hê. Kuberboelie kan tot so ŉ mate ŉ transformerende invloed op ŉ slagoffer se persoonlikheid hê dat hy/sy uiteindelik self deur boeliegedrag hul emosies begin uitreageer. Ook in hierdie geval kan depressie een van die algemene gevolge wees asook selfsny (of ander vorme van selfbenadeling) en selfdood gedagtes of pogings (Anon, 2013).

Benjamin Shain wat ŉ prominente lid van die *American Academy of Pediatrics* is, het aan teensafe.com verduidelik dat die emosies by slagoffers van kuberboelie soos onder andere emosionele onstabiliteit, juis ‘n sneller kan wees vir selfdood – hierdie aspek geld soveel te meer ten opsigte van individue wat reeds veg teen verskeie ander negatiewe snellers in hul lewe (Khan, 2017:26). Volgens Rademeyer (2010) is die risiko tot selfmoord twee keer groter onder slagoffers van kuberboelies.

Die verskynsel van retrofleksie is heel dikwels een van die uiteindelike gevolge van boelie wanneer die slagoffer dan al die negatiewe emosies teen hulself draai in plaas daarvan om dit op die boelie te rig. Die slagoffers van boelies sal meestal onder die tipe

retrofleksie van selfvernietiging gekategoriseer kan word - slagoffers doen dus aan hulself dit wat hulle eintlik aan die boelie sou wou doen. Dit kan behels dat hulle hulself fisies seermaak of byvoorbeeld alle gevoelens onderdruk of ontken (Schoeman, 2019:107).

Tipiese aanduidings en simptome van kuberboelie stem baie ooreen met dié van gewone boelie en sluit onder andere die volgende in (vgl. Rademeyer, 2010)

- Die kind wil skielik nie veel met hul selfoon of rekenaar te doen hê nie.
- Die selfoon/rekenaar word ook meer as normaal afgeskakel.
- Enige nuwe boodskap via sosiale media veroorsaak onmiddellik spanning en angs.
- Sosiale aktiwiteite is nie meer van belang nie.
- Om skool toe te gaan, is vir hulle ‘n nagmerrie.
- Veranderende eet- en slaappatrone kom al meer na vore.

Dit is egter belangrik om te onthou dat alhoewel die gevolge van kuberboelie redelik ooreenstem met die van gewone boelie, die effek van kuberboelie gewoonlik veel wyer strek en dus meer ingrypende gevolge kan inhou (Payne & Van Belle, 2017:3).
‘n Boelieslagoffer se krisis raak gewoonlik veel meer gekompliseerd sodra hulle nie meer net die teiken van een tipe boelie is nie, maar in die visier van gewone sowel as kuberboelies is. Hulle kan dan geensins uit die web van viktimisering kom nie en uiteraard is die impak op die slagoffer dan soveel meer intens (Waasdorp & Bradshaw, 2011:484).
In die geval van gewone boelies kan die kind se huis steeds vir hulle ‘n plek van veiligheid wees – hierteenoor kan die kuberboelie die slagoffer egter volg en terroriseer waar hulle ook al hulself mag bevind. ʼn Verdere negatiewe faktor is die feit dat met kuberboelie daar meestal ook ‘n ‘toeskouer gehoor’ is wat alles waarneem en dit lei daartoe dat die vernedering en blootstelling van die slagoffer soveel te meer intens en vernietigend is. Dit is juis ʼn aspek soos hierdie wat daartoe bydra dat kuberboelie ʼn veel meer vernietigende en aftakelend effek op slagoffers het (Payne & Van Belle, 2017:3).

Die gevolge en voorbeelde van kuberboelie is legio en verskillende navorsers haal talle

voorbeelde soos die volgende in hierdie verband aan (Anon, 2018)
:

- Rebecca Sedwick (13) spring van ‘n gebou af.
- Elle Throwbridge begin om haarself op die jong ouderdom van 11 jaar te sny as gevolg van anonieme kuberboelies se negatiewe boodskappe.

Verdere gevolge wat dikwels tot ‘n mate ooreenstem met gewone boelie sluit volgens Payne & Van Belle 2017:3) die volgende in:

- Familieverhoudings is nie meer belangrik nie.
- Swak selfbeeld.
- Depressie.
- Daling in akademiese prestasies.
- Die skool is nie meer vir die kind ‘n veilige hawe, soos wat dit veronderstel is om te wees nie.

## 3.5 SOSIOLOGIESE PERSPEKTIEF

As daar gekyk word na die sosiale-ekologiese perspektief dan speel die volgende faktore ‘n belangrike rol (vgl. Hong, Kim & Hunter, 2019:268):

- Die karaktereienskappe van elke kind asook die eienskappe van hul onderskeie families.
- Die betrokke skool.
- Portuurgroepe
- Die sosiale status van die kind en hul familie.

## 3.6. VOORKOMS

Internasionale statistieke met betrekking tot boelie dui op ’n globale probleem wat eintlik skokkend is, soos wat sal blyk vanuit die volgende bespreking.

### 3.6.1 Boelie

Die stigter van die *Massachusetts Aggression Reduction Center* by die *Bridgewater State University* in Massachusetts, Elizabeth Englander, het tydens ‘n studie bevind dat 30%

van alle 18-jariges al deur vriende geboelie was (Grinberg, 2013:4). Die *Pew Research Center's Internet & American Life Project* se navorsing stem baie ooreen met dié van Englander. Hulle het bevind dat binne die loop van een jaar 19% van tieners wat aan hulle ondersoek deelgeneem het, geboelie is, hetsy in watter vorm ook al (Lenhart *et al.,* 2011:5). Pew Internet het in 'n studie bevind dat 19% van tieners geboelie word en dat helfte hiervan erken het dat hulle op meer as een wyse geboelie word (Anon, 2013).
Die probleem rakende boelie in Suid-Afrika is inderdaad ook baie aktueel en kritiek aangesien SA die vierde plek op 'n wêreldranglys beklee. Hierdie statistiek is gegrond op 'n wêreldwye ondersoek deur Vodafone en hierdie studie was een van vele wat gedoen is nadat selfdoodgevalle onder tieners en adolessente steeds gestyg het. Die invloed van sosiale media word ook grootliks hierby betrek (Khan, 2017:26).

In Suid-Korea byvoorbeeld erken 40% van die jeug dat hulle op een of ander wyse betrokke is by 'n geboelie (Hang, Kim & Hunter, 2019:267). Hierdie statistieke is inderdaad kommerwekkend en dit beklemtoon die noodsaaklikheid vir ouers, beraders, opvoeders en geestelike leiers om deurgaans op die uitkyk te wees vir enige moontlike tekens van boelie, hetsy in watter vorm ook al. Op hierdie wyse sal die probleem uiteindelik meer effektief en gouer hok geslaan kan word.

### 3.6.2 Kuberboelie

Oorweldigende statistieke dui aan dat 'n derde van alle sake wat verband hou met boelie in Suid-Afrika, wel gevalle van kuberboelie is (Hoffmann, 2013:22). Kuberboelie loop hand aan hand met sosiale media. In ondersoeke is bevind dat tot 15% van tieners wat toegang tot sosiale media het, self al onder kuberboelies deurgeloop het. Kuberboelies is ook dikwels kuberkrakers wat agter vals profiele skuil of kommentaar lewer onder die vaandel van 'n ander se naam (Anon, 2013).

Harmon (2004:5) haal die skrywer van die boek *Queen Bees and Wannabes,* Rosalind Wiseman, wat verduidelik dat kuberboelie dikwels by meisies voorkom omdat meisies se boeliery onder mekaar meer emosioneel as fisies van aard is – meisies word dus in 'n groter mate deur indirekte boelie geraak. Seuns volg soms hierdie selfde strategie wanneer hulle meisies wil teister (Harmon, 2004:5).

Wakefield (2017:1) wys op die resultate van ‘n studie waaraan 10 000 tieners tussen die ouderdom van 12 en 20 deelgeneem het. Hieruit het geblyk dat ‘n volle derde van hierdie deelnemers in vrees vir kuberboelie lewe. In meeste gevalle het geblyk dat vrees ten opsigte van hul voorkoms as aanleidende faktor tot moontlike treitering, bo-aan die lys was (Wakefield, 2017:2). Payne en Van Belle (2017:3) wys op ŉ studie in 2010 in Kaapstad by twee verskillende skole gedoen waarin bevind is dat 93% van leerlinge hulle eie selfone het en dat 36% van hierdie kinders reeds slagoffers was van boelies in die kuberruim.

Omgewingsfaktore kan dikwels ‘n rol speel in die aanleer van boeliegedrag en ook die uitvoering hiervan. Newman-Carlson en Horne (2004:260) wys in hierdie verband op die volgende tersaaklike faktore:

- Kultuur
- Samelewing
- Skool
- Familie
- Die betrokke individu

Daar word vervolgens kortliks op elk van hierdie faktore gefokus:

#### *3.6.2.1 Kultuur*

Wat betref die optredes van boelies binne verskillende kulture is daar ŉ groot mate van ooreenstemming – tog sou ŉ spesifieke kultuur wel ook ŉ spesifieke klem kon lê . (Guillaume & Funder, 2016:211). Die realiteit is verder ook dat die kultuur waarin ‘n kind groot word in ŉ groot mate bepalend kan wees ten opsigte van hierdie individu se toekomstige optredes.

Dit is algemeen bekend dat boelies dikwels ook in die werkplek voorkom. Sidle (2017:1) wys op navorsing waarin daar bevind is dat verskillende kulture in die werkplek wel individue se manier van doen beïnvloed. Die Duitsers sal byvoorbeeld gemaklik daarmee

wees dat niemand ooit die toesighouer of supervisor se bevele bevraagteken nie. Hierteenoor sou Nederlanders weer meer geneig wees om vrae te stel en verduidelikings te eis.

#### *3.6.2.2 Samelewing*

‘n Uittartende situasie binne die samelewing tesame met gevoelens van verwerping kan ŉ boelie situasie verder vererger (Feinson, 2008:176). Boelies het oor die algemeen ŉ ontwrigtende effek op die samelewing en veral omgewings wat veronderstel is om van ‘n opvoedkundige aard te wees.

#### *3.6.2.3 Skool*

Die voorkoms van boelie bedreig gewoonlik ‘n gesonde skoolomgewing en het ‘n negatiewe impak op alles en almal. Dit hou gewoonlik ook ‘n bedreiging in vir elke leerder wat betrokke sou raak se emosionele en fisiese veiligheid. Talle kinders worstel selfs met die vrees dat hulle moontlik sou moet aanskou waar iemand anders geboelie word en dat hulself dan moontlik die volgende slagoffer sou kon wees. Om hierdie rede moet daar ‘n goeie verhouding tussen leerders en onderwysers wees (Newman-Carlson & Horne, 2004:260). Goeie verhoudings tussen onderwysers en leerders skep ook ‘n platvorm vir betrokkenheid vanaf die onderwysers wat uiteraard ŉ voorkomende rol kan vervul ten opsigte van moontlike boelie (Hong, Kim & Hunter, 2019:269). Binne die skool milieu is boelie ook nie beperk tot een geslag nie - seuns sou egter meer betrokke wees by fisiese boelie terwyl meisies eerder gebruik sou maak van verbale teistering (Anon, 2011:2). Oor die algemeen is dit belangrik dat daar ŉ atmosfeer van veiligheid en geborgenheid by skole sal wees - ‘n veilige skool het immers baie minder kuberboelieslagoffers (Anon, 2013).

#### *3.6.2.4 Familie*

Dis belangrik om te onthou dat boelies nie altyd net die vreemdelinge is nie (Kremer, 2013). Broers en susters kan mekaar ook boelie, veral wanneer daar moontlik kompetisie tussen hulle is – jaloesie kan dus ŉ belangrike rol speel. Na hierdie verskynsel word daar soms verwys as ‘*sibling aggression’*. In opnames het ook geblyk dat kinders wat deurloop onder aggressie tussen broers en susters meer geneig is daartoe om geestelike

probleme te ondervind. Hierdie tipe boelie word egter dikwels afgemaak as ‘speelboelie’ en daar word maklik gesê “*Ag nee wat, hy het net met jou gespeel.”* Dit is egter juis hierdie aggressie en afknouery wat in die kiem gesmoor moet word. Dit is nie aanvaarbaar vir ‘n broer of suster om hul sibbe af te knou en dit dan bloot af te maak as speel nie.

Kremer (2013) wys ook op die bevindinge van ŉ studie deur Dieter Woltke van die Universiteit van Warwick in Coventry wat aansluit by bovermelde aspekter. Sy studie het bevind dat ongeveer 50% van leerders wat slagoffers is van broers of susters wat boelie, ook by die skool deurloop onder boelies. Dis ook dikwels hierdie kategorie van leerders wat worstel met emosionele probleme en uiteindelik ook gedragsprobleme. Daar is verder in hierdie studie bevind dat indien ‘n kind beide by die huis en skool geboelie word, hul kanse 14 keer groter is om uiteindelik gedragsafwykings te begin toon. In hierdie verband word die volgende waarskuwing in hierdie studie aan ouers gerig: *“Moenie dat jou ‘slagoffer’ kind uiteindelik soos ‘n weggooikind voel wat deur jou in die steek gelaat is nie”* (Kremer, 2013).

Die realiteit is ongelukkig egter so dat die huise waarin kinders groot word nie noodwendig meer vir hulle ‘n plek van veiligheid en sekuriteit is nie. Vervolgens is die moontlikheid om blootgestel te word aan faktore soos kuberboelie soveel groter en makliker. In hierdie verband stel Hoffmann (2013:22) dit soos volg: *“Dit is juis jou as ouer se verantwoordelikheid om jou kind te leer, te lei en te beskerm”.*

Dit is verder ook belangrik om in ag te neem dat die effek van boelie nie slegs van toepassing is op die betrokke kind wat die slagoffer is nie maar inderdaad ook op hul gesinne - die realiteit is dat die hele gesin uiteindelik geraak kan word. Alhoewel die kind verskeie emosies kan beleef, kan die ouers ook soortgelyke emosies en ook nog veel meer ervaar. Tydens ‘n kwalitatiewe studie deur navorsers aan die Universiteit van Stellenbosch is daar belangrike waarnemings in hierdie verband gemaak ten opsigte van hierdie invloed (Roodt & Greeff, 2012:686). Alhoewel gesinne se reaksies verskil het, was woede en bekommernis by meeste ouers aanwesig. Sommige gesinne het onderlinge konflik in die huis ervaar as gevolg van die boelie. Tog was die algemene tendens dat

gesinne geneig was om saam te staan, meer geheg aan mekaar geraak het en saam teen die boelie opgetree het.

#### *3.6.2.5 Die betrokke individu*

Indien boelies nie gekonfronteer en hul optrede in die kiem gesmoor word nie, kan dit lei tot antisosiale gedrag in ‘n baie ernstige graad en dan met selfs nog groter en meer ingrypende gevolge (Anon, 2011:1).

Dis belangrik om altyd in ag te neem dat kuberboelies se optrede dikwels uit wraak plaasvind. Sommiges wil reaksie uitlok. Die realiteit is ook dat kuberboelies oor die algemeen ʼn verhaal van emosionele verwonding het en dat ‘n swak selfbeeld dan maar net een van die uitvloeisels hiervan is (Hoffmann, 2013:23).

Aangesien kuberboelies nie rekenskap hoef te gee vir hulle dade nie aangesien hulle dit dikwels anoniem kan doen, is dit ook vir hulle makliker om selfs meer gemeen te wees. Boonop dink baie tieners in die hitte van ‘n woordewisseling nie aan wat hulle sê nie en dit vererger slegs die situasie nog verder (Harmon, 2004:2). Hierdie aspek hou verband met die feit dat daar by kinders ʼn gebrek aan emosionele volwassenheid is en as gevolg hiervan is daar heel dikwels die volle besef en insig rakende die skade wat aangerig word deur negatiewe opmerkings en boodskappe via sosiale media nie.

> *“In other words, the intended message can be misinterpreted because they lack the emotional maturity to interpret tone. The results, as we know, can sometimes be disastrous”* (Hoffmann, 2013:25).

Die prefrontale lobbe is die area van die brein waar die persoon bewustelik op hoogte is van sy/haar aksies en ook die gevolge daarvan. Hierdie area bereik egter eers volle wasdom gedurende die middel-twintigerjare. Omdat die tiener en adolessent as gevolg hiervan slegs gedeeltelik in staat is om al die gevolge en implikasies van hul optredes te begryp, is dit nodig dat die ouer dus soms *vir* hom/haar sal moet dink. Huddleston

(2015:107) beskryf hierdie aspek treffend soos volg:

> How do you get a 13-year-old whose frontal lobe hasn't developed to the point where it can truly anticipate consequences, how do you get them to really understand that?

‘n Verdere vorm van kuberboelie is om eksplisiete en negatiewe foto’s van iemand anders rond te stuur. Onder tieners staan dit veral bekend as ‘slut-shaming’ of ‘slut-slamming’ (Papas, 2013:58-59). Eksplisiete foto’s word dikwels ook as afpersmiddels gebruik sodat die kuberboelie byvoorbeeld verdere soortgelyke foto’s sou kon ontvang. Die feit dat ’slut-shaming’ beslis ‘n vorm van kuberboelie is, word ook bevestig deur Janine Shamos, ‘n berader en terapeut by die *South African Depression and Anxiety Group (SADAG)* vanuit hul daaglikse betrokkenheid by soortgelyke gevalle (Papas, 2013:58) .

Die uiteindelike gevolge van so ŉ proses kan impliseer seksuele teistering, swak reputasie (veral wat betref jong meisies), ‘n verwronge selfbeeld en selfpersepsie, eetversteurings, angs, selfdood en depressie (Papas, 2013:59).

### 3.7 KENMERKE VAN BOELIE

Die harde werklikheid van boelies is dat hulle dikwels ander boelie ten einde beter oor hulleself te voel. Boelies kom dikwels (nie altyd nie) uit huise waar daar ŉ gebrek aan stabiliteit is en waar dissipline en straf nie op ‘n konsekwente en regverdige wyse toegepas word nie (Anon, 2011:2).

Boelies se optrede kan ook dikwels voortspruit uit trauma wat nooit behoorlik verwerk is nie – geweld en aggressie is gevolglik die uitreagerende reaksie op soortgelyke onverwerkte en onderdrukte emosies (Sekudu, 2012:2). Depressie is een van die algemene uitvloeisels van hierdie proses en dit lei dikwels mettertyd tot ŉ botsing met die

gereg. Teen die ouderdom van 24 bevind 60% van seuns wat boelie hulself in die tronk (Anon, 2011:2). Alle boelie insidente binne die skool milieu moet gevolglik ernstig opgeneem word aangesien so ‘n proses later baie maklik kan lei tot haat-misdaad (*hate crimes*) en die oorsprong hiervan hou dikwels verband met aanvanklike verbale boelie (Lee, 2018:67).

‘n Aantal tipiese kenmerke van boelies sluit onder andere die volgende in:

- Boelies probeer om hulle eie gevoelens te verdoesel deur ander te probeer verkleineer en te verneder.
- Somtyds verander slagoffers van boelies self in boelies.
- Dit gebeur dikwels dat ‘n boelie byvoorbeeld ‘n slegte voorbeeld van dieselfde geslag ouer gehad het.
- Soos reeds genoem, speel die gevoel van mag en beheer gewoonlik ŉ oorheersende rol.
- Die satisfaksie wat ŉ boelie daaruit kry om iemand anders seer te maak, maak dikwels van ‘n boelie ‘n sadis en veroorsaak dat hy die dade weer en weer sal pleeg.
- Die boelie weet dikwels nie hoe om sy eie negatiewe gevoelens te hanteer nie en reageer dit dan uit deur middel van geweld en aggressie.
- Die geweld skep dikwels vir die boelie ‘n gevoel van innerlike sterkte wat in teenstelling staan met die diep donker gat van minderwaardigheid en neerslagtigheid waarin hy homself bevind.
- Heel dikwels is daar ŉ rolmodel rakende geweld aanwesig in die ouerhuis of familie – hiermee saam ook afwesige en onbetrokke ouers of sorgdraers (Feinson, 2008:180)

Olweus (2008:2-3) wys op die volgende faktore as bydraend tot onaanvaarbare optredes deur boelies:

- Boelies smag na mag. Hulle wil altyd in beheer wees en ervaar geen emosionele wroeging om ander emosioneel te verwond nie.

- Hulle put ŉ sekere mate van bevrediging uit die vernedering en aftakeling van ander.
- Boelies ontvang gewoonlik een of ander vorm van beloning vanuit hierdie onaanvaarbare optrede – dit kan wissel tussen byvoorbeeld iets afvat by die slagoffer tot selfs by die punt van vermeerderde status binne die portuurgroep as gevolg van die dominerende optredes.
- Boelies se ouers is dikwels nie betrokke nie. Die kinders kom maklik weg met alles wat hulle aanvang en aggressie word nie onmiddellik kortgeknip nie. Die ouers is nie betrokke by die kinders nie en onderrig aangaande grense ontbreek gewoonlik geheel en al.
- Binne die ouerhuis is daar heel dikwels ook huishoudelike geweld, soms rigiede outoritêre strukture en ŉ algemene gebrek aan liefde en vertroeteling.
- Die rol van geweld in films, DVD's en rekenaar speletjies word ook deur die navorsing as ŉ pertinente faktor uitgewys.
- Alhoewel sport soos stoei of boks baie goeie voordele inhou, moet 'n kind wat hieraan deelneem die nodige begeleiding ontvang. Die kind moet byvoorbeeld op hoogte wees van grense en dus presies weet waar die grense van die betrokke sport is.

## 3.8 ALGEMENE RIGLYNE AAN OUERS EN ONDERWYSERS

Dis belangrik dat die kommunikasie kanale tussen ouers en kinders deurgaans oop sal wees en dat kinders dus altyd die vrymoedigheid sal hê om met ŉ ouer te kan praat. Talle kinders het in gesprekke aangedui dat hulle nie van mening is dat ŉ gesprek met ŉ volwassene voordele sal inhou nie – baie was van mening dat dit juis die saak sou vererger (Anon, 2011:2).

'n Gesonde verhouding tussen kinders en onderwysers is ook noodsaaklik. Kinders voel ook maklik dat onderwysers bevooroordeeld is of hulle nie sal glo nie (Danby *et al.*, 2011:329). Die kind sou byvoorbeeld as gevolg van redes soos die volgende huiwerig kon wees om die onderwyser in hul vertroue neem:

- Dat die onderwyser hulle nie sal glo nie.
- Dat hulle in die moeilikheid sal kom.

In hierdie opsig het die berader dus ŉ belangrike rol om te vervul, naamlik om die kind aan te moedig om hul onderwysers te vertrou en te betrek.

Tydens ‘n studie deur die *UK Childline* is gevind dat ‘n fasiliteit soos ŉ inbelsentrum om boelies te rapporteer vir sekere kinders besonder effektief was. Dit het die slagoffer veilig en meer in beheer laat voel (Danby *et al.,* 2011:329). In hierdie selfde verband stel Seale (2013:56) voor dat ‘n skool effektiewe anti-boelie program platforms kan aanbied, byvoorbeeld ‘n blog of SMS-lyn, waar slagoffers en hul vriende die boelies (anoniem) aan die kaak kan stel. Verder kan leerders wat byvoorbeeld skrander is met rekenaar programmering, gevra word om ‘n toepassing (*app*) te ontwerp waardeur leerders anoniem klagtes aan die skool se bestuur kan deurgee deur middel van hul selfone.

Met betrekking tot die belangrikheid van ŉ stabiele huis en basiese waardes wat in plek moet wees, maak Salzwedel (2009:96) die volgende belangrike opmerkings:

> Kinders uit stabiele huise waar basiese aspekte soos liefde, erkenning, sekuriteit, regverdigheid, konsekwentheid en waardering volop is, sal selde ernstige gedragsprobleme toon. Sulke kinders is goed toegerus vir die toekoms, selfs al kom hulle uit ‘n brandarm gesin.

Salzwedel (2009:96) verduidelik verder dat daar aan kinders grense geleer moet word aangesien die kind op hierdie wyse leer wat reg en verkeerd is, maar ook hoe om hulself steeds op ‘n gesonde en aanvaarbare wyse te laat geld. Indien kinders hulself kan handhaaf en nie voortdurend erkenning najaag nie, dan spreek dit van innerlike sekuriteit – hulle kan dan ook onderskei ten opsigte van dit wat belangrik en aanvaarbaar in die lewe is.

Robertson (2015:65) wys op die benadering van die opvoedkundige sielkundige, Anita Decaires-Wagner, wat ouers aanmoedig om met onderwysers in gesprek te tree wanneer boelie plaasvind. Tesame kan daar dan gepoog word om die betrokke kinders betrek te kry ten einde hopelik die probleem hanteer te kry. Daar moet gevolge vir die skuldige

wees, maar daar moet ook gewaak word teen oormatige ekstreme optredes. Dit is verder belangrik dat ouers enige boelie situasie kalm en nugter sal hanteer en hulself ook op hoogte sal stel van alle tersaaklike feite en inligting. Om hiertoe in staat te wees, is dit belangrik dat ouers fyn sal luister na hul kinders. Monitor hul kommentaar deeglik en gereeld en indien daar enige rooiligte is wat flikker dan moet daar opgetree word. Hanteer die situasie oordeelkundig aangesien die kind se vertroue maklik geskend kan word en dan sal dit alle toekomstige kommunikasie negatief beïnvloed (Robertson, 2015:65).

### 3.8.1 Praktiese maatreëls

- Tree in gesprek met jou kind indien dit enigsins sou blyk dat hulleself die oortreders is in terme van boelie – hulle moet weet dat daar gevolge is indien hulle die basiese reëls oortree.
- Leer aan kinders dat hulle ‘n reg het om te sê hoe hulle voel en dat hulle vir hulself mag opstaan – dus selfhandhawend mag wees.
- Enige vorm van boelie moet onmiddellik getermineer word en beswaar teen gemaak word – kinders wat op hierdie wyse ferm kan optree dien tegelykertyd ook as rolmodelle vir ander kinders.
- Moedig kinders aan om dadelik te praat as hulle weet iemand word geboelie en gee dan ook besondere erkenning aan sulke optredes.

Werk saam met die kind se skool en selfs ook sekere strukture binne die gemeenskap ten einde boelie stop te sit (vgl. Anon, 2011:2-3).

Lee (2018:3) gee die volgende praktiese riglyne met betrekking tot die interaksie met kinders wat geboelie word:

- Hou in gedagte dat om die slagoffer van ‘n boelie te wees, vir ‘n kind baie vernederend kan wees.
- Doen alles denkbaar om dit nie te vererger nie.
- Moet nie vra waarom die kind dit nie gekeer het nie.

- Moet nooit vir die kind sê om net 'n boelie te ignoreer nie.
- Gee aan kinders duidelike riglyne van hoe om 'n boelie situasie te hanteer.
- Gee ook duidelike riglyne oor wie hulle moet nader by die skool as hulle geboelie word.
- Wanneer kinders selfhandhawend kan optree en die regte dinge doen en sê te midde van stresvolle situasies moet hulle die nodige erkenning ontvang.
- Hou die kommunikasie kanale met kinders oop en moedig hulle aan om oor positiewe en negatiewe ervarings te kommunikeer.
- Leer kinders hoe om 'n krisis te hanteer sonder om geweld of aggressie te gebruik.
- Moedig kinders aan sosiaal te kan verkeer binne en buite skoolverband. Hoe groter die vriendekring hoe groter die ondersteuningsraamwerk in tye van krisis of wanneer sekere vriende negatief sou optree.

### 3.8.2 Die ouer as ondersteuner

Wat die rol van sosiale media betref, is dit belangrik dat ouers op hoogte sal wees van basiese beginsels en praktyke - sodoende sal daar verstaan kan word waarom dit vir kinders belangrik is. Indien die ouer in hierdie verband nie die nodige begrip toon nie gaan die kind dit bloot vermy om oor 'n boelieprobleem te praat, uit vrees vir die ouers se reaksie (Anon, 2018:1).

Dit is verder belangrik dat ouers nie by voorbaat die belofte aan die kind moet maak dat hulle sal swyg oor die boelie nie. Ouers sal soms geen ander keuse hê as om daadwerklike stappe te neem ten einde te verhoed dat die situasie uiteindelik 'n tragiese einde sou kon hê (Roberston, 2015:65). Alhoewel kinders oor die algemeen uiters vaardig is met die moderne tegnologie, is hulle dikwels nie behoorlik ingelig ten opsigte van die gevare wat die internet ook vir hulle kan inhou nie en daarom moet hulle gewaarsku word om geen persoonlike inligting met enige vreemdelinge aanlyn te deel nie en eerder ruimtes soos kletskamers moet vermy. Verder is dit belangrik dat ouers toegang sal hê tot alle wagwoorde van alle sosiale media rekeninge en ook e-posadresse. Ouers moet ook op hoogte wees ten opsigte van waar en by wie hul kind die internet gebruik. Kinders moet ook nie gestraf word vir iets wat nie hulle skuld is nie (Rademeyer, 2010; Hoffmann

2013:24).

Daaglikse beperkinge ten opsigte van ure voor skerms is belangrik. In hierdie opsig is die algemene reël dat vir elke uur wat die kind voor ŉ skerm is, hulle ook ŉ uur buite die huis moet verkeer, veral in terme van sport en ontspanning (hierdie ure voor skerms geld nie noodwendig opvoedkundige en akademiese aktiwiteite nie) (Hoffmann, 2013:24). Wat ouer kinders betref, stel Chapman en Pellicane (2014:19) dit soos volg: *"Although each family should use personal judgement on the amount of screen time, every family must set clear boundaries."* In hierdie opsig is dit ook belangrik om aan kinders te leer om die regte besluite te neem ten opsigte van die inhoud van programme.

Wanneer kuberboelies ŉ kind begin teister dan moet alles moontlik gedoen word ten einde die boelie se toegang op al die kind se sosiale media te blokkeer en ook toegangskodes te verander. Indien die boelie aan die kind bekend is, is dit ook belangrik dat die ouer die boelie se ouers in kennis sal stel van die gebeure. Verder moet die skool ook in kennis gestel word en alle bewyse gestoor word vir moontlike latere hantering. Hanteer die situasie versigtig. Die ouers moenie die situasie vererger deur beheer oor hulle emosies te verloor nie. (Covenant Eyes, 2013:8-10).

Ouers moet krisissituasies soos hierdie gebruik ten einde 'n negatiewe ervaring in 'n leergeleentheid vir die kind te omskep. Nuwe vaardighede kan in die proses aangeleer word wat dan in die toekoms in soortgelyke situasies toegepas kan word. Kinders moet ook reeds van vroeg af die waarde van empatie en meelewing en omgee vir ander aanleer. Dit sal hulle soveel te meer bemagtig ten einde moeilike en ongemaklike situasies te hanteer (Leopold, 2013:5). Die tipiese boeliesituasie kan volgens Olweus (1997:506) ook 'n ideale geleentheid skep om te deel met 'n verskeidenheid van ander moontlike onderliggende probleme y die betrokke slagoffer en/of oortreder en hul gesinne.

## 3.9 TAAK VAN DIE PASTORALE BERADER AS DEEL VAN ‘N MULTIDISSIPLINÊRE SPAN

Wanneer daar met kinders gewerk word wat uit stabiele huise kom, is die standvastigheid duidelik waarneembaar – sulke kinders was gewoonlik omring met liefde, gebalanseerde dissipline, erkenning en sekuriteit. Aspekte soos hierdie sal dan ook belangrike komponente wees as deel van ’n pastorale benadering tot die geboeliede kind (Coetzer, 2019:84).

### 3.9.1 Die kind se identiteit in Christus

‘n Kind se selfbeeld en selfvertroue is van kardinale belang om te verseker dat die kind ’n gebalanseerde lewensbenadering het. ‘n Kernaspek in hierdie opsig behels dat die kind sekerheid sal hê ten opsigte van hul identiteit in Christus. Die basiese vertrekpunt hier sal wees om die kind te begelei tot geloofsekerheid indien dit nog sou ontbreek. Kinders wat vroeër wel geloofsekerheid ervaar het en daarna geboelie is, sou maklik daarna kon twyfel aan God se persoonlike bemoeienis met hulle en ook in hierdie opsig sal die berader begeleiding moet doen. Daar moet dus sekere gemaak word dat die kind wel vir Jesus Christus as Saligmaker aangeneem het en dat die Ewige Lewe dus nou ook hierdie kind se erfenis is (Coetzer, 2019:84).

Indien die kwessie rakende geloofsekerheid in plek is, kan daar verder aan die kind se identiteit in Christus aandag geskenk word – dit wat gewoonlik deur die aftakelende optredes van die boelies afgebreek is. Die volgende drie aspekte tesame met ondersteunende Skriftuurplase is in hierdie verband belangrik en die kind moet begelei word na ’n punt waar daar met elk van die betrokke Skrifgedeeltes geïdentifiseer kan word (vgl. Pieterse, 2010:416):

- Christus het my aanvaar

    - Johannes 1:12
    - 1 Petrus 1:1
    - 1 Johannes 2:7
    - Romeine 8:9
    - Kolossense 1:14

- Kolossense 2:10

- Christus hou my veilig

  - Galasiërs 5:1
  - Romeine 8:35
  - Johannes 10:28-29
  - Filippense 1:6
  - Romeine 8:28

- Christus sien my as belangrik

  - Matteus 5:13-14
  - Handelinge 1:13
  - Efesiërs 3:12
  - Filippense 4:13

(vgl. **Bylaag B**)

### 3.9.2 Grense en dissipline

‘n Kind sonder grense en dissipline lei gewoonlik tot probleme en spanning vir hulself en in verhouding tot ander. Kinders met 'n gebrek aan standvastige grense nie raak maklik die pad byster en in die proses sal hulle ook nie ander individue se grense respekteer nie. Die probleem rakende afwesige ouers en gevolglik gesinne wat disfunksioneel is en basies sonder dissipline funksioneer, is aan die orde van die dag (Hammond, 2010). Die innerlike vakuum wat dit by kinders laat word gevolglik deur verskillende negatiewe opsies soos gewelddadige televisieprogramme en pornografie gevul en aspekte soos hierdie het ‘n direkte invloed op die uiteindelike persoonlikheid en karakter van die kind. In hierdie verband is die woorde van Efesiërs 5:15,16 besonder van toepassing: *“Wees baie versigtig hoe julle lewe. Moenie soos ‘n dwaas leef nie, leef wys! Benut elke geleentheid, want ons lewe in slegte tye”* (Hammond, 2010).

Indien dit sou blyk dat die geboeliede kind 'n probleem ervaar rakende die handhawing

van grense dan kan die berader hom/haar aan die hand van die volgende Skriftuurlike beginsels begelei ten einde die konsep van grense te kan verstaan en in die toekoms te kan toepas (vgl. Cloud & Townsend, 2017:260ev):

- God is ‘n Wese op Sy eie en Hy definieer Homself baie duidelik in die Woord. Hy neem ook verantwoordelikheid vir Wie Hy is en vir dit waarvoor Hy verantwoordelik is. Hy formuleer ook baie duidelik dit wat Hy goedkeur en wat Hy afkeur. Selfs wat betref die Drie-eenheid is daar grense, alhoewel al drie een is – tog is hulle onderskeie Persone en elkeen het ʼn besondere terrein waarop Hy funksioneer.
- Net so is elke menslike persoon ook uniek met ‘n eie persoonlikheid, verantwoordelikhede en grense. Soos reeds genoem, stel God dit baie duidelik wat Hy duld en wat nie en daarom straf Hy onverantwoordelike gedrag en wil Hy ook te alle tye Sy kinders beskerm teen die gevolge van verkeerde dade, sonde en grensoorskrydings deur ander.
- God respekteer ook die grense van mense en Hy verwag dat ons dieselfde sal doen met betrekking tot ons medemens. Kinders moet gevolglik onderrig word aangaande hul eie grense en beperkinge asook die grense van ander. Terselfdertyd moet hulle ook bewus wees van hul eie talente, gawes, passies en sterk punte asook die vermoë om dit te bestuur en te hanteer - dit alles sal bydra tot die neerlegging van gepaste grense.
- Kinders met gebrekkige grense vind dit gewoonlik moeilik om nee vir ‘n antwoord te aanvaar terwyl hulle ook moeilik teen groepsdruk weerstand kan bied. Hulle aksies is baie selfgesentreerd en hulle neig om onmiddellik hul sin te wil hê – hulle beskik dus nie oor die vermoë ‘*to delay gratification’.* Basiese Bybelse beginsels sal gevolglik met so ʼn kind deurgewerk moet word aangaande ʼn konsep soos om te kan wag op die regte tyd – verder ook ten opsigte van aspekte soos lankmoedigheid, geduld, geestelike uithouvermoë en geestelike volharding.

### 3.9.3 Die kind moet leer wat aanvaarbaar is en wat nie

Hammond (2010) stel dat die oormatige voorkoms van geweld wat skole vandag op hande het, basies oorwegend verband hou met die volgende aspekte:

- Kinders wat nie die onderskeie tussen reg en verkeerd ken nie.
- Die Tien Gebooie asook die skeppingswaarhede wat in baie huise misken en verwaarloos word.
- Onkunde met betrekking tot die inhoud en implikasie van Jesus se onderrig.
- Die feit dat 'n Christelike opvoeding en lewenswandel vir talle persone nie meer van belang is nie.

Kinders moet gevolglik reeds van jongs af geleer word wat aanvaarbaar is en wat onaanvaarbaar is. Aspekte soos selfsug en ook egoïsme is aan die orde en kinders begelei word in die identifisering van karaktereienskappe soos hierdie. Om 'n dissipel van Jesus Christus te wees beteken juis diensbaarheid terwyl die eie ek op die agtergrond moet wees (vgl. Mat 16:24; 20:28; Coetzer, 2019:85-86).

### 3.9.4 Die onderrig en toerusting van jongmense

Kinders sal op hoogte gebring moet word ten opsigte van die basiese aspekte gekoppel aan die problematiek van boelie. Die risiko is baie kleiner dat kinders wat oor hierdie nodige toerusting beskik, uiteindelik in die strikke en slaggate sal beland. In hierdie opsig het die kerk, skool en ouers 'n uiters belangrike taak om te vervul (Coetzer, 2019:86).

### 3.9.5 Identifisering en vervanging van die leuen

Dit is baie belangrik dat die leuens wat boelies hulle slagoffers laat glo, geïdentifiseer en vervang sal word met waarhede vanuit die Skrif (die inhoud van **Bylaag C** is in hierdie opsig baie belangrik).

Tipiese leuens waarmee die boelieslagoffer sou kon worstel, is onder andere die volgende:

- Die boelie beklemtoon hoe sleg en hopeloos die slagoffer is. Die inhoud van Romeine 8:29 stel die teendeel: "*Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun...*"

- Daar mag nie gehuil word nie omdat dit 'n teken van swakheid is. Hierteenoor stel Johannes 11:35 egter dat Jesus gehuil het by die graf van Lasarus.
- Van die boelieslagoffer word verwag om stil te bly en te berus by die onreg. Sagaria 8:16 stel egter die teendeel: *"Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak..."*
- Die slagoffer word gekondisioneer dat hy/sy atyd 'n verloorder sal wees. 2 Korintiërs 2:14 sê egter aan die slagoffer dat hulle in Christus oorwinnaars kan wees: *"Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog..."*
- Die boelie beskryf die slagoffer as swak, magteloos en hulpeloos. 2 Korintiërs 12:9 stel egter die feit dat God juis werk wanneer iemand swak is: *"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is..."*
- Die slagoffer voel minderwaardig en nutteloos. Filippens 4:13 stel egter die teendeel: *"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."*
- Slagoffers voel dikwels onveilig, onseker en kwesbaar. Hierteenoor beskryf Psalm 91:2 God as 'n veilige vesting: *"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."*

Geestelike bemagtiging van die geboeliede kind is 'n uiters belangrike sleutel en deel hiervan is om so 'n kind ook toe te rus ten einde in staat te wees om vooruit te kan dink en te kan beplan. Om tentatiewe moeilike situasies vir die kind te skets en dan saam met hulle deur dit te werk, kan hulle toerus vir wanneer hulle hulself dan wel later in soortgelyke situasies sou bevind. Dit kan dan ook gekoppel word aan basiese Bybelse beginsels van beplanning en strategie. Basiese riglyne vanuit Skrifgedeeltes soos Luk 14:28-30 en Lukas 14:31-32 sou hier dan ook met die kind bespreek kan word (vgl. Coetzer, 2019:86).

### 3.9.6 Wat jy saai sal jy maai

Kinders moet toegerus word met die beginsel van aan ander te doen dit wat hulle graag aan hulself gedoen wil hê. Matteus 7:12 verwoord hierdie beginsel treffend soos volg: *"Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen."* Afriforum het in 2017 met 'n anti-boelieprojek begin naamlik 'Boelie-polisie'

wat juis die klem plaas op hierdie beginsel. Die oogmerk met hierdie aksie is ook daarop gemik om kinders toe te rus om op ’n konstruktiewe wyse konflik te hanteer en daarom word die aspek van trauma ook geïnkorporeer in hierdie program – berading word ook aan kinders gebied wat geboelie en getraumatiseer is (Rademeyer, 2017).

### 3.9.7 Christus se hantering van boelies

Boyd (2012:xxii) gee ’n baie sinvolle beskrywing van die volgende tipiese beginsels wat vanuit Jesus se optrede teenoor boelies afgelei kan word:

- Moenie die boelies vertrou tensy daar ‘n baie goeie rede is nie. Vergewe hulle wel.
- Die kind moet sy afstand hou tydens gevaar soos wat Jesus dit ook gedoen het in Sy interaksie met byvoorbeeld die Fariseers en Sadduseers.
- Die kind moet op sinvolle doelwitte fokus soos wat Jesus op Sy doelwitte gefokus het, naamlik verlossing en genesing van mense.
- Daar moet nie aan boelies status gegee word nie - Jesus het dit ook nie gedoen nie.
- Daar moet opgestaan word vir slagoffers van boelie, net soos wat Jesus gedoen het.
- Jesus het die strikke wat vir hom gestel was vermy – die boelieslagoffer moet dit ook doen.
- Die geboeliede kind moet begelei word om nie die rol van ’n slagoffer in te neem nie net soos wat Jesus Christus deurgaans die Oorwinnaar was en nie die slagoffer nie.

Met hierdie standpunte in ag geneem kan praktiese riglyne soos die volgende toegepas word:

- Handhaaf grense en wees ferm met liefde teenoor die boelies.
- Die geboeliede kind deeglik bewus wees van hul sterkte en krag in Christus Jesus.
- Die geboeliede kind moet emosioneel en geestelik toegerus word en geleer word om hul stem te kan gebruik.

- Hulle moet ingeskerp wees ten opsigte van slaggate en weet hoe om dit te vermy.
- Sover moontlik moet 'n distansie gehandhaaf word ten opsigte van boelies.
- Wees bereid om te vergewe maar moet nie te maklik vertrou nie (tensy dat daar duidelike tekens van 'n ommekeer is).
- Alle vorme van intimidasie moet teengestaan word.
- Daar moet 'n sterk en gesonde ondersteuningstelsel in plek wees.
- Lewensdoelwitte moet geïdentifiseer word en deur die krag van die Heilige Gees nagestreef word.

Boyd (2012:83-86) wys verder onder andere op die volgende twee situasies soos beskryf in die Evangelies en waar Jesus telkens 'n boelie of boelies moes hanteer:

- In die tempel: Diere wat skynbaar nie geskik was vir offers nie (selfs al was daar nie regtig veel fout nie) sou afgekeur word en dan was hulle verplig om teen heelwat duurder pryse diere te koop by die handelaars (boelies). Verder was daar ook baie korrupsie sowel as die uitbuiting van die armes. Die geldwisselaars het ook baie wins gemaak as daar tussen die Romeinse en Griekse geldeenhede gewissel is. Die area buite die tempel was verder ook veronder stel om 'n area van rus en stilte te wees wat bevorderlik is vir gebed, maar dit is alles ontwrig deur die klomp handelaars. Almal het geweet van die onreg maar niemand was bereid om stappe te neem nie. Jesus het baie ontsteld geraak oor hierdie uitbuiting en ontwrigting en daarom dat Hy die tafels omgegooi het en almal uitgejaag het (vgl. Joh 14:2; vgl. ook Walvoord & Zuck, 2002:254).

- Maria word deur Jesus verdedig: Tydens ‘n ete wat Jesus by Lasarus se gesin geniet het, het Lasarus se suster, Maria, Jesus se voete met duur salf ingevryf. Judas, wat 'n oneerlike persoon was, het haar aangeval daaroor en wou weet waarom die salf nie eerder verkoop was en die geld aan die armes gegee was nie. Jesus het egter in die situasie vir Maria verdedig en teen die boelie (Judas) opgestaan. Hierdie is inderdaad ‘n groot geskenk om aan iemand te gee in die teenwoordigheid van ‘n boelie en ander. *“When we do this, we move from bystander to defender to advocate”* (Boyd, 2012:85).

Jesus dra kennis van die pyn en trauma van elke boelie – net so ook wat betref elkeen wat geboelie word, asook die bystanders en toeskouers. Hy het egter die dood oorwin en opgestaan uit die graf en daarom is heling moontlik en is ŉ lewe in oorwinning saam met Hom moontlik. "*We don't need to be afraid any more"* (Boyd, 2012:86).

Susan Boyd het die volgende mooi gebed geskryf in haar boek, *Bullies* (2012:87):

***Standing By***

*Lord, I thought you didn't care,*
*That you passively stood by.*
*Now, I know you were there,*
*Hearing my silent cry.*

*You care for the bullied*
*And for those who inflicted the pain.*
*You care for the bystander*
*Who never came*

*You are still standing by,*
*Never far away from me.*
*Your Holy Spirit living in my life*
*Continues to make me free*

.

## 3.10 KUBERBOELIE

### 3.10.1 Die tendens ten opsigte van kuberboelie

Die verskynsel van kuberboelie kan by wyse van die volgende aantel definiërings verklaar word:

- Dit gaan oor die opsetlike en herhaalde skade/leed wat berokken word deur die gebruik van rekenaars, selfone en ander elektroniese toestelle (CovenantEyes, 2013:4).
- ‘n Kuberboelie is iemand wat digitale media gebruik om met opset valse, vyandige en vernederende informasie aangaande ‘n spesifieke persoon te kommunikeer (Chapman & Pellicane, 2014:152).
- Kuberboelie impliseer die gebruik van e-posse, SMS’e (*instant messaging*), kletskamers (*chat rooms*), ‘*pagers*’, selfone, tablette, sosiale media platforms en ander vorme van inligtingstegnologie om opsetlik ‘n spesifieke persoon te treiter, dreig of intimideer (Huddleston, 2012:37; 2015:94).
- Anders as in die geval van fisiese boelie waar ‘n sterker en groter kind gewoonlik ‘n swakker kind domineer of seermaak, kan kuberboelie deur ‘n swakker persoon gedoen word wat skuil agter die veiligheid van ‘n rekenaar en die Internet. Anders as in die geval van fisiese boelie kan ‘n kuberboelie basies ook anoniem bly deur byvoorbeeld ‘n tydelike epos rekening te gebruik, skuilname wanneer hy/sy in kletskamers (*chatrooms*) betrokke raak of SMS boodskappe stuur. Die oogmerk is byna deurgaans om die slagoffer te verneder (Hart & Hart Frejd, 2013:122).

‘n Verdere probleem met betrekking tot kuberboelie is die feit dat ouers oor die algemeen nie oor die vaardighede beskik ten einde werklik en effektief tieners se internetgebruik te verstaan en te kan monitor nie (Waasdorp & Bradshaw, 2011:1). Indien kinders op hierdie wyse vrye toegang sonder die nodige supervisie tot die internet het, skep dit soveel te meer die geleentheid vir kuberboelies om sulke kinders te kan teister en manipuleer.

### 3.10.2 ’n Parallel tussen kuberboelie en fisiese boelie

Navorsing toon aan dat indien ‘n kind aanlyn geboelie word daar ‘n groot moontlikheid is dat hulle ook fisies geboelie word (CovenantEyes, 2013:7). Elke geval van boelie moet ernstig opgeneem word omdat boelie geweldige psigologiese skade kan berokken, nie slegs aan die slagoffer nie maar ook aan die oortreder. Die organisasie SADAG (*South African Depression and Anxiety Group*) het byvoorbeeld bevind dat kinders wat ander boelie, neig om uiteindelik aggressiewe volwassenes te word en dat bykans 70% van

skoolboelies ten minste een kriminele skuldigbevinding het teen die ouderdom van 24 (Lo, 2012:24).

Indien fisiese boelie met kuberboelie vergelyk word dan kan die situasie aan die hand van die volgende tabel geïllustreer word (vgl. Payne & Van Belle, 2017:3):

| **Boelie** | **Kuberboelie** |
|---|---|
| Die boelie is meestal fisies groter en sterker as die slagoffer of binne 'n hoër sosiale rangorde as die slagoffer. | Kuberboelies se mag lê daarin dat hulle anoniem hul dade kan pleeg. |
| Hierdie tipe boelie manifesteer veral op skoolgronde, parke en ander openbare plekke. | Kuberboelies kan hulle slagoffers teiken op enige plek en enige tyd. |
| Oor die algemeen word daar nie konkrete skadelike materiaal ten opsigte van die slagoffer versprei nie. | Skadelike materiaal en inligting word dikwels versprei deur middel van die elektroniese media. Dit vererger die slagoffer se pyn en lyding soveel te meer. |
| Daar is gewoonlik onmiddellike reaksie en gevolge op die fisiese boelie vir die oortreder om waar te neem. | Indien die kuberboelie nie onmiddellike reaksie ontvang op hul boodskappe, kommentaar en so meer nie kan dit hulle aanspoor tot selfs meer intense treitering en aftakeling. |

## 3.11 VERSKILLENDE PROGRAMME

### 3.11.1 Die Olweus Boelie Voorkoming Program

Dit was maar eers gedurende die vroeë sewentiger jare dat daar begin is met akademiese navorsing aangaande die tema van boelie. Die mees bekende navorser in hierdie verband is Prof Dan Olweus wie se navorsing reeds gedurende hierdie vroeë fase ‘n aanvang geneem het. Gedurende die eerste paar jaar was die aanvanklike navorsing ook grootliks beperk tot die Skandinawiese lande. Gedurende die tagtiger en negentiger jare het die verskynsel van boelie-gedrag egter onder owerhede se aandag begin kom in verskeie ander lande soos Japan, Engeland Nederland, Australië, Kanada en die VSA. Tans is dit ‘n tema wat globaal onder die soeklig is (Limber, 2011:71; vgl. ook Coetzer, 2019:8).

In 1983 het drie adolessente seuns in Noorweë selfmoord gepleeg as gevolg van aanhoudende afknouery wat hulle ervaar het deur maats. In reaksie op hierdie publieke tragedie het die Noorweegse Ministerie van Opvoeding ‘n nasionale veldtog geloods om boelie in skole teë te werk. Dit was binne hierdie konteks dat die *Olweus Bullying Prevention Program* (OBPP) aanvanklik ontwikkel is (Olweus, 1997:496). Daarna is hierdie program mettertyd verfyn tot waarskynlik die bes nagevorsde en effektiewe program aangaande boelie onder skoolkinders (vgl. Limber, 2011; Olweus, 1997; Olweus, 2007; Solberg & Olweus, 2003). Volgens hierdie benadering word boelie deur die volgende drie kriteria getipeer:

- Aggressiewe of opsetlike benadeling/kwetsing (*harmdoing*)
- Die aksie vind herhaaldelik en oor ‘n tyd plaas.
- Dit vind plaas binne ‘n interpersoonlike verhouding gekarakteriseer deur ‘n wanbalans van krag – die gedrag van boelie vind ook plaas sonder provokasie.

Die oogmerke met hierdie program is om bestaande boelie probleme by ’n skool te verminder, die ontwikkeling van nuwe boelie probleme te voorkom en om verhoudings tussen medeleerders te verbeter. Ten einde dit te kan bereik, word skole aangemoedig om die skoolomgewing te herstruktureer sodat geleenthede en belonings vir boelie verminder kan word en ook ‘n gevoel van samehorigheid/eenheid onder leerders en

volwassenes in die skool gevestig kan word.

Hierdie program se vier basiese vertrekpunte impliseer dat volwassenes:

- ‘n Gevoel van warmte, betrokkenheid en belangstelling ten opsigte van hul leerders sal toon.
- Ferm riglyne sal handhaaf rakende onaanvaarbare gedrag.
- Gebruik sal maak van konsekwente, nie-fisiese, nie-vyandige negatiewe gevolge vir die oortreding van reëls – hierby geïmpliseer is ook die monitering van leerlinge se gedrag in en buite die skool.
- Volwassenes tuis en by die skool sal optree as outoriteite en positiewe rolmodelle.

Hierdie beginsels wat vanuit navorsing aangaande aggressiewe gedrag geformuleer is, is vervolgens vervat in spesifieke program komponente wat toegepas word binne die volgende vier vlakke:

- ***Binne die skool***

  - Vestig ‘n *Boelie Voorkoming Koördinering Komitee* (BVKK).
  - Doen opleiding vir die BVKK en alle personeel.
  - Laat alle leerlinge ‘n boelie vraelys invul (vgl. in hierdie verband **Bylaag D**)
  - Hou onderlinge groepbesprekings met personeel.
  - Bespreek en stel die skool se reëls teen boelie bekend.
  - Doen ‘n oorsig van en verfyn die skool se toesighoudende sisteem.
  - Reël ‘n bekendstellingsgeleentheid waarby die hele skool betrek word en waardeur die boelie program formeel geloods word.
  - Betrek die ouers.

- ***Binne die klaskamer***
-
  - Stel die skool se reëls ten opsigte van boelie op alle moontlike vlakke bekend en pas dit toe.

- Hou gereelde (weeklikse) byeenkomste/besprekings in die onderskeie klasse ten einde die tema van boelie en aanverwante temas te bespreek.
- Onderwysers moet vergaderings reël met die ouers van leerders in hul onderskeie registerklasse.

- ***Op persoonlike vlak binne interaksie met die individu***

  - Daar moet supervisie en toesig wees rakende leerders se aktiwiteite.
  - Daar moet sorg gedra word dat personeellede tussenbeide sal tree op tonele waar boelie ook al waargeneem word.
  - Reël individuele gesprekke met slagoffers en oortreders.
  - Reël afsprake met die ouers van al die betrokke leerders (slagoffers en oortreders).
  - Ontwikkel individuele intervensie strategieë vir die betrokke studente volgens elkeen se situasie en verhaal.

- ***Binne die gemeenskap***

  - Betrek lede vanuit die gemeenskap by die BVKK.
  - Ontwikkel 'vennootskappe' (*partnerships*) met lede en instellings binne die gemeenskap ter ondersteuning van die skool se anti-boelie program.
  - Neem inisiatief ten einde anti-boelie boodskappe en gesonde beginsels binne die gemeenskap bekend te stel en te propageer.

### 3.11.2 Kind-Gefokusde COP: Anti-Boelie Program

In 2016 ontwikkel drs A.G. Adlem en Y. Steyn die bovermelde anti-boelieprogram in samewerking met Prof Marie Ubbink en dr J.P.D. Steytler (vgl. Adlem & Steyn, 2016:1).

COP staan vir:
C – Consideration
O – Opportunity
P – Participation

Die doelstellings van hierdie program behels die volgende:

- Bevordering van 'n afname in probleme met boelies
- Voorkomende maatreëls ten opsigte van moontlike toekomstige boelie gedrag.
- Bevordering van verbeterde verhoudings binne portuurgroepe.

Hierdie program word by wyse van die volgende sewe sessies aangebied:

- Sessie 1: Inleiding en bekendstelling
- Sessie 2: Wat is boelie?
- Sessie 3: Hoe verskil boelie en konflik van mekaar?
- Sessie 4: Hoe maak ek vrede met myself indien ek 'n slagoffer van boelie was?
- Sessie 5: Hoe word die bystaander bemagtig?
- Sessie 6: Die verskynsel van kuberboelie.
- Sessie7: Evaluering en afsluiting.

Die onderskeie sessies word gewoonlik in groep verband gedoen. Van aanbieders word verwag om die nodige voorbereidings te tref wat onder andere impliseer dat alle relevante inligting van elke deelnemer bekom sal word; dat daar verder seker gemaak sal word dat alle deelnemers op hoogte is van die beplande doelwitte en ook die samestelling van die groep sal verstaan; dat 'n register gehou sal word met die nodige datums; dat daar deurgaans notas gemaak sal word rakende die verloop van die proses en aan die einde ook 'n volledige verslag opgestel sal word (Adlem & Steyn, 2016:9).

## 3.12 PORTUURGROEPBERADING

'n Verdere oplossing waarna skole (soos wat byvoorbeeld in Engeland gebeur) kan kyk, is om berading aan te moedig en te fasiliteer binne die konteks van portuur-groepe, veral ten opsigte van situasie van boelie (Lines, 2005:19). Hierdie tipe berading impliseer dat die portuurgroep mekaar bystaan, beraad en ondersteun (Lines, 2005:19). Die kinders wat deel is van die portuurgroepberading moet ook die nodige opleiding ontvang en in hierdie verband sal toesig van kardinale belang wees (Hurst, 2001:10). Hierdie portuurgroepberading kan 'n besondere funksie vervul aangesien maats mekaar dikwels

makliker vertrou. Daar is bevind dat kinders nie maklik teenoor ʼn onderwyser of teenoor hul ouers sal erken dat hulle geboelie word nie (Lines, 2005:20). Die geboeliede slagoffer moet gewoonlik eers ʼn punt van totale wanhoop en moedeloosheid bereik voordat hulle met die feit na vore sal kom. Wanneer hulle egter hul situasie sou deel met lede van hul portuurgroep sal hulle ook voel dat hulle meer in beheer van die situasie is (Lines, 2005:20).

Widdicombe en Wooffit (soos in Lines, 2005:20) verduidelik dat lede van ʼn portuurgroep dikwels baie ondersteunend kan wees teenoor mekaar ten opsigte van hulle persoonlike ontwikkeling, onsekerhede en twyfel wat daar mag wees asook wat betref hulle vordering onderweg na volwassenheid. Sodoende leer elkeen van die groep, hoe sterk of hoe swak ook al, iets van hulself maar ook van ander (Lines, 2005:20). Daar is ook in ʼn studie met betrekking tot die funksionering van sulke ondersteuningsgroepe bevind dat daar minder gevalle van boelie aangemeld is, wat daarop dui dat die berading binne kinders se portuurgroep tog suksesvol was (Naylor & Cowie soos in Lines, 2005:20). Van die aantal kinders wat deelgeneem het aan hierdie studie het 82% aangetoon dat dit hulle geweldig gebaat het by die aksie (Naylor & Cowie soos in Lines, 2005:20). Cowie (soos in Hurst, 2001:10) verduidelik dat hierdie berading wat die kinders in hulle portuurgroep doen, hulle help om ontslae te kan raak van bepaalde persepsies oor ander kinders en insig te verkry met betrekking tot die feit dat almal se lewens verskil en dat elkeen se situasie uniek is. In die proses leer hulle om ander te respekteer en oordeel hulle mekaar nie so maklik soos voorheen nie. Hulle leer ook hoe om probleme vinnig raak te sien en dit korrek te benader en uiteindelik op te los (Hurst, 2001:12).

### 3.13 PASTORALE STEUNGROEP

Tesame met die portuurgroep beradingsprogram soos beskryf in 2.11 is dit ook belangrik dat daar ʼn effektiewe pastorale ondersteuningstelsel in plek sal wees. In hierdie verband sal die kerk (byvoorbeeld ʼn jeugleraar), pastorale beraders en ook die ouers as onderskeie rolspelers elkeen ʼn belangrike rol kan vervul.

Matthew Selekman (2002:121) is iemand met geweldig baie ervaring ten opsigte van jongmense wat hulself sny (selfmutilering). Hy wys op ʼn belangrike konsep wat hyself

dikwels in die praktyk toepas en wat vanuit ŉ pastorale oogpunt beslis ook baie effektief sal wees ten opsigte van die begeleiding van geboeliede slagoffers. In sy begeleiding van jongmense betrek hy gewoonlik in ŉ stadium ander jongmense as 'gas-beraders' wat self reeds deur dieselfde traumatiese proses vroeër in hul lewens gegaan het en suksesvol begelei is onderweg na heling en genesing. Sulke jongmense sou dan ook vanuit ŉ geestelike hoek met die boelieslagoffer hul ervarings kan deel asook in besonder die rol wat hul geloof deur die hele proses vervul het. Hierdie aspek sal dan ook baie nou aansluit by die punt 2.11 wat gehandel het oor portuurgroepberading.

ŉ Verdere belangrike en effektiewe komponent en hulpmiddel binne hierdie ondersteuningsraamwerk vir die geboeliede slagoffer sal wees die opstel van ŉ sogenaamde gesin internet veiligheids-kontrak (vgl. Covenant Eyes, 2013:13). ŉ Berader of jeugleraar sou hier as fasiliteerder kon optree tussen die kind en hul ouers en waar beide partye dan die kontrak onderteken (vgl. Bylaag A vir ŉ voorbeeld van so ŉ kontrak). Hierdie kontrak kan uiteraard help om die kind meer veilig te laat voel ten opsigte van gebruik van die internet (soos reeds aangedui vind 90% van boelie deesdae plaas deur middel van die sosiale media op die internet).

Dit is ook van besondere belang dat die pastorale steungroep die boodskap van hoop sal kommunikeer aan die boelieslagoffer. Hierdie persoon het so dikwels die teenoorgestelde boodskap ontvang van hopeloosheid en uitsigloosheid en daardie leuens moet nou gekorrigeer word. Met die ondersteuning van ware vriende, hul gesinne en hul geloof is meeste kinders en jongmense in staat om deur ŉ klomp hartseer en verwerping te kan werk. Hulle moet uiteindelik die boodskap ontvang dat hulle steeds waardevolle en unieke individue is wat baie spesiaal in God se oë is. Ongelukkig is dit egter die kinders by wie daar geen portuurgroepberading of pastorale steungroepe is wie baie maklik ŉ wankelende verhouding met God beleef en wat ook ervaar dat hulle die stryd alleen stry. Hierdie is die groep by wie daar ŉ intense behoefte is aan die ondersteuning deur ŉ berader, onderwyser, ouer of leraar, wat ervaring het van hoe om iemand wat besig is om onder die golwe te sink, aan die hand te kan gryp en hulle te help om hul voete uiteindelik weer op vaste grond te kry (vgl. Coetzer, 2019:94).

## 3.14 SAMEVATTING

Die volgende belangrike aspekte vanuit die aanverwante dissiplines het in hierdie hoofstuk aan die orde gekom met betrekking tot die tema van 'speel' as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is:

- *Boelie*

Boelie impliseer dat ŉ sterker individu ŉ swakkere afknou. Teistering kan op verskillende wyses voorkom en dit kan direk sowel as indirek plaasvind. Boelie vind gewoonlik ook op ŉ herhalende basis plaas. Die boelie het gewoonlik die hef in die hand en wanneer kinders geboelie word, impliseer dit ŉ ernstige saak

- *Kuberboelie*

Kuberboelie hou verband met indirekte boelie aangesien die boelie heel dikwels anoniem bly. Talle kinders en adolessente het al selfdood gepleeg of ŉ poging daartoe aangewend as gevolg van boelie.

- *Maatskaplike perspektief*

Verhoudingsgerigte boelie is ŉ realiteit veral wanneer vriende mekaar boelie. Groepsdruk speel ook ŉ geweldig groot rol aangesien kinders baie dinge sal doen net om aanvaar te word in die groep. Deur geboelie te word, word die slagoffer se vertroue in die hele mensdom gewoonlik geskend.

Boelie en kuberboelie gaan gepaard met ŉ reeks van gevolge. Gevolge ten opsigte van tradisionele boelie sluit onder andere aspekte in soos tande kners, permanente skade aan die brein, hipersensitiwiteit, selfdoodgedagtes, nikotienverslawing en psigiatriese versteurings. Heel dikwels lei dit daartoe dat ŉ slagoffer uiteindelik sel ook ŉ boelie word of hulle sou andersyds voortdurend vasgevang wees in die rol van slagoffer. Ten opsigte van kuberboelie is daar ook heelwat gevolge en ook in hierdie verband toon slagoffers dikwels tekens van depressie asook selfdood denke. Retrofleksie vind by baie van die

slagoffers plaas en gevaartekens sluit onder andere in dat die kinders skielik hul selfone en rekenaars ignoreer, hulle wil nie skool toe gaan nie en eet-of slaappatrone verander. Vir die slagoffers van kuberboelies is daar moeilik ŉ wyse van ontsnapping vanaf die boelie aangesien hulle letterlik gevolg kan word na waar hulle ook al sou probeer ontvlug.

- *Sosiologiese perspektief*

Uit hierdie oogpunt word verskeie aspekte in ag geneem soos die belangrikheid van die rolle van die portuurgroep, skool, sosiale status asook die invloed van sekere karatereienskappe van die kind sowel as die familie.

- *Voorkoms*

Die voorkoms van boelie is skokkend indien daar op statistieke gelet word. Ten opsigte van die voorkoms en statistieke van boelie speel omgewingsfaktore wat verband hou met die individu self, die familie, die samelewing, die skool en kultuur speel ook ŉ rol. Uit die oogpunt van kuberboelies toon Suid-Afrika die vierde hoogste voorkoms ter wêreld terwyl ŉ derde van alle boeliegevalle in Suid-Afrika blyk verband te hou met kuberboelie. Kuberboelie se slagoffers hou in ŉ groter mate verband met meisies omdat meisies in meerderheid van gevalle sou poog om op ŉ emosionele wyse ander te boelie.

- *Kenmerke van boelie*

Die aksie van boelie hou dikwels verband met ŉ poging eie selfbeeld te bou en om gevoelens van verwerping en vernedering te probeer teëwerk. Die oortreders het oor die algemeen ŉ gebreek aan emosionele stabiliteit terwyl onverwerkte trauma ook ŉ groot rol kan speel.
Tipiese kenmerke van persone wat ander boelie is dikwels die volgende:

- Boelies verberg hul eie gevoelens.
- Daar is dikwels slegte voorbeelde ten opsigte van rolmodelle.
- Negatiewe gevoelens word deur geweld uitgereageer aangesien die boelie nie weet hoe om dit andersins te hanteer nie.
- Gewelddadigheid begin dikwels tuis.

- Slagoffers word heel dikwels self ook boelies.

Faktore wat onder andere bydraend is tot boelies se optredes:

- Die strewe na mag.
- Om ander persone te boelie, is vir die boelie soos 'n beloning en kompensering.
- Swak ouer-kind verhoudings en gebrekkige ouerbetrokkenheid.
- Slegte voorbeelde en verkeerde rolmodelle.
- Blootstelling aan geweld soos byvoorbeeld TV programme, DVD's en rekenaarspeletjies.

- *Die hantering van 'n geboeliede kind en riglyne aan die ouers*

'n Goeie verhouding tussen ouers en hul kind is van kardinale belang. Kinders moet ook die vrymoedigheid hê om enige onderwerp met die ouer te kan bespreek. 'n Groot persentasie kinders worstel egter met die nodige vertroue om 'n onderwerp soos boelie (veral indien hulleself geboelie word) met hul ouers te bespreek. 'n Goeie voorbeeld en rolmodel vanaf die ouers se kant tesame met respek en empatie is gevolglik van kardinale belang.

Dit is belangrik dat grense in plek sal wees omdat dit kinders help om die verskil tussen reg en verkeerd te kan onderskei, maar tog ook hoe om vir hulself te kan opstaan in die wêreld. Wanneer kinders geleer het om selfstandig te kan funksioneer, hul grense te handhaaf en nie bloot net erkenning najaag nie, sal hulle met vrymoedigheid die krisisse van elke dag kan hanteer.
Riglyne wat moontlik vir ouers van hulp kan wees, sluit in:

- Ouers en kinders moet gereeld op 'n diepte vlak met mekaar kan kommunikeer.
- Kinders moet 'n eie standpunt kan handhaaf en ook leer om selfgeldend te wees – dit is ook belangrik dat hulle weet hulle mag.
- Wanneer 'n kind geboelie word, moet die saak aangemeld word sodat die nodig stappe geneem kan word.

- Samewerking tussen alle betrokke partye is noodsaaklik met die oog op ŉ suksesvolle uitkoms.

Om die slagoffer van ŉ boelie te wees, is vernederend vir ŉ kind en alle moontlike maatreëls moet getref word ten einde te verhoed dat so ŉ proses eskaleer. Terselfdertyd moet die kind met raad en daad bygestaan word.

Met kuberboelie is selfs die kind se ouerhuis nie meer ŉ veilige ruimte nie. Dit is eerstens belangrik dat ouers sal kalm bly as hul uitvind hulle kind is die slagoffer van ŉ kuberboelie. Dit is gewoonlik ŉ gekompliseerde situasie waarin ŉ ouer daarteen moet waak om die kind se vertroue te verloor deur byvoorbeeld oorhaastig oor te reageer.

Kinders moet deurgaans weet dat hul ouers daar is vir hulle. Daar is ŉ fyn lyn tussen die positiewe en negatiewe aspekte van sosiale media en gevolglik moet dit met wysheid bestuur word. In hierdie opsig moet die kind toegerus word met die onderskeiding tussen reg en verkeerd die gepaardgaande verantwoordelikheid gekoppel aan sosiale media.

Kinders moet verder gehelp word om vanuit elke krisis situasie te kan leer ten einde beter toegerus te wees indien ŉ soortgelyke situasie in die toekoms weer sou herhaal. Hierdie is uiteindelik alles ondervinding en insigte wat hulle saam met hulle die volwasse lewe sal inneem en later ook weer kommunikeer aan hulle kinders.

- *Taak van die pastorale berader as deel van ŉ multidissiplinêre span*

Daar is oor die algemeen ŉ kleiner risiko vir kinders vanuit stabiele huise om slagoffers van boelie te word. Hulle ken waardes soos dissipline, liefde, sekuriteit en erkenning. Dit is juis aspekte soos hierdie waaraan die geboeliede kind ŉ groot behoefte het.

Vir die kind om ŉ gebalanseerd en geestelik gesond te kan wees, is selfbeeld en selfvertroue belangrik. Kinders moet gevolglik seker wees oor hul geloof en ook omtrent hul identiteit in Christus. Hierdie aspekte moet basies eers in plek wees ten einde die verdere begeleidingsproses te kan bevorder. Die kind moet gevolglik kan identifiseer met die volgende drie basiese uitgangspunte:

- Die aanvaarding deur Christus.

- Die feit dat Christus die kind sal bewaar.
- Die feit dat Christus die kind as belangrik sien.

ʼn Verdere belangrike aspek is grense en dissipline. Kinders sonder grense is ʼn gevaar vir hulself en vir ander. Woede en aggressie kan dikwels tipiese uitvloeisels wees van emosionele leemtes en gebrekkige grense. ʼn Geboeliede kind sonder grense sou deur die berader aan die hand van die volgende perspektiewe begelei kan word:

- God stel dit uitdruklik wat reg en verkeerd is en dat daar saam met alles ʼn verantwoordelikheid kom.
- God weet dat elkeen uniek is, ook ten opsigte van grense en verantwoordelikhede. Hy straf onverantwoordelikheid en sal altyd Sy kinders beskerm.
- God weet waartoe elkeen in staat is en wat elkeen se grense is – hierdie selfde benadering moet ook in ons verhouding tot ander gehandhaaf word. Kinders moet weet wat hul positiewe en negatiewe punte is, hul sterkpunte en swakpunte en dus ook hul grense.
- Kinders sonder grense kan gewoonlik nie nee aanvaar nie en kan ook nie opstaan teen groepsdruk nie. Bybelse beginsels sal toegepas moet word in die begeleiding van so ʼn kind.

Kinders moet ook uitdruklik weet wat is reg en wat is verkeerd. Die feit dat kinders dit nie weet nie, is die oorsaak van baie probleme in skole. Diensbaarheid moet ook aangemoedig word.

Kinders en jongmense moet op hoogte wees rakende die strategie en optredes van boelies. ʼn Bemagtigde kind sal baie meer weerstand teen boelies kan bied.
Boelies laat gewoonlik hul slagoffers leuens glo en die Skrif moet aangewend word om dit reg te stel. Tipiese leuens wat gewoonlik geprojekteer word na boelieslagoffers sluit onder andere in:

- Die slagoffer is sleg en hulpeloos
- Die slagoffer is minderwaardig en nikswerd.

- Huil en emosies is tekens van swakheid.
- Die slagoffer het nie ŉ stem nie

Skrifgedeeltes ter vervanging van die tipiese leuen is in die hoofstuk hanteer.
Weereens kan die belangrikheid van bemagtiging nie genoeg beklemtoon word nie. Moeilike situasies kan uiteengesit word (selfs deur middel van rollespel) en dan kan daar gekyk word na moontlike oplossings.

Dis ook belangrik dat kinders sal leer dat as hulle wil hê dat ander persone hulle op ŉ spesifieke wyse hanteer, hulle ook daardie persone so sal moet hanteer.
Jesus was die perfekte voorbeeld van hoe om boelies te hanteer. Daar is onder andere gelet op die volgende beginsels vanuit Jesus se interaksie met boelies:

- Vergewe die boelie, maar moenie net blindelings vertrou nie.
- Handhaaf ŉ veilige afstand.
- Fokus soos Jesus op geïdentifiseerde doelwitte.
- Wees eerder ŉ oorwinnaar as ŉ slagoffer

Op grond hiervan sluit praktiese riglyne onder andere die volgende in:

- Kinders moet hul grense handhaaf.
- Die kind moet sy/haar krag in Christus ontdek.
- Die kind moet weet waarvoor om op die uitkyk te wees en dit ook so ver as moontlik vermy.
- ŉ Goeie ondersteuningstelsel is nodig.

Voorbeelde waar Jesus boelies hanteer het sluit in:

- In die tempel met die geldwissellaars.
- Jesus se verdediging van Maria teenoor Judas.

Jesus weet presies wat elke boelieslagoffer beleef aangesien Hy self ook dikwels die

teiken was van boelies. Hy het egter uiteindelik die finale oorwinning behaal en hierdie oorwinning is beskikbaar vir elkeen van Sy kinders – hierdie oorwinning maak die genesing van wonde en die ewige lewe moontlik.

- *Kuberboelie*

Met kuberboelie word die skade aangerig deur middel van ŉ elektroniese toestel en veral dan ook deur sosiale media. Hierdie gedrag is gewoonlik ook herhalend van aard. Op hierdie wyse is die oortreder in ŉ magsposisie en boonop anoniem. Dit alles lei daartoe dat hierdie tipe gebeure traumaties, aftakelend en vernietigend kan wees.

- *Kombinasie van en verskil tussen boelie en kuberboelie*

In die hoofstuk is duidelike onderskeid getref tussen boelie enersyds en andersyds spesifiek kuberboelie. Kinders is dikwels slagoffers van beide.

- *Verskillende programme*

In hierdie hoofstuk is daar veral gefokus Op Prof Dan Olweus se anti-boelie program: *The Olweus Bullying Prevention Programme (OBPP)* sowel as die kind-gefokusde *Anti-Bullying Programme* (COP). Hierdie sou as standaard modelle beskou kan word met ŉ groot aantal praktiese riglyne en wenke waaruit ŉ eie program saamgestel kan word.

- *Portuurgroepberading*

Met portuurgroepberading word kinders van dieselfde ouderdomme gebruik om mekaar te ondersteun. Die kinders doen dan ook berading onder mekaar. Dit is dikwels makliker vir kinders om met hul portuurgroep te praat as met volwassenes. Die slagoffers voel dan ook meer in beheer. Die kinders verstaan ook dikwels makliker die plek waar die slagoffers hulself in die lewe en op die pad na volwassenheid bevind. Die kinders toon ŉ baie positiewe reaksie op hierdie tipe berading. Die hele proses is in verskillende opsigte baie leersaam vir die kinders. Kinders wat hierby betrokke is ontvang ook die nodige toerusting.

- *Pastorale steungroep*

ŉ Pastorale ondersteuningstelsel moet in plek wees. Ouers, die kerk en beraders is

belangrike rolspelers in hierdie ondersteuningstelsel. Ander jongmense wat deur dieselfde proses as die slagoffer is, kan ook betrek word as 'gas-beraders' vir die boelieslagoffer. Hierdie pastorale ondersteuning-stelsel sowel as die portuurgroep-berading kan 'n vangnet vorm vir die boelieslagoffer. Dit kan die kind help om uiteindelik weer die stem van die Heilige Gees te hoor en ook iets positiefs uit die negatiewe ervaring saam die toekoms in te neem – die ontdekking van nuwe hoop is hier van besondere belang. Die gesinsinternetkontrak kan hier ook 'n belangrike rol vervul.

.

# DIE NORMATIEWE TAAK

## HOOFSTUK 4

## DIE IDENTIFISERING VAN SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PROBLEEM VAN BOELIE

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk val die klem op Osmer (2008:4) se normatiewe taak. Dit behels volgens Osmer, dat onder andere sekere gebeure, kontekste en etiese kwessies geïnterpreteer word op grond van teologiese konsepte.

Osmer (2008:8) fokus op die volgende drie kernelemente ten opsigte van die normatiewe taak:

- Teologiese refleksie word in ŉ styl toegepas om sekere kontekste, situasies en gebeure te interpreteer met ander woorde wat sal God doen? Hoe sal die mens hierop reageer?
- Om vas te stel watter beginsels, reëls en riglyne ten opsigte van etiek aangewend kan word in ŉ betrokke situasie en watter invloed dit op ŉ plan van aksie kan hê.
- Wat het alles bygedra tot die vorming en daarstelling van die huidige Christelike tradisie? Dit impliseer onder andere dat navorsing gedoen sal word ten opsigte van die wyse waarop normatiewe leiding rigtinggewing beïnvloed is deur huidige en gewese tradisies (Osmer, 2008:8).

Die Woord bied aan Christene ŉ duidelike uiteensetting van hoe God in die verlede in sekere situasies opgetree en gereageer het. Sy reaksie in die verlede sou dan as riglyn en maatstaf kon dien ten opsigte van Sy huidige en toekomstige optredes en reaksies.

## 4.2 BASISTEORIE

Met pastorale berading word daar in besonder gefokus op die aspek van versorging binne die pastoraat (Collins, 2016:4). In hierdie verband gaan dit veral ook om hulpverlening aan individue en gesinne. Verskillende benaderings is gewoonlik deel van pastorale berading, maar die gemeenskaplike komponent is ŉ Bybelse vertrekpunt. Die oogmerk is om emosionele en geestelike groei aan te moedig en ook te leer vanuit krisissituasies en uiteindelik heling en genesing te kan ervaar. Dit alles geskied gewoonlik dan ook teen die agtergrond van die Bybelse opdrag dat Christene mekaar moet help om die daaglikse laste te dra (Collins, 2016:4).

In hierdie hoofstuk word daar vanuit Skriftuurlike perspektief gefokus op kinders wat die slagoffers van boelies geword het. Die uitvoering van die normatiewe taak help die navorser om vanuit verskillende Skriftuurlike perspektiewe nuwe insig te verkry ten opsigte van daaglikse aktuele probleme en sodoende ook perspektief te verkry ten opsigte van God se groter plan (De Klerk & De Wet, 2013:294). Wanneer daar ŉ interpretasie gemaak word ten opsigte van praktiese teologie is dit vervolgens belangrik dat daar oorgegaan kan word na die praktyk – wat die onderhawige studie betref dan inderdaad om te fokus op die worsteling van geboeliede kinders en hulle ouers (De Klerk & De Wet, 2013:294).

## 4.3 DOELWIT

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om vanuit Skriftuurlike perspektiewe ŉ aantal praktiese riglyne te formuleer vir die uiteindelike samestelling van ŉ strategies-teoretiese benadering waarvolgens kinders wat die slagoffers van boelie geword het, pastoraal begelei kan word. Volgens Breed (2013:6) moet daar begrip en insig wees in die probleem waaroor dit gaan in prakties-teologiese navorsing. Bybelse beginsels wat op die probleem van toepassing is, moet gevolglik ontgin word en daar moet tot ŉ moontlike oplossing van die probleem gekom word.


Om hierdie proses te laat realiseer sal daar vervolgens op elk van die volgende aantal Skrifgedeeltes in die eksegese gefokus word:

- Spreuke 12:26 en 28

- Spreuke 14:15
- Spreuke 15:23
- Spreuke 24:16
- Psalm 90:12
- Habakuk 3:17-18
- 2 Timoteus 4:7
- Filippense 4:13
- Jakobus 1:5
- Jakobus 1:19

Dit moet nie uit die oog verloor word dat, as deel van die normatiewe taak, die Skrif ook deurgaans die finale norm en kriterium is waarvolgens alle voorgestelde aksies en benaderings gemeet en toegepas moet word (Janse van Rensburg *et al.,* 2013:294). ŉ Verdere belangrike faktor is dat daar ook altyd onder leiding van die Heilige Gees opgetree en gewerk sal word, ook tydens berading (De Klerk & De Wet, 2013:294)

Soos reeds genoem, sal daar as deel van die normatiewe taak in hierdie hoofstuk Skriftuurlike antwoorde gesoek word na die vraag oor wat spesifiek tydens en ook na afloop van ŉ tipiese boeliesituasie veronderstel is om te gebeur. Alle toepaslike en Skriftuurlike riglyne sal geïdentifiseer word, asook alle tersaaklike etiese faktore (De Klerk & De Wet, 2013:294). In die volgende diagram word die vier take soos gedefinieer deur Osmer (2008:8). kortliks weer aan die orde gestel:




**Figuur 4: Osmer se model (Osmer, 2008:11)**

## 4.4 EKSEGESE

### 4.4.1 *Psalm 90:12*

V.12: "*Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.*"

#### 4.4.1.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie Skrifgedeelte kom voor in die vierde boek van Psalms, wat strek van Psalm 90:1 tot Psalm 106:48 (Die Bybel in Praktyk, 2007:754). Die skrywers van hierdie Psalms is meestal onbekend en stem grootliks ooreen met die van Numeri. Dit stem ook ooreen met Numeri in die opsig dat daar onder andere gekyk word na die verhouding tussen die Koninkryk van God en volke, asook die verhouding tussen die omliggende lande en Israel. Dis belangrik dat ook daarop gelet sal word dat hierdie vierde boek hoofsaaklik handel oor lofprysing (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:685). Daar is egter ook twee gebede in hierdie boek (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:685). Sodoende kan gelowiges besef dat selfs wanneer dinge goed gaan, kan hul steeds om hulp bid tot God (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:685). Hierdie Psalm word in twee dele verdeel, naamlik verse 1-12 en dan 13-17 (Tate, 1990:437). Tate (1990:437) stel dat die eerste gedeelte handel oor God

en mense ten opsigte van dinge wat alle mense raak. Die tweede gedeelte handel dan weer meer oor die Israeliete en hul verhouding tot God (Tate, 1990:437).

#### 4.4.1.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Hierdie is ʼn Psalm wat in die opskrif van Psalm 90 beskryf word as *"ʼn Gebed van Moses, die man van God."* Moses se boodskap deur hierdie gebed is dat God nog altyd ʼn veilige vesting vir die volk was (Die Bybel in Praktyk, 2007:754). Toe die volk die goue kalf gemaak en aanbid het in Eksodus 32 wou God niks met hulle te doen gehad het nie, maar uiteindelik na die tweede ontmoeting tussen God en Moses het Hy hulle vergewe (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:695). Die Here het van die volk verwag om te lewe volgens die gebooie wat die tweede keer op die klippe geskryf is (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:695).

Die boodskap van hierdie Psalm tot en met vers 12 verduidelik dat as ons vir God vra om hierdie wysheid vir ons te leer, ons sal weet hoe om elke dag met al sy uitdagings te hanteer. Die res van die Psalm dui vir ons aan hoe ons net moet vasbyt, selfs as dit moeilik gaan, want uiteindelik sal ons kan sien wat God vir ons beplan (Tate, 1990:445)

#### 4.4.1.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Uit die teks is dit duidelik dat die volk vir God kwaad maak. Verganklikheid en sonde vergemaklik nie die verhouding tussen God en mens nie. Vers 8 sluit aan by vers 12 deurdat daar verduidelik word dat niemand sy sonde van God kan wegsteek nie (Tate, 1990:441). Hier is ook parallelle in hierdie psalm ten opsigte van Moses wat vir die volk opkom as die Here kwaad is en soortgelyke insidente soos beskryf in Eksodus en Deuteronomium (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:691)). God se woede hou inderdaad verband met die mens se sondes (Longman, 2014:328). Dis nie moeilik vir gelowiges om God se woede te verstaan, wanneer hulle, hul eerbied vir God meet teenoor God se woede vir die sonde wat hulle gepleeg het nie (Ross, 2016:36). Die mens besef dat hierdie dinge dikwels te groot is om te begryp en juis om hierdie rede moet die gelowige die Liewe Vader se leiding vra (Ross, 2016:36). Dit is dus belangrik dat die gelowige sal

seker wees hoe God verwag daar gelewe moet word (Ross, 2016:36). Openbaring van Here en wysheid kan nie van mekaar geskei word nie en op grond hiervan is dit nodig om vir die Here te vra om gelowiges te leer hoe Hy wil hê hul moet lewe (Ross, 2016:37). God verskaf nie hierdie leiding slegs deur Sy Woord aan gelowiges nie maar ook deur die priesters en profete wat die Woord verkondig (Ross, 2016:36-37).

#### 4.4.1.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

***Bekom:*** Hierdie begrip beteken presies dit wat dit sê, naamlik dat waar daaruit verkry kan word (Ross, 2016:36).

***Dae:*** Deur middel van hierdie konsep word verduidelik hoe kort die lewe eintlik is. Hierdie aardse lewe is net tydelik maar dit gaan egter oor meer as om letterlik die dae af te tel (Tate, 1990:442). Hierdie dae verwys ook na ŉ spesifieke tydsperiode, eerder as na hoe lank die mens se lewe fisies is (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:695)

***Wysheid:*** ŉ Lewe wat spreek van produktiwiteit, toegewydheid en dissipline is ŉ lewe wat met wysheid gelewe word. Die Wysheidsliteratuur beskryf dit ook so. Om God te eer lewe individue wat met wysheid op tree op so ŉ wyse dat hulle nie net vir God eer nie, maar ook hulle gemeenskap kan bystaan. ŉ Lewe volgens wysheid beteken dat die gelowiges die regte keuses maak en omgee. As gelowiges met só hart lewe, lewe hulle volgens hul geloof (Ross, 2016:36).

Om dus uiteindelik ŉ lewe te lei wat produktiwiteit en regverdigheid tot gevolg het, moet die gelowiges leer om alles wat God vir hul gegee het korrek aan te wend (Ross, 2016:36-37).

Die vraag onstaan dan dikwels: "Wat is dan die doel van wysheid?". Die antwoord hierop is dat wysheid elkeen wat glo kan help om te lewe soos wat God verwag Sy kinders moet lewe. Al klink dit weersprekend, is dit ook belangrik om te onthou dat God verhewe is bo die wysheid van die menslike wêreld (Ross, 2016:37).

Die wysheid wat nodig is, strek dus veel verder as menslike wysheid of enige menslike mag. Hierdie wysheid kan slegs van God ontvang word en slegs Hy kan dit aan mense leer (Tate, 1990:442).

#### 4.4.1.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Spreuke 1:7:** *"Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en*

*opvoeding gering ag."*

In Psalm 90:12 word daar gevra dat die Here vir gelowiges wysheid sal leer sodat hulle kan weet hoe om te lewe. Om die Here te dien is die eerste pilaar van wysheid (Mays, 1994:293). Spreuke 1:7 en Psalm 90:12 sluit in hierdie opsig goed bymekaar aan. Die Psalmis vra vir wysheid want net die wat God se toorn verstaan sal weet hoe nodig hulle wysheid van God af het (Mays, 1994:293).

Spreuke sluit dan juis hierby aan en beklemtoon hoe belangrik wysheid is. Wysheid beteken dus doodeenvoudig om te lewe soos wat God van gelowiges verwag. Twee aspekte moet hier in ag geneem word: Enersyds is God se almag en ook Sy ewigheid, en andersyds staan die gelowige se sondigheid en nietige bestaan. Hiermee in ag geneem is dit belangrik dat gelowiges dus hul dae moet gebruik om te lewe soos wat God van Sy kinders vra. Elke gelowige is afhanklik van God en lewe in eerbied vir Hom. Vir gelowiges is dit nie moontlik om voort te bestaan sonder om in 'n verhouding met Hom te lewe nie (Janse van Rensburg & Nel, 2009:820).

#### 4.4.1.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders /lesers*

Psalm 90, meer in besonder verse 1-12 kyk na die vlietendheid van die menslike lewe en loodreg daarteenoor staan die ewigheid van God (Tate, 1990:444). Alhoewel die Psalm eindig in lofprysing, word daar nie net maklik en eenvoudig gespring van swaarkry na lofprysing nie. Die volk is moedeloos en voel vasgevang in hulle omstandighede. Situasies waarna hier verwys kan word is onder andere ballingskap en krisisse. Elkeen moet wag vir die Here se tyd en dan sal Hy ingryp (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:690).

In vandag se lewe is so baie dinge 'n gejaag na wind en almal word altyd gebind deur tyd. Die sleutel ten opsigte van tyd is egter hoe elke individu dit benader. Die realiteit is dat elke mens wel 'n beperkte tyd op aarde het. Dis maklik om te sê dat daar nie tyd is om iets te doen nie of om te voel tyd word gemors. Jongmense besef nie altyd die kosbaarheid van tyd nie. Oumense wil juis weer elke oomblik probeer vashou. Die kind van God moet elke oomblik volgens die wysheid van God lewe, want dit is kosbaar (Mays, 1994:295-296).

Wysheid van God is nodig sodat ons die take kan verrig wat Hy van ons verwag. Ons moet altyd op God vertrou om ons te leer wat ons op aarde moet doen (Tate, 1990:445).

Die mens se tyd is nie God se tyd nie en elkeen moet wag op die tyd van die Here – dit is ook elkeen se verantwoordelikheid om met God te praat en ook hul vrese aan Hom oor te gee. Alhoewel God se optrede dikwels vir die gelowige te groot is om te verstaan, is dit belangrik dat die gelowige steeds tot die beste van hul vermoë sal probeer verstaan (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:696). Verder is dit ook belangrik dat te midde van die gejaagde lewe daar steeds onhou sal word dat alles nie slegs gaan oor geld, roem en aansien nie. Tyd is egter kosbaar en dis van kritiese belang dat hierdie tyd gebruik sal word om Godvresend te lewe volgens Sy wysheid en wat Hy van die mens verwag (Mays, 1994:295-296). Die gelowige moet deurgaans besef dat al is ŉ verhouding met God nie altyd maklik nie, Hy die een is Wie Sy kinders bly vashou in elke stryd en in elke vrees. Hy gee vir elke gelowige hoop (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:696).

#### 4.4.1.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Met betrekking tot die tema van boelies sou dit maklik wees om moedeloos te raak en uiteindelik te voel dat daar nie meer hoop is nie. Hierdie teksgedeelte se doel is juis om gelowiges te help om te besef dat hulle nie moedeloos hoef te wees nie (Janse van Rensburg & Nel, 2009:820). Elke gelowige het goddelike wysheid nodig om die daaglikse verantwoordelikhede te hanteer en nog steeds staande te bly teen al die bose aanslae van die lewe - hierdie wysheid kan slegs van God verkry word (Tate, 1990: 442). Die gedeelte help die kind van God juis om te besef dat God se genade vir elke individu genoeg is (Janse van Rensburg & Nel, 2009:820). God is altyd daar en sal Sy kinders vir ewig styf vashou in Sy Vaderhand (Janse van Rensburg & Nel, 2009:820). Selfs al gaan gelowiges deur moeilike tye soos wanneer ŉ slagoffer geboelie word, sal Hy Sy kind nooit los nie. Om presies hierdie rede moet elkeen vir Hom vra vir die nodige wysheid sodat die gelowige op die regte wyse kan reageer (Janse van Rensburg & Nel, 2009:820). Hy sal deur elke stryd in die lewe steeds die een wees wat vir Sy kinders die Draer van hoop is (DeClaissé-Walford *et al.,* 2014:696)

### 4.4.2 *Jakobus 1:5*

*"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt"*

#### 4.4.2.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie gedeelte val in die eerste hoofstuk van die boek Jakobus onder die opskrif "Geloof en wysheid". In verse 2 tot 4 moedig Jakobus die betrokke gelowiges aan om moed te hou gedurende moeilike tye en tye wat hulle geloof toets (Moo, 2015:84). Hy herinner hulle ook dat swaar tye juis is wanneer geestelike groei en ontwikkeling plaasvind (Moo, 2015:84). Vanaf vers 5 tot en met vers 8 verduidelik hy vir die gelowiges aan wie die brief gerig word en dat hulle moet bly volhard in hulle geloof (Moo, 2015:84). Hulle moet bly bid tot God en vra vir wysheid (Moo, 2015:84). God wil graag vir Sy kinders hierdie nodige wysheid gee (Moo, 2015:84).

Die wysheid waarna Jakobus dus in Jakobus 1:5 verwys is die wysheid wat vir gelowiges van hulp moet wees om hulle geloof te kan uit lewe, net soos wat God graag wil hê Sy kinders moet doen (McCartney, 2009:88). Hierdie wysheid is ook nie geskoei op aardse wysheid nie (McCartney, 2009:88). Hierdie wysheid is wat vervat word in Jakobus 3:17-18 *"17 Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. 18 Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God en jy moet dit gebruik om vrede te maak"* (McCartney, 2009:88).

#### 4.4.2.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Hierdie brief van Jakobus gee nie vir die leser ŉ spesifieke aanduiding dat dit aan ŉ spesifieke gemeente geskryf is nie. Jakobus 1:1 sê *"…Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is…."* Dis belangrik dat die leser ook sal onthou dat hierdie gelowiges oral in die wêreld kon wees. Hierdie brief word dus gesien as ŉ brief wat in die algemeen na Joodse gelowiges gestuur is. Hierdie eerste hoorders het swaargekry. Hulle was meestal arm en is onderdruk (Groot Studiebybel, 2013:2016). Hierdie hoorders is ook dikwels met vervolging gekonfronteer asook die verskillende probleme wat daaruit voortspruit. Verhore voor regters was ook vir hulle ŉ alledaagse werklikheid (Martin, 1988:17). Boonop was hulle oor die aarde heen versprei. Jakobus probeer hulle

aanmoedig om moed te hou. Hy wil hulle aanmoedig om te bid en ook om te bly lewe soos wat God van elkeen van Sy kinders verwag (Groot Studiebybel, 2013:2016).

Die lesers het hier wysheid nodig om steeds reg op te tree in moeilike omstandighede en die enigste manier waarop hulle hierdie wysheid kan bekom is om dit van God te vra. God sal vir elkeen van Sy kinders persoonlik voorsien en dit is dan ook belangrik dat God se karakter uiteindelik deur Sy kinders se geloof waargeneem sal kan word. Hierdie wysheid is ŉ geskenk van God (McCartney, 2009:88-89).

Die keuse waarmee die lesers dus hier gekonfronteer word is, om aan te hou glo en vertrou of om eerder tou op te gooi. Deur aan te hou bid en te lewe volgens die Wil van God ten spyte van moeilike omstandighede. Om te vra vir wysheid en dan daarvolgens op te tree.

#### 4.4.2.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Die kern van hierdie gedeelte is dat elke gelowige wysheid nodig het (McCartney, 2009:88). Jakobus verduidelik dat elke gelowige na perfeksie behoort te strewe om uiteindelik te kan lewe soos wat God van Sy kinders verwag. Die waarheid is egter dat die gelowiges hiervoor wysheid nodig het (Moo, 2015:84). Wysheid kan beskryf word as ŉ lewensvaardigheid, maar hierdie tipe wysheid gaan eerder daaroor om te lewe soos wat God van die gelowige sou verwag en vas te bly staan in moeilike tye. Diè tipe wysheid wat hier benodig word behels onder andere om op die regte tyd die regte dinge te sê en ook om die regte besluite te neem (McCartney, 2009:88).

Hierdie wysheid kan gelowiges slegs ontvang deur tot hul Liewe Vader te bid en te vra hiervoor. Dit kan nie sommer aangeleer word nie (Moo, 2015:84). Spreuke 8:35 sê "*Wie my vind, vind die lewe self en geniet die guns van die Here.".* As gelowiges die Here vind, vind hulle ook die wysheid waarvolgens Hy graag wil hê Sy kinders moet lewe. In verskeie tekste word verduidelik dat wysheid dit is wat nodig is vir God se kinders om volgens Sy Wil staande te bly tydens beproewinge. Die beproewinge waarvan daar in verse 2-4 gepraat word se doel is om uiteindelik by geestelike perfeksie uit te kom. Om dit

wel te bereik is die wysheid van Bo, soos in verse 5-8, nodig. Gelowiges kan hierdie wysheid bekom, hulle moet net vir die Hemelse Vader daarvoor vra (Moo, 2015:84).

#### 4.4.2.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Wysheid:** Wysheid is praktiese raad en deugde wat gelowiges help om hulle lewe volgens God se wil te lei (Moo, 1996:62). Elke individu op aarde kan die wysheid waarvan hier gepraat word, slegs van God af kry (Pretorius, 1988:35). God gee hierdie wysheid aan die wat dit van Hom vra (Moo, 1996:63). Die lesers van die gedeelte het baie probleme en slegs wysheid saam met die korrekte toepassing daarvan sal hulle kan help om nie verkeerd op te tree in hierdie situasie nie (Martin, 1988:17). Die tipe wysheid waarna hier verwys word, impliseer dat die gelowige nooit die ewigheid van God uit die oog kan verloor nie en dit is gevolglik baie belangrik dat hierdie gelowige soveel moontlik kennis hieroor sal hê. Daar moet verder ook altyd in ag geneem word dat God die mens wil verlos en dit is wat die rigtingwyser in elke gelowige se lewe dan ook moet wees en nie enige aardse of wêreldse redenasies nie (Pretorius, 1988:35).

#### 4.4.2.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Spreuke 2:6:** *"Dit is die Here wat die wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig."*

Wanneer Jakobus sy lesers verseker dat God vir hulle sal gee wat hulle nodig het, verwys hy ook reeds na hierdie gedeelte van Spreuke in die Ou Testament (Moo, 2015:85). Die Bybel in Praktyk (2007:890) verduidelik dat hierdie vers saam met verse 5-8 onder andere daaroor handel dat elke gelowige op die Here vertrou (Die Bybel in Praktyk, 2007:890). God se kinders vertrou op Hom en sodoende bevestig hulle ook dat Hy in hul lewe teenwoordig is (Die Bybel in Praktyk, 2007:890).

**Matteus 7:7:** *"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry, klop, en vir julle sal oopgemaak word,"*

Wanneer Jakobus hierdie gedeelte skrywe, moet hy die bogenoemde belofte van Jesus in gedagte hê (Moo, 2015:85). Soos wat Jakobus verduidelik dat elke gelowige tot God moet bid vir wysheid gee hierdie belofte ook nog meer betekenis aan Jakobus se woorde. Dit is belangrik dat elkeen altyd sal volhard in gebed (Die Bybel in Praktyk, 2007:890).

Elke gelowige moet vir die Here bly vra vir wysheid en weet dat Hy Sy kind uiteindelik daarmee sal seën (Die Bybel in Praktyk, 2007:890).

#### 4.4.2.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

As daar gekyk word na die omstandighede in vandag se wêreld, is dit nie so ver verwyderd van dit wat die gelowiges vir wie hierdie teks geskryf is, beleef het nie. Christenskap seëvier nie in die wêreld nie. In die laaste 2 millennia het die marteling van ongeveer 70 miljoen Christene plaasgevind (Johnson, 2019). Christene is versprei oor die wêreld. Alhoewel baie Christene hulle Christenskap vrylik kan beoefen, is die waarheid egter dat daar baie Christene is wat onderdruk word. ŉ Skatting word gemaak dat ongeveer ŉ miljoen Christene van 2001 tot 2010 gesterf het vir hulle geloof (Johnson, 2019). Christene sterf onskuldig vir hulle geloof, omdat godsdiensvryheid nie gerespekteer word nie (Johnson, 2019). Verder beleef Christene soveel uitdagings op ander vlakke wat ook ŉ invloed het op hul geloof. Dit gaan swaar in die wêreld. ŉ Pandemie is tans op hande en beïnvloed die hele samelewing, veral kerke en geloofsinstellings (Sulkowski & Ignatowski, 2020:254)**.**

Die keuse is egter diè van gelowiges oor hoe hulle hierdie dinge gaan aanpak, selfs al is daar swaarkry en bekommernisse. Dis die gelowiges se keuse of hulle tot God gaan bid en vra vir wysheid en leiding in moeilike tye soos wat daar tans in die wêreld beleef word. Al wat elke gelowige kan doen, is om alles in die lewe in geloof en vertroue in God kan aanpak.

#### 4.4.2.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Met al die bogenoemde in ag genome, is dit belangrik dat gelowiges sal besef dat hulle beslis nie alleen sal staande bly teen hierdie wêreld se uitdagings nie (Janse van Rensburg & Nel, 2009:2040). Om uiteindelik op die beste wyse te reageer op uitdagings in die lewe, het elke gelowige leiding en wysheid van God af nodig (Janse van Rensburg & Nel, 2009:2040). Elkeen wat al in ŉ moeilike situasie was, sal erken dat dit nie noodwendig dan maklik is om daarmee te volhard om steeds die regte ding te doen nie

(Janse van Rensburg & Nel, 2009:2040). Dit is egter belangrik dat die gelowige sal bly volhard in gebed en hierdie wysheid wat direk van Here ontvang word, sal uitlewe (Janse van Rensburg & Nel, 2009:2040).

Met hierdie bogenoemde in ag geneem en met die slagoffer van boelies in die oog, is dit belangrik dat God se kinders hier ook Sy wysheid sal toepas. ŉ Situasie waar kinders geboelie word, bevind hierdie slagoffers hulleself in ŉ beproewing. Die kind moet aangemoedig word om steeds te lewe soos wat God van gelowiges vra, ten spyte van ŉ geboelie. Die kind moet nou nie kop verloor en op die ou end ook in ŉ boelie ontaard nie.

#### 4.4.3. 2 *Timoteus 4:7*

*"Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou."*

##### 4.4.3.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie boek saam met 1 Timoteus en Titus staan bekend as die pastorale briewe. Hierdie brief van Paulus is geskrywe aan Timoteus en waarskynlik die laaste brief wat deur Paulus geskryf is. Paulus besef hy het die einde van sy lewe bereik. Hy vertel ook vir Timoteus dat hy alleen is en dat sy situasie soos gewoonlik nie eenvoudig is nie. Hy is waarskynlik ter dood veroordeel op grond van sy verkondiging van God se Woord. Paulus weet hy het in sy wedloop gedoen wat God van hom verwag het. Selfs in hierdie laaste oomblikke hou hy steeds vas aan sy geloof (Die Bybel in Praktyk, 2007:1888).

Die bondige wyse waarop Paulus die drie stellings in hierdie vers maak beklemtoon dat hy weet dat sy wedloop op aarde nou voltooi is (Yarbrough, 2018:443-444). Al word die einde van die wedloop hier aangedui, word dit tog nie in ŉ negatiewe sin aan Timoteus verduidelik nie (Yarbrough, 2018:444). Die derde stelling beklemtoon veral lojaliteit ten opsigte van Christenskap (Towner, 2006:612).

##### 4.4.3.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

In die tyd wat Paulus hierdie brief aan Timoteus geskryf het, het Timoteus werk vir die bediening in Efese gedoen (Die Bybel in Praktyk, 2007:1888). Efese het ŉ baie belangrike stad geword in Paulus se leeftyd, aangesien dit as die grootste hawestad in Klein-Asië

beskou is. Die Christelike geloof het hier hoogty gevier. Efese was ook vir Paulus se eie bediening belangrik. Die tempel van Artemis was reeds gebou. Die tempel is as ŉ heilige plek gesien. Hierdie tempel staan vas as middelpunt in al die kontroversie tussen die Christene en heidene (Groot Studiebybel, 2013:1982).

In Paulus se briewe aan Timoteus fokus hy veral op getrouheid en hy verdeel hierdie konsep in twee dele, naamlik geloof in God en ook getrouheid aan die Bybel. Met dié dat Paulus die bediening oorgee aan Timoteus moet Paulus duidelik wys hoe getrou hy volgens die Skrif gelewe het. Indien Paulus se getrouheid gemeet word aan die Skrif, het hy gelewe soos wat God van hom verwag het en het hy ook sy verpligtinge nagekom (Towner, 2006:614).

Wanneer Paulus in hierdie vers na "gelowig" verwys impliseer dit onder andere dat gelowiges nie mag teruggaan op hulle woord nie en dus lojaal en ook getrou sal bly (Quinn & Wacker, 2000:777).

Met hierdie agtergrond inaggenome het die eerste hoorders ook voor die keuse gestaan of hulle gaan volhard in geloof, selfs in die stryd tussen hulle en die heidene. Die regte keuse is nie altyd die maklike keuse nie.

#### 4.4.3.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

In hierdie teksgedeelte weet en aanvaar Paulus dat sy tyd om te sterf gekom het. Hy verduidelik dit aan die hand van ŉ wedloop wat tot ŉ einde kom. Paulus se wedloop was nie maklik nie en gelowiges weet dat hulle wedloop ook nie maklik is nie. Paulus weet egter dat sy stryd nou amper op ŉ einde is. Hy het hierdie stryd en wedloop oorleef. Hy het staande gebly deur aan God vas te hou en op God te vertrou. Kinders van God moet lewe in Christus soos wat Paulus gelewe het (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1976). Vers 7 tesame met verse 6 en 8 beklemtoon die boodskap van hoop wat Paulus wil bring – ten spyte van alles het hy bly lewe soos wat God van hom verwag (Towner, 2006:598). Kinders van God moet ten spyte van moeilike tye vasstaan in die geloof en altyd God se beloftes onthou (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1976). Die kernwaardes van dit waaraan Christene behoort vas te hou, is waarna Paulus verwys as hy in hierdie vers van "gelowig" praat (Yarbrough, 2018:445) God belowe vir Sy kinders ŉ oorwinning aan die einde van hierdie wedloop. Dit is dus glad nie vir gelowiges nodig om die dood te vrees

nie. Elke kind van God kan met groot opgewondeheid daarna uitsien. Die wenpaal is dan bereik (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1976).

Vers 7 saam met verse 6 en 8 wil twee punte uitlig. Eerstens probeer Paulus riglyne en so ook ŉ mate van troos gee vir sy opvolger, wat self maar nog jonk is. Tweedens wil Paulus die boodskap wat oorgedra moet word beklemtoon, veral omdat hy besef hoe naby sy einde wel is. Hy wil verder ook klem lê op die gevaar waarin Christene hulself bevind (Towner, 2006:595).

#### 4.4.3.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Wedloop:** Hierdie wedloop waarna daar verwys word is iets in die lyn van ŉ stoeigeveg of ŉ atletiekwedloop (Kelly, 1963:208). Towner (2006:612) sien dit as ŉ atletiekwedloop. Dit het niks te doen met ŉ bakleiery of selfs oorlog nie en dit dui eerder op ŉ eerbare sportsoort (Kelly, 1963:209). Hierdie wedloop word op ŉ metaforiese wyse gelykgestel aan die menslike lewe (Yarbrough, 2018:444). Die wedloop is suksesvol voltooi, ongeag watter sport betrokke is (Kelly, 1963:209). Dis belangrik om te onthou dat Paulus nou sy lewe en stryd dus met hierdie wedloop vergelyk wanneer hy na die *"goeie wedloop"* verwys. Die wedloop waarna hier verwys word, word gebruik om te verduidelik hoe daar geestelik sowel as eties toegewyd gelewe behoort te word (Towner, 2006:612).

#### 4.4.3.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**1 Timoteus 6:12:** *"In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê."*

Hierdie gedeelte kom weer daarop neer dat Paulus bly vashou het aan God se beloftes en ook aan sy geloof (Hendriksen, 1976:316). Daar sal altyd vir gelowiges uitdagings en selfs gevare wees, maar God bly vir altyd vas en seker staan. Die gelowige kan vir altyd elke dag op Hom vertrou.

**1 Timoteus 4:7b-8:** *"Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. Om jou liggaam te oefen het wel ŉ bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat ŉ belofte van lewe, vir nou en die toekoms."*

As hierdie gedeelte vergelyk word met 2 Timoteus 4:7 kan daar gesien word dat daar van ŉ kompetisie gepraat word (Hendriksen, 1976:316). Daar moet dus daarvoor geoefen word (Hendriksen, 1976:316) soos wat blyk vanuit 1 Timoteus 4:7b-8.

Paulus bereik die einde van sy lewensreis en ook die einde van sy bediening. Paulus besef die finaliteit hiervan. Paulus probeer ook verduidelik dat wanneer hy praat van "gelowig" in hierdie vers, het hy by die reëls van die wedloop gehou en dus sodoende ook gelewe soos wat God van hom verwag het. Paulus beklemtoon dus hierdeur die belangrikheid van lojaliteit en geloof (Towner, 2006:613).

Met hierdie gedeelte val die klem weereens daarop om te lewe soos wat God van gelowiges verwag. Gelowiges moet bly veg vir hulle geloof om uiteindelik ook die wenstreep te bereik. Hier gaan dit nie daaroor om die liggaam fisies fiks te hou nie. Daar moet daarteen gewaak word om op die liggaamlike te fokus eerder as op die geestelike. Wanneer gelowiges geestelik fiks is, beteken dit dat hulle byvoorbeeld die talente wat hulle van die Here ontvang het sal gebruik om nie net die Here nie, maar ook die gemeenskap te dien (Die Bybel in Praktyk, 2007:1884).

#### 4.4.3.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

Selfs al is dit nou soveel eeue later, hardloop elke gelowige op aarde steeds daagliks hierdie wedloop. Maklik is dit gewis nie. Die eerste hoorders en gelowiges het hulle bepaalde uitdagings gehad. Alhoewel baie van die uitdagings vandag steeds ooreenstem ten opsigte van byvoorbeeld vryheid van godsdiens, het vandag se lesers ook ander uitdagings. Dit is en bly daagliks elkeen se keuse om te besluit hoe hulle hierdie wedloop gaan hanteer en hardloop. Dis elkeen se keuse om te besluit of hulle gaan volhard in hul geloof en God se beloftes gaan onthou en of hul eerder gaan tou opgooi.

#### 4.4.3.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Indien ŉ gevolgtrekking uit hierdie gedeelte gemaak moet word ten opsigte van die tema, sal dit wees om vir die kind te verduidelik dat die lewe soos hierdie wedloop is. Hierdie wedloop is gewoonlik nie eenvoudig nie. Boelies het deel van sy wedloop geword. Dit is immers die hartseer realiteit wat baie kinders in die oë staar. Dis nou die kinders se keuse

hoe hulle hierdie situasie gaan hanteer. Hulle sal moet kies of hulle gaan volhard in hul geloof en vashou aan God se beloftes van die ewige lewe saam met Hom, of eerder tou opgooi en deel word van die verswelgende massa.

### 4.4.4 *Spreuke 14:15*

*"Wie ervaring kortkom, glo alles wat gesê word; 'n verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee."*

#### 4.4.4.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie gedeelte val onder die gedeelte vol wysheidspreuke in die boek Spreuke. Die doel van hierdie hele boek behels dat daar gefokus word op wysheid wat van God af kom en ook op die leiding wat hierdie wysheid vir gelowiges kan bied. Dis belangrik dat hierdie gedeelte soos die ander 374 kort spreuke in konteks gesien word. Die doel hiervan is om vir mense praktiese raad te gee vir die lewe, wat gegrond is op Goddelike wysheid (Die Bybel in Praktyk, 2007:888).

In hierdie teksgedeelte word daar eerstens verwys na diegene wat min ervaring het. Hierdie gebrek aan ervaring veroorsaak ook dat hulle nie noodwendig krities oor 'n saak dink nie. Hierdie individue maak maklik oorhaastige besluite. Hulle verstaan iets verkeerd, maak verkeerde afleidings en dan is daar uiteindelik onaangename reperkussies. Hierdie is alles die gevolg daarvan dat die individu nie 'n saak of besluit behoorlik deurdink nie. Die verstandige individu beplan en dink aan die toekoms. Die spesifieke vers fokus dus daarop dat dit beter is om verstandig te wees. Die leser word dus aangemoedig dat dit beter is om verstandig te wees (Longman, 2006:301).

#### 4.4.4.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

In die antieke wysheidsliteratuur waarmee hier gewerk word, word daar heel dikwels oor die verdruktes en armes gepraat. Die wat nie arm of verdruk is nie word aangemoedig om hierdie armes en verdruktes te ondersteun sover as wat dit vir hulle moontlik is. Hierdie mense word juis uitgebeeld as diè waaroor gelowiges hulle moet ontferm. Hierdie individue, wie hulle ook al is, word aangemoedig om te vertrou op die Here (Die Groot

Studiebybel, 2013:970).

Soos met die armes moet die naïewes ook bygestaan en leiding gegee word. Naïewe mense moet leer van God se wysheid en hoe daar van hulle verwag word om op te tree. Dit is dan daardie gelowiges se keuse of hulle reg gaan optree en of hulle steeds die dwase pad gaan stap.

#### 4.4.4.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Wysheid tree weer hier na vore (Murphy, 1998:105). In hierdie geval word daar veral gefokus op diegene wat minder ervaring in die lewe het of bloot naïef is. Met wysheid kan daar van hierdie naïwiteit ontslae geraak word. Wysheid dui vir elke gelowige die pad aan en ook die realiteit van die lewe. Hierdie wysheid kan aangewend word om gelowiges te help om te lewe soos wat God van hulle vra. Wysheid help elke individu om altyd die regte keuses te maak. Dit is soms raadsaam om te luister na die raad van ‘n persoon wat oor hierdie wysheid beskik (Murphy, 1998:105).

#### 4.4.4.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**‘n Verstandige mens:** Hierdie persoon is iemand wat alles met ‘n rede doen en versigtig optree. (Die Bybel in Praktyk, 2007:908). ‘n Verstandige persoon help ook die naïewe mens om die regte keuses te maak en nie in die slaggate van die lewe te trap nie (Murphy, 1998:105).

**‘n Naïewe mens:** In Hebreeus dui hierdie gedeelte op naïewe mense wat letterlik *“glo alles wat gesê word”* (Steinmann, 2009:327). Naïewe mense glo letterlik alles wat hulle hoor en spring halsoorkop in enige situasie in.

#### 4.4.4.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Spreuke 14:8:** ***“****Die wysheid van ‘n verstandige mens wys vir hom ‘n duidelike koers aan; die dwaasheid van ‘n dwase mens maak alles vals”*

In beide verse 8 en 15 kom dit na vore dat ‘n naïewe persoon maklik mislei word (Garrett, 1993:142-143). Hulle het nie ervaring nie en trap maklik in ‘n strik (Garrett, 1993:142-143). Die wyse mens wat vashou aan en gelei word deur God se wysheid hou koers (Garrett, 1993:142-143).

#### 4.4.4.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In die hedendaagse wêreld is die uitdagings ook weer anders as in die wêreld waarin die eerste hoorders gelewe het. Daar gebeur baie oneerlike dinge en mense probeer mekaar elke dag bedrieg en verkul. Die keuse waarvoor individue staan is of hulle keuses maak op grond van hul verstandigheid en of hulle eerder sal toelaat dat iemand hul maklik oorhaal om iets te doen wat nie behoorlik deurdink of nagevors is nie. Die keuse is verder om te besluit of hulle hulself gaan laat lei deur die wysheid van God of gaan hulle net hul eie kop volg.

#### 4.4.4.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Met betrekking tot hierdie tema kom alles weereens op wysheid neer. Dit is geboeliede kinders se keuse of hulle met die wysheid van God gaan optree en of hulle self ook nou dwase keuses gaan maak. Die kind moet eerder bygestaan word om die verstandige keuse te maak en daarvolgens op te tree. Wysheid is slegs ‘n wen situasie. Daarsonder gaan die gelowige beslis in die moeilikheid beland veral ten opsigte van verkeerde maats en verkeerde keuses. Help die kind om te weet dat die boelie verkeerd is, maar dit beteken nie die kind mag nou soos die boelie optree nie. Die kind moet homself met wyse mense omring (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884).

### 4.4.5 *Jakobus 1:19*

*“My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en nie te gou kwaad word nie.”*

#### 4.4.5.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Die tweede gedeelte van die brief van Jakobus waarin hierdie teksgedeelte voorkom (1:19-2:26) handel veral oor hoe gelowiges volgens God se Woord behoort te lewe. Jakobus waarsku in hierdie gedeelte heel eerste die leser om nie oorhaastig te praat of kwaad te word nie. Jakobus besef dat sy lesers gereeld struikel ten opsigte van woede en ‘n oorywerige tong. Die goue draad deur die hele boek is dus die verwysings na die tong

en onbeheerbare passie (Moo, 2015:106).

#### 4.4.5.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Die agtergrond van hierdie brief is dat die gemeenskap in kategorieë geklassifiseer word op grond van onder andere rykdom, opvoeding, geslag en so meer. Die outeur moet dus aandag skenk aan die impak van welgesteldes en invloedrykes, asook aan die reaksie van die armes ongeag of dit uit hul eie gemeenskap of van buite af kom (Martin, 1988:28). Soos reeds genoem, was daar 'n geneigdheid onder die lesers om oorhaastig of uit woede te reageer. Hierdie vermaning van Jakobus in die teksgedeelte word nie op 'n vyandige wyse aan die lesers oorgedra nie, dit word wel met liefde gedoen. Hierdie gemeenskap is afhanklik van God se Woord en daarom is dit belangrik dat hulle dit ook sal uitlewe. Die besluit is in die eerste lesers se hande of hulle sal lewe soos wat God van hulle verwag en of hulle gaan aanhou om in woede op te tree en oorhaastig te reageer (Pretorius, 1988:44).

#### 4.4.5.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Deur te praat voordat die gelowige dink, veroorsaak dit dikwels onhanteerbare woede. Die teenoorgestelde is ook waar. As individue skielik in woede reageer, is die wag voor hul mond ook weg. Jakobus verbied enige negatiewe optrede wat veroorsaak word deur 'n onbeheerbare humeur. Mense se optrede terwyl hulle so kwaad is, lei dikwels tot woorde wat skadelik is en letsels laat. Woorde wat gespreek is, kan nie weer teruggetrek word nie (Moo, 2015:106).

Vers 20 vat dus eintlik die hele vers 19 saam *"'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie."* Deur optrede in woede en oorhaastige reaksies, lewe gelowiges nie soos wat God van hulle verwag nie.

Gelowiges is dus veronderstel om 'n positiewe gesindheid te openbaar ten opsigte van enigiets wat hulle lees of hoor. Dit is verder ook belangrik om te onthou dat om *"nie te gou te praat nie"* kan ook saam met terugpraat en redenasies loop. Dit kan gesien word as 'n wyse waarop die gelowige een of ander onheilige bedrywighede wil wegsteek. Dit kan sleg op die gemeente reflekteer. Hierdie wyse raad van Jakobus is gerig op die Christene

se godsdiens en ook hoe hulle gelewe het (Pretorius, 1988:44-45).

#### 4.4.5.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Gewillig:** Dit sou basies beteken dat die gelowige dadelik regstaan en reg is om korrek in die situasie op te tree (Pretorius, 1988:44).

**Om te luister:** Dit is ‘n sleutelkenmerk van kommunikasie wat mondelings geskied. As iemand praat dan gebruik individue hulle gehoor en luister. Elkeen wat met die gelowige praat verdien ‘n geleentheid om hul saak te stel (Pretorius, 1988:44).

**Nie te gou te praat nie:** Hierdie sinsnede beteken letterlik om eers stil te bly en klaar te luister voordat die gelowige reageer. Die gelowiges moet nie die ander persoon in die rede val om hul standpunt te verdedig nie. Die sleutel tot sukses hier is om kalm te bly, selfs wanneer dit voel of alles uitmekaar getrek word (Pretorius, 1988:44)

#### 4.4.5.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Spreuke 17:27-28:** *“Wie die kennis het, kan spaarsaam met sy woorde wees; ‘n mens met insig bly kalm. As ‘n dwaas nie praat nie, kan selfs hy aangesien word vir ‘n wyse en as hy sy mond toehou, vir ‘n verstandige mens.”*

Hierdie gedeelte beklemtoon dit wat die gelowige daaruit kan put om eerder stil te bly. Dit sluit aan by Jakobus se opdrag dat die gelowige nie net kan reageer en praat sonder om te dink nie. As die gelowige nie iets goeds het om te sê nie, is dit beter om eerder stil te bly. As die gelowiges stilbly en luister soos wat Jakobus ook sê kan hulle dalk selfs iets leer. Wanneer gelowiges eerder stilbly as om oorhaastig te reageer dui dit hulle verstandigheid ook aan. As hulle eerder luister en dan praat, is die kans beter dat hul iets sal sê wat die moeite werd is (Die Bybel in Praktyk 2007:914-915). Dis belangrik dat gelowiges nie sal praat voordat hulle dink aan die gevolge van hul dade nie (Martin, 1988:54).

Spreuke 29:20 sluit hierby aan: *”Jy sien self: vir die man wat praat sonder om eers te dink, is daar minder hoop as vir ‘n dwaas.”* ‘n Dwase sal praat voordat hulle dink en hierdie uitsprake sal uiteindelik bittere spyt bring. Indien die gelowiges hulle tonge in bedwang hou, sal dit uiteindelik vir hulle ‘n beloning bring (Martin, 1988:47). In die Joodse wysheidsliteratuur is dit ‘n algemene onderwerp om eers te dink voordat die gelowige praat en nie bloot onbeheersd kwaad te word en te reageer nie (Moo, 2015:107).

**Spreuke 13:3:** *"Wie sy mond in bedwang hou, behou sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie; gaan sy ondergang tegemoet."*
Eintlik som hierdie vers alles presies op. Selfbeheersing is een van die vrugte van die Gees en daarsonder sal niemand beheer oor enige van hulle liggaamsdele hê nie. Selfbeheersing is veral nodig vir die gelowiges om hulle tonge te beheer. As die gelowiges heeltemal in beheer van hulself wil wees, moet hulle begin by hul tong. Moet nooit vergeet dat woorde mense, situasies en verhoudings kan maak of breek nie (Die Bybel in Praktyk 2007:905).

Jakobus verduidelik dat ongetemde woede maklik geassosieer word met 'n dwaas wat maklik praat sonder om te dink. Spreuke 17:27 sluit hierby aan "*Wie die kennis het, kan spaarsaam met sy woorde wees; 'n mens met insig bly kalm."* Die wyse man kry nie net skielik 'n woede-uitbarsting nie en sal ook nie woorde ondeurdag uiter nie. Dit sluit sodoende aan by die perikoop in Jakobus, dat die gelowiges nie te vinnig moet praat voordat hulle, hul woorde goed deurdink het nie (Moo, 2015:107)

#### 4.4.5.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In vandag se wêreld is dit verstommend om te sien en te hoor hoe mense mekaar aanval met die tong. Alles draai om mag, geld en wen. Die voorbeeld wat baie kinders by hulle ouers ten opsigte hiervan kry is ook nie na wense nie. Baie gesprekke gaan gepaard met 'n gevloek en geskel. Die realiteit is dat kinders eerder sal optree soos die voorbeeld wat hulle sien as volgens dit wat hul ouers vir hulle sê om te doen. Die realiteit is dus dat gelowiges wat 'n goeie lewe wil lei en 'n goeie voorbeeld vir hulle kinders wil wees, daarop moet fokus om hulle tonge te kan beheer (Prince, 1993:53)
Jakobus vergelyk die tong met 'n skip se roer. Hoe hierdie roer gestuur word, is bepalend ten opsigte van dit wat met die skip gaan gebeur. Net soos wat die skip maklik van koers af kan raak, net so kan die tong elke individu ook koers laat verloor (Steyn, 2015:5).
Dit is elkeen se keuse of hulle onverantwoordelik gaan optree ten opsigte van hul reaksies in hierdie wêreld en of hulle gaan kies om die uitsondering te wees en op te tree en te reageer soos God dit van hulle verwag.

#### 4.4.5.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

‘n Geboelie vind dikwels nie net fisies plaas nie, maar ook deur woorde. Soos reeds in die vorige afdeling genoem is, het die voorbeeld wat kinders by die ouerhuis kry ‘n direkte invloed op hulle reaksies. Dit wat kinders beleef en waarneem, is vir hulle normaal en dit is hoe hulle ook gaan optree en reageer. Selfs wanneer hulle geboelie word, hang die reaksie af van hoe hulle geleer is om te reageer. Kinders moet geleer word om ‘n wag voor hul mond te plaas en die ander kant van die saak aan te hoor voordat hulle reageer. Leer die kind om met wysheid op te tree en nie soos die boelie te word nie.

### 4.4.6 *Spreuke 15:23*

*“ ‘n Mens vind vreugde daarin as hy die antwoord het; wat is beter as die regte woord op die regte tyd.”*

#### 4.4.6.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Mense se woorde kom weereens hier ter sprake. Spraak asook die werking en uitwerking daarvan word gereeld aangespreek terwyl spraak ook een van die hooftemas van die boek is (Murphy, 1998:11; Die Bybel in Praktyk 2007:887).

Gelowiges se gesindheid en wie hulle is, kom te voorskyn deur hulle spraak. Dit wat elkeen sê is ook ‘n toonbeeld van hulle vlak van wysheid. Hierdie hoofstuk stel ook ‘n aantal spreuke saam soos in ‘n versameling terwyl dit ook deel is van die Wysheidspreuke wat strek vanaf Spreuke 1-22:16 (Murphy, 1998:111; Die Bybel in Praktyk, 2007:887).

Dit is belangrik vir die gelowiges om seker te maak dat hulle goeie raad ontvang - goeie raad en tydsberekening loop ook saam. As gelowiges hulle opinie lug, is dit nie bloot wàt hulle sê wat belangrik is nie maar ook wanneer hulle dit sê (Murphy, 1998:114).

#### 4.4.6.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Spreuke 1:7 sê *“Kennis begin met die dien van die Here.”* Hierdie spreuke van Salomo is tydloos en dus geldend vir elkeen van die eerste hoorders, vir die huidige hoorders en ook uiteindelik vir toekomstige hoorders. Hier word nie aangedui wie presies die eerste

hoorders was nie. Daar word slegs gesê dat hierdie wysheidspreuke wysheid vir alle mense is (Die Bybel in Praktyk 2007:888).
Saam met hierdie beheer oor die gelowige se tong kom daar ook wysheid. Wyse persone se wysheid lok gewoonlik mense na hulle toe. Sulke persone bly kalm. Hulle laat nie toe dat enige iets hul emosies beïnvloed nie. Hulle neem beheersde besluite (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884).

Al hierdie wysheid is wat huidige en die eerste hoorders moet leer en in ag neem om ook in beheer van hul woorde te wees. Hulle, soos die huidige hoorders, het die keuse gehad om te kies of hulle vir God gaan vra vir hierdie wysheid en ook by verstandige Godsmanne gaan leer of hulle bloot gaan bly lewe soos wat die wêreld van hulle verwag. Dis belangrik om seker te maak die gelowige se verhouding met God is soos wat Hy dit verwag, sodat die gelowige Sy wil kan uitlewe (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884).

#### 4.4.6.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Die inhoud van Spreuke 1:7 toon aan die leser die ware aard en waarde van spreuke.
Dit is vir die gelowige aangenaam om ‘n antwoord aan iemand te kan gee wat vir daardie persoon van hulp kan wees. Die tydsberekening van wanneer ‘n individu, wat vir ‘n persoon sê, is egter van kardinale belang. Dit is ook belangrik dat daar onthou sal word dat daar nie een regte antwoord op alle vrae bestaan nie (Longman, 2006:320).
Volgens die wysheidsliteratuur is dit baie belangrik om ‘n antwoord van waarde te kan gee. Hierdie vers sluit ook nou aan by vers 22: *“Waar daar nie beraadslaging is nie, slaag planne nie; dit slaag wanneer daar baie raadgewers is”* (Garrett, 1993:154).
Dis belangrik om die groter prentjie in die lewe te kan sien en dit is hier waar goeie raadgewers ter sprake is. Vra ook raad vir mense met meer ervaring as die gelowige, asook iemand wie die individu goed ken, om sodoende die gelowige se verwysingsraamwerk te verbeter. Gelowiges kan dan sodoende leer om die regte keuses te maak en ‘n behoorlike antwoord te gee as hulle moet (Die Bybel in Praktyk, 2007:910).

#### 4.4.6.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Vreugde:** Vreugde word bestempel as die gevolg van ’n goeie en opregte verhouding tussen God en die mens. Kinders van God put vreugde uit ‘n vol lewe. Hierdie vreugde

word ervaar deur diegene wat volgens God se wil lewe. God se wil kom ook tot uitvoering in die vreugde wat beleef word deur korrekte morele en rituele optredes. In die Nuwe Testament is daar verskillende verwysings na vreugde tot en met Jesus se geboorte wat ŉ groot bron van vreugde was (Hastings, 1963:533). Voorbeelde van vreugde in die Skrif sluit in Johannes 15:11, 1 Petrus 4:13, Galasiërs 5:22 en Filippense 4:4.

Wat betref die vreugde van die tersaaklike Skrifgedeelte (Spr 15:23) word daar vreugde verskaf deur op ‘n geskikte tyd wyse raad te gee of selfs met die nodige insig ŉ vraag sinvol te kan beantwoord (Steinmann, 2009:355).

#### 4.4.6.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Spreuke 25:11:** *“Goue appels wat in silwer gemonteer is, so is die regte woord op die regte tyd*”

Goud en silwer is beide hier ter sprake en beide is kosbaar. Net so is beide die regte ding om te sê sowel as die korrekte tydsberekening belangrik. As die regte en geloofwaardige ding op die regte tyd gesê word, sal die gelowige baie meer daarmee bereik word en die impak sal ook soveel groter wees.

#### 4.4.6.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In die lewe van vandag voel dit dikwels of mense baie selde dink wat hulle sê. Hoe snediger, meer afgunstig en afbrekend kommentaar kan wees hoe beter.

Heel dikwels is dit ook duidelik dat hulle baie maklik ‘n ander persoon leed sal aandoen met die tong om bloot te kry en te bereik wat hulle wil (Steyn, 2015:1). In die samelewing waarin die gelowige vandag lewe is die mense wat dink voor hulle praat die minimum. Wanneer gelowiges weet hoe om hulle tonge te beheer, kan hulle ook hulle lewens beter bestuur volgens die wil van God – so verduidelik Jakobus (Prince, 1993:53).

Hedendaagse Christene moet elke dag kies om op hul voete te bly staan en kies om hul Hemelse Vader se wil uit te lewe, al is dit nie altyd maklik in hierdie gebroke wêreld nie. Elke gelowige moet kies om ‘n wag voor hul monde te plaas. Elkeen moet dink voor hulle praat en ook die gevolge van hul woorde in ag neem.

#### 4.4.6.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Die basiese beginsels wat hieruit voortspruit en wat ook aan die geboeliede kind oorgedra moet word, is om 'n wag voor die individu se mond te plaas. Moenie dieselfde mens as die boelie wees nie. Tree op soos die kind van Christus wat die individu is. Dit is weereens belangrik, soos reeds voorheen genoem is, dat ouers hier 'n goeie voorbeeld vir hul kinders behoort te wees. Dit sal onregverdig wees om te verwag dat kinders moet dink voordat hulle praat as dit nie die voorbeeld is wat tuis gestel word nie.

Die geboeliede kind moet nooit voel dat hulle alleen is nie (Steinmann, 2009:355). Hulle moet weet dat daar altyd ander gelowiges is by wie hulle kan aanklop vir hulp en raad (Steinmann, 2009:355). Hulle sal ook vreugde daaruit put om die kind op die regte tyd met die regte antwoorde by te staan (Steinmann, 2009:355). Gesamentlik met vers 22, word die belangrikheid daarvan om raad by die regte mense te kry, beklemtoon (Garrett, 1993:154).

Die aspek van gehoorsaamheid sluit hierby aan. Dit is belangrik dat boelieslagoffers sal weet dat God absolute gehoorsaamheid verlang, selfs in moeilike omstandighede. God sal altyd daar wees vir die wat Hom gehoorsaam. Hy sal hulle altyd beskerm en na hul gebede luister (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884-885).

### 4.4.7 *Filippense 4:13*

*"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."*

#### 4.4.7.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie teksgedeelte vorm deel van die brief wat Paulus aan die Filippense geskryf het. Hierdie gedeelte handel oor die geskenk wat Paulus ontvang het van die gemeente in Filippi en sy reaksie daarop (Hawthorne, 1983:194). Hy praat ook hier oor hoe vol van liefde hulle is en sê vir die Here dankie dat hierdie mense so vrygewig is (Hawthorne, 1983:194). Die ander kant is ook dat hierdie geskenk gemengde gevoelens by Paulus ontlok het (Silva, 2005:201). Alhoewel hy die geskenk nodig gehad het en daarop geregtig is, was dit steeds nie vir hom maklik om dit te aanvaar nie, veral omdat hierdie

mense self in nood verkeer het (Silva, 2005:201).

Filippense staan bekend as die blydskapsbrief, selfs al skryf Paulus die brief vanuit die tronk. Paulus fokus ook hier op blydskap in Christus. Hy praat 16 keer oor blydskap in hierdie brief van hom. Die teksgedeelte val dan ook volgens die sketsplan onder die afdeling wat handel oor blydskap wat ervaar word ten opsigte van die geskenk van lewensonderhoud (Die Bybel in Praktyk, 2007:1836-1837)

#### 4.4.7.2 Sosio-*historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Paulus het ‘n uitsonderlike en hegte verhouding met die mense in Filippi gehad (Die Bybel in Praktyk, 2007:1836). Hierdie mense het in nood verkeer, maar tog vir Paulus ‘n geskenk gestuur (Silva, 2005:201). As die omliggende gedeeltes in ag geneem word, word daar besef dat hierdie hoorders moes hoor dat alles nie om die materiële handel nie, maar dat ware tevredenheid slegs van God af kom (Silva, 2005:204).

#### 4.4.7.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Gelowiges kan in alle omstandighede oorleef met God aan hulle kant, ongeag hoe goed of hoe sleg dit gaan. Die rede hiervoor is verder dat dit juis God is wat vir gelowiges die krag sal gee om aan te hou. Die Heilige Gees sal gelowiges ook bly bemoedig. Paulus moes ook baie beproewing deurstaan, maar hy het bly staan in sy geloof. Die rede hiervoor is dat wanneer hy na sy lewe gekyk het, het hy daarna gekyk vanuit God se oogpunt. Hy het gefokus op die taak wat aan hom toevertrou is en nie op sy eie belang nie. Regte prioriteite en dankbaarheid was sleutels in sy lewe (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1897).

Net soos Paulus moet elke gelowige lewe deur op God se beloftes te vertrou en te weet dat Hy Sy kinders nooit in die steek sal laat nie. Die kind van God moet ook op God se wysheid vertrou. Hy dra elkeen se belange saam met Hom en weet wat in elkeen se beste belang is (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1898).

Paulus maak dit ook duidelik dat hy nie so tevrede voel op grond van dit wat hý gedoen of

bereik het nie (Silva, 2005:205) maar sy tevredenheid kom van God wat hom die krag gegee het om alle dinge te deurstaan (Silva, 2005:205).

#### 4.4.7.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Krag:** Paulus verduidelik dat dit nie gaan oor die krag wat hy het nie. Sy menslike krag beteken eintlik maar niks nie. Dit gaan oor die krag wat van God af kom en die verhouding tussen God en Paulus (Martin, 1987:183).

Dit is juis hierdie krag waar die gelowige swak is en God sterk. God se kinders is op hulle heel sterkste as hulle iets aanpak met die krag waarmee God hulle toerus. Enigiets wat 'n gelowige met krag van God af doen is van blywende waarde (Die Bybel in Praktyk 2007:1801).

#### 4.4.7.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Romeine 8:37:** *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."*

Hierdie gedeelte sluit goed aan by Filippense 4:13. Die rede hiervoor is dat saam met God sal Sy kinders altyd oorwin. Hy is lief vir Sy kinders en Hy gee elke dag vir hulle die krag om aan te hou en aan te gaan.

God sal elkeen van Sy kinders altyd vashou en beskerm, ongeag of dit in goeie of slegte tye is. Hy is altyd daar vir elkeen. Die kind van God moet soos Paulus vashou aan die Here en ook aan die krag wat Hy vir elkeen sal gee. Hierdie krag sal elke individu help om nie onvergenoegd te raak nie. God sal vir elkeen die krag gee om te oorwin en staande te bly. Deur Sy liefde is almal oorwinnaars. Hy is elkeen altyd genadig (Müller, 1988:80)

**2 Korintiërs 12:10:** *"Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus want as ek swak is, is ek sterk."*

Elke gelowige kan altyd op Christus reken vir krag. Al is die kind van God swak, is Hy altyd sterk en Hy maak elkeen van Sy kinders sterk. Sy kinders kan altyd aan Hom vashou. Dis hierdie krag wat vir Paulus staande gehou het, ongeag sy omstandighede en dis hierdie krag wat ook elke huidige hoorder staande hou (Müller, 1977:130). Dit is ook

belangrik dat gelowiges sal onthou dat hulle niks uit hul eie krag kan doen nie (Die Bybel in Praktyk, 2007:1801).

#### 4.4.7.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

Elkeen van vandag se Christen-gelowiges het steeds elke dag die krag van die Hemelse Vader nodig om deur positiewe en negatiewe tye in die lewe te kom (Rhames, 2014:v). Elkeen ken die goeie en die minder goeie dae. Met die skryf van hierdie hoofstuk bevind Moeder Aarde haar kniediep in ‘n pandemie – die COVID 19 virus. Elke aspek van elke persoon se lewe word geraak. Gelowiges kan slegs deur krisisse soos hierdie kom en steeds op hulle voete bly deur die krag en beskerming van die Vader (Daniel, 2006:238). Gelowiges kan slegs op hulle voete bly deur vas te hou aan Hom, Sy wysheid en krag. Dit is belangrik dat gelowiges ongeag hulle omstandighede, steeds sal bly glo soos kinders, want net God weet hoe elkeen se pad vorentoe lyk (Daniel, 2006:25). In goeie tye het elke gelowige steeds Sy krag nodig. Geen gelowige kan een tree stap sonder die Krag en Genade van die Vader nie. Gelowiges moet elkeen daardie keuse maak of hulle die pad onder die beskermende Hand van God sal stap en of hulle eerder in opstand gaan kom teen God en Sy Woord (Daniel, 2006:238). .

#### 4.4.7.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Soms gebeur daar dinge in die lewe wat sleg is en niemand weet hoe hulle anderkant gaan uitkom nie. ‘n Voorbeeld hiervan sal wees om geboelie te word. Slegs God en God alleen kan gelowiges deur moeilike tye op hulle voete hou. Paulus se geloof dat God sterker is as elke situasie en vir elke individu krag sal gee om daardeur te kom, is vir elke gelowige ‘n les (Martin, 1987:183-184). Dit gee ook aan die gelowige die bevestiging van presies dit wat Filippense 4:13 vir elke gelowige sê: *“Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.”* (Martin, 1987:183-184).

### 4.4.8 *Spreuke 24:16*

*“Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op, maar die goddeloses word deur*

*rampe vernietig."*

#### 4.4.8.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie teksgedeelte val volgens die sketsplan van Spreuke in die tweede gedeelte van die boek wat handel oor die gesegdes van die wyse manne. Daar word meer spesifiek gekyk na buitelandse trekke in die spreuke. Die meeste van hierdie spreuke handel oor alledaagse dinge en in hierdie spesifieke gedeelte word ander volke se spreuke betrek, soos hierbo ook genoem is. Hierdie gedeelte val dan ook onder die genre van ‘n spreuk (Die Bybel in Praktyk, 2007:887). Hierdie vers se tema val dan ook onder die motiveringsgedeelte van die hoofstuk (Murphy, 1998:180). Dit blyk duidelik vanuit hierdie gedeelte dat die bose nie die goeie sal oorwin nie (Garrett, 1993:199).

#### 4.4.8.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Dit is duidelik dat daar in die tyd van hierdie teks, soos vandag ook maar, baie wrywing tussen regverdiges en die goddeloses was.

Die uitspraak in Spreuke 24:16 is spesifiek gerig op die boosdoener of goddelose. Hy word gewaarsku om die regverdige met rus te laat. Hy wat boosdoener is sal in elk geval nooit kan wen teen die regverdige nie, want die regverdiges het die Hemelse Vader aan hulle kant. Hierdie regverdiges sal nooit opgee nie, want God is met hulle (Garrett, 1993:199). Die boosdoeners het dus die keuse om aan te hou verloor teen die regverdiges of om hulle met rus te laat. Die ander keuse is om hulleself te bekeer.

#### 4.4.8.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

In hierdie gedeelte staan die goddelose en die regverdige teenoor mekaar.

Die goddelose is die een wat enigiets sal doen om dit wat reg is en ‘n lewe wat reg is te ontwrig. Uiteindelik, ten spyte van die goddelose se pogings, is dit duidelik dat die regverdige nooit sal ophou terugbaklei nie. Die regverdiges het vir God aan hulle kant, asook God se krag en wysheid. Die regverdige is dus die een wat altyd weer opstaan en terugbaklei (Janse van Rensburg & Nel, 2009:892). Hierdie beginsel geld in enige omstandighede (Longman 2006:439).

Die goddelose aan die ander kant word maklik uitmekaar geruk en vernietig. Die regverdiges is ook die goeie mense, wat hulle nie verlustig daarin as die goddelose tot niet gaan nie. Die regverdige laat alles in God se hande. Die regverdige beskik oor die wysheid om te weet dat negatiewe dinge soos kwaad daartoe sal lei dat die goddeloses hulleself vernietig. Al probeer die goddelose dus om die regverdige se lewe te vernietig, sal die regverdige staande bly in geloof en terugbaklei, terwyl die goddelose vernietig sal word (Janse van Rensburg & Nel, 2009:892)

#### 4.4.8.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Regverdige:** Die regverdige is daarop gefokus om deurgaans self ook geregtigheid te laat geskied. Esegiël verduidelik dat ‘n regverdige reg optree en dus ook altyd binne die grense van die wet bly. ‘n Persoon kan gesien word as ‘n regverdige as daar opgetree word volgens dit wat God van gelowiges verwag. In Deuteronomium word verduidelik dat hierdie geregtigheid ook beteken om aan God se Woord gehoorsaam te wees, aangesien elke gelowige weet wat Sy wil is volgens Sy wet en daarvolgens moet lewe (Hastings, 1963:852).

‘n Regverdige en sy optrede staan presies teenoor die wat boos optree en dus ook nie volgens die wil van die Here optree nie. God verwag van regverdiges om volgens Sy geregtigheid te lewe. Hierdie geregtigheid waarvolgens elke gelowige moet lewe loop ook saam met elkeen se integriteit (Longman, 2013:1430). Hierdie regverdiges was dan ook gelowiges wat gelewe het volgens die Wil van God. Hulle het vasgehou aan Hom en op Hom vertrou.

**Goddelose:** ‘n Goddelose kan as ‘n boosdoener beskryf word (Garrett, 1993:199). Hierdie goddeloses het altyd probeer moeilikheid maak vir die regverdiges. Hulle was kwaadstokers en moeilikheidmakers. Hulle was ongelowig en het los van God gelewe.

#### 4.4.8.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Job 5:19:** *“Al tref ‘n ramp jou ses of sewe keer, Hy sal jou red, selfs ‘n hoeveelste keer sal dit jou geen kwaad aandoen nie.”*

Hierdie gedeelte sluit presies aan by die teksgedeelte van Spreuke 24:16. Dit maak

nie saak hoeveel aanslae daar teen die gelowige is en hoeveel keer die gelowige val en weer moet opstaan nie. Die Hemelse Vader sal elke keer weer en weer vir die kind van God krag gee om op te staan en weer terug te baklei. Die goddelose kan maar ophou probeer, want die goddelose sal nooit wen nie (Garrett, 1993:199).

**Psalms 34:20:** *"Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal."*
God sal Sy kinders altyd beskerm. God sal altyd vir gelowiges die nodige krag en wysheid gee om weer op te staan en aan te gaan. Soos Longman (2006:439) ten opsigte van Spreuke 24:16 verduidelik, sal die regverdiges nie noodwendig ‘n maklike lewe hê nie, maar hulle sal met die hulp van God kan bly staan ten spyte van die aanslae in die lewe. Dit is so van pas op hierdie gedeelte in Psalms ook. Maak nie saak hoeveel storms die gelowige tref nie. God sal altyd Sy kind bly vashou, help opstaan en beskerm.

#### 4.4.8.6. *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In vandag se lewe word Christene net so dikwels platgeslaan en kry hulle ook swaar.
Daar is verseker baie goddeloses wat die gelowige se lewe elke dag probeer ontwrig en in ‘n ander rigting stuur. Hierdie mense tree uiteraard ook nie op soos wat God van gelowiges verwag nie.

Individue vra dikwels vir hulself wat God van hulle verwag. Toe Jesus op aarde was het Hy ons baie geleer van God. God verwag van elke gelowige om opofferings te maak en sodoende alles vir Hom te gee. God verwag dat ons volkome toegewy sal wees. Elke gelowige moet uitgaan om met God as Stuurman verandering in die wêreld te bring (Stearns, 2014:xix)

As regverdige en gelowige kind van God staan elkeen elke dag voor die keuse of hul gaan val voor die aanslag van die goddeloses en of hul toegewy aan die Here God gaan wees. Die Vader gee vir elkeen die krag en wysheid om elke keer op te staan en terug te baklei.

#### 4.4.8.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Met in agneming van die tema is hierdie teksgedeelte baie relevant. Boelies tree soos die goddeloses in hierdie teksgedeelte op. Vir die slagoffer is die aanslae deur boelies nie maklik of eenvoudig nie. Hulle word platgeslaan en vertrap. Hierdie slagoffers moet leer dat hulle nie die minderwaardige mense is waarvoor boelies hulle uitkryt en verkleineer nie. Hulle moet leer dat God hulle altyd sal help om op te staan en terug te baklei soos wat Hy die regverdige help teen die goddelose. God sal Sy kind nooit los nie. Hy sal altyd vir die gelowige die krag en wysheid gee om op te staan en terug te baklei – selfs teen boelies.

### 4.4.9 *Habakuk 3:17-18*

*"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."*

#### 4.4.9.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie boek is geskryf in die genre van 'n tweegesprek. Hierdie tweegesprek speel af tussen God en die profeet. Die profeet worstel soos meeste gelowiges met baie oue vrae. Vrae wat insluit: *"Hoekom laat God goeie mense ly?"* (Die Bybel in Praktyk 2007:1312-1313). Uiteindelik kom alles neer op die onvoorwaardelike vertrouenspreuk in hierdie teksgedeelte (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1288) . Ongeag wat gebeur, die gelowige kan altyd aan God vashou en op Hom vertrou. Hierdie spreuk is dan ook hoe die boek van Habakuk tot 'n einde kom (Die Bybel in Praktyk 2007:1318).

#### 4.4.9.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Die mense van Juda het die meeste van hulle inkomste van een of ander vorm van boerdery gekry byvoorbeeld olywe en vye, asook diere soos skape. Alhoewel hierdie die mense se bron van inkomste was, kon daar steeds dinge gebeur het wat veroorsaak dat hulle in die steek gelaat word daardeur. Dit is dus volgens die profeet eerder belangrik dat

die gelowige sal fokus op God wat al hierdie bogenoemde dinge geskep het en die feit dat selfs wanneer dit die gelowige faal, God vir altyd die gelowige se Redder en God sal wees. Selfs al beleef hulle moeilike tye en word hulle onderdruk, motiveer dit die profeet dat die volk steeds die Here moet loof en prys. Al verloor die volk alles op grond van die omstandighede waarin hulle hul tans bevind, kan niks of niemand ooit hulle Verbondsgod van hulle af wegvat nie. Die verbond tussen God en sy kinders staan vir ewig (Baker, 1988:75-76).

Die eerste hoorders en betrokkenes moet dus ‘n keuse maak of hulle ten spyte van alles aan God sal bly vashou en of hulle eerder sonder God verder wil lewe.

#### 4.4.9.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Habakuk se hoofstuk kom tot ‘n einde met hierdie ongekwalifiseerde vertouensuitspraak (tesame met verse 16 en 19). Alles handel hier oor Habakuk se vertroue wat onvoorwaardelik in die Here gestel is. Al is die omstandighede verbysterend bly Habakuk vashou aan God. God hou elkeen vas in elke moeilike oomblik in die lewe en Hy sal saam met die gelowige deur elke oomblik op die lewenspad wandel. God is in beheer en die gelowige kan op Hom vertrou ongeag die omstandighede (Janse van Rensburg & Nel, 2009:1288). Hy het belowe dat Hy die gelowiges sal verlos en Hy sal dit doen. Elke gelowige moet altyd hieraan vashou, selfs wanneer dit lyk of die goddeloses op die wenpad is. Elke uitdaging wat oor die gelowige se pad kom, sal ‘n uitdaging wees wat oorwin kan word.

Habakuk se sekerheid dat God Sy kinders sal verlos, kom nie noodwendig van dinge wat die gelowiges kan sien nie. Dit kom van die gelowige se verhouding en vertroue met die Verbondsgod. (Carson *et al, .*2010:846). Soos Janse van Rensburg & Nel (2009:1288) dit stel: *“… want ek het die geheim van nogtans-geloof ontdek.”*

#### 4.4.9.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Olyfoes:** Die olyfoes in hierdie konteks het vir die volk olie gegee om mee kos te maak en ook olie vir hulle lampe, sodat hulle lig in die donker kan hê (Barker & Bailey, 1998:375).

**Redder:** God is gelowiges se Redder soos in die teksgedeelte aangedui word. Hy is gelowiges se Verlosser en selfs in moeilike tye moet gelowiges steeds weet en glo dat Hy elkeen sal red. Elke gelowige moet daaroor bly wees (Baker, 1988:76).

#### 4.4.9.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Filippense 4:4:** *"Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"*
Hierdie vers loop saam met Habakuk 3:18. Toe Paulus hierdie brief aan die gemeente in Filippi geskryf het, was hy in aanhouding. Hy leer vir gelowiges hiermee dat selfs al is hulle omstandighede sleg, moet hulle ingesteldheid steeds positief wees want Jesus is altyd saam met hulle. Dis maklik om moed te verloor as dinge sleg gaan, maar Paulus sê elkeen moet aan God bly vashou en altyd bly wees (Die Bybel in Praktyk 2007:1845).

Filippense en die gedeelte uit Habakuk sluit hier goed by mekaar aan. Die moeilike omstandighede waarin God se kinders hulleself bevind is steeds daar, maar tog loof en prys Habakuk, net soos Paulus, steeds vir God. Hy weet God sal uitkoms bied, soos wat Hy al baie kere tevore uitkoms aan Sy kinders gebied het (Barker & Bailey, 1998:374-375).

Ten spyte van die feit dat Habakuk en God se kinders swaarkry, prys hy steeds, soos Paulus, die Here. God is hulle elkeen se Redder. God kom altyd Sy beloftes na. Hierdie lofprysing is gegrond op hulle verhouding met God (Baker, 1988:75-76)

**Jeremia 5:17:** *"Hulle sal jou oeste en jou kos verteer, jou seuns en dogters om die lewe bring, jou kleinvee en jou beeste slag en jou wingerdstokke en jou vyebome vernietig, jou vestingstede waarop jy jou vertroue vestig, met die swaard inneem."*
Hierdie vers sluit aan by Habakuk 3:17. In Jeremia se tyd het die Babiloniërs besluit om teen die Assiriese oorheersing op te staan en hulle het die nuwe wêreldmag geword (Die Bybel in Praktyk, 2007:1075). Hierdie verwoestende beelde sluit aan by die verwoestende beelde in Habakuk 3:17.

In Habakuk bevind die kinders van God hulleself steeds in 'n tyd van klaagliedere. Net soos in Jeremia se tyd word daar soveel verwoesting gesaai wat baie nadele inhou vir die volk. Alles wat hulle verloor in Habakuk, soos wat alles verlore gaan in Jeremia, het

uitsonderlike negatiewe gevolge en kan selfs daartoe lei dat hulle heeltemal hoop verloor (Barker & Bailey, 1998:374-375).

Die belangrikste is en bly dat gelowiges steeds in hulle geloof sal bly staan soos wat God van hulle vra en dat hulle altyd aan Hom sal bly vashou.

Ten spyte van alles, sal God se genade altyd vir Sy kinders genoeg wees (Barker & Bailey, 1998:374-375). Jy kan op hierdie genade staatmaak in elke aspek van die lewe (Baker, 1988:75).

#### 4.4.9.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In vandag se lewe word alles aan ‘n ekonomiese waarde gekoppel. In sò ‘n wêreld is dit tyd dat gelowiges weer diep moet nadink oor die geloof van Habakuk. Weereens, ongeag wat die omstandighede is, behoort elkeen aan die Here vas te hou en op Hom te vertrou, elke oomblik van elke dag. Sonder die Verbondsgod en die verbond wat Hy met elkeen gesluit het, is die gelowiges niks en kan hulle vergeet om die nodige krag te hê om deur elke uitdaging in die lewe te kom (Barker & Bailey, 1998:376). Daardie krag en genade kan gelowiges net van God af kry. Gelowiges moet dus self die keuse maak of hulle gaan vashou aan God, ongeag die omstandighede en of hulle deel gaan word van die goddeloses.

#### 4.4.9.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Gegewe die tema het die slagoffers van boelies ook heel dikwels nie iets om oor te jubel nie, maar veel eerder baie om oor te kla. Elke geboeliede kind moet bly vashou aan die Hemelse Vader se genade, wat gelowiges weet uiteindelik hulle redding sal wees. Selfs wanneer dit swaar gaan, sal God Sy kinders nooit verlaat nie.

God se genade alleen het vir Habakuk van ‘n klaende profeet verander in ‘n profeet wat jubel en juig ongeag die omstandighede (Robertson, 1990:247). Niks anders as genade

kon vir Habakuk tot jubeling bring in hierdie omstandighede nie (Robertson, 1990:247). Mag God ook so genadig met elkeen van Sy kinders wees (Robertson, 1990:247).

### 4.4.10 *Spreuke 12: 26, 28*

*“Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur ‘n vriend; die goddeloses verdwaal op die pad wat hulle self kies….Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is ‘n pad wat nie na die dood lei nie.”*

#### 4.4.10.1 *Bepaling van die teks, tekstuele konteks, die plek van die perikoop en genre*

Hierdie teksgedeelte (samehangend met Spreuke 12:23-28) beskik nie oor ‘n spesifieke tema nie (Garrett, 1993:133). Dit verduidelik wel ‘n paar kernaspekte wat vir die gelowige ‘n goeie lewe kan gee of dit kan vernietig (Garrett, 1993:133).

Daar word wel weer duidelik onderskei tussen die wyse en die goddelose mens. Die goddeloses tree halsoorkop op, weet nie hoe om goeie verhoudings te kweek nie en steur hulle nie aan die Here se wil nie. Die wyse aan die ander kant kweek gesonde verhoudings, hierdie wyse help ander en is ook bereid om te luister na ‘n wyse vriend (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884).

Wyse mense (verse 23 en 26 samehangend) is versigtig- hulle kies hul woorde en vriende met die hand uit (Garrett, 1993:134). As gelowiges aan God gehoorsaam is, verkry hulle die Ewige Lewe. God sal Sy kinders altyd beskerm en bewaar. Hy laat juis die goddeloses die pad van die dood loop (Janse van Rensburg & Nel, 2009:884)

Die lewe van die regverdiges word geassosieer met geregtigheid. Die ander pad wat na die dood lei, is die pad waarop die goddeloses hulle bevind (Murphy, 1998:92). Die genre van hierdie gedeelte val ook onder die wysheidspreuke vir alle mense. Dit word onder Wysheidspreuke in die sketsplan uiteengesit (Die Bybel in Praktyk 2007:888).

#### 4.4.10.2 *Sosio-historiese konteks en die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste hoorders/lesers gestel het*

Dit is moeilik om ‘n spesifieke sosio-historiese konteks vir hierdie gedeelte vas te stel. Hierdie wysheidspreuke se doel was om wysheid en leiding aan die mense van daardie

tyd te gee, maar dit is vandag ook steeds geldend. Hierdie boek leer die gelowige hoe om ‘n geordende lewe volgens die Wil van God te lewe. Die eerste hoorders het dus voor die keuse gestaan of hulle soos regverdiges of soos goddeloses gaan lewe.

#### 4.4.10.3 *Godsopenbaring, verlossingsfeite en appèl*

Daar is baie onsekerheid ten opsigte van hierdie verse se betekenis (Murphy, 1998:92). Vers 26 handel oor rigting en dat wanneer gelowiges die regte vriende het, hulle in die regte rigting sal beweeg (Murphy, 1998:92). Andersins sal die gelowiges deur die goddeloses op die verkeerde pad gelei word wat uiteindelik ook tot die gelowiges se eie dood kan lei (Murphy, 1998:92). Vers 28 verduidelik dat as gelowiges die pad van die Here loop sal hulle die Ewige Lewe verkry, maar as die gelowiges goddeloos lewe sal hulle op ‘n ander pad beland wat hul na die dood sal lei (Murphy, 1998:92). Vers 26 verduidelik ook dat ‘n regverdige sal toelaat dat ‘n vriend vir hom die pad wys, maar hy gebruik ook wysheid om uiteindelik dan vir ander te wys waarheen om te gaan (Steinmann, 2009:309). Die tweede deel van die vers beklemtoon dat die goddeloses, wat hulle nie steur aan enige wysheid nie, uiteindelik hul eie ondergang bewerkstellig (Steinmann, 2009:309). Vers 28 vat dit verder en verduidelik dat elkeen wat soos ‘n regverdige lewe volgens die wysheid van God die Ewige Lewe sal verkry (Steinmann, 2009:309). Hierdie pad sal die gelowiges nie na die dood lei nie (Steinmann, 2009:309).

#### 4.4.10.4 *Woordstudie van belangrike begrippe*

**Lewe:** Vers 28 (saam met vers 25) verduidelik hoe diep en wyd die betekenis van die woord lewe regtig is. In hierdie teksgedeeltes kan lewe immoraliteit beteken. Dit kan egter ook vreugde en vervulling beteken (Garrett, 1993:134).

**Vriende:** In vers 26 word daar van vriende gepraat. Vriende is die mense met wie individue hulself assosieer. Om vriende te kies is ‘n baie belangrike aksie. As die gelowiges die regte vriende kies sal hulle slegs vreugde in hul lewens bring. Die persone met wie gelowiges vriende is, is ook die wie gelowiges in hulle vertroue sal neem. Dit is dus ‘n versigtige keuse om te maak (Garrett, 1993:133-134).

#### 4.4.10.5 *Raadpleging van eksegetiese bronne en Skrif-met-Skrifvergelyking*

**Deuteronomium 30:15:** *"Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou."*

Hierdie vers sluit eintlik aan by beide verse 26 en 28. Gelowiges staan voor 'n keuse of hulle die wyse pad van die regverdige gaan volg of die goddelose se pad wat tot die dood gaan lei. In Spreuke 12:28 gaan dit nie oor die liggaamlike dood nie, maar wel daaroor dat gelowiges eintlik die dood belewe as hulle sonder God sou lewe. Gelowiges kan hierdie probleem oorkom deur bloot gehoorsaam aan God te wees (Die Bybel in Praktyk, 2007:905).

In vers 28 word daar ook gepraat van lewe. Dit handel onder andere oor die Ewige Lewe saam met God. Hierdie verwysing na die Ewige Lewe saam met God loop dan saam met die latere verwysing in die vers dat die pad saam met God nie in die dood sal eindig nie (Steinmann, 2009:303).

#### 4.4.10.6 *Huidige sosio-historiese konteks en geloofskeuses vir huidige hoorders/ lesers*

In die tye waarin die gelowige vandag lewe is daar steeds baie goddeloses en regverdiges.

Die realiteit is dat daar altyd van beide sal wees. Elke gelowige het die keuse om te kies of hulle die pad saam met die Here wil stap volgens Sy wysheid en wil. Die Ewige lewe is tot almal se beskikking. Almal kan die wysheid van God bekom en as regverdige lewe en op die regte pad bly. As jy die pad van 'n regverdige stap, stap jy die pad van lewe (Steinmann, 2009:309). Die ander opsie is om af te dwaal. Hierdie is die pad wat na die dood oppad is.

#### 4.4.10.7 *Gevolgtrekkings en basiese beginsels uit hierdie perikoop met betrekking tot die tema*

Met die tema in ag geneem gaan dit weereens om keuses. Die regverdiges luister na 'n wyse vriend en tree in wysheid op, selfs wanneer die goddeloses hul pad kruis.

Geboeliede kinders moet leer om steeds in wysheid op te tree soos wat die Here van hulle verwag, selfs al word hulle geboelie. Kinders van die Here se pad is nie altyd maklik nie, maar God is altyd daar en Hy sal Sy kinders nooit in die steek laat nie. As gelowiges gehoorsaam aan Hom is, sal hulle dienooreenkomstig beloon word.

### 4.5 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUK AS GEHEEL

- God ken elke gelowige - elke goeie en slegte eienskap en optrede. Elke kind van God het Sy leiding nodig. Elkeen moet lewe soos wat God van hom/haar verwag. Wysheid van God is die sleutel. God leer hierdie wysheid aan elkeen van Sy kinders. Elke persoon het 'n verhouding met God nodig en daarom moet elke oomblik saam met God gekoester word. God se tydsberekening is perfek en daarom moet slagoffers van boelies net moed hou. Daar moet vasgehou word aan die wysheid wat God gee asook aan Sy genade.
- Elke gelowige moet bly vasstaan in hulle geloof. God se kinders kan altyd vir Hom wysheid vra ten opsigte van hoe daar opgetree moet word. Die wysheid wat van God gevra word, dien as rigtingwyser vir ons van hoe daar opgetree behoort te word. Die geboeliede kind moet ook hierdie wysheid leer ken en daaruit lewe van dag tot dag.
- Selfs wanneer gelowiges hulself in moeilike omstandighede bevind moet elkeen vasstaan in hulle geloof en volgens God se verwagtinge lewe. Die slagoffer moet geleer word om ook die boelies in hul lewe op so wyse te hanteer.
- Daar moet nooit oorhaastige besluite geneem word nie. Elke woord wat 'n individu wil uiter moet eers goed deurdink word. Wees altyd verstandig en dink vooruit. Christene moet altyd hulle medegelowiges bystaan en aanmoedig om te bly vertrou. Wysheid dui vir ons die regte pad aan en help ons om nie naïef op te tree nie. Luister na die raad van 'n ervare persoon en onderrig die kind om ook verstandig op te tree.
- Moenie 'n oorywerige prater wees nie. Gelowiges moet eers hul ore spits en luister voordat hulle enige iets sê. Elke gelowige is van God se Woord afhanklik. Woede moet in bedwang gehou word want dit veroorsaak oordrewe reaksies. Positiwiteit ten

opsigte van die lewe is belangrik. Moenie woorde uiter as dit nie goed is nie – wees daarom verstandig en beheer jou emosies volgens God se wil. Jou tong kan jou lewe in 'n verkeerde rigting stuur indien jy dit nie in toom hou nie. Dis elke ouer se verantwoordelikheid om in hierdie opsig 'n voorbeeld vir hul kinders te wees.

- Goeie raad is belangrik. Tydsberekening ten opsigte van wanneer jy wat ookal sê is ook belangrik. Wysheid trek mense aan en daarom wil gelowiges graag ander help en vir hulle die regte antwoorde gee. Luister gevolglik na die raad van wyse mense. Vreugde impliseer onder andere om volgens God se wil te lewe. Die regte antwoorde op die regte tyd is gevolglik van kritiese belang. Die slagoffers van boelies moet weet hulle is nie alleen nie. Daar is altyd iemand wat hulle met raad en daad en wysheid sal bystaan. Ten spyte van 'n geboelie moet elkeen steeds aan God gehoorsaam bly.
- Elke gelowige moet altyd bly wees in die Here en aan Sy krag bly vashou, selfs in moeilike omstandighede soos wanneer iemand byvoorbeeld geboelie word. Die Heilige Gees sal gelowiges altyd hoop gee om aan te hou en te volhard. Fokus gevolglik altyd op dit wat God van jou verwag eerder as op jouself. God weet wat Sy kinders nodig het en Hy gee aan hulle die krag om staande te bly en te oorwin. Ons kan altyd op hierdie krag reken en daarom sal Hy ook aan slagoffers van boelies krag gee om deur die krisis te kom.
- Die goeie sal altyd seëvier. God sal altyd Sy kinders beskerm. Die regverdiges sal elke keer weer opstaan en terugbaklei met die hulp van Bo. Integriteit en die geregtigheid waarvolgens God wil hê Sy kinders moet lewe kan nie van mekaar geskei word nie. God sal ook vir die boelieslagoffer die krag gee om op te staan en te volhard in die goeie - Hy sal nooit Sy kind verlaat nie.
- Die slagoffer van 'n boelie kan altyd aan God vashou en op Hom vertrou, ongeag wat met hom gebeur - niks kan vir God en Sy kinders van mekaar skei nie. Ten spyte van slegte omstandighede moet ons steeds positief bly, want God is by elke gelowige. Geen boelieslagoffer mag ooit moed verloor nie, want God is by elkeen van hulle.
- Vir 'n wyse mens is gesonde verhoudings belangrik en daarom moet jy jou vriende versigtig kies. Die regte vriende kan jou met wysheid bystaan om die regte keuses te maak. Regverdiges bewandel die pad van geregtigheid terwyl goddeloses wat hul

nie aan God steur nie hulself bevind op die pad van ondergang. As gelowiges volgens God se wil en wysheid lewe, sal hulle die Ewige Lewe verkry. Alhoewel geboeliede kinders nie 'n maklike pad stap nie, moet hul bly vashou aan God en al Sy beloftes.

# DIE PRAGMATIESE TAAK

## HOOFSTUK 5


## DIE FORMULERING VAN ‘N STRATEGIES-TEORETIESE MODEL

### 5.1 INLEIDING

Die fokus in hierdie hoofstuk is op die daarstelling van ŉ praktyk-teoretiese raamwerk van ŉ pastorale begeleidingsmodel met behulp van speel ten opsigte van kinders wat geboelie is. Die voorgestelde model sal dus gerig wees op pastorale begeleiding sowel as speelintervensie. Die samestelling van hierdie model sal geskied op basis van perspektiewe vanuit die Deskriptiewe taak (hoofstuk 2), die Interpreterende taak (hoofstuk 3) en ook die Normatiewe taak (hoofstuk 4). Dit impliseer dus bydraes vanuit die dissipline van spelterapie, die aanverwante wetenskappe en die Skrif. Die integrasie van al hierdie onderskeie perspektiewe lei dan na ŉ multidissiplinêre model waardeur die pastorale berader bemagtig word om op ŉ geïntegreerde en diepgaande vlak die getraumatiseerde en emosioneel verwonde slagoffer van boelie te kan begelei.

### 5.2 OMSKRYWING VAN PRAKTYKTEORIE AS BEGRIP

Volgens Pieterse (1993:52) word daar oor die algemeen ŉ praktykteorie vir elke kommunikatiewe handeling ontwerp. Die interaksie tussen teoretiese en empiriese gegewens as deel van hierdie proses is gevolglik belangrik totdat nuwe konsepte daaruit kan lei tot die formulering vir ŉ praktykteorie ten einde die praksis te rig en te stuur (Heyns & Pieterse, 1990:86). Op hierdie wyse is daar ŉ kritiese interaksie tussen die huidige praktiese teologiese teorieë en die praktyk met die oog op die verdere uitbouing van bestaande konsepte (Van der Ven, 1993:38). Hierdie proses hou ten nouste verband met Osmer (2008:4) se *pragmatiese taak* aan wat by wyse van die volgende diagram geïllustreer word.




**Figuur 5: Osmer se model (Osmer, 2008:11)**

## 5.3 DOELSTELLINGS

Met die pragmatiese taak word daar gepoog om vas te stel hoe daar in betrokke situasies opgetree moet word. (Aansluitend by Osmer se vraag: *"Wat behoort te verander?"*) Osmer (2008:4) beskryf hierdie taak soos volg (soos reeds aangedui in hoofstuk 1):

> *Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the 'talk back' emerging when they re-enacted.*

Volgens Osmer (2008:10) is die doel om uiteindelik verandering of vernuwing tot gevolg te hê en hy verduidelik verder wat die benadering op hierdie punt behoort te wees:

> *How might we respond in ways that are faithful and effective? The pragmatic task focusses on strategies and actions that are undertaken to shape events toward desired goals*.

Met betrekking tot die tema van die onderhawige studie kan die doelstelling gevolglik geformuleer word as die daarstelling van ŉ multidissiplinêre en geïntegreerde model vir die begeleiding van kinders wat geboelie is met behulp van 'speel'.

## 5.4 VOORGESTELDE MODEL VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KINDERS WAT GEBOELIE IS MET BEHULP VAN 'SPEEL'

Vanuit die besprekings in die hoofstukke wat gehandel het oor die deskriptiewe taak, die interpreterende taak en die normatiewe taak word die volgende model aan die orde gestel met betrekking tot die pastorale begeleiding van kinders wat geboelie is met behulp van 'speel'.

### *5.4.1 Sessie 1: Die bou van ŉ verhouding en die vestiging van vertroue*

Die bou van 'n verhouding is een van die hoekstene van Gestaltterapie. Empatie en speel vorm die kern van begeleiding wat plaasvind binne ŉ koesterende verhouding. Dis belangrik dat die berader die sessies op 'n aanvaarbare vlak vir die kind moet hanteer en aanbied. Reeds vanaf die eerste sessie moet die kind se selfbeeld en selfbewustheid deurgaans in gedagte gehou en gebou word – boelie kan 'n groot invloed op hierdie twee aspekte van 'n kind se lewe hê (vgl. 2.5).

Sodra die kind die eerste keer aan die speelkamer blootgestel is, begin die verhouding. Die speelkamer moet vir die kind 'n veilige plek wees en in hierdie opsig laat die speelgoed kinders gewoonlik op hulle gemak voel - hulle moet egter weet dat alles met verantwoordelikheid gepaard gaan (vgl. 2.5.1). Dit is verder belangrik dat die sessies vir die kind aangenaam is aangesien dit positiwiteit skep asook die begeerte om die sessies by te woon en saam te werk (vgl. 2.5.2.1). Eerlikheid en emosionele warmte sal ook hierdie hele proses bevorder (vgl. 2.5.2.3).

### 5.4.2 *Sessie 2: Bou die verhouding verder uit en verseker dat die kind gemaklik is*

Soos wat kinders se vertroue vermeerder, sal hulle gewoonlik met elke volgende sessies meer van hul emosies deur middel van speel openbaar (vgl. 2.5.2.2). Dit kan help as die

berader sowel as die kind saam met mekaar kan lag aangesien dit kan help om moontlike spanning wat die sessie meegebring het, te verlig (vgl. 2.5.2.1). Gaandeweg word daar ook begin werk aan die proses van bemagtiging as ’n basis vir alles wat sal volg (vgl. 2.5.2.4). Nadat ’n stabiele verhouding in hierdie tweede sessie gevestig is, moet daar gepoog word om ook tydens die volgende sessies steeds hieraan te werk en dit te koester. Die volgende merkers is belangrik in hierdie verband:

- Wees geduldig met die proses.
- Respekteer die kind se grense - ook wanneer die kind iets nie wil doen nie.
- Gee altyd aan die kind die keuse.
- Die kind is die rigtingaanduider.
- Die kind se behoeftes is belangrik.
- Luister vir die *“inner child”.*
- Die kind moet weet dat uniekheid goed en aanvaarbaar is.
- Die kind moet weet die berader het werklik geloof in die kind (vgl. 2.5.2.5).

### *5.4.3 Sessie 3: Identifiseer die kruks van die probleem*

As deel van hierdie sessie ten einde vas te stel waar die dieper wortels van die probleem lê, kan daar onder andere van die volgende tipes speel gebruik gemaak word:

- *Bibliospeel* (vgl. 2.7.1)
  Stories vorm ’n belangrike komponent van hierdie tipe speel (vgl. 2.7.1.1 - 2.7.1.1.5)
- *Gedramatiseerde speel* (vgl. 2.7.2)
  Hier kan moontlik van onder andere rolspel gebruik gemaak word (vgl. 2.7.2.1).
- *Skeppende speel* (vgl. 2.7.3)
  Klei kan hier baie sinvol gebruik word (vgl. 2.7.3.1- 2.7.3.1.3).

Die tipe van speel en watter tegnieke aangewend word, sal alles afhang van die kind se ouderdom en situasie. Alhoewel die kind moontlik nie in woorde die situasie sal kan verduidelik nie, sal die probleem gewoonlik deur die proses van speel na die oppervlakte kom.

Om werklik by die kruks van die probleem uit te kom en ook by ’n uiteindelike oplossing, moet die volgende aspekte ook in ag geneem word:

- *Identifisering van gedrag gekoppel aan spesifieke prosesse.*

  Die kind se optrede en reaksies op veral sekere prosesse moet noukeurig deur die berader gemonitor word aangesien dit belangrike inligting kan kommunikeer (vgl. 2.9.2).

- *Bemagtiging*

  Boelies laat hulle slagoffers net die heel slegste glo. As slagoffers bemagtig word, dan kan hulle weer leer om vir hulle self op te staan en ’n eie staanplek in die wêreld te hê. Bemagtiging rus die slagoffer toe met vaardighede in die hantering van toekomstige boelie situasies (vgl. 2.9.3).

- *Beheer*

  Beheer en bemagtiging loop saam. As kinders weet hoe om ‘n situasie te hanteer voel hulle in beheer. Hulle beskik dan oor die nodige selfvertroue ten einde selfgeldend te optree (vgl. 2.9.4).

- *Harmonie*

  Die vertrouensverhouding is hier weereens belangrik want die kind se vertroueling is die berader. Hierdie vertroue help die bemagtigde kind om te besef dat elke aksie ‘n reaksie het en dat dit moontlik is om in harmonie te leef (vgl. 2.9.5)

- *Uitdrukking van emosies*

  Getraumatiseerde kinders worstel dikwels met hierdie aspek. Hulle reaksies word direk beïnvloed deur hoe hulle die omgewing en alles daarin beleef. Kinders se selfbeeld en selfwaarde kan nie geskei word van hoe hulle dinge op ‘n emosionele vlak beleef nie. Trauma as gevolg van boelie kan ook so ‘n groot impak op die kind hê dat die kind uiteindelik heeltemal sal onttrek. Tydens speelterapie moet die berader dus ‘n ruimte vir die kind skep waar die kind gemaklik genoeg is om uiting

aan emosies te gee (vgl. 2.9.6).

- *Bewustheid van die omgewing*

  Ouers kan kinders help om meer bewus te wees van die omgewing en ook te verstaan watter moontlike invloed dit op hulle kan hê. Met hierdie bewus-wording kan die kind dan ook weer leer om verantwoordelikheid te neem vir besluite wat gemaak word en aksies wat plaasvind (vgl. 2.9.7).

- *‘n Ondersteuningsisteem*

  ‘n Veilige tuiste en ondersteunende ouers kan van groot hulp wees vir die boelieslagoffer. Ouers moet ingeskerp wees ten einde enige betekenisvolle opmerking te waarneem wat moontlik sou kon dui op die boelie van hul kind. Daarom moet hulle nooit dit wat die kind sê sommer net afmaak as niksseggend nie. Indien ouers nie in hierdie opsig hul rol vervul nie dan kan dit lei tot permanente emosionele letsels (vgl. 2.9.8).

- *Kommunikasie met ouers*

  Kommunikasie en samewerking tussen die ouers en berader is belangrik en wedersydse respek en vertroue moet in hierdie opsig in plek wees (vgl. 2.9.9).

- *Selfsorg*

  Slagoffers wat onder boelies deurgeloop het, sien gewoonlik geen nut meer daarin om na hulself om te sien of hulself te versorg nie. In hierdie opsig sal die berader ook die slagoffers moet help om te besef dat dit voortaan belangrik sal wees om weer na hulself om te sien (vgl. 2.9.10).

- *Hernude kontak met die buitewêreld*

  Slagoffers van boelies is dikwels nie meer ingestel op die buitewêreld nie aangesien alles vir hulle sleg en negatief geword het en hulle meestal aan die worstel is om kop bo water te hou. Die berader moet gevolglik die kind begelei in ’n proses om stelselmatig weer kontak te maak met die buitewêreld sonder dat dit vir die kind oorweldigend sal wees (vgl. 2.9.11).

### 5.4.4 *Sessie 4: Die tegniek van 'Top dog' en 'Underdog'*

Tydens hierdie sessie sal die berader gebruik kan maak van die *"Top dog"* en *"Underdog"* tegniek. Hierdie tegniek impliseer dat daar 'n teenstrydigheid bestaan tussen dit wat die kind self wil wees en dit wat ander persone van die kind verwag. *"Top dog"* stel gewoonlik die vereistes vas en *"Underdog"* moet daarby inval, anders sal *"Underdog"* nie deur die groep aanvaar word nie. *"Underdog"* sal nie uit sy eie normaalweg so optree nie en dit lei gewoonlik tot skuldgevoelens en konflik (vgl. 2.7.4.3). *"Underdog"* tree dikwels impulsief op of onttrek. *"Top dog"* aan die ander kant is altyd in beheer en gee die bevele (vgl. 2.7.4.3).

Situasies soos hierdie is vir 'n kind besonder traumaties. Die slagoffer weet gewoonlik nie hoe om die situasie te hanteer nie. Innerlike konflik ontstaan by die slagoffer en dit skep groot probleem wat oorkom moet word (vgl. 2.7.4.3). Deur die toepassing van hierdie tegniek kan die berader egter die kind help om die innerlike konflik te identifiseer en uiteindelik te oorkom.

### *5.4.5 Sessie 5: Toepassing van die leë-stoeltegniek*

Die leë-stoeltegniek sal in hierdie sessie aangewend word om die boelieslagoffer by te staan, veral wat betref konflikhantering. Die konflik hou gewoonlik verband met dit wat die kind weet die regte ding is om te doen en dit wat die kind graag wil hê. Konflik word dus hanteer met betrekking tot hierdie tipe van innerlike teenstrydighede by die kind (vgl. 2.7.4.4).

Tydens die sessie sit die kind dan eers in die een stoel en hoor hierdie kant van die saak en verskuif dan na die ander stoel sodat die saak weer van daardie kant af aangehoor kan word. Dit help die kind om beide kante objektief te sien en dan te besluit wat die swaarste weeg. Konflik kan dus op hierdie manier hanteer word, sonder dat die kind voel alles is te veel. Hierdie tegniek help die kind om 'n oplossing vir die probleem te kry (vgl. 2.7.4.4).

Rolspel word ook dikwels by hierdie tegniek betrek omdat kinders op so 'n wyse hulself ook in die skoene van verskillende persone kan plaas. Daar sou ook 'n pop op die leë

stoel geplaas kan word om mee te ‘kommunikeer’ indien dit die kind gemakliker sou laat voel. Kinders kan op so ’n wyse hul emosies hanteer wat hulle teenoor die bepaalde persoon beleef sonder om oorweldig te voel (vgl. 2.7.4.4). Hierdie tegniek is nie vir alle kinders geskik nie, juis omdat prosesse en omstandighede verskil - deeglike oorweging is dus nodig (vgl. 2.7.4.4).

Indien hierdie tegniek wel geskik is vir die spesifieke kind sluit voordele wat daaruit voortspruit onder andere die volgende in:

- Verhoging in die kind se selfbewustheid.
- Verhoogde energievlakke.
- Die probleem kom na die oppervlakte.
- Die kind neem weer beheer van hulself.
- Daar vind innerlike heling plaas by die kind.
- Dit bied gewoonlik ’n verskeidenheid van oplossings.

### *5.4.6 Sessie 6: Implementering van perspektiewe en insette vanuit die pastoraat*

As deel van ’n multidissiplinêre benadering kan daar vanuit die pastoraat onder andere begeleiding gebied word op aspekte soos die volgende:

- *Die kind se identiteit in Christus*

  Geboeliede kinders is emosioneel verwond en daarom glo hulle nie in hulself nie, is oorweldig deur leuens en is dikwels in opstand teen God. Die berader kan gevolglik juis op hierdie punt die berading en speelterapie sinvol toepas in die identifisering van sodanige emosionele en geestelike verwonding (vgl. 2.6.6). Die kind se stiltes, woorde, gedrag en liggaamstaal kommunikeer gewoonlik belangrike inligting rakende emosies. Dit is ook op hierdie punt waar daar besonder gefokus moet word op aspekte soos geloofsekerheid asook die kind se identiteit in Christus. In hierdie opsig is die volgende drie aspekte veral belangrik:

- Vir Christus is ek persoonlik baie belangrik (vgl. Fil 4:13 en Hand 1:13).
- Christus hou my veilig (vgl. Fil 1:6 en Rom 8:35).
- Christus aanvaar my net soos wat ek is (vgl. Rom 8:9 en Joh 1:12).

  Dis ook belangrik dat die berader sy/haar afhanklikheid van die Heilige Gees sal besef.

- *Grense en dissipline*

  'n Kind sonder grense en dissipline lei gewoonlik tot probleme en spanning vir hulself en in verhouding tot ander. Kinders met 'n gebrek aan standvastige grense nie raak maklik die pad byster en in die proses sal hulle ook nie ander individue se grense respekteer nie.

  Indien dit sou blyk dat die geboeliede kind 'n probleem ervaar rakende die handhawing van grense dan kan die berader hom/haar aan die hand van die volgende Skriftuurlike beginsels begelei ten einde die konsep van grense te kan verstaan en in die toekoms te kan toepas:

  - God stel grense en stel dit duidelik wat Hy aanvaar en wat Hy nie aanvaar nie.
  - God sal altyd Sy kinders beskerm. Onverantwoordelike gedrag is nie aanvaarbaar nie.
  - God ken elkeen van Sy kinders se grense en sal nooit meer verwag as wat die kind kan hanteer nie. Kinders moet ook weet hoe om hul grense ten opsigte van hulle sterkpunte en swakpunte te hanteer. Respekteer ook ander se grense.
  - Sonder grense gee kinders net vir hulself om en kan ook nie nee as 'n antwoord aanvaar nie. Bybelse beginsels sal aan die kind oorgedra moet word om hierdie probleem aan te spreek (vgl. 3.9.2).

- *Die kind moet leer wat aanvaarbaar is en wat nie*

  Om 'n volgeling van Jesus Christus te wees, impliseer diensbaarheid en om hierdie beginsel te kan uitleef, moet die kind leer wat reg en verkeerd is (vgl.

3.9.3).

- *Die onderrig en toerusting van jongmense*

  Dit is belangrik dat jongmense en kinders op hoogte sal wees ten opsigte van die strategie en agtergrond van boelies. Kinders wat bemagtig en ingelig is, sal baie makliker hulself teen boelies kan handhaaf (vgl. 3.9.4).

- *Identifisering en vervanging van die leuen*

  Dit is belangrik dat die berader tydens begeleiding alle leuens wat die slagoffer vanaf die boelie ontvang het sal help identifiseer, sodat dit reggestel kan word. Hierdie negatiwiteit wat deurgaans op die kind geprojekteer is, kry uiteindelik 'n emosionele houvas wat gebreek moet word (vgl. 2.9.1). In **Bylaag A** is 'n bespreking van 'n aantal tipiese leuens met telkens tersaaklike gedeeltes vanuit die Skrif wat aan die slagoffer voorgehou kan word. Dit is belangrik dat die slagoffer begelei sal word ten einde te kan identifiseer met elk van hierdie Skrifwaarhede en hulself distansieer van elke leuen wat hulle moes aanhoor.

  Verder moet die kind ook, soos reeds genoem, ook bemagtig word en veral ook in 'n geestelike sin. Deur moeilike situasies vooraf met kinders deur te werk (ook aan die hand van byvoorbeeld rolspel), kan uiteindelik vir hulle van hulp wees wanneer hulle hulself in die toekoms weer in so 'n situasie sou bevind (vgl. 3.9.5).

- *Wat jy saai sal jy maai*

  Kinders moet van jongs af leer dat hulle ander moet behandel soos wat hulleself graag behandel wil word (vgl. 3.9.6).

- *Christus se hantering van boelies*

  Beginsels wat voortspruit vanuit Jesus se hantering van boelies volgens sluit onder andere die volgende in:

  - Vergewe die boelie maar vertrou versigtig.

- Handhaaf ‘n afstand.
- Fokus op positiewe persoonlike doelwitte.
- Moenie aan die boelie die erkenning gee waarna hulle smag nie.
- Beskerm die slagoffers.
- Vermy die slagysters wat deur die boelies gestel word.
- Jesus het Homself nooit as die slagoffer beskou nie en die geboeliede kind moet ook nie (vgl. 3.9.7).

Voortspruitend vanuit bovermelde kan die volgende riglyne vervolgens aan die slagoffer gebied word:

- Stel grense vas ten opsigte van boelies.
- Die slagoffers moet weet dat Jesus hulle Bron van krag is.
- Slagoffers kan voortaan vir hulself en ander opstaan.
- Handhaaf versigtigheid asook ‘n veilige afstand.
- Die kind moet op alle vlakke bemagtig wees.
- Vergewe die boelie maar wees versigtig om weer maklik te vertrou.
- Staan op teen intimidasie.
- ‘n Ondersteuningstelsel vir die kind is uiters belangrik.
- Leef doelwitte uit met behulp van die Heilige Gees (vgl. 3.9.7).

Jesus weet wat dit beteken om deur boelies geteiken te word, maar Sy dood het oorwinning en genesing moontlik gemaak (vgl. 3.9.7).

- *Gesprekvoering rakende verdere pastorale aspekte*

  Vanuit die hantering van die normatiewe taak waar eksegese gedoen is met betrekking tot ŉ aantal belangrike Skriftuurplase (vgl. hoofstuk 4) het onder andere die volgende belangrike perspektiewe na vore gekom – dit kan ook tydens hierdie sessie met die boelieslagoffer deurgewerk word as deel van hul geestelike bemagtiging:

- Elke persoon het 'n verhouding met God nodig en daarom moet elke oomblik saam met God gekoester word.
- God se kinders kan altyd vir Hom wysheid vra ten opsigte van hoe daar opgetree moet word.
- Selfs wanneer gelowiges hulself in moeilike omstandighede bevind, moet elkeen vasstaan in hul geloof en volgens God se verwagtinge lewe.
- Daar moet nooit oorhaastige besluite geneem word nie. Elke woord wat 'n individu wil uiter moet eers goed deurdink word.
- Moenie 'n oorywerige prater wees nie. Woede moet in bedwang gehou word want dit veroorsaak oordrewe reaksies. Dis elke ouer se verantwoordelikheid om in hierdie opsig 'n voorbeeld vir hul kinders te wees.
- Tydsberekening ten opsigte van wanneer jy wat sê, is ook belangrik. Regte antwoorde op die regte tyd is gevolglik van kritiese belang. Die slagoffers van boelies moet weet hulle is nie alleen nie. Daar is altyd iemand wat hulle met raad en daad en wysheid sal bystaan. Ten spyte van 'n geboelie moet elkeen steeds aan God gehoorsaam bly.
- Elke gelowige moet altyd bly wees in die Here en aan Sy krag bly vashou, selfs in moeilike omstandighede soos wanneer iemand byvoorbeeld geboelie word. Ons kan altyd op hierdie krag reken en daarom sal Hy ook aan slagoffers van boelies krag gee om deur die krisis te kom.
- Die goeie sal altyd seëvier. God sal altyd Sy kinders beskerm. Die regverdiges sal elke keer weer opstaan en terugbaklei met die hulp van Bo. God sal ook vir die boelieslagoffer die krag gee om op te staan en te volhard in die goeie – Hy sal nooit Sy kind verlaat nie.
- Die boelieslagoffer kan altyd aan God vashou en op Hom vertrou, ongeag wat met hom gebeur – niks kan vir God en Sy kinders van mekaar skei nie. Geen boelieslagoffer mag ooit moed verloor nie, want God is by elkeen van hulle.
- Vir 'n wyse mens is gesonde verhoudings belangrik en daarom moet jy jou vriende versigtig kies. Die regte vriende kan jou met wysheid bystaan om die regte keuses te maak.

### 5.4.7 *Sessie 7: Implementering van portuurgroepberading*

Met portuurgroepberading doen die kinders en jongmense berading in hulle portuurgroep onder mekaar. Kinders vertrou dikwels nie volwassenes as dit kom by onder andere boelies nie, maar sal eerder ‘n maat vertrou. Die geboeliede kind sal dikwels eerder in beheer voel deur die waarheid vir ‘n maat te vertel. Kinders van dieselfde portuurgroep verstaan waar hulle hulself in die lewe bevind en dit maak dit makliker om te praat. Kinders beleef hierdie berading as positief terwyl hulle in die proses leer van ander, maar ook van hulself. Respek en probleemoplossing vaardighede kan hieruit voortspruit. Kinders wat as ‘beraders’ in hierdie tipe aksie betrokke raak, moet ook die nodige begeleiding en toerusting ontvang (vgl. 3.13)

### 5.4.8 *Sessie 8: Betrokkenheid van ‘n pastorale steungroep*

Die pastorale steungroep en die portuurgroepberading is ondersteunend tot mekaar en ouers, die kerk en pastorale beraders se betrokkenheid is hier belangrik. Vir die boelieslagoffer het dit besondere terapeutiese waarde om met iemand te kan gesels wat dieselfde ervaring gehad het – soveel te meer indien die ander individu se ervaring bevestigend kan wees van heling wat gerealiseer het. ‘n Gesinsinternet Veiligheidskontrak kan ook as deel van hierdie aksie daartoe bydra dat die kind veiliger sal voel. Die kind en die ouers onderteken almal hierdie kontrak.

Bo alles moet so ’n pastorale steungroep aan die boelieslagoffer die boodskap kan kommunikeer dat daar altyd hoop is – teenoor die leuen boodskap van die boelie wat geïmpliseer het dat hulle pateties en hulpeloos is en dat daar geen hoop is nie. Ouers, vriende, familie en geloof kan die kind help om weer op te staan en selfhandhawend te wees – sodoende kan die slagoffer ook weer verseker word van God se besondere liefde vir hom/haar (vgl. 3.14).

### *5.4.9 Sessie 9: Riglyne rakende hantering van die probleem in die toekoms*

Sodra die probleem hanteer is met behulp van die tegnieke en benaderings soos tot dusver bespreek, is dit belangrik dat die kind voorbereid en toegerus sal wees vir enige soortgelyke toekomstige situasie. Die vlak van ontwikkeling van die kind moet ook in ag

geneem word aangesien dit ook ŉ invloed sal hê op die wyse waarop die kind toekomstige situasies sal hanteer (vgl. 2.8.3). In hierdie verband is die volgende aspekte belangrik:

- Beter emosionele bewustheid word gebou deur sensoriese ervarings.
- Die kind moet geleer word om die lyn te trek tussen gevoelens en hul spesifieke reaksies hierop.
- Beter selfbewustheid kan ook van groot hulp wees (vgl. 2.8.3).

In hierdie proses word die kind dus geleer hoe om emosies te hanteer en daaroor te kommunikeer - kinders leer so om hul eie sowel as ander se emosies verstaan. Aangesien die kind nou in beheer voel, kan daar besluite geneem word wat saam met verantwoordelikheid loop. Die kind se selfbeeld en bewussynsvlak verbeter ook gaandeweg deur middel van hierdie hele proses (vgl. 2.8.3).

#### *5.4.10 Sessie 10: Die vestiging van hoop*

Die ideale uitkoms van die hele terapeutiese proses is dat die kind oortuig sal wees van die feit dat daar hoop is. Ten einde hierdie punt te kan bereik moes die kind die geleentheid gehad het om uitdrukking te gee aan emosies op ‘n wyse wat aanvaarbaar is, maar ook in ‘n ruimte waar hulle veilig voel (vgl. 2.9.6).

Die leuens wat die boelie gekommunikeer het, moet nou ook alles reeds uit die weg geruim wees - die boelie mag nie voortaan meer die kind se identiteit bepaal nie (vgl. 2.9.1).

Die kind moet dus emosioneel en geestelik bemagtig wees en besef dat dit goed en reg is om selfgeldend te mag optree – hulle is nou in beheer en kan in harmonie lewe. Dit is verder ook goed en reg dat die kind weer die buitewêreld konfronteer en tegelykertyd selfsorg kan toepas. Die kind moet ook verseker wees van ‘n goeie ondersteuningstelsel waardeur hulle ook steeds meer bewus gemaak kan word van hul omgewing (vgl. 2.8.4; 2.9.3; 2.9.4; 2.9.5; 2.9.7; 2.9.8; 2.9.9; 2.9.10 en 2.9.11) .

God se begeerte is dat elkeen ŉ persoon na God se hart sal wees, soos wat die Skrif sê

van Dawid (1 Sam 13:14). Dit impliseer ʼn daaglikse intieme verhouding met God ten einde staande te kan bly te midde van ʼn stukkende wêreld. Met God se hulp kan enige kind die aanslag van boelies hanteer en uiteindelik oorkom en die plan uitleef wat God vir sy/haar lewe in gedagte het (Coetzer, 2019:91). Die kind verstaan nie altyd waarom hulle deur die trauma van boelie moes gaan nie en in hierdie verband kan die berader dan aan hulle die wyer perspektief verduidelik soos verwoord deur Paulus in 2 Korintiërs 1:3-4:

> *"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word."*

## 5.5 SAMEVATTING

Met behulp van die deskriptiewe, interpreterende en normatiewe take is die sentrale navorsingsvraag van hierdie verhandeling in hierdie hoofstuk beantwoord in die vorm van 'n strategiese-teoretiese model. Die model toon met behulp van ʼn aantal sessies aan hoe speel op ʼn multidissiplinêre wyse deel van die pastorale versorgingsproses kan vorm met betrekking tot die begeleiding van slagoffers van boelies.

Kortliks saamgevat is die onderskeie sessies van die voorgestelde model die volgende:

Sessie 1: Die bou aan ʼn verhouding en die vestiging van vertroue.
Sessie 2 Bou die verhouding verder uit en verseker dat die kind gemaklik is
Sessie 3: Identifisering van die kruks van die probleem
Sessie 4: Toepassing van die tegniek van '*Top dog'* en *'Underdog'* .
Sessie 5: Toepassing van die leë-stoeltegniek
Sessie 6: Implementering van perspektiewe en insette vanuit die pastoraat.
Sessie 7: Implementering van portuurgroepberading.
Sessie 8: Betrokkenheid van 'n pastorale steungroep.
Sessie 9: Riglyne rakende hantering van die probleem in die toekoms.
Sessie 10: Die vestiging van hoop.

# HOOFSTUK 6

## FINALE SAMEVATTING

### 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n samevattende oorsig te bied met betrekking tot die konklusies van elke hoofstuk van hierdie studie en dan ten slotte ook enkele navorsingsvelde aan te toon vir moontlike verdere navorsing voortspruitend vanuit hierdie studie.

### 6.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2 (DESKRIPTIEWE TAAK)

Speelterapie, met besondere verwysing na Gestaltterapie, kan beskryf word as ‘n goue sleutel tot die toekoms van kinders. Speelterapie kan ook in besonder toegepas word in die begeleiding van slagoffers van boelie ten einde weer te kan opstaan en bemagtig te kan word met die nodige kennis om in die toekoms soortgelyke situasies beter te kan hanteer en ook selfs ander te kan ondersteun.

#### 6.2.1 *Verhouding tussen die kind en die berader*

Sonder ‘n goeie verhouding tussen die kind en die terapeut kan speelterapie eenvoudig nie suksesvol wees nie. Kinders kan gewoonlik nie sê wat hulle voel nie en daarom is speel vir hulle ‘n meer effektiewe medium om hulself uit te druk. Die terapeut moet met die kind werk op ‘n vlak waarmee die kind gemaklik is. Die kind se selfbewustheid en selfbeeld beïnvloed ook hierdie verhouding direk. Hierdie is twee kardinale faktore wat weer die kind kan help om moed te skep en voorwaarts te kan beweeg.

Die verhouding tussen berader en kind word bevorder indien die kind die sessies aangenaam vind en indien die berader warmte, eerlikheid en vriendelikheid uitstraal. Die feit dat die kind deur middel van speel hul emosies kan uitdruk, versterk ook die verhouding nog verder. Die uiteindelike bemagtiging van die kind kan nie geskei word van ‘n goeie en aangename verhouding met die berader nie. Die uiteindelike implikasie van positiewe resultate is dat die kind die berader moet kan lei, en vir dit om te kan realiseer

moet die berader fyn luister, oplettend wees en ook die kind respekteer.

### 6.2.2 *Die berader se doelwitte*

Kinders beskik elkeen oor hul unieke potensiaal en in die lig hiervan sal die berader se mikpunt onder andere wees om die kind te help om hierdie volle potensiaal te bereik. Respek, vertroue en omgee is die wegspringpunt in hierdie wedloop na volle potensiaal.
Die belangrikheid van grense mag nooit uit die oog verloor word nie. Aan die een kant moet die berader professionele grense stel en daarby hou. Die ander kant van grense behels dat kinders veilig voel as hulle weet watter grense daar is. Verder moet stiltes ook reg benader word – daar mag nooit sommer maar net by voorbaat sekere afleidings gemaak word nie. Beraders kom die heel maklikste uit by areas waarmee die kind worstel indien die berader bloot die kind volg – die kind is immers die een wat weet waar die pyn is.

Geboeliede kinders is dikwels baie weerloos en afgesien van al die speeltegnieke kan die berader ook nie die kind bystaan sonder die hulp van die Heilige Gees nie.

### 6.2.3 *Verskillende tipes speel*

Verskillende tipes speel en tegnieke kan aangewend word tydens speelterapie. Bibliospeel bestaan hoofsaaklik uit hulpbronne van ‘n geskrewe aard soos byvoorbeeld ‘n storie. Gedramatiseerde speel impliseer dat die kind in staat gestel word om as’t ware van buite en ook vanuit verskillende perspektiewe die huidige situasie waar te neem – ‘n voorbeeld hiervan sal byvoorbeeld rolspel wees. Skeppende speel bring dikwels daardie diepste emosies na vore waaroor die moeilikste gekommunikeer word – kinders druk dan hulle emosies uit deur te skep deur byvoorbeeld met klei te speel.

Die benadering met betrekking tot *‘top dog’* en *‘underdog’* behels kortliks dat dit wat ‘n individu graag wil wees, verskil van wat ander persone wil hê dat hy/sy moet wees. Die slagoffer beleef dit dat die *‘top dog’* altyd reg is terwyl die slagoffer (die *‘underdog’)* altyd verkeerd is. Hierdie benadering het geblyk baie effektief te wees in die begeleiding van boelieslagoffers deur uiteindelik die ‘underdog’ te help tot persoonlike bemagtiging en wyer perspektief rakende die trauma situasie.

Die leë-stoeltegniek help om 'n oplossing vir die kind se uitdaging te vind tussen wat die kind weet die regte ding is om te doen, en aan die ander kant dit wat die kind eintlik graag wil hê. Die leë stoel kan gevolglik beskryf word as die 'middelman' of tussenganger tussen die *top dog'* en *'underdog'.* Hierdie tegniek help ook om te konflik te hanteer uit verskillende oogpunte en hiermee saam sou rolspel ook aangewend kan word. Hierdie tegniek help onder andere die kind om 'n beter bewustheid te vorm, weer beheer te verkry, emosioneel heel te kan word en ook in te sien dat daar meer as een oplossing vir 'n probleem is.

Retrofleksie laat die getraumatiseerde 'n kind gewoonlik omdraai en dan 'n heel ander storie vertel as voorheen. Hierdie tipe gedrag kom gewoonlik voor as die kind eenvoudig nie meer kop bo water kan hou in 'n situasie nie.

Met betrekking tot die onderskeie tegnieke is dit belangrik dat persoonlikheidsteorie ook in ag geneem word. Om die kind se proses te verstaan impliseer dit dat die berader ook die kind se persoonlikheid moet verstaan. Elke kind is uniek en so ook die omstandighede en realiteite waarmee elkeen elke dag gekonfronteer word.

### 6.2.4 *By elke kind vind daar 'n unieke proses plaas*

Speel help die kind om emosies en innerlike worsteling na die oppervlakte te bring, dit wat andersins baie moeilik sou kon realiseer. In die Gestalt benadering vind alles in prosesse plaas en op hierdie wyse leer kinders om hul eie prosesse aan te wend om situasies te hanteer en in beheer van hulself te wees. Elke kind se proses verskil egter omdat niemand se reaksies, verlede, hede of omgewing presies dieselfde is nie. Die kind se verwysingsraamwerk is dus bepalend vir die spesifieke kind se proses en daarom kan die berader ook met niks anders werk as dit wat die kind op daardie oomblik verskaf nie.

Kinders meet alles aan hoe ander hulle sien en hulle reageer op grond hiervan en vergelyk hulself dan ook met andere. Ten opsigte van boelies kan hierdie situasie baie sleg uitdraai as die leuens wat boelies vertel nie geïdentifiseer en uitgekanselleer word nie. Die berader moet gevolglik op hoogte van aspekte soos hierdie wees ten einde die kind se proses werklik te verstaan – daar moet ook insig wees ten opsigte van hoe die kind op iets sal reageer en die situasie moet ook hanteer word op 'n wyse wat vir die kind

aanvaarbaar is.

Verdere belangrike prosesse wat ook in hierdie hoofstuk aan die orde gekom het, is onder andere bemagtiging, beheer, harmonie, selfonderhoud, uitdrukking van emosies, selfsorg en kontak.

### 6.2.5 *Toepassing ten opsigte van die boelieslagoffer*

Boelieslagoffers moet eerstens nie almal oor een kam geskeer word nie aangesien almal se prosesse verskil. Die meeste slagoffers smag egter na aanvaarding deur hul maats, juis omdat hulle sulke intense verwerping beleef het.

Die volgende merkers het geblyk van waarde te wees in die begeleiding van boelieslagoffers:

- Die leuen moet geïdentifiseer en vervang word.
- Daar moet vasgestel word watter gedrag hand aan hand met watter prosesse gaan. Hier moet noukeurig gelet word op hoe die kind sou reageer as daar ‘n sekere proses na vore sou tree.
- Die slagoffer moet begelei word tot volle bemagtiging.
- Die slagoffer moet kan ervaar dat hulle weer in beheer is.
- Harmonie moet gevestig word wat sal impliseer dat die kind weet dat elke aksie ‘n reaksie het en dan daarvolgens optree.
- Die slagoffer moet begelei word ten einde in staat te wees om voortaan uitdrukking aan emosie te kan gee – dit het ‘n direkte invloed op ‘n kind se selfbeeld en selfwaarde.
- Omgewingsbewustheid moet gevestig word en dit help ook die kind om verantwoordelikheid te leer.
- ŉ Ondersteuningsisteem moet in plek wees wat onder andere impliseer ‘n veilige ruimte by die huis en ondersteunende ouers.
- ‘n Goeie kommunikasieverhouding tussen die ouers en berader is van belang.
- Selfsorg moet in plek kom, wat impliseer dat die slagoffer opnuut moet leer dat dit goed, nodig en reg is om na hulself om te sien en hulself te versorg.

- Hernude kontak met die buitewêreld moet gevestig word nadat die slagoffer heel dikwels hulself totaal onttrek het uit vrees vir hernude traumatisering.

Speelterapie kan dus ‘n uitkoms bied vir boelieslagoffers sodat hulle weer in hulself sal glo en ook die leuen verwerp dat die boelies se optrede hulle skuld is. Die slagoffers sal ook nou ‘n beter bewustheid hê en in die mate wat hulle weer beheer oor die situasie en oor hulself verkry, sal hul selfbeeld ook verbeter. Speelterapie kan kinders dus help om weer te kan opstaan nadat die lewe hulle onregverdig platgeslaan het – hierdie proses kan hulle inderdaad bemagtig om voortaan op ‘n gesonde wyse selfgeldend te wees, grense te kan trek en hulle plek in die wêreld te kan volstaan.

## 6.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3 (INTERPRETERENDE TAAK)

Die volgende belangrike aspekte vanuit die aanverwante dissiplines het in hierdie hoofstuk aan die orde gekom met betrekking tot die tema van ‘speel’ as hulpmiddel in die pastorale berading van kinders wat geboelie is:

### 6.3.1 *Boelie*

Boelie impliseer dat ‘n sterker individu ‘n swakkere afknou. Teistering kan op verskillende wyses voorkom en dit kan direk sowel as indirek plaasvind. Boelie vind gewoonlik ook op ‘n herhalende basis plaas. Die boelie het gewoonlik die hef in die hand en wanneer kinders geboelie word, impliseer dit ‘n ernstige saak

### 6.3.2 *Kuberboelie*

Kuberboelie hou verband met indirekte boelie aangesien die boelie heel dikwels anoniem bly. Talle kinders en adolessente het al selfdood gepleeg of ŉ poging daartoe aangewend as gevolg van kuberboelie.

### 6.3.3 *Maatskaplike perspektief*

Verhoudingsgerigte boelie is ‘n realiteit veral wanneer vriende mekaar boelie. Groepsdruk speel ook ŉ geweldig groot rol aangesien kinders baie dinge sal doen net om aanvaar te

word in die groep. Deur geboelie te word, word die slagoffer se vertroue in die hele mensdom gewoonlik geskend.

Gevolge ten opsigte van tradisionele boelie sluit onder andere aspekte in soos tande kners, permanente skade aan die brein, hipersensitiwiteit, selfdood-gedagtes, nikotienverslawing en psigiatriese versteurings. Heel dikwels lei dit daartoe dat ŉ slagoffer uiteindelik self ook ŉ boelie word of hulle sou andersyds voortdurend vasgevang kan wees in die rol van slagoffer. Ten opsigte van kuberboelie is daar ook heelwat gevolge en ook in hierdie verband toon slagoffers dikwels tekens van depressie asook selfdooddenke. Retrofleksie vind by baie van die slagoffers plaas en gevaartekens sluit onder andere in dat die kinders skielik hul selfone en rekenaars ignoreer, nie wil skool toe gaan nie en verandering van eet- of slaappatrone. Vir die slagoffers van kuberboelies is daar moeilik ŉ wyse van ontsnapping vanaf die boelie aangesien hulle letterlik gevolg kan word na waar hulle ook al sou probeer ontvlug.

### 6.3.4 *Sosiologiese perspektief*

Uit hierdie oogpunt word verskeie aspekte in ag geneem soos die belangrikheid van die rolle van die portuurgroep, skool, sosiale status asook die invloed van sekere karatereienskappe van die kind sowel as die familie.

### 6.3.5 *Voorkoms*

Ten opsigte van die voorkoms en statistieke van boelie speel omgewingsfaktore wat verband hou met die individu self, die familie, die samelewing, die skool en kultuur ook 'n rol. Uit die oogpunt van kuberboelies toon Suid-Afrika die vierde hoogste voorkoms ter wêreld terwyl ŉ derde van alle boeliegevalle in Suid-Afrika blyk verband te hou met kuberboelie. Kuberboelie se slagoffers hou in ŉ groter mate verband met meisies omdat meisies in meerderheid van gevalle sou poog om op ŉ emosionele wyse ander te boelie.

### 6.3.6 *Kenmerke van boelie*

Die aksie van boelie hou dikwels verband met ŉ poging om 'n eie selfbeeld te bou en om gevoelens van verwerping en vernedering te probeer teëwerk. Die oortreders het oor die algemeen ŉ gebrek aan emosionele stabiliteit terwyl onverwerkte trauma ook 'n groot rol

kan speel.

Tipiese kenmerke van persone wat ander boelie is dikwels die volgende:

- Boelies verberg hul eie gevoelens.
- Daar is dikwels slegte voorbeelde ten opsigte van rolmodelle.
- Negatiewe gevoelens word deur geweld uitgereageer aangesien die boelie nie weet hoe om dit andersins te hanteer nie.
- Gewelddadigheid begin dikwels tuis.
- Slagoffers word heel dikwels self ook boelies.

Faktore wat onder andere bydraend is tot boelies se optredes:

- Die strewe na mag.
- Om ander persone te boelie, is vir die boelie soos ‘n beloning en kompensering.
- Swak ouer-kind verhoudings en gebrekkige ouerbetrokkenheid.
- Slegte voorbeelde en verkeerde rolmodelle.
- Oormatige blootstelling aan geweld soos byvoorbeeld TV programme, DVD’s en rekenaarspeletjies.

### 6.3.7 *Die hantering van ‘n geboeliede kind en riglyne aan ouers*

‘n Goeie verhouding tussen ouers en hul kind is van kardinale belang. Kinders moet ook die vrymoedigheid hê om enige onderwerp met die ouer te kan bespreek. ŉ Groot persentasie kinders worstel egter met die nodige vertroue om ŉ onderwerp soos boelie (veral indien hulleself geboelie word) met hul ouers te bespreek. ŉ Goeie voorbeeld en rolmodel vanaf die ouers se kant tesame met respek en empatie is gevolglik van kardinale belang.

Dit is belangrik dat daar grense in plek sal wees omdat dit kinders help om die verskil tussen reg en verkeerd te kan onderskei, maar tog ook hoe om vir hulself te kan opstaan in die wêreld. Wanneer kinders geleer het om selfstandig te kan funksioneer, hul grense te handhaaf en nie bloot net erkenning na te jaag nie, sal hulle met vrymoedigheid die krisisse van elke dag kan hanteer.

Riglyne wat moontlik vir ouers van hulp kan wees, sluit in:

- Ouers en kinders moet gereeld op ŉ dieper vlak met mekaar kan kommunikeer.
- Kinders moet ŉ eie standpunt kan handhaaf en ook leer om selfgeldend te wees – dit is ook belangrik dat hulle sal weet dat hulle dit mag doen.
- Wanneer ŉ kind geboelie word, moet die saak aangemeld word sodat die nodige stappe geneem kan word.
- Samewerking tussen alle betrokke partye is noodsaaklik met die oog op ŉ suksesvolle uitkoms.

Dit is vernederend vir die kind om die slagoffer van 'n boelie te wees en alle moontlike maatreëls moet getref word ten einde te verhoed dat so ŉ proses eskaleer. Terselfdertyd moet die kind met raad en daad bygestaan word.

Met kuberboelie is selfs die kind se ouerhuis nie meer 'n veilige ruimte nie. Dit is eerstens belangrik dat ouers sal kalm bly as hul uitvind hulle kind is die slagoffer van 'n kuberboelie. Dit is gewoonlik ŉ gekompliseerde situasie waarin ŉ ouer daarteen moet waak om die kind se vertroue te verloor deur byvoorbeeld oorhaastig en rigied te oorreageer.

Kinders moet deurgaans weet dat hul ouers daar is vir hulle. Daar is 'n fyn lyn tussen die positiewe en negatiewe aspekte van sosiale media en gevolglik moet dit met wysheid bestuur word. In hierdie opsig moet die kind toegerus word met die onderskeiding tussen reg en verkeerd die gepaardgaande verantwoordelikheid gekoppel aan sosiale media.
Kinders moet verder gehelp word om vanuit elke krisissituasie te kan leer ten einde beter toegerus te wees indien ŉ soortgelyke situasie hom in die toekoms weer sou herhaal. Hierdie is uiteindelik alles ondervinding en insigte wat hulle saam met hulle die volwasse lewe sal inneem en later ook weer kan kommunikeer aan hulle kinders.

### 6.3.8 *Taak van die pastorale berader as deel van ŉ multidissiplinêre span*

Daar is oor die algemeen ŉ kleiner risiko vir kinders vanuit stabiele huise om slagoffers

van boelie te word. Hulle ken waardes soos dissipline, liefde, sekuriteit en erkenning. Dit is juis aspekte soos hierdie waaraan die geboeliede kind 'n groot behoefte het.
Vir die kind om 'n gebalanseerd en geestelik gesond te kan wees, is selfbeeld en selfvertroue belangrik. Kinders moet gevolglik seker wees oor hul geloof en ook omtrent hul identiteit in Christus. Hierdie aspekte moet basies eers in plek wees ten einde die verdere begeleidingsproses te kan bevorder. Die kind moet gevolglik begelei word ten einde kan identifiseer met die volgende drie basiese uitgangspunte:

- Die feit dat Christus hulle ten volle aanvaar.
- Die feit dat Christus die kind sal bewaar.
- Die feit dat Christus die kind as belangrik sien.

'n Verdere belangrike aspek is grense en dissipline. Kinders sonder grense is 'n gevaar vir hulself en vir ander. Woede en aggressie kan dikwels tipiese uitvloeisels wees van emosionele leemtes en gebrekkige grense. 'n Geboeliede kind sonder grense sou deur die berader aan die hand van die volgende perspektiewe begelei kan word:

- God formuleer uitdruklik wat reg en verkeerd is in Sy oë en dat daar saam met alles 'n verantwoordelikheid kom.
- God weet dat elkeen uniek is, ook ten opsigte van grense en verantwoordelikhede. Hy straf onverantwoordelikheid en sal altyd Sy kinders beskerm.
- God weet waartoe elkeen in staat is en wat elkeen se grense is – hierdie selfde benadering moet ook in ons verhouding tot ander gehandhaaf word. Kinders moet weet wat hul positiewe en negatiewe punte is, hul sterkpunte en swakpunte en dus ook hul grense.
- Kinders sonder grense kan gewoonlik nie nee aanvaar nie en kan ook nie opstaan teen groepsdruk nie. Bybelse beginsels sal toegepas moet word in die begeleiding van so 'n kind.

Kinders moet ook uitdruklik weet wat is reg en wat is verkeerd. Die feit dat kinders dit nie weet nie, is die oorsaak van baie probleme in skole. Diensbaarheid moet ook

aangemoedig word.

Kinders en jongmense moet op hoogte wees rakende die strategie en optredes van boelies. ‘n Bemagtigde kind sal baie meer weerstand teen boelies kan bied.
Boelies laat gewoonlik hul slagoffers leuens glo en die Skrif moet aangewend word om dit reg te stel. Tipiese leuens wat gewoonlik geprojekteer word na boelieslagoffers sluit onder andere in:

- Die slagoffer is sleg en hulpeloos.
- Die slagoffer is minderwaardig en nikswerd.
- Huil en die toon van emosies word as tekens van swakheid beskou.
- Die slagoffer het nie ‘n stem nie.

Skrifgedeeltes ter vervanging van tipiese leuens soos hierdie is in die hoofstuk hanteer.
Weereens kan die belangrikheid van bemagtiging nie genoeg beklemtoon word nie. Moeilike situasies kan uiteengesit word (selfs deur middel van rolspel) en dan kan daar saam met die kind verskillende moontlike oplossings geëksploreer word.

Dis ook belangrik dat kinders sal leer dat as hulle wil hê dat ander persone hulle op ‘n spesifieke wyse hanteer, hulle ook daardie persone so sal moet hanteer.
Jesus was die perfekte voorbeeld van hoe om boelies te hanteer. Daar is onder andere gelet op die volgende beginsels vanuit Jesus se interaksie met boelies:

- Vergewe die boelie, maar moenie net blindelings vertrou nie.
- Handhaaf ‘n veilige afstand.
- Fokus soos Jesus op geïdentifiseerde doelwitte.
- Wees eerder ‘n oorwinnaar as ‘n slagoffer

Op grond hiervan sluit praktiese riglyne onder andere die volgende in:

- Kinders moet hul grense handhaaf.

- Die kind moet sy/haar krag in Christus ontdek.
- Die kind moet weet wat die gevaartekens is om op die uitkyk voor te wees en dit dan so ver moontlik probeer vermy.
- ‘n Goeie ondersteuningstelsel is nodig.

Voorbeelde waar Jesus boelies hanteer het en wat bespreek is, sluit in:

- In die tempel met die geldwissellaars.
- Jesus se verdediging van Maria teenoor Judas.

Jesus weet presies wat elke boelieslagoffer beleef aangesien Hy self ook dikwels die teiken was van boelies. Hy het egter uiteindelik die finale oorwinning behaal en hierdie oorwinning is beskikbaar vir elkeen van Sy kinders – hierdie oorwinning maak die genesing van wonde en ook die ewige lewe moontlik.

### 6.3.9 *Kuberboelie*

Met kuberboelie word die skade aangerig deur middel van ‘n elektroniese toestel en veral dan ook deur sosiale media. Hierdie gedrag is gewoonlik ook herhalend van aard. Op hierdie wyse is die oortreder in ŉ magsposisie en boonop anoniem. Dit alles lei daartoe dat hierdie tipe gebeure traumaties, aftakelend en vernietigend kan wees.

### 6.3.10 *Kombinasie van en verskil tussen boelie en kuberboelie*

In hierdie hoofstuk is duidelike onderskeid getref tussen boelie enersyds, en andersyds spesifiek kuberboelie. Kinders is dikwels slagoffers van beide.

### 6.3.11 *Verskillende programme*

In hierdie hoofstuk is daar veral gefokus op prof. Dan Olweus se anti-boelie program: *The Olweus Bullying Prevention Programme (OBPP)* sowel as die kind-gefokusde *Anti-Bullying Programme* (COP). Hierdie sou as standaard modelle beskou kan word met ŉ groot aantal praktiese riglyne en wenke waaruit ŉ eie program saamgestel kan word.

### 6.3.12 *Portuurgroepberading*

Met portuurgroepberading word kinders van dieselfde ouderdomme gebruik om mekaar te ondersteun. Die kinders doen dan ook berading onder mekaar. Dit is dikwels makliker vir kinders om met hul portuurgroep te praat as met volwassenes. Die slagoffers voel dan ook meer in beheer. Kinders wat self reeds deur dieselfde trauma van boelie gegaan het verstaan ook dikwels makliker die plek waar die slagoffers hulself in die lewe en op die pad na volwassenheid bevind. Geboeliede slagoffers toon ‘n baie positiewe reaksie op hierdie tipe berading. Kinders wat as ‘gas-beraders’ by hierdie proses betrokke is ontvang ook die nodige toerusting en begeleiding.

### 6.3.13 Pastorale steungroep

‘n Pastorale ondersteuningstelsel moet in plek wees. Ouers, die kerk en beraders is belangrike rolspelers in hierdie ondersteuningstelsel. Hierdie pastorale ondersteuning-stelsel sowel as die portuurgroep-berading kan ‘n vangnet vorm vir die boelieslagoffer. Dit kan die kind help om uiteindelik weer die stem van die Heilige Gees te hoor en ook iets positiefs uit die negatiewe ervaring saam die toekoms in te neem – die ontdekking van nuwe hoop is hier van besondere belang. Die gesinsinternetkontrak kan hier ’n belangrike rol vervul.

## 6.4 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4 (NORMATIEWE TAAK)

Vanuit die eksegese het die volgende belangrike en tersaaklike perspektiewe geblyk:

- God ken elke gelowige - elke goeie en slegte eienskap en optrede. Elke kind van God het Sy leiding nodig. Elkeen moet lewe soos wat God van hom/haar verwag. Wysheid van God is die sleutel. God leer hierdie wysheid aan elkeen van Sy kinders. Elke persoon het 'n verhouding met God nodig en daarom moet elke oomblik saam met God gekoester word. God se tydsberekening is perfek en daarom moet slagoffers van boelies moedig en standvastig wees. Daar moet vasgehou word aan die wysheid wat God gee asook aan Sy genade.
- Elke gelowige moet bly vasstaan in hulle geloof. God se kinders kan altyd vir Hom wysheid vra ten opsigte van hoe daar opgetree moet word. Die wysheid wat van

God gevra word, dien as rigtingwyser van hoe daar opgetree behoort word. Die geboeliede kind moet ook hierdie wysheid leer ken en daaruit lewe van dag tot dag.

- Selfs wanneer gelowiges hulself in moeilike omstandighede bevind moet elkeen vasstaan in hulle geloof en volgens God se verwagtinge lewe. Die slagoffer moet geleer word om ook die boelies in hul lewe op so wyse te hanteer.
- Daar moet nooit oorhaastige besluite geneem word nie. Elke woord wat 'n individu wil uiter, moet eers goed deurdink word. Wees altyd verstandig en dink vooruit. Christene moet altyd hulle medegelowiges bystaan en aanmoedig om te bly vertrou. Wysheid dui vir ons die regte pad aan en help ons om nie naïef op te tree nie. Luister na die raad van 'n ervare persoon en onderrig die kind om ook verstandig op te tree.
- Moenie 'n oorywerige en oorhaastige prater wees nie. Gelowiges moet eers hul ore spits en luister voordat hulle enigiets sê. Elke gelowige is van God se Woord afhanklik. Woede moet in bedwang gehou word want dit veroorsaak oordrewe reaksies. Positiwiteit ten opsigte van die lewe is belangrik. Moenie woorde uiter as dit nie goed is nie – wees daarom verstandig en beheer jou emosies volgens God se wil. Jou tong kan jou lewe in ‘n verkeerde rigting stuur indien jy dit nie in toom hou nie. Dis elke ouer se verantwoordelikheid om in hierdie opsig 'n voorbeeld vir hul kinders te wees.
- Goeie raad is belangrik. Tydsberekening ten opsigte van wanneer jy wat ookal sê is ook belangrik. Wysheid trek mense aan en daarom wil gelowiges graag ander help en vir hulle die regte antwoorde gee. Luister gevolglik na die raad van wyse mense. Vreugde impliseer onder andere om volgens God se wil te lewe. Regte antwoorde op die regte tyd is gevolglik van kritiese belang. Die slagoffers van boelies moet weet hulle is nie alleen nie. Daar is altyd iemand wat hulle met raad en daad en wysheid sal bystaan. Ten spyte van 'n geboelie moet elkeen steeds aan God gehoorsaam bly.
- Elke gelowige moet altyd bly wees in die Here en aan Sy krag bly vashou, selfs in moeilike omstandighede soos wanneer iemand byvoorbeeld geboelie word. Die Heilige Gees sal gelowiges altyd hoop gee om aan te hou en te volhard. Fokus gevolglik altyd op dit wat God van jou verwag eerder as op jouself. God weet wat Sy kinders nodig het en Hy gee aan hulle die krag om staande te bly en te oorwin. Ons

kan altyd op hierdie krag reken en daarom sal Hy ook aan slagoffers van boelies krag gee om deur die krisis te kom.

- Die goeie sal altyd seëvier. God sal altyd Sy kinders beskerm. Die regverdiges sal elke keer weer opstaan en terugbaklei met die hulp van Bo. Integriteit en die geregtigheid waarvolgens God wil hê Sy kinders moet lewe, kan nie van mekaar geskei word nie. God sal ook vir die boelieslagoffer die krag gee om op te staan en te volhard in die goeie – Hy sal nooit Sy kind verlaat nie.
- Die slagoffer van 'n boelie kan altyd aan God vashou en op Hom vertrou, ongeag wat met hom gebeur – niks kan vir God en Sy kinders van mekaar skei nie. Ten spyte van slegte omstandighede moet ons steeds positief bly, want God is by elke gelowige. Geen boelieslagoffer mag ooit moed verloor nie, want God is by elkeen van hulle.
- Vir 'n wyse mens is gesonde verhoudings belangrik en daarom moet jy jou vriende versigtig kies. Die regte vriende kan jou met wysheid bystaan om die regte keuses te maak. Regverdiges bewandel die pad van geregtigheid terwyl goddeloses wat hul nie aan God steur nie hulself bevind op die pad van ondergang. As gelowiges volgens God se wil en wysheid lewe, sal hulle die ewige lewe verkry. Alhoewel geboeliede kinders ʼn moeilike roete volg, moet hulle bly vashou aan God en al Sy beloftes.

## 6.5 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5 (PRAGMATIESE TAAK)

Met behulp van die deskriptiewe-, interpreterende- en normatiewe hoofstukke, is die sentrale navorsingsvraag van hierdie verhandeling in hierdie hoofstuk beantwoord in die vorm van ‘n strategiese-teoretiese model. Die model dui in sessies aan hoe speel deel van die pastorale versorgingsproses kan vorm om uiteindelik die slagoffer van boelies te kan bystaan.

Kortliks saamgevat, lyk die voorgestelde model soos volg:

Sessie 1: Die bou aan ʼn verhouding en die vestiging van vertroue.

Sessie 2 Bou die verhouding verder uit en verseker dat die kind gemaklik is
Sessie 3: Identifisering van die kruks van die probleem
Sessie 4: Toepassing van die tegniek van '*Top dog'* en *'Underdog'* .
Sessie 5: Toepassing van die leë-stoeltegniek
Sessie 6: Implementering van perspektiewe en insette vanuit die pastoraat.
Sessie 7: Implementering van portuurgroepberading.
Sessie 8: Betrokkenheid van 'n pastorale steungroep.
Sessie 9: Riglyne rakende hantering van die probleem in die toekoms.
Sessie 10: Die vestiging van hoop.

## 6.6 FINALE SAMEVATTING

Uit hierdie studie blyk dit eerstens duidelik dat die probleem rakende boelie, hetsy tradisionele of kuberboelies, 'n oorweldigende kritiese aangeleentheid in die samelewing geword het – veral ook teen die agtergrond van die groei van die Internet en sosiale media die afgelope twee dekades. Verder het geblyk dat die kombinasie van speelterapie en die pastoraat 'n baie effektiewe rol kan vervul in die pastorale begeleiding van getraumatiseerde en emosioneel verwonde slagoffers onderweg na heling. Die speelterapie lewer veral 'n besondere bydrae in die fasilitering van 'n proses waardeur kinders in staat gestel word om emosies tot uitdrukking te bring deur middel van speel – emosies en gevoelens wat andersins moeilike geverbaliseer sou kon word deur getraumatiseerde kinders. Deur die hele proses heen het geblyk dat sulke kinders se verhouding met God ook uiteindelik herstel en genormaliseer kan word.

Aan elke slagoffer kan die vertroostende en bemoedigende woord van Psalm 46:2-4 en 11 gekommunikeer en verduidelik word op 'n vlak wat vir hulle verstaanbaar is:

> *"God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid…. Bedaar en erken dat ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde."*

## 6.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

- "Speel" as hulpmiddel in die pastorale berading van die gesinne van die geboeliede kind.
- "Speel" as hulpmiddel in die pastorale berading van die bystanders as 'n betrokke party by boelie.
- "Speel" as hulpmiddel in die pastorale berading van die kind wat ander boelie.

# BYLAAG A

## GESINS-INTERNET VEILIGHEIDSKONTRAK

**(Covenant Eyes: *A parent's guide to cyberbullying*, 2013:13)**

1 Ek sal altyd my ouers of 'n ander volwassene in kennis stel indien ek dreigemente teëkom op die Internet of enigiets sien wat verwarrend is of wat vrees by my wek.

2 Indien iemand wat ek aanlyn ontmoet die versoek rig om my persoonlik te ontmoet sal ek nie instem nie en my ouers daarvan in kennis stel.

3 Ek sal nie opsetlik gaan soek of kyk na onvanpaste beelde op my rekenaar, foon, tablet of toestel of op iemand anders se foon, rekenaar, tablet of toestel nie.

4 Ek sal met my ouers of 'n ander volwassene oorleg pleeg voor-dat ek enige e-posse, lêers, skakels, foto's of speletjies oop-maak vanaf persone wat ek nie ken of vertrou nie.

5 Ek sal geen onvanpaste of eksplisiete intieme foto's van myself aan enigiemand stuur nie.

6 Ek sal nooit Internet boelie inisieer of deelneem daaraan nie.

7 Ek sal in beheer bly van my aanlyn reputasie. Ek begryp dat dit wat ek aanlyn plaas 'n direkte refleksie is van hoe ander my beskou (soos onderwysers, werkgewers, ouers, vreemdelinge en mentors/begeleiers).

8 Ek begryp dat alle aanlyn keuses ook gevolge het wanneer ek nie aanlyn is nie (*offline*), en in sommige gevalle ook wetlike implikasies het.

9 Ek sal nie persoonlike informasie aanlyn deel nie, self al sou dit gaan om die verkryging van gratis items. Net soos in die fisiese wêreld, as dit klink na te goed om waar te wees dan is dit waarskynlik so.

10 Ek sal nie e-posadresse skep of gebruik, of ander vorme van boodskap versending (*instant messaging*), name of skuilname (*chat nicknames*) ens., waardeur te veel persoonlike informasie gedeel word nie. In sulke gevalle sal ek dit '*gender neutral*' maak (geen aanduiding van geslag) met ook geen aanduiding van ouderdom of fisiese adres nie. Die inhoud van sulke boodskappe sal ook nie uitlokkend of uitdagend (*provocative*) wees nie.

11 Ek sal geen informasie soos die volgende by my profiel op sosiale media plaas nie: geboortedatum, adres, foonnommer, e-posadres, skoolprogram, wagwoorde, ens. Inligting soos hierdie kan gebruik word om vas te stel waar ek woon of identiteitsbedrog te pleeg.

12 Ek sal slegs items aanlyn koop indien ek my ouers se toestemming het.

13 Indien ek ooit sou twyfel betreffende enigiets aanlyn dan sal ek met my ouers of ‘n ander volwassene praat ten einde duidelikheid of toestemming te verkry.

14 Ek sal aan my ouers alle wagwoorde en gebruikersname (*usernames*) voorsien van my e-pos, sosiale netwerke en alle ander aanlyn rekeninge/profiele.

Gevolge indien die Internet misbruik word

..........................................................................................................................................

........................................................

Kind/tiener Handtekening......................................... Datum.............................

Ouer Handtekening.................................................... Datum............................

# BYLAAG B

## MY WARE IDENTITEIT: WIE IS EK IN CHRISTUS?

**(Anderson & Park, 2003:72-73)**

***Ek is aanvaar in Christus***

· Ek is God se kind (Joh 1:12)

· Daar is vrede tussen my en God (Rom 5:1)

· Ek is Christus se vriend (Joh 15:15)

· Ek is ' n uitverkorene van God (1 Pet 1:1)

· Ek is ' n geliefde van God (1 Joh 2:7)

· Ek is vrygespreek (Rom 5:1)

· Ek is een met die Here (1 Kor 6:17)

· Ek is duur gekoop en behoort aan God (1 Kor 6:20)

· Ek is deel van die Liggaam van Christus (1 Kor 12:27)

· Die Heilige Gees woon in my (Rom 8:9)

· Ek is heilig (Ef 1:1)

· Ek is aangeneem as kind van God (Ef 1:5)

· Ek het direkte toegang tot God (Ef 2:18; Hebr 10:19)

· Ek is verlos en vergewe van my sonde (Kol 1:14)

· Ek is volkome in Christus (Kol 2:10)

***Ek is veilig in Christus***

· Ek is waarlik vry (Gal 5:1)

· Ek is vry van die oordeel en van alle aanklagte teen my (Rom 8:1-2; 33-34)

· Ek kan nie van die liefde van God geskei word nie (Rom 8:35)

· Ek is bevestig, gesalf en beseël deur God in Christus (2 Kor 1:21)

· Ek is met Christus in God geborge (Kol 3:3)

· Niemand kan my uit God se hand ruk nie (Joh 10:28-29)

· Die goeie werk wat God in my begin het, sal voltooi word (Fil 1:6)

· Ek is 'n burger van die hemel (Fil 3:20)

· Ek lewe vir ewig (Joh 11:26)

· Ek het 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing, nie van vrees nie (2 Tim 1:7)

· Ek ontvang barmhartigheid en genade wanneer ek dit nodig het (Hebr 4:16)

· Ek is uit God gebore en die duiwel het geen houvas op my nie (1 Joh 5:18)

· Hy wat in my woon is groter as hy wat in die wêreld woon (1 Joh 4:4)

· Alles werk vir my ten goede mee (Rom 8:28)

***Ek is belangrik in Christus***

· Ek is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld (Mat 5:13,14)

· Ek is 'n loot van die ware wynstok, waardeur Sy lewe vloei (Joh 15:1,5)

· Ek is uitverkies en aangestel om vrugte te dra (Joh 15:16)

· Ek is ʼn persoonlike getuie van Christus (Hand 1:13)

· Ek is God se tempel (1 Kor 3:16)

· Ek is ʼn bedienaar van versoening (2 Kor 5:18-19)

· Ek is God se medewerker (2 Kor 6:1)

· Ek heers saam met Christus in die hemele (Ef 2:6)

· Ek is God se skepsel, sy vakmanskap (Ef 2:10)

· Ek mag God met vrymoedigheid nader (Ef 3:12)

· Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil 4:13)

# BYLAAG C

## DIE WOORD VERVANG ELKE LEUEN

**(McDonald, A.N., 1995:201)**

Die Christen sielkundige, Dr Arlys Norcross McDonald (1995:201) gee die volgende lys van tipiese leuens wat geglo word deur getraumatiseerde en emosioneel verwonde persone. Die leuen is telkens in die linkerkantste kolom en dan daarteenoor die waarheid vanuit die Woord wat die leuen teenspreek en vervang;

| Leuens wat ek glo | Wat sê God? |
|---|---|
| Ek is sleg. | Ek is vrygespreek in Christus (Fil 3:). *"Geseënd is dié wat rein van hart is..."* (Mat 5:8). Ek is gelykvormig aan die beeld van God se Seun (Rom 8:29). |
| Dit is nie aanvaarbaar om te huil en emosie te toon nie (*It's not OK to cry*). | *"Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring"* (Ps 126:5) "*Jesus het gehuil"* (Joh 11:35). |
| Dit is nie aanvaarbaar om te voel en te ervaar nie (*It's not OK to feel*). | Die Woord van God onderskei die gedagtes en bedoelinge van die hart (Hebr 4:12). Jesus het intense meegevoel en empatie beleef met emosioneel verwonde mense (Mat 9:36; Mark 1:41). |

| | |
|---|---|
| | *"Geseënd is dié wat treur..."* (Mat 5:4) |
| Ek moet eerder swyg. | *"Praat die waarheid met mekaar..."* (Sag 8:16).<br>*"Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat..."* (Ef 4:25).<br>*"Dag en nag is ek in trane..."* (ek stort my siel uit; Ps 42:4). |
| Hierdie dinge gebeur nie regtig nie (ontkenning). | *"... mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei"* (Hebr 5:14) |
| Ek is 'n verloorder | *"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet"* (Rom 8:37).<br>*"Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog..."* 2 Kor 2:14. |
| Ek worstel met 'n identiteitskrisis (*It's unacceptable to be me*). | *"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God"* (Ef 1:6).<br>Ek is God se handewerk (Ef 2:10) |
| Ek is sleg en lelik. | *"U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my* |

| | |
|---|---|
| | *met verwondering..."* (Ps 139:14). |
| Ek is 'n swakkeling. | "*My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is"* (2 Kor 12:9).<br>*"... Julle krag lê in stil wees en vertroue hê..."* (Jes 30:15). |
| Ek is waardeloos. | "*Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer*"<br>(Fil 2:13).<br>*"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee"* (Fil 4:13).<br>"*Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte..."* (Joh 15:5). |
| Ek is emosioneel kreupel. | "... Maar ons, ons het die Gees van Christus..." (1 Kor 2:16). |
| Ek is te kwesbaar en swak om die oorwinning te kan behaal. | Ek beskik oor die volle wapenrusting van God (Ef 6:11-18).<br>"Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie..." (Jes 54:17). |
| Ek voel nêrens veilig nie. | *"U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou"* (Ps 91:2).<br>Ek kan skuiling en beskerming vind by |

| | |
|---|---|
| | die Allerhoogste (Ps 91:1). |
| Ek voel totaal eensaam en verworpe. | *"... God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie'"* (Hebr 13:5) |

# BYLAAG D

## BOELIEVRAELYS

Indien sekere aspekte rondom jou kind se gedrag jou bekommer dan sou jy saam met jou kind deur die vraelyste hier onder kan werk (vgl. Seale, 2013:121-123; vgl. ook Coetzer, 2019:110). Indien boelie aan die orde is dan sal dit na vore kom deur middel van hierdie vraelyste.

Hou die volgende in gedagte:

- Moenie oorreageer op jou kind se antwoorde nie omdat hy/sy dan moontlik sekere inligting van jou sal weerhou.
- Al die vrae is nie van toepassing op elke ouderdomsgroep nie.
- Ouers kan nie op hul eie al die antwoorde op al die vrae gee nie – dit moet dus in samewerking met die kind geskied.
- Die  insigte van onderwysers rondom sekere vrae sal moontlik belangrik wees.
- Dit is belangrik vir die ouer om kalm en nugter te bly.

### VRAE RAKENDE EMOSIONELE ASPEKTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Is die kind gedurende skooldae stil, emosioneel neerslagtig of selfs depressief, maar opgewek en vrolik gedurende naweke? | Ja | Nee |
| 2. | Raak die kind angstig as julle naby die skool kom en ook wanneer jy hom/haar by die skoolhek groet? Of wil hy/sy in die motor bly totdat die klok lui? | | |
| 3. | Toon die kind tekens van onsekerheid of ‘n lae selfbeeld? | | |
| 4. | Toon die kind tekens van woede as jy ‘n sekere persoon/kind se naam noem of ‘n sekere woord gebruik? | | |
| 5. | Lyk die kind onseker en huilerig telkens wanneer hy/sy moet skool toe gaan? | | |
| 6. | Is die kind geheimsinnig in sy/haar gedrag? | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | Lyk dit soms of die kind paniekaanvalle kry? | | |
| 8. | Het die kind verander vanaf iemand met ‘n gesonde selfbeeld tot iemand met ‘n negatiewe selfbeeld? | | |

**VRAE RAKENDE FISIESE ASPEKTE**

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is daar ‘n probleem rondom bed natmaak (veral jonger kinders) | | |
| 2. | Is die kind ‘n slegte slaper? Is daar slapeloosheid? | | |
| 3. | Word die kind se skooltas of boeke gereeld beskadig of is daar gereeld geskeurde klere? | | |
| 4. | ‘Verloor’ die kind gereeld persoonlike besittings soos penne, geld of kos? | | |
| 5. | Kom die kind dikwels met snye, skaaf- en kneusplekke by die huis aan? | | |
| 6. | Kla die kind gereeld van maagkrampe of hoofpyne in die oggend voor skool? | | |
| 7. | Is die kind geneig om gereeld leuens te vertel of vrae ontwykend te beantwoord – veral waarom klere geskeur is of rondom die oorsaak van blou kolle? | | |
| 8. | Wil die kind nie hê dat die ouer moet ry as die klok gelui het nie? | | |
| 9. | Raak die kind in vuisgevegte betrokke terwyl dit eintlik teen sy aard is? | | |
| 10. | Is jy bekommerd oor die hoeveelheid geld wat jou kind spandeer en waaroor hy/sy nie altyd verslag kan gee nie? | | |

**VRAE RAKENDE SOSIALE ASPEKTE**

| | | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is die kind gewoonlik alleen tydens skoolpouses? | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2. | Wil dit voorkom asof die kind nie vriende het nie? | | |
| 3. | Is die kind geneig om konfliksituasies ten alle koste te vermy? | | |
| 4. | Wil dit voorkom asof die kind ‘n algemene vreesgevoel het? | | |
| 5. | Maak die kind gereeld nie huiswerk klaar nie of sukkel hy/sy hoegenaamd om daarmee te begin? | | |
| 6. | Is die kind te skaam om vrae te vra in die klas? | | |
| 7. | Is die kind se algemene akademiese prestasies besig om agteruit te gaan? | | |

Indien die antwoorde op drie of meer van die vrae in elke afdeling ‘Ja’ is, is dit ‘n aanduiding dat konkrete verdere stappe geneem sal moet word.

## BRONNELYS


Adlem, A.G. & Steyn, Y. 2016. *Child-Focused COP: Anti-Bullying Programme*.North-West University, Vaal Triangle Campus.

Allen, B. 2019. *Stages of adolescence.* American Academy of Pediatrics. https://www.healthychildren.org/English/ages-stages/teen/Pages/Stages-of-Adolescence.aspx Datum van toegang: 24 Sept. 2019.

Anderson, T. & Park, D. 2003. *Overcoming negative self-image*. Ventura, CA: Regal.

Anon. 2011. *Bullying: What to do about it*. http://www.nmha.org/go/information/get-info/children-s-mental-health/bullying-what-to-do-about-it/bullying-what-to-do-about-it Datum van toegang: 10 Mrt. 2011.

Anon. 2013a. *A Parent's guide to cyberbullying*. Pure minds online. www.covenanteyes.com Datum van toegang: 10 Jan. 2019

Anon. 2013b. *Charges in Rebecca Sedwick's 'Bullying Death'.* http://www.bbc.co.ul/news/world-us-canada-24538798?print=true Datum van toegang: 17 Okt. 2013.

Anon. 2017. *Teeth-grinding in teens 'a sign of being bullied'.* http://www.bbc.com/news/health-40593028 Datum van toegang: 25 Jul. 2017.

Anon. 2018. *Advice for parents and adults about how to deal with bullying.* https://www.ncpc.org/resources/bullying/what-parents-can-do/ Datum van toegang: 1 Aug. 2018.

Anon. 2018. *Cyberbullying for parents.* http://www.sadag.org/index.php?option=comcontent&view=article&id=2127:cyberbullying-for-parents&catid=58&Itemid=132 Datum van toegang: 30 Mei 2018.

Anon. 2018. *Parents of South African schoolboy killer say son dabbled in satanism*. http://www.blabbermouth.net/news/parents-of-south-african-schoolboykiller-sayson-dabbled-in-satanism/ Datum van toegang: 17 Nov. 2018.

Anon. 2018. *The shock and pain of cyber-bullying*. http://www.bbc.com/news/ uknorthern-ireland-41687882# Datum van toegang: 21 Jun. 2018.

Baker, D.W. 1988. *Nahum, Habakkuk and Zephaniah. An introduction and commentary.* Vol 27. Tyndale Old Testament Commentaries, edited by Donald J Wiseman. Downers Grove, IL: InterVarsity Press

Ballard, P. & Pritchard, J. 2006. *Practical theology in action*. London: SPCK.

Barker, K.L. & Bailey W. 1998. *The New American Commentary Micah, Nahum, Habakkuk, Zephaniah.* Vol 20. United States of America: Broadman & Holman Publishers.

Baron, S. 2015. Play therapy with the spectrum of bullying behavior. In: Crenshaw, D.A. & Stewart, A.L., eds. *Play therapy: A comprehensive guide to theory and practice.* New York, NY: The Guilford Press. pp. 232-246.

Basson, S.W. 2010. *'n Model vir die gebruik van Bybelse narratiewe in die pastoraat aan kinders tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar.* Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif - PhD).

Bekker, G. 2003. *'n Spelberaderiese Program vir die Emosioneel Beseerde Pre-Adolessent :'n Gestaltbenadering*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif-Doctor Diaconiologiae).

Blom, R. 2006. *The handbook of Gestalt Play therapy: Practical guidelines for child therapists*. London:Jessica Kingsley Publishers.

Booth, W.C., Colomb, G.G. & Williams, J.M. 2008. *The craft of research*. Chicago, IL: The University of Chicago Press. 208

Botes, J.E.J. 1998. *'n Maatskaplike Ontwikkelingsriglyn vir Moeders en Kleuters: 'n Gestaltperspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – Magister Artum in Maatskaplike Werk).

Boyd, S.K. 2012. *The book on bullies*. Nashville, TN: WestBow Press.

Breed, G. 2013. Metateoretiese unieke verwysingsraamwerk ten opsigte van wetenskaplike navorsing in die Pastorale Wetenskap. *In die Skriflig/In Luce Verbi* 47(1), Art. #96 http://dx.doi.org/10.4102/ ids.v47i1.96.

Bybel. 2007. Bybel in Praktyk: 1983 vertaling. 4de uitg. Vereeniging: CUM.

Bybel. 2013. Groot Studiebybel: 1983 vertaling. Kaapstad: Lux Verbi

Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J. 2010. New Bible Commentary. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Chapman, G & Pellicane, A. 2014. *Growing up social. Raising relational kids in a screen-driven world*. Chicago, IL: Northfield Publishing.

Clinebell, H, & McKeever, B.C. 2011. *Basic types of pastoral care & counseling: Resources for the ministry of healing & growth.* 3rd ed. Nashville, TN: Abingdon Press.

Clinton, T. & Ohlschlager, G. 2002. *Competent Christian Counselling. Vol. 1*, *Foundations & practice of compassionate soul care,* Colorado Springs, CO: Waterbrook Press.

Clinton, T. & Ohlschlager, G. eds. 2013. *Competent Christian counseling*. Colorado Springs, CO: WaterBrook Press.

Clinton, T., Hart, A & Ohlschlager, G. eds. 2005. *Caring for people God"s way.* Nashville, TN: Thomas Nelson Inc. 209

Cloud, H. & Townsend, J. 2017. *Boundaries*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Cochran, N.H., William J. Nordling, W.J., & Cochran, J.L. 2011. Child-Centered Play Therapy: A Practical Guide to Developing Therapeutic Relationships with Children. *American Journal of P L AY*, 2011: pp.128-130.

Coetzee, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. In: Floor, L. & Coetzee, J.C., eds. *Die Skrif en wetenskap.* Potchefstroom: PU vir CHO. p.15-30.

Coetzer, W.C. 2013. Pastorale begeleiding van getraumatiseerde kinders. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.

Coetzer, W.C. 2019. *Boelie. Die verwoester van kinders en jongmense se lewens.* Pretoria: Bindworx.

Collins, G.R. 1988. *Christian counselling: A comprehensive guide.* Nashville, TN: Thomas Nelson

Collins, G.R. 2016. *Die A-Z van berading*. Kaapstad: Struik Christian Media.

CovenantEyes. 2013. *A parent's guide to cyberbullying.* Owosso, MI: CovenantEyes, Inc. https://www.covenanteyes.com/a-parents-guide-to-cyberbullying/ Datum van toegang: 25 Sept. 2020.

Danby, S., Butler, C.W. & Emmison, M. 2011. 'Have you talked with a teacher yet?': How Helpline counsellors support young callers being bullied at school. *Children & Society* 25:328-339.

Daniel, C. 2006. *If there is a God, why do bad things happen to good people?* Summerville, SC: Holy Fire Publishing.

DeClaissé-Walford, N., Jacobson, R.A. & Tanner, B.L. 2014. *The Book of Psalms*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.

De Jongh van Arkel, J.T. 2000. Recent movements in Pastoral Theology. *Religion & Theology,* 7(2): 142-168.

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W., eds. 2013. *Met die oog op God. Die rol van metateoretiese vertrekpunte in die beoefening van praktiese teologie vanuit 'n reformatoriese invalshoek.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasie.

De Klerk, B.J. & J Van Rensburg, F. 2011. *Preekgeboorte.* Potchefstroom: PTP.

Denton, R.A. 2010. *Pastorale gestaltterapeutiese intervensie om mishandelde laat-adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei.* Pretoria: Unisa. (Proefskrif – DDiac).

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. *Research at grass roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Donnelly, D. 2014. *Bullying basics*. http://www.sadag.org/index.php?option=com_content&view=article&id=2187:bullying - basics&catid=58&Itemid=132 Datum van toegang: 17 Nov. 2018.

Dreyer, C.H. 2013. *Prediking binne die konteks van 'n suksesgedrewe samelewing: 'n prakties-teologoiese ondersoek*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – DTh).

Dreyer, J.S. 2009. Establishing truth from participation and distanciation in empirical theology. In: Van der Ven, J.A., ed. *Empirical studies in theology.* Leiden: Brill Academic Publisher. pp.1-26).

Feinson, T.C. 2008. A modern approach to working with bullies and scapegoats in school settings. *Group*, 32(3):175-186. 211

Freysen, C. 2005. *Die Effek van Gestaltspelterapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling - Magister Diaconiologiae).

Gadamer, H.G. 1975. *Wahrheit und methode*. Auflage, Tübingen: J.C.B.Mohr.

Gadamer, H.G. 1979. *Truth and method*. Translated from the German by W. Glen-Doepel. London: Sheed & Ward.

Garrett, D.A. 1993. The New American Commentary. Proverbs, Ecclesiastes. Grand Rapids, MI: Kregel Publications.

Grinberg, E. 2013. *When friends become bullies.* http://edition.cnn.com/2013/10/29/living/bullying-friends/index.html Datum van toegang: 31 Okt. 2013.

Grobler, L. 2005. *Hulpverlening aan die gemolesteerde kind met behulp van spelterapie - 'n Pastorale studie.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – Magister Artium).

Grobler, L. 2013. *Speel as hulpmiddel in die pastorale versorgingsproses van die getraumatiseerde laerskoolkind as gevolg van die dood van 'n ouer.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).

Groenewald, E.M. 1997. *Gestaltspelterapie met die adolessent in 'n egskeidingsituasie: 'n Maatskaplike werk perspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – Magister Artium in Maatskaplike Werk).

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., eds. *Handbook of qualitative research.* Thousand Oaks, CA: Sage. pp.105-117.

Guillaume, E. & Funder, D. 2016. Theoretical and methodological issues in making cross-national and cross-cultural comparisons. In: Smith, P.K., Kwak, K. & Toda, Y., eds. *School bullying in different cultures Eastern and Western perspectives.* Cambridge: Cambridge University Press. pp. 211.

Hammond, P. 2010. *Afknouery – 'n Bybelse perspektief.* https://www.frontline.org.za/Files/PDF/Juig Articles/Additions for JUIG April 2014/ Afknouery 1.pdf Datum van toegang: 25 Nov. 2020.

Hammond, P. 2012. *Bullying - A Biblical perspective.* https://www.frontline.org.za/index.php?option=com_multicategories&view=article&id =20 2:bullying-a-biblical-perspective&catid=32:persecution-ca Datum van toegang: 17 Nov. 2018.

Harmon, A. 2004. *Internet gives bullies weapons to wound from afar.* http://www.nytimes.com/2004/08/26/education/26bully.html?ex=1094516218&ei=1& en=0f45f6b600e9df65 Datum van toegang: 26 Aug. 2020.

Hart, A.D. & Hart Frejd, S. 2013. *The digital invasion*. Grand Rapids, MI:Baker Books.

Hastings, J. 1963. *Dictionary of the Bible.* 2de uitg. Edinburgh: T. & T. Clark.

HAT: *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* 2005. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Hawthorne, G.F. 1983. *Word Biblical commentary Philippians.* Vol 43. Waco, TX: Word Books, Publisher.

Heid, M. 2018. *Your brain on: Bullying*. https://www.shape.com/lifestyle/mind-andbody/your-brain-bullying Datum van toegang: 25 Jul. 2018.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology. History. Theory. Action Domains.* Grand Rapids, MI: Wim. B. Eerdmans Publishing Co.

Hendriksen, W. 1976. I & II Thessalonians I & II Timothy & Titus. Worcester: Billing & Sons Limited.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste treë in praktiese teologie.* Pretoria: RGN.

Hoffmann, T. 2013. When bullying goes viral. *Child Magazine (Pretoria)*: 22-25.

Hong, J.S., Kim, D.H. & Hunter, S.C. 2019. Applying the Social-Ecological Framework to Explore Bully-Victim Subgroups in South Korean Schools. *Psychology of Violence*, 9(3): 267-277.

Huddleston, B. 2012. *Dark side of technology*. Stuarts Draft, VA: Brad Huddleston Ministries.

Huddleston, B. 2015. *Digital cocaine. A journey toward ibalance*. Stuarts Draft, VA: Brad Huddleston Ministries.

Hurst, T. 2001. An evaluation of an anti-bullying peer support programme in a (British) secondary school. *Pastoral Care,* 10-14.

Janse van Rensburrg, F. & Nel, M. 2009. *Die Bybellennium: 'n Eenvolumekommentaar.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Johnson, T.M. 2019. *Christian martyrdom: Who? Why? How?.* https://www.gordonconwell.edu/blog/christian-martyrdom-who-why-how/ Datum van toegang: 15 Aug. 2020.

Kelly, J.N.D. 1963. *A Commentary on the Pastoral Epistles I Timothy II Timothy Titus.* London: Adam & Charles Black.

Khan, J. 2017. Death by social media. *The New Age,* 26 February, p.2.

Kremer, W. 2013. *Bully in the next bedroom- Are we in denial about sibling aggression?* http://www.bbc.co.uk/news/magazine-24639063 Datum van toegang: 4 Nov. 2013.

Kriek, F. 2018. *Bullying: An overview*. www.mindmuzik.com. Datum van toegang: 24 Feb. 2018.

Landreth, G.L. 2001. *Innovations in play therapy.* New York, NY: Routledge.

Landreth, G.L. 2002. Therapeutic limit setting in the play therapy relationship.*Professional Psychology: Research and Practice,* 33(6): 529-535.

Landreth, G.L. 2012. *Play therapy - the art of the relationship.* 3rd ed. New York,NY: Taylor & Francis Group.

Landreth, G.L., Baggerly, J. & Tyndall-Lind, A. 1999. Beyond Adapting Adult Counseling skills for use with children: The paradigm shift to child-centered play therapy. *The Journal of Individual Psychology,* 55(3): 272-287.

Lee, R. 2018. *Bullying and mental consequences.* Psychcentral.com/lib/bullying-andmental-health-consequences Datum van toegang: 9 Apr. 2018.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: planning and design.* New York, NY: Pearson Merrill Prentice Hall.

Lenhart, A., Madden, M., Smith, A., Purcell, K., Zickuhr, K. & Rainie, L. 2011. *How American teens navigate the new world of digital citizenship.* http://www.pewinternet.org/2011/11/09/teens-kindness-and-cruelty-onsocialnetwork-sites/ Datum van toegang: 31 Jul. 2018.

Leopold, T. 2013. *How to counter online bullies.* http://edition.cnn.com/2013/10/30/tech/web/cyberbullying vigilantes/index.html?iid=article_sidebar. Datum van toegang: 31 Okt. 2013.

Le Roux-Weitsz, Q. 2015. *Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolessente wat seksueel misbruik is*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - Magister Artium in Pastoraal).

Limber, S.P. 2011. Development, evaluation, and future directions of the Olweus Bullying Prevention Program. *Journal of School Violence*, 10:71-87.

Lines, D. 2005. A Peer Counselling Service in a Secondary School to Combat Bullying: Issues in Planning and Ongoing Management. *Pastoral Care,* pp. 19-27.

Lo, I. 2012. I am the bully generation. *City Press Magazine*, (April): 23–24.

Longman, T. 2006. *Proverbs.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Longman, T., ed. 2013. *The Baker Illustrated Dictionary.* Grand Rapids, MI:Baker Books.

Longman, T. 2014. *Psalms*. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Louw, D.A. 1998. *Menslike ontwikkeling.* Johannesburg: Kagiso.

Louw, D.J. 1999. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Pretoria: RGN.

Louw, D. J. 2014. Cura animarum as cura vitae: an existential hermeneutical approach to wholeness in pastoral caregiving within the theological framework of the compassion of God. Voordrag gelewer by die Teologiese Fakulteit van die NWU op 17 Oktober 2014.

Malchiodi, C.A. 2001. Using drawing as intervention with traumatized children. *Trauma and loss: Research and Intervention,* 1(1): 21-28.

Malchiodi, C.A. 2012. *Handbook of Art Therapy*. 2nd ed. New York, NY: Guilford Press.

Maree, K. 2007. *First steps in research.* Pretoria: Van Schaik.

Marshall, C.& Rossman, G.B. 1995. *Designing qualitative research.* 2nd ed. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Martin, R.P. 1987. *Philippians An Introduction and Commentary. Vol. 11.* Tyndale New Testament Commentaries, edited by Leon Morris. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Martin, R.P. 1988. *Word Biblical Commentary - James.* Vol 48. Dallas, TX: Word Books.

Marx, J. 2014. *Die waarde van spelterapie: 'n Pastorale benadering.* Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif - PhD).

Mason, K.L. 2013. Choice reality play therapy for children involved in bullying. In: Curry, J.R. & Fazio-Griffith, L.J., eds. *Integrating play techniques in comprehensive school counseling programs.* Charlotte, NC: IAP Information Age Publishing, pp.227-261.

Mays, J.L. 1994. *Psalms Interpretation A Bible Commentary for Teaching and Preaching*. Louisville, KT: John Knox Press

McCartney, D.G. 2009. *James*. *Commentary on the NT.* Ada, MI: Baker Academic.

McDonald, A.N. 1995. *Repressed memories. Can you trust them?* Grand Rapids, MI: Fleming H. Revell.

McGuinness, M. M. & Schnur, Kathy J. 2015. Bullying, trauma, and creative art interventions: Building resilience and supporting prevention. In: Malchiodi, C.A., ed. *Creative interventions with traumatized children*. 2nd ed. New York, NY: Guilford Press. pp. 281-300).

Mental Health America. 2018. *Bullying: Tips for parents.* http://www.mentalhealthamerica.net/bullying-tips-parents Datum van toegang: 23 Jul. 2018.

Moo, D.J. 1996. *The letter of James An Introduction and Commentary.* Leocester: Inter-Varsity Press.

Moo, D.J. 2015. *James An Introduction and Commentary*. Vol 16, Tyndale New Testament Commentaries, edited by E.J. Schnabel & Nicholas Perrin. Nottingham: Intervarsity Press.

Mullen. J.A. 2002. How play therapists understand children through stories of abuse and neglect: A qualitative study. *International Journal of Play Therapy*, 11(2): 107-119.

Müller, J.J. 1977. *Die brief aan die Fillipense/Die brief aan Filemon*. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Müller, J.J.1988. *Die briewe van die apostel Paulus aan die Fillipense en Filemon.* Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Murphy, R.E. 1998. *Word Biblical Commentary Vol 22: Proverbs.* Nashville, TN: Thomas Nelson Publishers.

Neuman, W.L. 2000. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches.* 4th ed. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Newman-Carlson, D. & Horne, A.M. 2004. Bully Busters: A Psychoeducational Intervention for Reducing Bullying Behavior in Middle School Students. *Journal of Counseling and development*, 82:259-267.

Oelofse, M. 2000. *Die gebruikmaking van metafore in die maatskaplike-werkhantering van die seksueel gemolesteerde kind.* Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.).

Olweus, D. 1997. Bully/victim problems in school: Facts and intervention. *European Journal of Psychology of Education,* 12(4): 595–510.

Olweus, D. 2007. *Olweus bullying prevention program. Frequently asked questions*. https://www.google.co.za/search?source=hp&ei=mCgmW7GDGYL36ATdpoaAAw&q=Olweus+bullying+prevention+program.+Frequently+asked+questions&oq=Olweus+bullying+prevention+program.+Frequently+asked+questions&gs_l=psy ab.3...7769.7769.0.11467.3.2.0.0.0.0.278.278.2- Datum van toegang: 24 Apr. 2020.

Olweus, D. 2008. *Olweus Bullying Prevention Program.* www.olweus.org Datum van toegang: 9 Feb. 2020.

Osmer, R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Osmer, R.R. 2011. *Practical theology. An introduction.* Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.

Papas, V. 2013. The Shame behind slut-slamming. *People,* 58-59.

Payne, A. & Van Belle, J.P. 2017. *The nature and impact of cyberbullying and cyber harassment in South African schools.* https://aisel.aisnet.org/cgi/viewcontent.cgi?article=1478&context=amcis2017 Datum van toegang: 23 Jul. 2018.

Perry, B.D. & Hambrick, E.P. 2008. The neorosequential model of therapeutics. *Reclaiming children and youth*, 17(3): 38-43.

Piers, M. & Landau, G. 1980. *The gift of play.* New York, NY: Walker & Company.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN. 219

Pieterse, H.J.C. 2013. Agtergrond – met die oog op God. Lesing aangebied tydens die vrystelling van die boek: De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. (eds.) 2013. *Met die oog op God.* Potchefstroom: PTP.

Pieterse, M.E. 2010. *Kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – 'n Pastorale verkenning.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).

Potgieter, A. 2016. *Parents‟ experiences of family reunification: Implications for play therapy.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – Magister in Maatskaplike Werk).

Pretorius, E.A.C. 1988. *Die brief van Jakobus.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Prince, D. 1993. *Does your tongue need healing?* New Kensington, PA: Whitaker House.

Quinn, J.D. & Wacker, W.C. 2000. *The First and Second Letters to Timothy*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.

Rademeyer, A. 2010. 'Kinders moet hulp kry teen kubergevare'. Beeld, 25 Nov, p.3.

Rademeyer, A. 2017. Afriforum help skole om afknouery hok te slaan. *Forum Tydskrif,* 32.

Reader, J. 2008. *Reconstructing practical theology*. Aldershot, UK: Ashgate.

Rhames, K. 2014. *"Through our good and bad" prayer is power.* Bloomington: WestBow Press.

Robertson, L. 2015. Bullying. *Fair Lady,* 64-67.

Roodt, E. & Greeff, A.P. 2012. Ma's se persepsies van hoe afknouery gesinne beïnvloed. *Litnet Akademies*, 9(2): 686-700.

Ross, A.P. 2016. *A Commentary on the Psalms: Volume 3* (90–150).

Rubin, A & Babbie, E. 2001. *Research methods for social work.* 4th ed. Belmont, SA: Brooks/Cole.

Salzwedel, I. 2009. Ons kinders vanwaar die geweld? *Rooi Rose,* 94-96.

Schaefer, C.E. 1993. *The therapeutic powers of play.* Hoboken, NY: Wiley Publishers.

Schoeman, J.P. 2012. Spelterapie. *Die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind.* Ongepubliseerde studiegids. Gansbaai.

Schoeman, J.P. 2019. *A gestalt intervention framework for play practioners.* Gansbaai: The Centre of Play Therapy and Training.

Seale, R. 2013. *Boelies. Genoeg is genoeg.* Meyerton: PCN Printers.

Sekudu, B. 2012. Bullies are not so tough after all. *Meadowlands Urban News,* 10 Aug, p.2.

Selekman, M.D. 2002. *Living on the razor's edge.* New York, NY: W.W. Norton & Company.

Sidle, S.D. 2017. Eye of the beholder: Does culture shape perceptions ofworkplace bullying? *Academy of Management Perspectives,* 24(3), https://doi.org/10.5465/amp.24.3.100 Datum van toegang: 15 Oktober 2017.

Siegel, D. & Payne Bryson, T. 2018. *The yes brain child. Help your child be more resilient, independent and creative.* New York, NY: Simon & Schuster.

Silva, M. 2005. *Phillipians*. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Solberg, M.E. & Olweus, D. 2003. *Prevalence estimation of school bullying with the Olweus Bully/Victim.*

*Questionnaire.*https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1002/ab.10047 Datum van toegang: 25 Apr. 2020.

Stearns, R. 2014*. The hole in our gospel special edition: what does God expect of us? The answer that changed my life and might just change the world*. Nashville,TN: Thomas Nelson.

Steinmann, A.E. 2009. *Proverbs*. St Louis: Concordia Publishing House.

Steyn, G.J. 2015. '*Dink voordat jy praat': Die krag van die tong by Philo en Jakobus.* http://www.scielo.org.za/pdf/hts/v71n1/66.pdf Datum van toegang: 16 Aug. 2020.

Strydom, W.A. 2011. *Pastoraat aan getraumatiseerde kinders in die intensiewe-sorgeenheid: ŉ Gestalt benadering.* Pretoria: Universiteit van Suid- Afrika. (Proefskrif- DD).

Sulkowski, L. & Ignatowski, G. 2020. Impact of COVID-19 Pandemic on Organization of Religious Behaviour in Different Christian Denominations in Poland. *Religions*, 11(5): 254.

Swart, P. 2008. *Die Benutting van Speltegnieke tydens maatskaplike gevallewerkintervensie met die kinderhuiskind.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – Magister in Maatskaplike Werk).

Swearer, S.M., Schwartz, H. & Garcia, A. 2015. Bullying: Interpersonal trauma among children and adolescents. In: Webb, N.B., ed. *Play therapy with children and adolescents in crisis*. 4th ed. New York, NY: Guilford Press. pp.259-276.

Sweeney, D.S. & Landreth, G. 1993. Healing a child"s spirit through pretend play: A scriptural approach to treating children. *Journal of Psychology and Christianity,* 12(4): 351-356*.*

Tate, M.E. 1990. *Word Biblical Commentary Vol 20:Psalms 51-100.* Dallas, TX: Word Books Publisher.

Towner, P.H. 2006. *The Letters to Timothy and Titus*. Grand Rapids, MI.: William B. Eerdmans Publishing Company.

Trollinger, S.E. 2011. *Teens and families in crisis. Five keys to heal*. La Vergen, TN: Lightning Source.

Van der Kolk, B. 2003. The neurobiology of childhood trauma and abuse. *Child and adolescent psychiatric clinics of North America*, 12: 293-317.

Van der Kolk, B.A. & Fisler, R. 1995. *Dissociation and the fragmentary nature of traumatic memories: overview and exploratory study.* http://homepage.psy.utexas.edu/Homepage/Class/Psy394U/Bower/03%20Emot,%20 Trauma,Mem/dissociat..fragment.%20kolk.pdf Datum van toegang: 15 Apr. 2019.

Van der Ven, J. 1993. *Practical theology: an empirical approach*. Kampen: Kok Pharos Publishing House.

Viljoen, J.J. 2016. *Life-coaching within the context of pastoral theology.* Potchefstroom: North-West University. (Thesis - PhD).

Waasdorp T.E. & Bradshaw C.P. 2011. Examining student responses to frequent bullying: A latent class approach. *Journal for Educational Psychology,* 103(2): 336-352.

Wakefield, J. 2017. *Instagram tops cyber-bullying study*. http://www.bbc.com/news/technology-40643904 Datum van toegang: 15 Okt. 2017.

Wakefield, J. 2017b. *Is your child a cyberbully and if so, what should you do?* http://www.bbc.com/news/technology-38529437 Datum van toegang: 17 Okt. 2018.

Walsh, D. 2011. *The bullied brain*. https://www.huffingtonpost.com/david-walsh/the-bullied-brain_b_914709.html Datum van toegang: 25 Jul. 2018.

Walvoord, J. & Zuck, R.B. 2002. T*he Bible knowledge commentary: Old & New Testament.* Colorado Springs, CO: David C. Cook.

Ward, E. 2004. *Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: ŉ Gestaltriglyn.* Pretoria:Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling - Magister Diaconiologia).

Willows, D. & Swinton, J. 2000. *Spiritual dimensions of pastoral care*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Woltke, A. 2019. *How free speech is reflected in schools.* https:// stonybrook.digication.com/ann_woltke/Essay_three Datum van toegang: 23 Jun. 2019.

Yarbrough, R.W. 2018. *The Letters to Timothy and Titus*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.

Ziegler, D.A. 2002. *Traumatic experience and the brain*. Phoenix, AR: Acacia Publishing Inc.

Ziomek, J. & Land C. 2016. Adlerian-based interventions to reduce bullying and interpersonal violence in school settings. *Journal of Creativity in Mental Health*, 11(3-4): 298-310.